UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN DIE OWERHEID OOR APARTHEID: 1948 - 1991 - 'N KERKHISTORIESE STUDIE

deur

BARRY JOHN TOLMAY

voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR DIVINITATIS

IN DIE FAKULTEIT

TEOLOGIE - AFDELING B

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF P B VAN DER WATT

NOVEMBER 1994
PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

OPGEDRA AAN MY OUERS

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"ALLES WORD BEPAAL

DEUR TYD EN GELEENTHEID"

- Pred 9:11

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DANKBETUIGING

Dit is vir my 'n besondere voorreg om aan die einde van hierdie studie die volgende persone en instansies te bedank:

- My promotor, professor P.B. van der Watt vir sy uiters bekwame leiding. Sy insig, dinamika, entoesiasme en akademiese rypheid het my deurlopend beïndruk. Dit was 'n voorreg om aan sy wysheid blootstelling te kon hê.

- Die Universiteit van Pretoria en in besonder die fakulteit Teologie vir die geleentheid om nagraads te kon studeer.

- Prof J.W. Hofmeyr, vir sy reëlings sodat ek die Universiteit van Kampen kon besoek.

- Die personeel van:

  * die Transvaalse Kerkargief;
  * die Kaapse Kerkargief;
  * die Staatsargief;
  * Merensky Biblioteek;
  * die Universiteit van Kampen.

- Mev Elsie Pieterse, vir die lang ure wat sy geduldig gespandeer het aan noukeurige en professionele tikwerk.

- Die Ned. Geref. Gemeente van Lyttelton se liefde en begrip.

- My ouers, vir die jarelange motivering, ondersteuning en voorbidding.

- My peetouers, Oscar en Dalene vir die voorreg om by hulle in die stilte van St Francisbaai te kon skryf.

- Familie en vriende, vir hulle voortdurende belangstelling.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- My hemelse Vader wat my van krag voorsien het om hierdie studie te voltooi, wil ek loof en dank.

**B J TOLMAY**
Julie 1994

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE

PAGINA

VERANTWOORDING VAN DIE STUDIE -x-

INLEIDING 1

1. Die historiese fundering van apartheid 2
2. Oorsigscenario op die Suid-Afrikaanse samelewing 11

HOOFSTUK 1
DIE HISTORIESE WORTELS VAN APARTHEID:
1652 - 1948 16

1.1 Inleiding 17

1.2 Die fase sedert 1652 18

1.3 Die bydrae van die Ned. Geref. Kerk sedert 1921 24

1.4 Slotbeoordeling 42
1.4.1 Die tydperk 1652 - 1910 42
1.4.2 Die tydperk 1910 - 1948 48

HOOFSTUK 2
DIE STATUTÊRE IMPLEMENTERING VAN APARTHEID:
1948 - 1961 53

2.1 Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde
Kerke: 1948 - 1961 54

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.2 Die Cottesloe-beraad 64

2.3 Die hantering van apartheidsmaatreëls 75
2.3.1 Die Wet op verbod van gemengde huwelike en die Ontugwet 75
2.3.2 Groepsgebiede 79
2.3.3 Instromingsbeheer en trekarbeid 81
2.3.4 Onderwys 83
2.3.5 Die Wysigingswet op Naturellewetgewing van 1957 85
2.3.6 Konstitusioneel 88

2.4 Slotbeoordeling 91

## HOOFSTUK 3
## DIE VOORTGAANDE SANKSIONERING VAN APARTHEID: 1962 - 1974 93

3.1 Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1962 - 1974 94

3.2 Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 116

3.3 Die hantering van die apartheidsmaatreëls 122
3.3.1 Die Wet op verbod van gemengde huwelike en die Ontugweg 122
3.3.2 Die Groepsgebiedewet 127
3.3.3 Trekarbeid en Instromingsbeheer 127
3.3.4 Onderwys 133
3.3.5 Werkreservering 134
3.3.6 Konstitusioneel 134

3.4 Slotbeoordeling 135

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**HOOFSTUK 4**

**DIE KRITIESE BEOORDELING VAN APARTHEID: 1974 - 1986** 137

4.1 Inleiding 139

4.2 Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die periode 1974 - 1986 140

4.3 Spesifieke wetgewing 164
4.3.1 Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwet - Artikel 16 164
4.3.2 Instromingsbeheer en trekarbeid 176

4.4 Die kommissie vir skakeling met die owerheid 178
4.4.1 Die Ned. Geref. Kerk reageer op die Soweto-onluste 179
4.4.2 Die reaksie van die NGKA 183
4.4.3 Die KSO-vergadering in Maart 1977 194
4.4.4 'n Kapel vir swartmense te Kameeldrif 196
4.4.5 Dr Treurnicht stel sy standpunt 198
4.4.6 Samevatting 199
4.4.7 Verskuiwing van swartes te Grahamstad 199
4.4.8 Erkenning van NGKA as welsynsorganisasie 200
4.4.9 Verdere onderhandelde sake 200
4.4.10 'n Kritiese brief van dr Malan 201
4.4.11 'n Aansoek van Wonderboompoort Gemeente oor swart dienste 201
4.4.12 Verhoging in huishuur 201
4.4.13 Die KSO ontmoet minister M.C. Botha na spanning met dr Treurnicht 202
4.4.14 Die minister se reaksie 207
4.4.15 Konsep memorandum oor stedelike swartmense 209
4.4.16 Die KSO verander 216
4.4.17 Aanhouding sonder verhoor 216
4.4.18 Verdere sake wat die KSO met die owerheid bespreek het 219

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.5 Stormwinde tref die Ned. Geref. Kerk 221
4.5.1 Die Hervormingsdaggetuienis 221
4.5.2 Storm-kompas 228
4.5.3 Die Ope Brief 233
4.5.4 Die status confessionis 235
4.5.5 Die Kairos-dokument 239

4.6 Slotbeoordeling 240

## HOOFSTUK 5

## DIE BESLISTE ONTSTRENGELING VAN APARTHEID: 1986 - 1991 242

5.1 Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1986 - 1991 243
5.1.1 Die onvermydelike: Kerkskeuring 255
5.1.2 Die Algemene Sinode van 1990 271
5.1.3 Die Rustenburg-Kerkeberaad 282
5.1.4 Die reaksie op die skuldbelydenis 289
5.1.5 1991 - Die sanksionering van die Algemene Sinode se besluit 290

5.2 Die hantering van apartheidsmaatreëls 291
5.2.1 Aanhouding en inperkings kragtens die wet op binnelandse veiligheid (Wet 74/82) 291
5.2.2 Rasgemengde huwelike en rasgemengde ontug 295
5.2.3 Groepsgebiede 297
5.2.4 Instromingsbeheer en trekarbeid 298

5.3 Slotbeoordeling 301

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**HOOFSTUK 6**
**EVALUERING** 302

6.1 Die tydperk 1948 - 1962 303

6.2 Die Cottesloe-beraad 307

6.3 Die tydperk 1962 - 1974 309

6.4 Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif 311

6.5 Die tydperk 1974 - 1986 313

6.6 Die tydperk 1986 - 1991 318

**BIBLIOGRAFIE** 323

**ADDENDUM 1** 350

Die Rustenburg Declaration: November 1990

**ADDENDUM 2** 362

Verklaring by die Cottesloe-beraad, Johannesburg,
7 - 14 Desember 1960

**ADDENDUM 3** 371

3.1 Dr Treurnicht se antwoord aan die KSO

3.2 Die KSO verskil van dr Treurnicht

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



OPSOMMING 402

SUMMARY 404

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| Ned. Geref. Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| genl | generaal |
| Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal | Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal |
| eerww | eerwaardes |
| ANC | African National Congress |
| APK | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| ASK | Algemene Sinodale Kommissie |
| NGSK | Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk |
| OVS | Oranje-Vrystaat |
| PAC | Pan African Congress |
| PCR | Program to Combat Racism |
| NGKA | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| KSO | Kommissie vir Skakeling met die Owerheid |
| ASSK | Algemene Sinodale Sendingkommissie |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# VERANTWOORDING VAN DIE STUDIE

Suid-Afrika het veral ná 1948 in die politieke vaarwaters beland as gevolg van sy beleid van apartheid. Die kerke in Suid-Afrika het noodgedwonge gereageer op die nuwe beleid wat na 1948 geïmplementeer is. Die Ned. Geref. Kerk is internasionaal onder die soeklig geplaas omdat apartheid deur hom onderskryf is. Deurdat die Ned. Geref. Kerk die grootste kerk onder blankes in Suid-Afrika is, is die Ned. Geref. Kerk se standpunt van kardinale belang. Die studie wil juis die kompleksiteit en verstrengeling van belange tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid in Suid-Afrika aantoon. Die Ned. Geref. Kerk het egter voor 1948 by die vorige regering aangedring dat apartheid geïmplementeer moet word. Hoewel apartheid in 1948 formeel op die wetboek geplaas is, gaan apartheid terug tot kort na die koms van Jan van Riebeeck in 1652. Daarom is dit belangrik om die historiese lyn in die pre-1948 fase ook in die studie aan te toon.

Die verhouding kerk en staat was deur eeue heen 'n baie sensitiewe saak. Vanuit die gereformeerde tradisie word die verhouding kerk tot staat bepaal deur die beginsel van soewereiniteit in eie kringe. Dit gaan uit van die beginsel van samelewingsverbande wat bestaan. Hiervolgens besit die verskillende samelewensverbande elk 'n eie en eksklusiewe normatiewe geaardheid. Elke samelewingsverband soos byvoorbeeld die kerk en die staat word van mekaar onderskei wat sy doel en funksie in die samelewing betref. Wanneer die staat en kerk nie by die beginsel van soewereiniteit in eie kringe hou nie, vind 'n vervlegting plaas deur 'n staatskerk byvoorbeeld in Engeland of 'n kerkstaat soos die Vatikaan. Na 1843 het die staatskerk in Suid-Afrika verdwyn en kon hierdie beginsel neerslag vind. In die praktyk was die belange van die Ned. Geref. Kerk en die Afrikanervolk vervleg. Daar is geglo dat die Ned. Geref. Kerk en die owerheid saam ten doel het om die Afrikanervolk te dien. Sodoende het die beginsel van soewereiniteit in eie kringe na 1948 nie tot sy reg gekom nie. Die band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid kon ook gestimuleer gewees het, siende die feit dat, baie predikante asook verskeie owerheidsfigure lidmaatskap van die vertroulike Afrikaner Broederbond-organisasie gehad het. Hoewel historiese navorsing die invloed van hierdie organisasie moeilik kan bepaal, en daarmee die betrokke band tussen kerk en owerheid, is daar geen twyfel dat die tema

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van apartheid baie sterk in hierdie organisasie gefigureer het nie. Die Ned. Geref. Kerk het as grootste kerk in Suid-Afrika gemeen dat dit sy verantwoordelikheid is om namens die kerk in Suid-Afrika te praat. Die regering het ook primêr geluister na die mening van die Ned. Geref. Kerk.Die Ned. Geref. Kerk het in 1948 apartheid vanuit die Skrif geregverdig. Dit het aan die regering in 1948 Skriftuurlike motiveringsgrond gebied. Na die implementeringsfase het die Ned. Geref. Kerk herbesin oor apartheid veral omdat daar sterk weerstand was teen die historiese begronding van apartheid. Hoewel die Skriftuurlike begronding deur die Ned. Geref. Kerk al meer bevraagteken is, het die regering nie afgesien van apartheid nie. In 1974 met die verskyning van Ras, Volk en Nasie het die Ned. Geref. Kerk weer standpunt vir apartheid ingeneem. Hoewel apartheid nie Skriftuurlik begrond is nie, is gemeen dat niks in die Bybel dit verbied nie en dat dit om praktiese redes die beste is. Met die herbesinning van die regering oor apartheid het die Ned. Geref. Kerk al hoe versigtiger oor apartheid gereageer. Die studie toon aan dat die hegte band tussen Ned. Geref. Kerk en owerheid oor meer as veertig jaar bly voortbestaan het.

Dit maak hierdie studie beslis relevant. Hierdie studie laat die hoof-fokus spesifiek val op die verband tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid. Die **probleemstelling** waarmee hierdie studie funksioneer kan soos volg geformuleer word:

Aangesien die Ned. Geref. Kerk in die periode 1948 - 1991 te nou betrokke was by die owerheid, onder andere vanweë intieme bande tussen kerkleiers en owerheidspersone én die Ned. Geref. Kerk se aandrang vir sekere wetgewing, het die Ned. Geref. Kerk in verskillende situasies in gebreke gebly om sy profetiese stem hard en duidelik oor apartheid te laat hoor in die Suid-Afrikaanse konteks.

Daar bestaan dus 'n behoefte om teologies-krities evaluerend te besin waarom die Ned. Geref. Kerk gemuilband geraak het. Het apartheid nie miskien so 'n belangrike dogma vir die Ned. Geref. Kerk geword dat sy stem nie gehoor is nie? Het die Ned. Geref. Kerk so verstrengel geraak in die belange van die Afrikaner, dat die nood van ander mense in Suid-Afrika miskien op die agtergrond geskuif is? Wat kon moontlik aanleiding gegee het dat die Ned. Geref. Kerk gepredisponeerd geraak het? Het die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ned. Geref. Kerk nie self besef dat hy geblinddoek was nie?

Na aanleiding van bogenoemde is dit belangrik om dit te stel dat daar 'n duidelike behoefte bestaan dat 'n studie van hierdie omvang onderneem word. Dit is egter vir die navorser wat 'n studie van hierdie omvang aanpak, geen maklike taak nie. Omdat dit 'n historiese studie is, moet die navorser homself verplaas in die leefwêreld van mense in die geskiedenis. Wat dit nog meer gekompliseerd maak, is die feit dat die tema worstel met 'n eietydse stuk geskiedenis. Van der Watt (1975:12) toon in sy professorale intreerede aan watter problematiek bestaan wanneer daar met 'n tema van kontemporêre omvang gehandel word. Enige student in die eietydse geskiedenis ervaar die volgende probleme met sy studie: eerstens kan die skrywer van die kontemporêre geskiedenis nie 'n juiste perspektief verkry nie omdat daar 'n gebrek aan afstand bestaan van die onmiddellike gebeure van sy eie tyd; tweedens word die skrywer gekonfronteer met die eise van objektiwiteit waaraan hy nie kan voldoen nie; en derdens het hy 'n onvermoë om voldoende of al die nodige bronne te verkry om sodoende 'n houdbare historiese beeld te skep nie.

Dit is egter belangrik om melding te maak dat daar wel studies en publikasies oor die Ned. Geref. Kerk en apartheid verskyn het. Die *Ned. Geref. Kerke en rassepolitiek*, met spesiale verwysing na die jare 1948 - 1961 deur R.T.J. Lombard, A.H. Lückhoff se studie oor *Cottesloe*. *Die Ned. Geref. Kerk en die regverdiging van apartheid* deur J.C. Marais, die publikasie onder redaksie van Johann Kinghorn oor *Die N.G. Kerk en apartheid* en J.M. van der Merwe se "*Ras, Volk en Nasie*" en "*Kerk en Samelewing*" as beleidstukke van die Ned. Geref. Kerk. Nie een van hierdie studies toon direk die verband tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid aan nie. Verder handel al die studies vóór of tot 1987. Dit is juis toe die winde van verandering Suid-Afrika getref het, dat die verband tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid verder interessant was. Die studie van R.T.J. Lombard handel oor die jare 1948 - 1961 en Lückhoff oor Cottesloe van 1960. Deurdat beide studies meer as dertig jaar gelede afsluit, ontstaan 'n navorsingsvakuum. Die studie van Kinghorn en Marais het 'n invalshoek vanuit die Etiek. Die rol van die verhouding Ned. Geref. Kerk en owerheid word ook nie aangespreek nie. J.M. van der Merwe plaas sy fokus op die twee beleidsdokumente van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ned. Geref. Kerk. Hoewel erkenning aan bogenoemde studies gegee word, is daar telkens net raakvlakke met hierdie navorsing. Genoemde navorsing stel dit almal dat net 'n faset of bepaalde invalshoek gedek is en dat verdere navorsing oor die onderwerp van die Ned. Geref. Kerk en apartheid noodsaaklik is. Vanuit die buiteland en Engelse leefwêreld is Suid-Afrika en dikwels die Ned. Geref. Kerk veroordeel oor hul standpunte. Indien die hoeveelheid publikasies beoordeel word, was dit noodsaaklik dat 'n studie van hierdie omvang aangepak is om die feite in breër perspektief te plaas. Kerkgeskiedskrywing moet baie duidelik die konteks van gebeure verreken. Kontekstuele interpretasie kan alleen verkry word indien die relevante perspektiewe ontgin word. Die kerkgeskiedenis staan ook in die teken van teologiese beïnvloeding. Vir die Gereformeerde moet die Gereformeerde teologie as teologiese vertrekpunt geneem word en die objek aanwesig is die kerk. Die kerk is egter nie geïsoleerd in die samelewing nie en moet sy profetiese stem laat hoor om vanuit die Bybel samelewingsordenend op te tree. Die hermeneutiek is ook belangrik in die proses van navorsing. Van Jaarsveld en Rademeyer (1966:41) is van mening dat die navorser van binne-uit moet benader, dit wil sê buite die teks om sodat in die denke van die outeur binnegedring word en sy waaragtigheid moet toets. Die beoordeling van die aspek of die bron informatiewe waarde het, hang van twee voorwaardes af: eerstens van die navorser wat dit hanteer en tweedens van die opsteller van die bron. Die navorser moet die bron met 'n oop gemoed benader. Die geskiktheid van die opsteller van die bron word bepaal deur sy waarheidsin. Verder moet die outeur van 'n bron ook 'n geskikte getuie wees. Van Jaarsveld en Rademeyer (1966:43) verwys ook na twyfelagtige bronne. Hulle meen dat dit outobiografieë, memoires, dagboeke, briewe en koerante raak. Vandat propaganda deel geword het van nuusberigte, meen hulle dat koerante die mees onbetroue beriggewing verskaf.

Die metode wat gevolg is was kerkhistories van aard. Deurdat 'n historiese studie onderneem is, is kronologies te werk gegaan. Hoewel dit vanuit 'n kerkhistoriese perspektief benader is, is ander vakdissiplines nie uitgesluit nie. Daar is deurlopend deur die navorser gepoog om die beleweniswêreld van elke historiese fase te betree. Vervolgens is gepoog om nie maar net die feite weer te gee nie, maar deurlopend te evalueer en in 'n slothoofstuk volledig die studie te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



evalueer. Spesifieke sake is in die konteks van die geheel beoordeel. Direkte aanhalings is in dié werk opgeneem omdat dit dikwels moeilik bekombaar is vir die publiek en om somtyds die breër konteks te stel.

Bronne wat gebruik is sluit argivale materiaal in en baie moeite is gedoen om verskeie kere die Ned. Geref. Kerk argiewe in Kaapstad en Pretoria te besoek asook die Sentrale Staatsargief in Pretoria en die Staatsargief in Kaapstad. Waar primêre bronne nie beskikbaar was nie, is sekondêre bronne geraadpleeg. Verskeie tydskrifartikels en *Die Kerkbode* is ook bestudeer. 'n Verskeidenheid van onderhoude is ook gevoer wat in die bibliografie aangetoon word. Sekere persone was nie beskikbaar vir onderhoude nie - Oud-staatspresident P.W. Botha na die referendum van 1992 en dr Allan Boesak. Prof H.N. Ridderbos van Kampen was op 'n buitelandse reis, so ook dr Beyers Naudé. Prof Ben Marais was nie beskikbaar nie weens gesondheidsprobleme. Die navorser het na Nederland gereis en navorsing in Kampen gedoen.

Die terminus ad quem van hierdie studie is 1991. Nadat Kerk en Samelewing in 1986 as beleidsdokument van die Ned. Geref. Kerk goedgekeur is het dit 'n nuwe aksent op die Ned. Geref. Kerk se verhouding met die owerheid geplaas. Dit is beïnvloed deur die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987 en wye reaksie in Ned. Geref. Kerk geledere. In 1990 het die Algemene Sinode weer besin oor Kerk en Samelewing en dit verder verfyn. Die staatspresident het op 2 Februarie 1990 die finale opheffing van apartheid aangekondig en die verbod op onwettige organisasies soos die African National Congress opgehef. Al hierdie sake is deur die Algemene Sinodale Kommissie en die Streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk in 1991 beoordeel. Sodoende is 'n resente standpunt oor die Ned. Geref. Kerk oor nuwere ontwikkelinge gereflekteer en sal dit ook tot die Algemene Sinode aan die einde van 1994 die Ned. Geref. Kerk se amptelike standpunt wees.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INLEIDING

| | | PAGINA |
|---|---|---|
| 1. | Die historiese fundering van apartheid | 2 |
| 2. | 'n Oorsigscenario op die Suid-Afrikaanse samelewing | 11 |

© University of Pretoria

# INLEIDING

## 1. DIE HISTORIESE FUNDERING VAN APARTHEID

'n Vraag wat in 'n studie oor apartheid na vore kom, is waar het dit begin, en watter sake het verder momentum daaraan gegee?

In die volgende gedeelte word aangetoon dat daar kort na die koms van Jan van Riebeeck weg beweeg is van 'n oop samelewing as gevolg van die botsing van kulture. Dit kan egter nie as apartheid beskryf word nie. Tog is daar al hoe meer meganismes geïmplementeer sodat die leefruimte tussen kultuurgroepe al hoe groter geword het.

Na die Britse bewindsoorname in 1806 het wrywing en weerstand tussen die nuwe bewind en Afrikaner inwoners ontstaan. Groot spanning het ontstaan tussen Britse sendelinge en boere as gevolg van boere se hantering van hottentotte. In 1812 het Britse sendelinge boere aangekla van sewentien "moorde" en 'n hele aantal aanrandings van hottentotte waarvan slegs sommige aanrandings bewys kon word. Die Rondgaande Hof wat onder andere hierdie saak ondersoek het, het vinnig in die volksmond die naam gekry van "Swart Omgang". Spanning teen die Britse owerheid is verhoog met die ongelukkige gebeure van Slagtersnek in 1815, waartydens vyf grensboere tereggestel is as gevolg van 'n opstand teen die owerheid na aanleiding van wrywing tussen blanke boere en hottentotte slawe (Muller 1985:139).

Goewerneurs soos Caledon, Cradock, Somerset, D'Urban en ander het 'n beleid van segregasie op die oosgrens toegepas. Dit was 'n kookpot waarin blanke grensboere voortdurend met die Xhosas gebots het. Verskeie grensoorloë het hierop gevolg en blanke boere het 'n negatiewe gevoel oor Xhosas ontwikkel omdat hulle deurlopend geroof en geplunder het (Van Jaarsveld 1982:103-109).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ongelukkigheid het by boere ontwikkel na aanleiding van die optrede van Britse sendelinge. Dr John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, was die geestelike leier van die filantrope in Suid-Afrika. In 1826 is hy na Engeland en in 1828 verskyn "Researches in South Africa". Hierin word onder andere beskryf hoe wreed die Afrikaners teenoor inboorlinge optree. Bogenoemde het groot impak in Britse regeringskringe gemaak en dit het aanleiding daartoe gegee dat die waarnemende goewerneur aan die Kaap, Bourke, in 1828 Ordonnansie 50 uitgevaardig het. Hiervolgens mag geen vrye inwoner van die Kaapkolonie op grond van kleur in sy vryheid van beweging, verblyf, werk of leefwyse beperk of tot arbeid gedwing word nie. Ordonnansie 50 staan bekend as die Magna Carta vir die hottentotte (Muller 1985:141). Die feit dat so 'n ordonnansie uitgevaardig is bewys dat daar in die praktyk erg teen hottentotte gediskrimineer is, verval in die lig van die reaksie van blanke boere as gevolg van die wetgewing.

Hiermee saam handel die hele aspek van die afskaffing van slawe wat baie negatief deur die blanke boere ontvang is. Slawerny aan die Kaap is byna so oud soos die geskiedenis van die blanke in Suid-Afrika. Slawerny het bestaan totdat die Britse parlement in 1833 die emansipasiewet aangeneem het wat bepaal het dat slawerny aan die Kaap vanaf Desember 1834 in totaliteit afgeskaf moet word. Slawe sou na hulle vrystelling vir vier jaar by hul base ingeboek bly . Slegs sowat 40% van die gewaardeerde prys van die slawe sou aan eienaars uitbetaal word. Uitbetaling het in Londen geskied en in Britse staatseffekte en nie in kontant plaasgevind nie. Boere het uiteindelik 'n gemiddeld van 41% vir hul slawe ontvang en dit het verder tot groot ongelukkigheid gelei (Muller 1985:143).

Die uitkoms van sake het afgestuur op die Groot Trek. Die vraag kan met reg gevra word, waarom die Groot Trek werklik plaasgevind het? Van der Watt (1977:3) gee die volgende redes. Hy verdeel dit in stoflike en geestelike redes. Onder stoflike redes word die volgende motiverings aangedui:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Die gebrek aan grond. Relatief min boere het genoeg eie grond besit.

(ii) Die gebrek aan kapitaal. Weinig geld was in omloop as gevolg van 'n ongunstige handelsbalans. Die vrystelling van slawe, kroniese diefstal deur swartes, die voortdurende grensoorloë het kapitaalbronne verder verswak.

(iii) Die gebrek aan arbeid. Die vrystelling van slawe was 'n gevoelige slag op arbeidsgebied. Verder was handearbeiders betreklik onproduktief.

(iv) Die gebrek aan bestendigheid en sekerheid. Onbekendheid met die owerheid se wette, regulasies en maatreëls is aangevul met 'n wantroue in die regering se vermoë om hulle op die grens te beskerm.

Ten opsigte van die geestelike oorsake word die volgende sake gestel:

(i) Die gelykstelling van blank en nie-blank.

Die benaming "christen" en "heiden" het vir die grensboer sinoniem geword tussen "blank" en "nie-blank". Met die filantropiese gelykstellingsbeleid van die owerheid is geen differensiasie toegelaat nie. Dit het grensboere in baie opsigte tot in hulle siel geroer en hulle heftig laat reageer. Voortrekkerleiers soos Karl Trichardt en Piet Retief het die liberale gelykstellingsdogma van sendelinge en die ooreenstemmende filantropiese wetgewing van die owerheid aangewys as die belangrikste oorsake van die Groot Trek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Die opkomende nasionale gevoel.

Afrikaner nasionalisme was besig om te ontkiem. Sake soos Slagtersnek, Afrikaans as gemeenskaplike spreektaal, en die reaksie teen die verengelsingsbeleid oor die breë terrein van die volkslewe het 'n invloed gehad.

(iii) Die behoefte aan selfregering.

Daar was 'n innerlike drang na 'n eie regeringstelsel wat burgerlike vryheid en nasionale onafhanklikheid kon reflekteer (Van der Watt 1977:3-4).

Die Groot Trek het beslis nie bygedra dat die Afrikaner van sy rassevooroordele gestroop is nie. Die voortdurende konflik tussen wit en swart het verder hiertoe bygedra. Die gebeure soos die moord op Piet Retief, die uitmoording van Voortrekkers by Bloukrans, Italeni waar onder andere Piet Uys en sy seun Dirkie omgekom het, Vegkop en al die ander botsings het 'n persepsie by die blankes laat ontwikkel dat swartes barbare en heidene is en dat blankes wat Christene is, die volk van God is. Dit het die omgang tussen blank en swart radikaal beïnvloed. Die logiese lyn wat gevolg is na aanleiding van bogenoemde persepsies, was dat stemreg en burgerskap slegs vir blankes gereserveer is. Die hoekstene van apartheid is sodoende in die noorde gevestig. Blankes het van swartes verwag om vir hulle te werk. Swart kinders wat ouerloos was (dikwels na veldtogte teen swart stamme) kon wettiglik by blanke boere ingeboek word tot die ouderdom van 25 jaar. Sterk kritiek is teen die Zuid-Afrikaanse Republiek uitgespreek dat dit 'n verfynde vorm van slawerny is (Cameron 1991:152).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die betekenis van Paswette van 1866 was onder andere dat elke swarte wat sonder 'n pas van sy werkgewer, opperhoof, sendeling, landdros of veldkornet buite sy woondistrik aangetref is, deur enige landsburger aangehou en vir straf aan die naaste veldkornet oorhandig moes word. Sodoende is gepoog om die ongeoorloofde beweging van swartes te stuit (Cameron 1991:153).

In Kaapland is die stemregkwessie verskans. Cameron (1991:162) verduidelik stemreg tussen 1836-1956 soos volg:

> *"In 1836 is 'n meerrassige stemreg in Kaapse munisipaliteite ingevoer, wat 'n presedent vir toekomstige stemregwetgewing aan die Kaap geskep het. Met die bekragtiging in 1853 van die ordonnansie wat die Kaapse parlementêre stemreg bepaal het, is 'n inkomstekwalifikasie van £50 en 'n bewoningskwalifikasie van £25 neergelê. In die woorde van die koloniale sekretaris John Montague, was dit gebaseer op "so 'n beskeie kwalifikasie dat die intelligente en arbeidsame gekleurde daartoe in staat sal wees om met sy mede-koloniste van blanke afkoms te deel in die voorreg om vir die verteenwoordigers van die volk te stem"*
>
> *Ondanks dié aanvanklike doelwit het die Registration Act van 1887, wat die gemeenskaplike grondbesit van 'n stam nie as kwalifikasie erken het nie, die swart "kombersstem" in verkiesings vir twee nuwe Transkeise setels uitgesluit. Bowendien is die eiendomskwalifikasie ingevolge die "Franchise and Ballot Act" van 1892 van £25 na £75 verhoog en 'n basiese toets vir geletterdheid voorgeskryf op 'n tydstip toe swart en kleurlingkiesers in byna 'n kwart van die Kaapse kiesafdelings die uit-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*slag kon beïnvloed. Die individuele besit van grond op ewigdurende erfpag ingevolge Rhodes se Glen Grey-wet van 1894 is ewe-eens nie as kwalifikasie aanvaar nie. In 1909 is die meerrassige Kaapse stemreg deur die Nasionale Konvensie as verskanste artikel in die Suid-Afrikaanse wetsontwerp ingesluit, maar in 1936 het genl J.B.M. Hertzog se regering die swartmense van die gemeenskaplike kieserslys verwyder. In 1956 is die verskanste stemreg van kleurlinge tydens die premierskap van J.G. Strydom beëindig. Meer as 'n eeu lank was die meerrassige stemreg 'n sentrale element van die sogenaamde Kaapse liberale tradisie".*

Natal het in die voetspore van Kaapland gevolg deur dit wel teoreties moontlik te maak vir nie-blankes om stemreg te bekom. In die praktyk het weinig dit reg gekry (Cameron 1991:175).

Britse imperialisme het groot spanning by die Afrikaner gewek. Die ontdekking van goud en diamante in die noordelike deel van die land het Britse imperialisme gestimuleer. Die konflik het 'n hoogtepunt bereik met die uitbreek van die Anglo-boere oorlog op 11 Oktober 1899. Haat by verskeie Afrikaners teen die Britte het vir baie jare gevolg as gevolg van die driejarige oorlog. Op 31 Mei 1902 is die Vredesverdrag van Vereeniging onderteken wat die oorlog en die onafhanklikheid van die twee Boere-republieke beëindig het (Van der Watt 1977:195). Meer as veertig konsentrasiekampe is opgerig waarin 26 251 vroue en kinders gesterf het. Verder het byna 7 000 Boeremanskappe en 22 000 Britse manskappe omgekom. Meer as 14 000 swartes het in afsonderlike konsentrasiekampe omgekom (Cameron 1991:214). Daar word egter bereken dat tussen tien duisend en dertig duisend swartes vir Brittanje en teen die Boere geveg het in dié oorlog. Dit het 'n wrang smaak by Afrikaners agtergelaat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Dit is veelseggend dat een van die belangrikste redes vir die aanvaarding van die vredesvoorwaardes wat die Boereverteenwoordigers aangevoer het, die feit was dat baie swartes buiten en binnen de Grenzen van het grondgebied der beide Republieken meest allen gewapend zijn en deelnemen in den strijd tegen ons en ... een onbestaanbaren toestand in vele districten der beide Republieken veroorzaken"*

(Cameron 1991:216).

Verdere negatiewe gevoelens het by boere ontstaan na aanleiding van die feit dat Generaal Smuts teen 1900 waargeneem het dat verskeie swart pagters op plase hulle intrek in leë blanke plaashuise geneem het (Cameron 1991:216).

Tydens die Nasionale Konvensie wat van 1908 tot 1910 plaasgevind het, was stemreg vir nie-blankes 'n sensitiewe punt. Daar is besluit dat binne 'n uniale stelsel die status quo gehandhaaf sal word. Gevolglik was dit steeds tegnies moontlik vir nie-blankes in Natal en Kaapland om hul stemreg te kon uitoefen terwyl slegs blankes in Transvaal en die Oranje Vrystaat stemreg gehad het (Cameron 1991:227). Die gesindheid van blankes teenoor nie-blankes word gevolglik hierin gereflekteer!

'n Verdere aspek wat apartheidsdenke gestimuleer het, is die opkoms van swart nasionalisme. Die African National Congress het in 1912 tot stand gekom nadat swartmense by die Nasionale Konvensie uitgesluit is van effektiewe politieke deelname.

Tydens die Nasionale Konvensie en met die totstandkoming van die African National Congress was die profetiese stem van die Ned. Geref. Kerke afwesig in verband met deelname van nie-blankes aan die politieke proses. Hierteenoor word energie ingespan deur Ned. Geref. Kerk lidmate om voorspraak te maak vir die nood van die Afrikaner tydens kongresse.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verstedelikingsproses van swartmense het enersyds swart aspirasies gestimuleer en blanke vrese ten opsigte van swart toestroming geaktiveer. Tydens die Armblanke Kongres wat in 1916 op Cradock gehou is, is gevra vir segregasie tussen blank en swart op arbeidsgebied (Van der Watt 1987:76).

In 1922 word 'n Afrikanerkongres te Stellenbosch gehou met die tema: **Doeltreffende onderwys as redmiddel teen verarming**. In 1923 volg die kongres: **Die opheffing van die verarmde Afrikaner** in Bloemfontein. In 1934 'n groot kongres: **Die armblankevraagstuk in al sy aspekte** in Kimberley en in 1947: **Die verstedeliking van die Afrikaner** in Johannesburg. Die verslag van die Carnegie Armblankekommissie het uit vyf dele bestaan en het gedurende 1932 verskyn. Die Afrikaner was in die tyd verarm en het baie swaar gekry. Daarom is algemeen gevoel dat daar primêr na die belange van die Afrikaner gekyk moet word en dat dit alle energie en aandag verg. Deurdat daar gefokus is op die nood van die Afrikaner is gemeen dat die Afrikaner op alle vlakke van die samelewing beskerm moes word veral teen nie-blankes. Segregasie was gevolglik die wagwoord ter wille van eie beskerming. Die Afrikaner het min akademiese opleiding gehad en was hoofsaaklik boere. As gevolg van droogtes en swak markpryse het baie hulle plase verloor en het getrek na die stad. Die ekonomie was hoofsaaklik in Engelse en Joodse hande en die wêreldekonomie was in 'n depressie. Al hierdie sake het die Afrikaner diep sielkundig bedreig laat voel en het apartheidsdenke gestimuleer. Die Ned. Geref. Kerk kon deur sy leiding aan lidmate (wat hierdie genoemde Afrikaners was) in sekere rigtings stuur. Op teologiese vlak moet die vraag gevra word of die Ned. Geref. Kerk die Bybel verantwoord aan sy lidmate verklaar het, dat die "swart gevaar" eerder as 'n uitdaging as 'n bedreiging beskou kon word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die produk van eksterne druk was dat Afrikaner-nasionalisme herleef het. Die Afrikaner-Broederbond, wat oorspronklik as kultuurorganisasie gestig is, het in die dertigerjare 'n al groter rol vertolk. In 1929 word die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) gestig. Die simboliese ossewatrek van 1938 het die eeufeesvieringe van die Groot Trek herdenk. Die hoeksteen van die Voortrekkermonument is ook in 1938 gelê. In 1949 is die Voortrekkermonument in Pretoria ingewy en was ongeveer 'n kwart miljoen mense teenwoordig (Cameron 1991:259). Die herlewing van die Afrikaner-nasionalisme het beslis groepseenheid bevorder en apartheidsdenke gestimuleer!

Die wortels van apartheidsdenke in Suid-Afrika lê versteek oor 'n wye gebied en slegs enkele sake is as agtergrond genoem. Nadat die studie spesifieke sake ten opsigte van die rol van die Ned. Geref. Kerk en die owerheid oor apartheid ondersoek het, sal daar in die volgende hoofstuk verdere sake uitgelig en beoordeel word.

In die publikasie van J. A Loubser getiteld: "The apartheid Bible" (1987:IX-XI) toon hy aan dat Afrikaners geneig is om die Bybel vanuit 'n apartheidsfundering te lees. Apartheid word gevolglik in die Skrif ingedra sonder dat dit besef word. In hoofstuk 9 van bogenoemde publikasie word aandag gegee aan die volgende aspekte:

- Die daaglikse ontmoetig met die apartheidsbybel.
- 'n Onbewustelike hermeneutiese raamwerk.
- Politieke "blindheid".
- Oorvereenvoudiging van die verhouding kerk en staat.
- Die status quo wat legitiem gemaak word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bestaan van mites

(Loubser 1987:129-134).

Indien daar oor bogenoemde standpunt besin word, kom die besef na vore dat blanke-Afrikaners so 'n vaste denkraamwerk het, dat hulle dit self nie besef nie. Baie mense is in die post 1948-fase gebore, dat hulle leefwêreld en blootstelling deurdrenk is deur apartheid. Die vraag ontstaan of die Ned. Geref. Kerk nie verder momentum aan die proses verleen het nie. Dit kan beteken dat die Ned. Geref. Kerk nie versigtig genoeg gewees het om lidmate vanuit die Skrif leiding in dié verband te gee nie.

Die vraag ontstaan ook, wie is die kerk?

Dit is nie sinodes en kerklike vergaderinge nie, maar lidmate. Lidmate wat in 'n sekere sin uitgelewer is aan die kerkleiding om vanuit die Skrif die pas aan te gee. Reformasie beteken 'n terugkeer, 'n terugkeer terug na die Bybel.

## 2. OORSIGSCENARIO OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Suid-Afrika is 'n land waarin 'n wye spektrum van mense woon. Dit is belangrik om te kyk na die bevolkingsamestelling in Suid-Afrika. Hierdie saak het op 'n indirekte wyse die optrede van blankes beïnvloed. Hugo en Kotze (1978:11) lê sterk klem daarop dat vrees 'n groot invloed gehad het op die leefwêreld van blankes. Vrees het 'n invloed op menslike emosies wat 'n persoon se instink tot fisiese selfbehoud in werking stel. Die getalle oorwig van swartes ontlok vrees by blankes.

Demografies is Suid-Afrika soos volg saamgestel: Die totale bevolking van die RSA in 1970 was 30,797 miljoen. Dit sluit die inwoners in 1990 van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei uit. Van die totale bevolking was 21,609 miljoen (70,2%) swart; 5,018

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



miljoen (16,3%) blank; 3,214 miljoen (10,4%) kleurlinge en 956 000 (3,1%) Asiërs (Sentrale Statistiekdiens 1991:1). Indien die statistiek met die bevolkingsgetalle van 1970 vergelyk word, word skerp toenames waargeneem. In 1970 was die RSA se totale bevolking 20 136 miljoen waarvan 3 864 miljoen blank en 1 345 miljoen swart was. Dit dui op 'n hoër natuurlike aanwas by swartes. Vanaf 1970 - 1990 was die jaarlikse natuurlike aanwaskoers per 100 van die bevolking 2,24 in Suid-Afrika. Die blankes se jaarlikse natuurlike aanwaskoers per 100 van die bevolking was 0,94, die kleurlinge 1,80, die Asiërs 1,95 en die swartes na raming 2,70. Die koerse het teen 1990 afgeplat na 'n landsgemiddeld van 2,00 met die blankes 0,66, die kleurlinge 1,55, Asiërs 1,52 en swartes 2,40 (Sentrale statistiekdiens 1991:1).

Onderwysvoorsiening bly een van Suid-Afrika se grootste uitdagings. Van die 5,263 miljoen kinders wat in 1990 primêre skoolonderrig ontvang het, was 0,535 miljoen blank; 611 000 kleurlinge; 0,142 miljoen Indiërs en 3,975 miljoen swart. In 1990 was daar 2,2 miljoen leerlinge wat sekondêre skoolonderrig ontvang het. Hiervan was 382 118 blank, 228 987 kleurlinge, 91 378 Indiërs en 1 497 377 swartes. Hierteenoor was die blankes die grootste groep wat universiteits- en onderwysopleiding ontvang het: 163 274 teenoor 25 748 kleurlinge, 19 588 Indiërs en 128 384 swartes (Sentrale Statistiekdiens 1991:2).

In die tydperk 1970 - 1990 het salarisse en lone gemiddeld jaarliks soos volg gestyg: blankes 12,2%, kleurlinge 13,9% Asiërs 15,1%, swartes 15,4%. Werkloosheid bly 'n groot probleem in Suid-Afrika. Op 30 Junie 1988 was daar 23 103 blankes, 29 000 Indiërs, 123 000 kleurlinge en 874 000 swartes wat werkloos was (Sentrale Statistiekdiens 1991:4). Daar kan beslis aanvaar word dat werkloosheid skerp gestyg het na 1988.

Volgens die 1980-sensus praat blankes hoofsaaklik Afrikaans 54,1%, 35,4% Engels en 5% Afrikaans en Engels as hulle huistaal. Kleurlinge praat 83,3% Afrikaans teenoor 10,3% wat Engels in hulle huise praat. Van die Asiërs in Suid-Afrika het 73,4% Engels as huistaal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Swartmense het 36,2% Zulu; Xhosa 16,4%; Noord-Sotho 14,4%; Suid-Sotho 11,3%; Tswana 7,9%; Shangaan/Tsonga 5,4%; Swazi 3,8%; Ndebele 2,6% en Venda 0,9% in hulle huise gepraat (Sentrale statistiekdiens 1991:16).

Die geloof het in 1980 soos volg daaruit gesien: Van die blankes was 37,4% lid van die Ned. Geref. Kerk; 9,2% Metodiste; 8,5% Roomse Katoliek; 5,7% Nederduitsche Hervormd; 4,6% Anglikaans; 2,9% Presbyterian; 2,8% A.G.S.; 2,8% Gereformeerd en 2,6% Jode. Van die kleurlinge was 25,8% Ned. Geref; 10,1% Roomse Katoliek; Apostoliese groepe 9,8%; 6,7% Islam. Van die Asiërs was 64,6% Hindu; 20,2% Islam met ongeveer 10% wat versplinter is tussen die Christelike kerke. Van die swartes het 30,1% tot die swart onafhanklike kerke, 10,2% Roomse Katolieke, 9,7% Metodiste en 6,6% tot die Ned. Geref. Kerk behoort. 17,9% het egter nie hul kerkverband gespesifiseer nie (Sentrale Statistiekdiens 1991:7).

Volgens Boshoff (1990:2) gaan demografiese veranderinge die kerk in die negentigerjare raak:

> *"Die eerste struktuurverandering is dat die natuurlike groei besig is om by die blankes te daal en dit selfs neig na onder die vervangingskoers, met ander woorde die geboortekoers gaan onder die sterftekoers begin daal. Dit bring mee dat die blankes omtrent 12% van die totale bevolking teen die einde van die eeu sal wees, met die Afrikaanssprekendes sowat 8% van die totale bevolking.*
>
> *Die tweede struktuurverandering wat besig is om te gebeur is dat die gemiddelde ouderdom van blankes besig is om na die middeljare en ouer mense te verskuif. Met ander woorde, ons verwag dat in die negentigerjare die groei in die middel- (40+) en ouer kategorie (65+) mense vinniger gaan wees as dié van kinders (0-16). By swartes geld die teenoorgestelde. Alles dui daarop dat blanke skoolgetalle in die negentigerjare gaan stagneer en selfs minder gaan wees as die van dié tagtigerjare.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Derdens dat swart verstedeliking en spesifiek swart onderwysgetalle dramaties gaan toeneem. Ons praat hier van miljoene swart mense wat gaan verstedelik in die volgende dekade. Na raming sal swart matrikulante in die jaar 2000 vier keer meer wees as blanke matrikulante.*

*Die vierde tendens wat ek dink die kerk gaan raak, is die toenemende verskynsel van die beroepsvrou. Die vrou beweeg toenemend weg vanaf die tradisionele vroueberoepe na die professies. Daarby bring die hoë egskeidingsyfer die enkelouer-verskynsel met hom mee"* (Boshoff 1990:2).

Die afleiding kan dus gemaak word dat namate blankes se getalle afneem lidmaatgetalle van die bestaande Ned. Geref. Kerk, ook sal afneem, indien die huidige groeikoers van die kerk konstant bly. Onder dieselfde voorwaarde kan 'n projeksie gemaak word dat blanke lidmate ook besig is om te verouder. Aksiestappe is dus nodig om hierdie afwaartse neiging te deurbreek.

Volgens prof Boshoff (1990:4-5) kan die volgende ekonomiese veranderinge verwag word:

"*1. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is gestrem, as gevolg van sanksies en politieke onsekerheid. Al sou swartmense polities geakkommodeer word, gaan dit jare neem voordat daar sprake van 'n hoër groei in die ekonomie en inkomste is.*

*2. 'n Era van lae ekonomiese groei en verswakkende reële inkomste bestaan. Gevolglik gaan Jan Publiek se inkomste-posisie eerder stabiliseer of agteruitgaan in die volgende jare, eerder as wat dit dramaties gaan verbeter.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. *Die hoë inflasiekoers gaan nie sommer gou verdwyn nie, maar gaan in die negentigerjare voortduur. 'n Verarmingsproses onder ouer persone vind plaas.*

4. *Daar is 'n groot verskuiwing ten opsigte van herverdeling van inkomste vanaf blankes na ander groepe. Swartmense kry al hoe meer geleenthede om 'n bydrae tot die ekonomie te maak.*

5. *Die ekonomie gaan nie meer net om blankes sentreer nie, maar 'n geïntegreerde werksituasie ontwikkel.*

6. *Staatsbesteding is besig om van die ideale situasie na die bekostigbare te verskuif. 'n Proses van terugsnoeiing moet volg"*

(Boshoff 1990:4-5).

Hoewel daar nog nie ver in die negentigerjare in beweeg is nie, kristalliseer die aannames van prof Boshoff reeds duidelik uit en is daar op alle vlakke van die samelewing radikale verskuiwings besig om plaas te vind!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INLEIDING

| | | PAGINA |
|---|---|---|
| 1. | Die historiese fundering van apartheid | 2 |
| 2. | 'n Oorsigscenario op die Suid-Afrikaanse samelewing | 11 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INLEIDING

## 1. DIE HISTORIESE FUNDERING VAN APARTHEID

'n Vraag wat in 'n studie oor apartheid na vore kom, is waar het dit begin, en watter sake het verder momentum daaraan gegee?

In die volgende gedeelte word aangetoon dat daar kort na die koms van Jan van Riebeeck weg beweeg is van 'n oop samelewing as gevolg van die botsing van kulture. Dit kan egter nie as apartheid beskryf word nie. Tog is daar al hoe meer meganismes geïmplementeer sodat die leefruimte tussen kultuurgroepe al hoe groter geword het.

Na die Britse bewindsoorname in 1806 het wrywing en weerstand tussen die nuwe bewind en Afrikaner inwoners ontstaan. Groot spanning het ontstaan tussen Britse sendelinge en boere as gevolg van boere se hantering van hottentotte. In 1812 het Britse sendelinge boere aangekla van sewentien "moorde" en 'n hele aantal aanrandings van hottentotte waarvan slegs sommige aanrandings bewys kon word. Die Rondgaande Hof wat onder andere hierdie saak ondersoek het, het vinnig in die volksmond die naam gekry van "Swart Omgang". Spanning teen die Britse owerheid is verhoog met die ongelukkige gebeure van Slagtersnek in 1815, waartydens vyf grensboere tereggestel is as gevolg van 'n opstand teen die owerheid na aanleiding van wrywing tussen blanke boere en hottentotte slawe (Muller 1985:139).

Goewerneurs soos Caledon, Cradock, Somerset, D'Urban en ander het 'n beleid van segregasie op die oosgrens toegepas. Dit was 'n kookpot waarin blanke grensboere voortdurend met die Xhosas gebots het. Verskeie grensoorloë het hierop gevolg en blanke boere het 'n negatiewe gevoel oor Xhosas ontwikkel omdat hulle deurlopend geroof en geplunder het (Van Jaarsveld 1982:103-109).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ongelukkigheid het by boere ontwikkel na aanleiding van die optrede van Britse sendelinge. Dr John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, was die geestelike leier van die filantrope in Suid-Afrika. In 1826 is hy na Engeland en in 1828 verskyn "Researches in South Africa". Hierin word onder andere beskryf hoe wreed die Afrikaners teenoor inboorlinge optree. Bogenoemde het groot impak in Britse regeringskringe gemaak en dit het aanleiding daartoe gegee dat die waarnemende goewerneur aan die Kaap, Bourke, in 1828 Ordonnansie 50 uitgevaardig het. Hiervolgens mag geen vrye inwoner van die Kaapkolonie op grond van kleur in sy vryheid van beweging, verblyf, werk of leefwyse beperk of tot arbeid gedwing word nie. Ordonnansie 50 staan bekend as die Magna Carta vir die hottentotte (Muller 1985:141). Die feit dat so 'n ordonnansie uitgevaardig is bewys dat daar in die praktyk erg teen hottentotte gediskrimineer is, verval in die lig van die reaksie van blanke boere as gevolg van die wetgewing.

Hiermee saam handel die hele aspek van die afskaffing van slawe wat baie negatief deur die blanke boere ontvang is. Slawerny aan die Kaap is byna so oud soos die geskiedenis van die blanke in Suid-Afrika. Slawerny het bestaan totdat die Britse parlement in 1833 die emansipasiewet aangeneem het wat bepaal het dat slawerny aan die Kaap vanaf Desember 1834 in totaliteit afgeskaf moet word. Slawe sou na hulle vrystelling vir vier jaar by hul base ingeboek bly . Slegs sowat 40% van die gewaardeerde prys van die slawe sou aan eienaars uitbetaal word. Uitbetaling het in Londen geskied en in Britse staatseffekte en nie in kontant plaasgevind nie. Boere het uiteindelik 'n gemiddeld van 41% vir hul slawe ontvang en dit het verder tot groot ongelukkigheid gelei (Muller 1985:143).

Die uitkoms van sake het afgestuur op die Groot Trek. Die vraag kan met reg gevra word, waarom die Groot Trek werklik plaasgevind het? Van der Watt (1977:3) gee die volgende redes. Hy verdeel dit in stoflike en geestelike redes. Onder stoflike redes word die volgende motiverings aangedui:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Die gebrek aan grond. Relatief min boere het genoeg eie grond besit.

(ii) Die gebrek aan kapitaal. Weinig geld was in omloop as gevolg van 'n ongunstige handelsbalans. Die vrystelling van slawe, kroniese diefstal deur swartes, die voortdurende grensoorloë het kapitaalbronne verder verswak.

(iii) Die gebrek aan arbeid. Die vrystelling van slawe was 'n gevoelige slag op arbeidsgebied. Verder was handearbeiders betreklik onproduktief.

(iv) Die gebrek aan bestendigheid en sekerheid. Onbekendheid met die owerheid se wette, regulasies en maatreëls is aangevul met 'n wantroue in die regering se vermoë om hulle op die grens te beskerm.

Ten opsigte van die geestelike oorsake word die volgende sake gestel:

(i) Die gelykstelling van blank en nie-blank.

Die benaming "christen" en "heiden" het vir die grensboer sinoniem geword tussen "blank" en "nie-blank". Met die filantropiese gelykstellingsbeleid van die owerheid is geen differensiasie toegelaat nie. Dit het grensboere in baie opsigte tot in hulle siel geroer en hulle heftig laat reageer. Voortrekkerleiers soos Karl Trichardt en Piet Retief het die liberale gelykstellingsdogma van sendelinge en die ooreenstemmende filantropiese wetgewing van die owerheid aangewys as die belangrikste oorsake van die Groot Trek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Die opkomende nasionale gevoel.

Afrikaner nasionalisme was besig om te ontkiem. Sake soos Slagtersnek, Afrikaans as gemeenskaplike spreektaal, en die reaksie teen die verengelsingsbeleid oor die breë terrein van die volkslewe het 'n invloed gehad.

(iii) Die behoefte aan selfregering.

Daar was 'n innerlike drang na 'n eie regeringstelsel wat burgerlike vryheid en nasionale onafhanklikheid kon reflekteer (Van der Watt 1977:3-4).

Die Groot Trek het beslis nie bygedra dat die Afrikaner van sy rassevooroordele gestroop is nie. Die voortdurende konflik tussen wit en swart het verder hiertoe bygedra. Die gebeure soos die moord op Piet Retief, die uitmoording van Voortrekkers by Bloukrans, Italeni waar onder andere Piet Uys en sy seun Dirkie omgekom het, Vegkop en al die ander botsings het 'n persepsie by die blankes laat ontwikkel dat swartes barbare en heidene is en dat blankes wat Christene is, die volk van God is. Dit het die omgang tussen blank en swart radikaal beïnvloed. Die logiese lyn wat gevolg is na aanleiding van bogenoemde persepsies, was dat stemreg en burgerskap slegs vir blankes gereserveer is. Die hoekstene van apartheid is sodoende in die noorde gevestig. Blankes het van swartes verwag om vir hulle te werk. Swart kinders wat ouerloos was (dikwels na veldtogte teen swart stamme) kon wettiglik by blanke boere ingeboek word tot die ouderdom van 25 jaar. Sterk kritiek is teen die Zuid-Afrikaanse Republiek uitgespreek dat dit 'n verfynde vorm van slawerny is (Cameron 1991:152).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die betekenis van Paswette van 1866 was onder andere dat elke swarte wat sonder 'n pas van sy werkgewer, opperhoof, sendeling, landdros of veldkornet buite sy woondistrik aangetref is, deur enige landsburger aangehou en vir straf aan die naaste veldkornet oorhandig moes word. Sodoende is gepoog om die ongeoorloofde beweging van swartes te stuit (Cameron 1991:153).

In Kaapland is die stemregkwessie verskans. Cameron (1991:162) verduidelik stemreg tussen 1836-1956 soos volg:

> *"In 1836 is 'n meerrassige stemreg in Kaapse munisipaliteite ingevoer, wat 'n presedent vir toekomstige stemregwetgewing aan die Kaap geskep het. Met die bekragtiging in 1853 van die ordonnansie wat die Kaapse parlementêre stemreg bepaal het, is 'n inkomstekwalifikasie van £50 en 'n bewoningskwalifikasie van £25 neergelê. In die woorde van die koloniale sekretaris John Montague, was dit gebaseer op "so 'n beskeie kwalifikasie dat die intelligente en arbeidsame gekleurde daartoe in staat sal wees om met sy mede-koloniste van blanke afkoms te deel in die voorreg om vir die verteenwoordigers van die volk te stem"*
>
> *Ondanks dié aanvanklike doelwit het die Registration Act van 1887, wat die gemeenskaplike grondbesit van 'n stam nie as kwalifikasie erken het nie, die swart "kombersstem" in verkiesings vir twee nuwe Transkeise setels uitgesluit. Bowendien is die eiendomskwalifikasie ingevolge die "Franchise and Ballot Act" van 1892 van £25 na £75 verhoog en 'n basiese toets vir geletterdheid voorgeskryf op 'n tydstip toe swart en kleurlingkiesers in byna 'n kwart van die Kaapse kiesafdelings die uit-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*slag kon beïnvloed. Die individuele besit van grond op ewigdurende erfpag ingevolge Rhodes se Glen Grey-wet van 1894 is ewe-eens nie as kwalifikasie aanvaar nie. In 1909 is die meerrassige Kaapse stemreg deur die Nasionale Konvensie as verskanste artikel in die Suid-Afrikaanse wetsontwerp ingesluit, maar in 1936 het genl J.B.M. Hertzog se regering die swartmense van die gemeenskaplike kieserslys verwyder. In 1956 is die verskanste stemreg van kleurlinge tydens die premierskap van J.G. Strydom beëindig. Meer as 'n eeu lank was die meerrassige stemreg 'n sentrale element van die sogenaamde Kaapse liberale tradisie".*

Natal het in die voetspore van Kaapland gevolg deur dit wel teoreties moontlik te maak vir nie-blankes om stemreg te bekom. In die praktyk het weinig dit reg gekry (Cameron 1991:175).

Britse imperialisme het groot spanning by die Afrikaner gewek. Die ontdekking van goud en diamante in die noordelike deel van die land het Britse imperialisme gestimuleer. Die konflik het 'n hoogtepunt bereik met die uitbreek van die Anglo-boere oorlog op 11 Oktober 1899. Haat by verskeie Afrikaners teen die Britte het vir baie jare gevolg as gevolg van die driejarige oorlog. Op 31 Mei 1902 is die Vredesverdrag van Vereeniging onderteken wat die oorlog en die onafhanklikheid van die twee Boere-republieke beëindig het (Van der Watt 1977:195). Meer as veertig konsentrasiekampe is opgerig waarin 26 251 vroue en kinders gesterf het. Verder het byna 7 000 Boeremanskappe en 22 000 Britse manskappe omgekom. Meer as 14 000 swartes het in afsonderlike konsentrasiekampe omgekom (Cameron 1991:214). Daar word egter bereken dat tussen tien duisend en dertig duisend swartes vir Brittanje en teen die Boere geveg het in dié oorlog. Dit het 'n wrang smaak by Afrikaners agtergelaat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Dit is veelseggend dat een van die belangrikste redes vir die aanvaarding van die vredesvoorwaardes wat die Boereverteenwoordigers aangevoer het, die feit was dat baie swartes buiten en binnen de Grenzen van het grondgebied der beide Republieken meest allen gewapend zijn en deelnemen in den strijd tegen ons en ... een onbestaanbaren toestand in vele districten der beide Republieken veroorzaken"*

(Cameron 1991:216).

Verdere negatiewe gevoelens het by boere ontstaan na aanleiding van die feit dat Generaal Smuts teen 1900 waargeneem het dat verskeie swart pagters op plase hulle intrek in leë blanke plaashuise geneem het (Cameron 1991:216).

Tydens die Nasionale Konvensie wat van 1908 tot 1910 plaasgevind het, was stemreg vir nie-blankes 'n sensitiewe punt. Daar is besluit dat binne 'n uniale stelsel die status quo gehandhaaf sal word. Gevolglik was dit steeds tegnies moontlik vir nie-blankes in Natal en Kaapland om hul stemreg te kon uitoefen terwyl slegs blankes in Transvaal en die Oranje Vrystaat stemreg gehad het (Cameron 1991:227). Die gesindheid van blankes teenoor nie-blankes word gevolglik hierin gereflekteer!

'n Verdere aspek wat apartheidsdenke gestimuleer het, is die opkoms van swart nasionalisme. Die African National Congress het in 1912 tot stand gekom nadat swartmense by die Nasionale Konvensie uitgesluit is van effektiewe politieke deelname.

Tydens die Nasionale Konvensie en met die totstandkoming van die African National Congress was die profetiese stem van die Ned. Geref. Kerke afwesig in verband met deelname van nie-blankes aan die politieke proses. Hierteenoor word energie ingespan deur Ned. Geref. Kerk lidmate om voorspraak te maak vir die nood van die Afrikaner tydens kongresse.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verstedelikingsproses van swartmense het enersyds swart aspirasies gestimuleer en blanke vrese ten opsigte van swart toestroming geaktiveer. Tydens die Armblanke Kongres wat in 1916 op Cradock gehou is, is gevra vir segregasie tussen blank en swart op arbeidsgebied (Van der Watt 1987:76).

In 1922 word 'n Afrikanerkongres te Stellenbosch gehou met die tema: **Doeltreffende onderwys as redmiddel teen verarming.** In 1923 volg die kongres: **Die opheffing van die verarmde Afrikaner** in Bloemfontein. In 1934 'n groot kongres: **Die armblankevraagstuk in al sy aspekte** in Kimberley en in 1947: **Die verstedeliking van die Afrikaner** in Johannesburg. Die verslag van die Carnegie Armblankekommissie het uit vyf dele bestaan en het gedurende 1932 verskyn. Die Afrikaner was in die tyd verarm en het baie swaar gekry. Daarom is algemeen gevoel dat daar primêr na die belange van die Afrikaner gekyk moet word en dat dit alle energie en aandag verg. Deurdat daar gefokus is op die nood van die Afrikaner is gemeen dat die Afrikaner op alle vlakke van die samelewing beskerm moes word veral teen nie-blankes. Segregasie was gevolglik die wagwoord ter wille van eie beskerming. Die Afrikaner het min akademiese opleiding gehad en was hoofsaaklik boere. As gevolg van droogtes en swak markpryse het baie hulle plase verloor en het getrek na die stad. Die ekonomie was hoofsaaklik in Engelse en Joodse hande en die wêreldekonomie was in 'n depressie. Al hierdie sake het die Afrikaner diep sielkundig bedreig laat voel en het apartheidsdenke gestimuleer. Die Ned. Geref. Kerk kon deur sy leiding aan lidmate (wat hierdie genoemde Afrikaners was) in sekere rigtings stuur. Op teologiese vlak moet die vraag gevra word of die Ned. Geref. Kerk die Bybel verantwoord aan sy lidmate verklaar het, dat die "swart gevaar" eerder as 'n uitdaging as 'n bedreiging beskou kon word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die produk van eksterne druk was dat Afrikaner-nasionalisme herleef het. Die Afrikaner-Broederbond, wat oorspronklik as kultuurorganisasie gestig is, het in die dertigerjare 'n al groter rol vertolk. In 1929 word die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) gestig. Die simboliese ossewatrek van 1938 het die eeufeesvieringe van die Groot Trek herdenk. Die hoeksteen van die Voortrekkermonument is ook in 1938 gelê. In 1949 is die Voortrekkermonument in Pretoria ingewy en was ongeveer 'n kwart miljoen mense teenwoordig (Cameron 1991:259). Die herlewing van die Afrikaner-nasionalisme het beslis groepseenheid bevorder en apartheidsdenke gestimuleer!

Die wortels van apartheidsdenke in Suid-Afrika lê versteek oor 'n wye gebied en slegs enkele sake is as agtergrond genoem. Nadat die studie spesifieke sake ten opsigte van die rol van die Ned. Geref. Kerk en die owerheid oor apartheid ondersoek het, sal daar in die volgende hoofstuk verdere sake uitgelig en beoordeel word.

In die publikasie van J. A Loubser getiteld: "The apartheid Bible" (1987:IX-XI) toon hy aan dat Afrikaners geneig is om die Bybel vanuit 'n apartheidsfundering te lees. Apartheid word gevolglik in die Skrif ingedra sonder dat dit besef word. In hoofstuk 9 van bogenoemde publikasie word aandag gegee aan die volgende aspekte:

- Die daaglikse ontmoetig met die apartheidsbybel.

- 'n Onbewustelike hermeneutiese raamwerk.

- Politieke "blindheid".

- Oorvereenvoudiging van die verhouding kerk en staat.

- Die status quo wat legitiem gemaak word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bestaan van mites

(Loubser 1987:129-134).

Indien daar oor bogenoemde standpunt besin word, kom die besef na vore dat blanke-Afrikaners so 'n vaste denkraamwerk het, dat hulle dit self nie besef nie. Baie mense is in die post 1948-fase gebore, dat hulle leefwêreld en blootstelling deurdrenk is deur apartheid. Die vraag ontstaan of die Ned. Geref. Kerk nie verder momentum aan die proses verleen het nie. Dit kan beteken dat die Ned. Geref. Kerk nie versigtig genoeg gewees het om lidmate vanuit die Skrif leiding in dié verband te gee nie.

Die vraag ontstaan ook, wie is die kerk?

Dit is nie sinodes en kerklike vergaderinge nie, maar lidmate. Lidmate wat in 'n sekere sin uitgelewer is aan die kerkleiding om vanuit die Skrif die pas aan te gee. Reformasie beteken 'n terugkeer, 'n terugkeer terug na die Bybel.

## 2. OORSIGSCENARIO OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Suid-Afrika is 'n land waarin 'n wye spektrum van mense woon. Dit is belangrik om te kyk na die bevolkingsamestelling in Suid-Afrika. Hierdie saak het op 'n indirekte wyse die optrede van blankes beïnvloed. Hugo en Kotze (1978:11) lê sterk klem daarop dat vrees 'n groot invloed gehad het op die leefwêreld van blankes. Vrees het 'n invloed op menslike emosies wat 'n persoon se instink tot fisiese selfbehoud in werking stel. Die getalle oorwig van swartes ontlok vrees by blankes.

Demografies is Suid-Afrika soos volg saamgestel: Die totale bevolking van die RSA in 1970 was 30,797 miljoen. Dit sluit die inwoners in 1990 van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei uit. Van die totale bevolking was 21,609 miljoen (70,2%) swart; 5,018

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



miljoen (16,3%) blank; 3,214 miljoen (10,4%) kleurlinge en 956 000 (3,1%) Asiërs (Sentrale Statistiekdiens 1991:1). Indien die statistiek met die bevolkingsgetalle van 1970 vergelyk word, word skerp toenames waargeneem. In 1970 was die RSA se totale bevolking 20 136 miljoen waarvan 3 864 miljoen blank en 1 345 miljoen swart was. Dit dui op 'n hoër natuurlike aanwas by swartes. Vanaf 1970 - 1990 was die jaarlikse natuurlike aanwaskoers per 100 van die bevolking 2,24 in Suid-Afrika. Die blankes se jaarlikse natuurlike aanwaskoers per 100 van die bevolking was 0,94, die kleurlinge 1,80, die Asiërs 1,95 en die swartes na raming 2,70. Die koerse het teen 1990 afgeplat na 'n landsgemiddeld van 2,00 met die blankes 0,66, die kleurlinge 1,55, Asiërs 1,52 en swartes 2,40 (Sentrale statistiekdiens 1991:1).

Onderwysvoorsiening bly een van Suid-Afrika se grootste uitdagings. Van die 5,263 miljoen kinders wat in 1990 primêre skoolonderrig ontvang het, was 0,535 miljoen blank; 611 000 kleurlinge; 0,142 miljoen Indiërs en 3,975 miljoen swart. In 1990 was daar 2,2 miljoen leerlinge wat sekondêre skoolonderrig ontvang het. Hiervan was 382 118 blank, 228 987 kleurlinge, 91 378 Indiërs en 1 497 377 swartes. Hierteenoor was die blankes die grootste groep wat universiteits- en onderwysopleiding ontvang het: 163 274 teenoor 25 748 kleurlinge, 19 588 Indiërs en 128 384 swartes (Sentrale Statistiekdiens 1991:2).

In die tydperk 1970 - 1990 het salarisse en lone gemiddeld jaarliks soos volg gestyg: blankes 12,2%, kleurlinge 13,9% Asiërs 15,1%, swartes 15,4%. Werkloosheid bly 'n groot probleem in Suid-Afrika. Op 30 Junie 1988 was daar 23 103 blankes, 29 000 Indiërs, 123 000 kleurlinge en 874 000 swartes wat werkloos was (Sentrale Statistiekdiens 1991:4). Daar kan beslis aanvaar word dat werkloosheid skerp gestyg het na 1988.

Volgens die 1980-sensus praat blankes hoofsaaklik Afrikaans 54,1%, 35,4% Engels en 5% Afrikaans en Engels as hulle huistaal. Kleurlinge praat 83,3% Afrikaans teenoor 10,3% wat Engels in hulle huise praat. Van die Asiërs in Suid-Afrika het 73,4% Engels as huistaal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Swartmense het 36,2% Zulu; Xhosa 16,4%; Noord-Sotho 14,4%; Suid-Sotho 11,3%; Tswana 7,9%; Shangaan/Tsonga 5,4%; Swazi 3,8%; Ndebele 2,6% en Venda 0,9% in hulle huise gepraat (Sentrale statistiekdiens 1991:16).

Die geloof het in 1980 soos volg daaruit gesien: Van die blankes was 37,4% lid van die Ned. Geref. Kerk; 9,2% Metodiste; 8,5% Roomse Katoliek; 5,7% Nederduitsche Hervormd; 4,6% Anglikaans; 2,9% Presbyterian; 2,8% A.G.S.; 2,8% Gereformeerd en 2,6% Jode. Van die kleurlinge was 25,8% Ned. Geref; 10,1% Roomse Katoliek; Apostoliese groepe 9,8%; 6,7% Islam. Van die Asiërs was 64,6% Hindu; 20,2% Islam met ongeveer 10% wat versplinter is tussen die Christelike kerke. Van die swartes het 30,1% tot die swart onafhanklike kerke, 10,2% Roomse Katolieke, 9,7% Metodiste en 6,6% tot die Ned. Geref. Kerk behoort. 17,9% het egter nie hul kerkverband gespesifiseer nie (Sentrale Statistiekdiens 1991:7).

Volgens Boshoff (1990:2) gaan demografiese veranderinge die kerk in die negentigerjare raak:

> *"Die eerste struktuurverandering is dat die natuurlike groei besig is om by die blankes te daal en dit selfs neig na onder die vervangingskoers, met ander woorde die geboortekoers gaan onder die sterftekoers begin daal. Dit bring mee dat die blankes omtrent 12% van die totale bevolking teen die einde van die eeu sal wees, met die Afrikaanssprekendes sowat 8% van die totale bevolking.*
>
> *Die tweede struktuurverandering wat besig is om te gebeur is dat die gemiddelde ouderdom van blankes besig is om na die middeljare en ouer mense te verskuif. Met ander woorde, ons verwag dat in die negentigerjare die groei in die middel- (40+) en ouer kategorie (65+) mense vinniger gaan wees as dié van kinders (0-16). By swartes geld die teenoorgestelde. Alles dui daarop dat blanke skoolgetalle in die negentigerjare gaan stagneer en selfs minder gaan wees as die van dié tagtigerjare.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Derdens dat swart verstedeliking en spesifiek swart onderwysgetalle dramaties gaan toeneem. Ons praat hier van miljoene swart mense wat gaan verstedelik in die volgende dekade. Na raming sal swart matrikulante in die jaar 2000 vier keer meer wees as blanke matrikulante.*
>
> *Die vierde tendens wat ek dink die kerk gaan raak, is die toenemende verskynsel van die beroepsvrou. Die vrou beweeg toenemend weg vanaf die tradisionele vroueberoepe na die professies. Daarby bring die hoë egskeidingsyfer die enkelouer-verskynsel met hom mee"* (Boshoff 1990:2).

Die afleiding kan dus gemaak word dat namate blankes se getalle afneem lidmaatgetalle van die bestaande Ned. Geref. Kerk, ook sal afneem, indien die huidige groeikoers van die kerk konstant bly. Onder dieselfde voorwaarde kan 'n projeksie gemaak word dat blanke lidmate ook besig is om te verouder. Aksiestappe is dus nodig om hierdie afwaartse neiging te deurbreek.

Volgens prof Boshoff (1990:4-5) kan die volgende ekonomiese veranderinge verwag word:

> *"1. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is gestrem, as gevolg van sanksies en politieke onsekerheid. Al sou swartmense polities geakkommodeer word, gaan dit jare neem voordat daar sprake van 'n hoër groei in die ekonomie en inkomste is.*
>
> *2. 'n Era van lae ekonomiese groei en verswakkende reële inkomste bestaan. Gevolglik gaan Jan Publiek se inkomste-posisie eerder stabiliseer of agteruitgaan in die volgende jare, eerder as wat dit dramaties gaan verbeter.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. *Die hoë inflasiekoers gaan nie sommer gou verdwyn nie, maar gaan in die negentigerjare voortduur. 'n Verarmingsproses onder ouer persone vind plaas.*

4. *Daar is 'n groot verskuiwing ten opsigte van herverdeling van inkomste vanaf blankes na ander groepe. Swartmense kry al hoe meer geleenthede om 'n bydrae tot die ekonomie te maak.*

5. *Die ekonomie gaan nie meer net om blankes sentreer nie, maar 'n geïntegreerde werksituasie ontwikkel.*

6. *Staatsbesteding is besig om van die ideale situasie na die bekostigbare te verskuif. 'n Proses van terugsnoeiing moet volg"*

(Boshoff 1990:4-5).

Hoewel daar nog nie ver in die negentigerjare in beweeg is nie, kristalliseer die aannames van prof Boshoff reeds duidelik uit en is daar op alle vlakke van die samelewing radikale verskuiwings besig om plaas te vind!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

## DIE HISTORIESE WORTELS VAN APARTHEID: 1652 - 1948

Pagina

1.1 Inleiding 17

1.2 Die fase sedert 1652 18

1.3 Die bydrae van die Ned. Geref. Kerk sedert 1921 24

1.4 Slotbeoordeling 42
1.4.1 Die tydperk 1652 - 1910 42
1.4.2 Die tydperk 1910 - 1948 48

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

# DIE HISTORIESE WORTELS VAN APARTHEID: 1652 - 1948

## 1.1 INLEIDING

Op 6 April 1652 het Jan van Riebeeck met 'n groep Nederlanders in Tafelbaai voet aan wal gesit. Hulle doel was om 'n verversingspos aan die suidpunt van Afrika vir verbyvarende skepe van die Oos-Indiese Kompanjie op te rig.

Dit is interessant om daarop te let dat die Nederlanders wat hulle aan die Kaap kom vestig het, nie 'n gevoel vir rasseverskille gehad het nie (Scholtz 1967:127). Hierdie standpunt het met verloop van tyd verander. Teen 1948 het die oorspronklike standpunt van die inwoners van Suid-Afrika radikaal verskil. Die Nasionale Party het in dié jaar die algemene verkiesing gewen. Hulle beleid van apartheid het meegebring dat hulle die nuwe regering van Suid-Afrika geword het. Die Nasionale Party het nie net apartheid as die ideale gemeenskapsordening tussen rasse voorgehou nie, maar hulle het ook oorgegaan tot daadwerklike aksies om apartheid juridies in te stel.

Die kerke in Suid-Afrika was veral na die Eerste Wêreldoorlog intens betrokke by die rasseproblematiek. Die Ned. Geref. Kerk het spesifiek kant gekies vir die beleid van apartheid. Direkte pogings is van kerklike kant geloods om die beleid van apartheid Skriftuurlik te fundeer.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die ontwikkelingsproses tussen 1652-1948 aan te toon. Spesifieke redes vir die klemverskuiwing in die Ned. Geref. Kerk se standpunt gedurende die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu sal aangetoon word. Omdat die studie handel oor die Ned. Geref. Kerk sal spesifiek aandag aan die Naturellesakekommissie van die Raad van Kerke gegee word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deurdat die navorsing spesifiek gerig is op apartheidwette, sal aandag aan die besondere wette ook gegee word. Dit is belangrik om te let op die Ned. Geref. Kerk se standpunte ten opsigte van elke wet en elke saak.

Die fase, vanaf 1652 - 1948 was slegs maar 'n aanloop tot 'n tydperk ná 1948 wat verreikende gevolge vir Suid-Afrika en al sy inwoners gehad het!

## 1.2 DIE FASE SEDERT 1652

Twee nie-blanke rasse het die suidpunt van Afrika teen 1652 bewoon: Die boesmans en die hottentotte. Swartgroepe het meer noord en oos in die gebied gewoon. Rassespanning het vinnig ontstaan. Die boesmans wat jagters was, kon nie die blankes se vee met rus laat nie. Die hottentotte daarenteen was nomadiese stamme van veeherders en die blankes het met hulle handel gedryf (Van Jaarsveld 1976:18).

Jan van Riebeeck het opdrag in Nederland gekry om in vrede met die hottentotte te leef (Scholtz 1967:202). Die standpunt van die eerste blankes aan die Kaap kan soos volg geëvalueer word:

> *"Aan die beginjare van die Kaapse blanke nedersetting het die Nederlandse immigrante nie 'n kleurgevoel gehad nie. Die enigste onderskeiding wat tussen hottentotte en blanke gemaak is, was op grond van die Christelike godsdiens. As 'n nie-blanke - hottentot of slaaf - hom tot die Christendom bekeer het, is hy in die Nederduitse Gereformeerde Kerk opgeneem, en het sosiale omgang plaasgevind"*

(Van Jaarsveld 1976:29).

Deurdat die kulture tussen blank en nie-blank so ingrypend verskil het, het wrywing vinnig ontstaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1657 het die vryburgers na die Kaap gekom en het die grondgebied van die blankes uitgebrei. Na diefstal en aanrandings is die wapen in Mei 1659 teen die hottentotte opgeneem. Dit was die eerste militêre botsing tussen blank en nie-blank op Suid-Afrikaanse bodem en die voorloper van baie oorloë (Scholtz 1967:204).

Deurdat die klem in hierdie navorsing ook op groepsgebiede geplaas word is dit nodig om te let op die eerste gebiedskeiding wat toegepas is:

> *"Wrywing kon egter nie uitgeskakel word nie en van Riebeeck het sy toevlug tot gebiedskeiding geneem. Eers is 'n heining van pale opgerig wat met doringstruike versterk is, later is met die hottentotte ooreengekom dat die Sout- en die Liesbeekrivier as 'n grens tussen hulle en die blankes sou dien"*

(Lombard 1981:20).

Die aanvanklike positiewe benadering is ook ten opsigte van rasgemengde huwelike geopenbaar. Die eerste rasgemengde huwelik het spoedig aan die Kaap plaasgevind. Op 26 April 1656 het die Politieke Raad aan Jan Wouterz toestemming verleen om met Catharina Anthonis, 'n gewese slavin te trou (Scholtz 1967:163). In 1664 het Pieter van Meerhof die hottentottin, Eva, tot vrou geneem (Van Jaarsveld 1976:30). Die drastiese tekort aan blanke vroue het rassevermenging in die hand gewerk:

> *"In 1660 was daar byvoorbeeld 290 blanke mans vir elke 100 blanke vroue en selfs in 1770 was die verhouding nog 140 : 100. In die omstandighede het die mans hulle eenvoudig tot slavinne gewend. In 1671 het kommissaris Isbrand Goske vasgestel dat driekwart van die kinders van Kompanjieslavinne blanke vaders gehad het. Dié bevinding is veertien jaar later bevestig toe kommissaris-generaal H.A. van Rheede ontdek het dat 44 van die 92 Kompanjie-slawekinders onder twaalf jaar blanke vaders gehad het"*

(Scholtz 1967:11).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met verloop van tyd is kontak tussen blank en nie-blank ontmoedig.

> *"Reeds in 1678 is 'n plakkaat uitgevaardig wat onsedelikheid tussen blank en nie-blank aan bande wou lê"*

(Scholtz 1967:164).

Dit het egter nie net oor ontug ten opsigte van rasse gegaan nie, maar het ook gemengde huwelike beïnvloed.

> *"In 1685 het kommissaris-generaal H.A. van Rheede tot Drakenstein bepaal dat huwelike tussen Nederlanders en* vrygemaakte slavinne verbied moet word"

(Van Jaarsveld 1976:30)

Dit het egter 'n invloed gehad sodat rasgemengde huwelike nooit op grootskaal plaasgevind het nie. Van Jaarsveld (1976:30) stel dit dat daar in die eerste 150 jaar van die Kaapse nedersetting nie meer as 17 gemengde blank en nie-blanke huwelike was nie. Die resultaat van sodanige gemengde huwelike het 'n kindertal van 113 opgelewer teenoor 1 935 suiwer blanke huwelike in dieselfde tyd met 'n kindertal van 24 913.

Die vraag ontstaan wat die standpunt was ten opsigte van gemengde onderwys:

> *"Toe daar in 1663 met die eerste skool in die volksplanting begin is, is daar aanvanklik geen verskil tussen blanke en nie-blanke kinders getref nie"*

(Scholtz 1967:136).

Daar was dus een geïntegreerde onderwysstelsel in die Kaap. Dit sou egter nie die toets van die tyd deurstaan nie.

> *"Reeds vroeg moes die verskil in beskawingspeil hom egter laat geld het. Om kinders met die agtergrond van Wes-Europa en kinders met die agtergrond van Afrika saam te onderwys, moes 'n taak gewees het wat die*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *eerste leermeester waarskynlik grys hare besorg het. Na slegs dertien jaar is daar al tot die besef gekom dat dit 'n verkeerde beginsel was om blanke en nie-blanke kinders in die skool saam te bring. Nadat hulle vertoë deur die Kaapse kerkraad gerig was, het die Politieke Raad op 28 Desember 1676 besluit dat daar vir blanke en nie-blanke kinders aparte skole sou wees"*

(Scholtz 1967:136).

'n Belangrike vraag raak die kwessie van nie-blankes en kerk. Wat was die aanvanklike standpunt aan die Kaap ten opsigte van rasgemengde kerkdeelname?

Volgens Scholtz (1967:128) is daar ook soos in ander samelewingsverbande aanvanklik geen onderskeid tussen blank en nie-blanke in die Kaapse kerk gemaak nie. Indien 'n nie-blanke tot bekering gekom het, kon so 'n persoon 'n volwaardige lidmaat word en kon die persoon normaalweg deel aan die sakramente, naamlik die doop en die nagmaal. Daar was dus slegs een gereformeerde kerk en daarvan was blank en nie-blank lidmate.

In die agtiende eeu kan die volgende net kortliks genoem word. Die hottentotte is byna totaal vernietig deur die pokke-epidemies van 1713, 1755 en 1767. Die klompie wat bly voortbestaan het, het by blankes as arbeiders in diens getree (Van Jaarsveld 1976:27). Veeboerpioniere het ver die binneland ingetrek en teen die einde van die agtiende eeu kontak met swartes gemaak. Drie grensoorloë tussen blank en swart het vanaf 1779 plaasgevind (Van Jaarsveld 1976:53).

Nadat die Britte die Kaap van 1795-1803 beset het, volg 'n Nederlandse besetting van 1803-1806. Die Britte het daarna die Kaap tot Uniewording in 1910 beset.

Tydens die Nederlandse besetting van 1803-1806 het kommissaris-generaal J.A. de Mist 'n nuwe kerkorde in 1804 geïmplementeer. Daar is veral besin oor die verhouding kerk : staat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"De Mist het gereageer deur die invoering van sy kerkorde. Hierin is naas vele ander kerklike bepalinge ook voorsiening gemaak vir die konstituering van 'n Sinode"*

(Van der Watt 1976:39).

Volgens Van der Watt (1976:70) het die implementering van De Mist se kerkorde die staatsheerskappy eintlik groter gemaak.

Dié kerkorde het tot in 1843 bly voortbestaan. Die Ned. Geref. Kerk het in 1824 sy eerste sinode gehou. Volgens Ordonnansie No. 7 van 1843 het die kerk 'n aansienlike mate van die vryheid van die staat verkry (Van der Watt 1977:9).

Slawe is in 1834 deur die Britse owerheid vrygestel. Dit is nodig dat daar kortliks aandag aan die stemregkwessie gegee moet word. Met die instelling van munisipale stemreg aan die Kaap in 1836, is daar teoreties geen onderskeid tussen blank en nie-blank gemaak nie. Indien 'n kleurling oor die nodige kwalifikasies beskik het, kon so 'n persoon sy stemreg uitoefen en ook volgens Ordonnansie No. 9 van 1836 as munisipale kandidaat aangewys word.

> *"Die Cape of Good Hope Constitutional Ordinance van 1852 wat aan die Kaapkolonie verteenwoordigende bestuur verleen het, het aan alle manlike persone (blank sowel as nie-blank) wat aan bepaalde kwalifikasies voldoen het, stemreg sowel as reg om tot die Parlement verkies te word, verleen. Die Constitution Ordinance Amendment Act wat op 28 November 1872 in werking getree het en aan die Kaapkolonie verantwoordelike bestuur verleen het, het geen verandering in die stemregkwalifikasie teweeg gebring nie. In 1892 is hierdie kwalifikasie egter verhoog om te verhinder dat nie-blankes in te groot getalle die stemreg verwerf"*

(Lombard 1981:23).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Natal het ten opsigte van stemregkwalifikasie in beginsel dieselfde standpunt as die Kaapkolonie gevolg. In 1856 het Natal verteenwoordigende bestuur ontvang soos beliggaam in die "Charter of Natal" en het teoreties geen verskil gemaak tussen blankes en nie-blankes nie. In 1865, 1883 en 1896 is wetgewing egter aanvaar. Stemregkwalifikasies is sodanig gewysig dat dit feitlik onmoontlik vir 'n nie-blanke was om stemreg te bekom. In 1903 was daar slegs twee swartes in Natal as kiesers geregistreer. (Lombard 1981:23).

Transvaal en die Oranje-Vrystaat het hul baie duidelik uitgespreek teen gelykstelling van blank en nie-blank. In Transvaal is politieke skeiding onomwonde in verskillende grondwette gehandhaaf.

> *"In die Drie-en-dertig artikels van 1844 word byvoorbeeld verklaar: 'Geene bastaarden zullen in onze vergaderingen als lid en regter mogen zitten tot het tiende gelid' en in artikel 9 van die Transvaalse grondwet van 1858 staan 'Het volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingeseten toestaan, noch in kerk noch in staat'. Die Vrystaatse grondwet van 1854 het in artikel 1 bepaal dat al die blanke inwoners wat minstens ses maande daar woonagtig was, 'burgers van die Oranje Vrye staat sal wees'"*

(Lombard 1981:24).

Die status quo in die onderskeie provinsies ten opsigte van stemreg is gehandhaaf by die Nasionale Konvensie 1908-1909 en is geïmplementeer met Uniewording in 1910.

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 het nie-blankes dus geen direkte inspraak in die Volksraad gehad nie en was dit een van die belangrikste redes waarom die A.N.C. in 1912 tot stand gekom het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.3 DIE BYDRAE VAN DIE NED. GEREF. KERK SEDERT 1921

Die Ned. Geref. Kerk het tot in die twintiger jare van dié eeu geen uitspraak ten opsigte van die politieke akkommodasie van die nie-blanke gemaak nie. Die Kaapse Sinode het in 1921 die inisiatief geneem. Die Kaapse Sendingkommissie het die Transvaalse en Vrystaatse Sendingkommissies uitgenooi om 'n gesamentlike kommissie aan te stel. Hierdie kommissie het dit ten doel gestel om veral aandag te gee aan die opvoedkundige regte en voorregte van swartes, die verhouding tussen blank en nie-blank en die oorsake van onrus onder swartes en hoe dit vermy kan word (Lombard 1981:29). Volgens Kinghorn (1986:80) was dit die eerste poging van die Ned. Geref. Kerke om die Suid-Afrikaanse rasseprobleem sosiaal, ekonomies en polities op intersinodale vlak te bestudeer.

Dit het aanleiding gegee dat 'n kommissie tydens die Federale Raad van die Ned. Geref. Kerk se byeenkoms in Parys, O.V.S. in 1923 aangestel is met die volgende opdrag:

> *"Die Raad benoeme 'n kommissie om 'n konferentie samen te roepen, bestaande uit vertegenwoordigers van alle Protestanse Kerken in Zuid-Afrika alsmede uit leidslieden op staatkundig gebied, Europeanen, sowel as kleurlingen en naturellen. Doel van de konferentie zal wezen met elkander nader kennis te maken en uit't oogpunt van de christelike beschawing te bespreken de belongen Europeanen, kleurlingen en naturellen die door de hand van God gebracht zijn samen te wonen in dit land"*

(Handelingen van die Raad van Kerken 1927:47-48).

Die genoemde konferensie is op 27 - 29 September 1923 in Johannesburg gehou en is deur vier-en-dertig blankes en twee-en-dertig swartes bygewoon. Verteenwoordigers van 'n groot verskeidenheid kerke, sendinggenootskappe, welsynsorganisasies, akademici en swartleiers het die konferensie bygewoon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ds D.S. Botha, voorsitter van die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse Sinode, was die voorsitter van die vergadering. Die volgende referate is gelewer en daarna bespreek:

1. Bantoe-onderwys
2. 'n Christelike bantoebeleid
3. Grondbesit deur die bantoe
4. Die Stadsgebiedewet van 1923
5. Die sosiale opheffing van die bantoe
6. Selfregering van die bantoe.

Sewe lede is deur die konferensie aangewys om die besluite aan die waarnemende Minister van Naturellesake, F.S. Malan, oor te dra. Swartes moes hul eie geriewe kry wat in ooreenstemming met hul eie tradisies was. Die konferensie het sterk standpunt ingeneem ten gunste van absolute segregasie. Swartes moes meer praktiese onderwys kry wat by hul kultuur pas. Meer grond moes by die bestaande Trustgrond vir swartes toegevoeg word. Die konferensie het ook aanbeveel dat swartes 'n aandeel in die bestuur van hul eie sake gegee word en dat plaaslike Bantoerade ingestel moes word volgens die Naturellesakewet van 1920 (Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken 1927:52-58).

Na die sukses van 1923 is 'n permanente kommissie van die Federale Raad van die Ned. Geref. Kerk in die lewe geroep. In 1925 het die Naturellesakekommissie tot stand gekom. Die Ned. Geref. Kerk was besig om ernstig te besin en het leiding geneem om probleme van die swartleefwêreld te probeer oplos. Die Ned. Geref. Kerk se sosiale betrokkenheid by nie-blanke nood het 'n hoogtepunt bereik.

Op 2 Junie 1926 het genl J.B.M. Hertzog, sy bekende Naturellewetsontwerpe in die Parlement ter tafel gelê.

'n Belangrike ekumeniese vergadering het op 20 September 1926 in Bloemfontein plaasgevind en is bygewoon deur verteenwoordigers van die vier Ned. Geref. Kerke, Episkopaalse, Wesleyaanse en Presbiteriaanse kerke. Besprekings oor die naturellevraagstuk het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



agter geslote deure plaasgevind. Aan die begin van die konferensie is sekere besluite ten opsigte van die naturellevraagstuk aangeneem:

> "1. *Het is het doel van God om alle volken in Christus te verenigen.*
>
> 2. *Het is onze plicht om het koninkryk van Christus in Afrika uit te breiden.*
>
> 3. *Geen oplossing van het naturellen-vraagstuk kan beschouwd worden als hoop te geven dat die van permanente aard zal zijn, tenzij die gebaseerd is op christelike beginselen.*
>
> 4. *Er is geen algemeen geneesmiddel. Al wat wy hopen kunnen te doen in ons geslacht is om te werk te gaan volgens die beginselen in het behandelen van dit vraagstuk, en voorts rekening te houden met de tegenwoordige behoeften en de mogelikheden van de toekomst"*
>
> (Handelingen van die Raad van Kerken 1927:49-50).

'n Sterk sendingmotief is onderliggend aanwesig. Vanuit die sendingmotief word die sosiale aspek, naamlik die swartvraagstuk op christelike gronde aangepak.

Die volgende belangrike besluit is tydens die konferensie geneem:

> *"Aangesien de samesmelting van de rassen nooit als 'n politiek in Zuid-Afrika verkondigd is geworden, en 'n maatregel is door de leiers van beide blanken en naturellen met afschuw beschouwd wordt, verwerpt de konferentie het idee van huweliken tussen die blanken en de Bantu als 'n oplossing van het rassevraagstuk, en dringt by christenen aan om niet voort te gaan met die soort van sociale omgang die mag leiden tot zulke*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*vereniging hetsij die regelmatig of onregelmatig is"* (Handelingen van die Raad van Kerken 1927:49-50).

Op 30 September 1926, 'n dag na bogenoemde konferensie is 'n volgende vergadering in Bloemfontein gehou. Verteenwoordigers van die Kaapse, Vrystaatse en Transvaalse Sendingkommissies asook verteenwoordigers van die Vrystaatse Sendingkerk was teenwoordig.

Die volgende sake is onder andere bespreek:

> *"Onze gelegenheid en onze verantwoordelikheden. Het Landswetsontwerp van gen. Hertzog en De Opvoeding van die naturel"*

(Handelingen van die Raad van Kerken 1927:51).

Vanaf 31 Januarie - 2 Februarie 1927 is 'n konferensie te Kaapstad gehou. Die vier genoemde wetsontwerpe van genl Hertzog is bespreek naamlik:

Die Landswetsontwerp
Die Ekonomiese posisie van die Naturellen
Die Unie-Naturelleraadwetsontwerp
Die Stemrecht-Wetsontwerp

Ses-en-sewentig lede was teenwoordig - 50 blankes en 26 swartes. Die Ned. Geref. Kerke was teenwoordig met 18 blankes en swartes. Die Episkopale, Presbiteriaanse, Baptiste, Kongregationaliste en Methodiste was onder andere ook teenwoordig.

Die standpunt oor die landswetsontwerp verdien hier spesifieke aandag omdat die konferensie waarin die Ned. Geref. Kerk 'n leidende rol gespeel het, die agterstand in oordrag van grond aan die owerheid uitwys:

> *"Aangezien de gelegenheid om grond voor de naturellen te verkrijgen snel aan't verdwijnen is, zodat veel van de grond, die in 1917 voor dit doel beschikbaar was,*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*heden met meer te verkrijgen is, terwijl de koopprijs van grond al hoger stijgt, is de konferentie overtuigd van de ernst van de toestand, en is hij van gevoelen, dat de tegenwoordige gelegenheid om deze moeilike kwestie op te lossen niet ongebruikt gelaten mag worde. De konferentie is van oordeel, dat de areas aan de hand gegeven door de Regerings Plaatselike Komitees in 1917, 't minimum grondoppervlakte beslaan, welke genoegzaam zou zijn voor de onmiddellike behoeften van de naturellen, en om die reden zou hij bij de Regering willen aandringen om de genoemde areas of hunne ekwivalenten af te zonderen te verkrijging door naturellen alleen. Met het oog op het feit dat meer dan een-derde van de inboorlingbevolking zich op grond van Europeanen bevindt, is de konferentie van gevoelen, dat 't verstandig zal wezen gaandeweg de vervanging te krijgen voor plakken, arbeidhuur en boeren op aandeel, door een systeem van huurboerderij gedurende vastgestelde tydperken onder toezicht en kontrole van 'n Landraad voor dat doel te worden opgericht, aldus van de grond, sekuriteit van bewoning gedurende die tijdperken van 't huurkontrakt en aansporing tot progressiewe boerderij"*

(Handelingen van die Raad van Kerken 1927:55-56).

Ten opsigte van die Unie-Naturelleraadwetsontwerp is onder andere besluit dat by die regering aanbeveel word dat die vorming van plaaslike Naturellerade aangemoedig moet word.

Die Federale Raad van Kerke het sy tiende vergadering vanaf 26 Maart 1927 in Heidelberg, Transvaal gehou en die verslag van die Naturellesakekommissie is goedgekeur (Handelingen van die Raad van Kerken 1927:11).

In 1928 neem die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. die volgende besluit en onderskryf volhartig segregasie:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Hierdie Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. het met groot blydskap kennis geneem van die manmoedige wyse waarop die Eerste Minister van die Unie die moeilike en só dringende naturellevraagstuk in Suid-Afrika aangedurf het.*
>
> *Die Sinode steun die Eerste Minister in sy segregasie politiek, deurdat dit volgens sy beskouing die enigste blywende oplossing van die groot naturellevraagstuk sal wees. Ook steun die Sinode hom in sy voorgestelde wetgewing vir die instelling van naturellerade ..."*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 1928:87).

In 1929 gee die Federale Raad van Kerke aan die Naturellesakekommissie opdrag om 'n konferensie te reël wat oor die kleurlingvraagstuk handel.

Die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. het in 1931 besluit dat sosiale skeiding belangrik is:

> *"Omdat dit verbastering in die hand werk en 'n denasionaliserende invloed het wat elke reggeaarde blanke en naturel verfoei"*

(Handeling van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 1931:148).

Op die Raad van Kerke se vergadering wat op 5 Maart 1931 in Bloemfontein plaasgevind het is besluit om met die kleurlinge van die Kaapprovinsie en die naturelle in die Oostelike Provinsie, Transvaal, Natal en die Vrystaat te skakel.

Tydens die Federale Raad van Kerke se byeenkoms in 1933 is 'n nuwe Naturellesakekommissie benoem omdat die vorige kommissie weinig gedoen het (Handelingen van die Raad van Kerke 1933:13).

Die nuut aangestelde Naturellesakekommissie is onmiddellik met die feit gekonfronteer dat twee veelrassige konferensies gereël is, waarvan hulle nie deel was nie. 'n Gesamentlike kleurling- en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blanke konferensie wat gekoördineer is deur "The Cape Coloured and European Council" en "The South African Institute of Race Relations" is in Kaapstad van 26-28 Junie 1933 gehou. Die konferensie het oorweging geskenk aan die opvoedkundige, sosiale en ekonomiese behoeftes van die kleurlinge. Die Ned. Geref. Kerk is wel verteenwoordig deur 'n aantal predikante, maar die Naturellesakekommissie sou graag in so 'n konferensie die inisiatief wou neem (Handelingen van die Raad van Kerke 1935:89-90).

Die Kommissie het met die Eerste Minister 'n onderhoud gehad in verband met bogenoemde konferensies. Die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid kom na vore uit die volgende kommentaar in hierdie verband.

> *"Die deputasie het die houding van die Kerk met die Generaal bespreek wat betref die opvoedkundige, ekonomiese en sosiale aspekte van die kleurlingvraagstuk en die hele kwessie van rasseverhouding in Suid-Afrika, en die sendingbeleid van ons Kerk. Uit die bespreking het geblyk dat die Eerste Minister die gevoele van die Kerk wat betref hierdie kwessies deel, en van harte met ons beleid saamgaan, en dat die Kerk op die samewerking van die Regering by die uitvoering van hierdie beleid kan reken"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1935:90).

Die Naturellesakekommissie het op 23 Mei 1934 'n vergadering in Bloemfontein gehou. Lede van die Sendingkerk en die Stofberg-gedenkskool was ook teenwoordig. Daar is besluit dat 'n konsep-beleid voorberei moet word wat na goedkeuring kon dien as die sendingbeleid.

Die sendingbeleid van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke wat in 1935 as amptelike beleid van die Ned. Geref. Kerke aanvaar is, bestaan uit die volgende hoofpunte:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Evangelisasie
2. Arbeidsvelde
3. Verhouding tot ander kerke en regerings
4. Opvoeding en onderwys
5. Maatskaplik
6. Ekonomies.

Vier Teksverwysings word in dié beleid gebruik:

Matt 28:19, Mark 16:15 as sendingopdrag;
Hand 1:8 om die arbeidsveld aan te dui; en
Hand 17:26 as verskeidenheid van volke maar uit een bloed.

Ten opsigte van evangelisasie word die beginsel van voogdyskap as uitgangspunt geneem. Punt 1(c) stel dit as volg:

> *"Waar die moederkerk in die begin die hele finansiële verantwoordelikheid gedra het, moet die las geleidelik deur die inheemse Kerk op die skouers geneem word, totdat hy eindelik geheel selfonderhoudend en selfregerend is"*

Die arbeidsvelde is volgens Hand 1:8 die onmiddellike omgewing, dan binne die provinsie en veel dieper in Afrika en tot in ander wêrelddele waar die Gees mag lei.

Die verhouding tot ander kerke en regerings word positief gestel: Hartlike samewerking en eenheid van optrede tussen die Gefedereerde Kerke onderling. Wat betref ander erkende Protestantse Kerke en genootskappe moet saam gewerk word sonder dat beginsels prysgegee word. Wat betref nie-erkende Protestantse en ander liggame moet opgetree word in die Gees van Christus. Ten opsigte van regerings en regeringsamptenare moet samewerking gesoek word met besliste optrede.

Ten opsigte van opvoeding en onderwys stel artikel 4 van die Sendingbeleid van 1935 dit soos volg:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"(a) Die opvoeding van die naturel en kleurling moet geskied in die eerste plek en bo-al, in die waarhede en volgens die beginsels van Gods Woord, die beste middel tot en die enigste maatstaf van ware opvoeding.*

*Waar die Staat die koste dra van sekulêre onderwys moet die Kerk in soverre moontlik meewerk om daardie onderwys in godsdienstige rigting te stuur.*

*(b) Deur sekulêre onderwys moet beoog word:*

*(1) Die ontwikkeling van die verstand van die naturel (of kleurling) op 'n wyse wat hom in staat sal stel om nie alleen vir homself te dink nie, maar ook en veral om vir homself te sorg en in sy behoeftes te voorsien.*

*(2) Sy voorbereiding vir aanpassing beide by die eise van die christelike beskawing en van sy eie natuurlike omgewing.*

*(c) By die opvoeding van die naturel (en kleurling) hou ons verder die volgende feite in die oog:*

*(1) Dat hy sy aangewese plek sal moet inneem in sy land en onder sy volk, wat hy nie sal kan doen as hy 'n blote na-aper van die blanke geword het nie.*

*(2) Die volle geleentheid verskaf moet word om dit op die beste manier te kan doen.*

*(3) Dat alle opvoeding en onderwys gebaseer moet wees op sy volkskultuur en dat sy taal, geskiedenis en (tensy hulle indruis teen die*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*beginsels van die christendom) gewoontes, tot hul reg moet kom. Onderwys moet nie de-nasionaliseer nie.*

(4) *Dat om in ons land die naturel ten volle toe te rus vir sy ekonomiese stryd hy die offisiële landstaal óf tale, benewens sy eie, sal moet ken"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1935:94-99).

Dit is duidelik dat 'n aanname gemaak word dat nie-blankes op 'n afsonderlike lyn moet beweeg ten opsigte van opleiding.

Ten opsigte van die maatskaplike sake word dit gestel dat daar 'n tradisionele vrees by die Afrikaner bestaan met betrekking tot gelykstelling tussen wit en swart en die idee van rasvermenging. Die kerk verklaar hom onomwonde daarteen. Die Ned. Geref. Kerk stel homself ten gunste van sosiale differensiasie en geestes- of kulturele segregasie.

Ten opsigte van die ekonomie kom die voogdyskap beginsel weer eens sterk na vore.

> *"Waar die blanke ras egter in die posisie van voog teenoor die swarte staan, moet die sterke die swakkere help en aanmoedig ook deur werk- en ontwikkelingsgeleentheid aan hom te verskaf, redelike vergoeding aan hom te gee vir dienste verrig"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1935:94-99).

Die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika het in 1936 besluit dat daar om wetgewing by die regering aangedring moet word teen gemengde huwelike tussen blankes en gekleurdes as gevolg van die onheilsame gevolge wat dit inhou (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1936:73).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die voorsitter van die Internasionale Sendingraad, dr John R. Mott het Suid-Afrika in 1934 besoek. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Christenraad van Suid-Afrika in 1936 amptelik tot stand gekom het. Die Christenraad het homself ten doel gestel om alle sendinggenootskappe en kerklike sendingaksies van Protestantse Kerke in Suid-Afrika te verenig. Die Sinodes van die Ned. Geref. Kerke van Transvaal en die Kaap het besluit om by die Christenraad aan te sluit. Die Kaapse Sinode het tydens sy Sinodesitting in Oktober 1936 die besluit nie gesanksioneer nie en lidmaatskap van die Kaapse Kerk is opgehef. Die Sinodes van die Vrystaat en Natalse Kerke het besluit om nie by die Christenraad aan te sluit nie (Lombard 1981:50-51).

Tydens die vergadering van die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke te Kaapstad in 1937 is uiteindelik die volgende besluit geneem ten opsigte van lidmaatskap van die Christenraad:

> *"Die Raad het gelet op die aanbeveling van sy Kommissie vir Naturellesake dat aansluiting by die Christenraad van Suid-Afrika by die verskillende Sinodes sal aanbeveel word, asook op die besluit van die Kaapse Sinode (Oktober 1936) om op hierdie tydstip nie by die Christenraad aan te sluit nie, maar om wel opening te laat vir samewerking.*
>
> *Die Raad besluit om by die Sinodes van die vier Gefedereerde Kerke vir eers aan te beveel dat hulle, op grondslag van die Sendingbeleid soos neergelê in die Raad-sitting op Durban in 1935, met die Christenraad sal saamwerk"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1937:18-19).

Tydens die 1937 byeenkoms is die naturelle-onderwys verslag ook aangeneem. Volgens die verslag het lede van die Naturellesakekommissie op 19 November 1936 aan die Eerste Minister 'n besoek gebring en klem gelê op die noodsaaklikheid van verpligte moedertaalonderrig in alle naturelleskole, asook verpligte onderwys in albei landstale in alle staatsondersteunde naturelleskole in die Unie (Handelinge van die Raad van Kerke 1937:19,70).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke het in 1939 belangrike besluite geneem ten opsigte van gemengde huwelike en aparte woonbuurte:

> *"Hierdie Raad spreek dit andermaal as sy oortuiging uit dat wetgewing absoluut nodig is in die bestryding van gemengde huwelike, sowel as vir die verkryging van aparte woonbuurte en aparte skole en kolleges, en versoek, met die oog op die erns van die toestande, die Regering om so spoedig moontlik die nodige wetgewing in te dien. Verder dat met die aanlê van nuwe dorpe die beginsel van segregasie insake woonbuurtes, toegepas sal word"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1939:12-20).

> *"Aangesien die gevraagde wetgewing in verband met aparte woonbuurte en gemengde huwelike ongelukkig veel misverstand veroorsaak het by die kleurling- en bantoebevolking in Suid-Afrika, en daar, deels ten gevolge hiervan, groot onrus en selfs ontevredenheid heers by die genoemde seksies van die samelewing, en aangesien die Raad beslis van oordeel is dat, as sodanige wetgewing by die Volksraad ingedien word, die strekking en die doel daarvan moet wees tot voordeel en heil van die bevolking van die Unie in sy geheel, en van elke seksie in die besonder, so besluit hierdie vergadering, ten einde misverstand, onrus en agterdog, wat daar by die kleurling en bantoe mag bestaan, soveel moontlik weg te ruim, 'n klein kommissie uit sy midde aan te stel met opdrag om (a) die betrokke Ministers te ontmoet en hulle andermaal in kennis te stel van die Kerk se sienswyse oor genoemde sake, (b) betrokke persone en liggame, soveel moontlik, deur geskrifte as andersins, te nader met die oog op verduideliking aan hulle van die Kerk se beskouinge"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1939:20).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Die Ned. Geref. Kerk wens te boek te stel dat die dryfveer wat hom dwing in verband met wetgewing ten opsigte van gemengde huwelike, aparte woonbuurte en aparte kolleges en skole, nie vyandigheid teenoor die kleurling en naturel is nie. Die Kerk het altyd, en wil nog in die toekoms, die belange van die gekleurde rasse met die grootste simpatie teenoor hulle behandel. Die Kerk meen dat die belange van blankes sowel as kleurlinge en naturelle bes behartig kan word deur 'n suiwere skeidslyn te bewaar tussen rasse. Die Kerk is van gevoele dat as die segregasie beleid toegepas word in verband met aparte woonbuurte, die Regering gevra sal word om toe te sien dat voldoende kompensasie sal uitbetaal word aan blankes en kleurlinge wat geaffekteer word"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1939:21).

Die Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika het die volgende voorwaardes gestel ten opsigte van die handhawing van apartheid tydens die Wêreld-Sondagskoolkonferensie wat in Julie 1940 in Durban sou plaasvind.

> *"(a) Dat aan lede van die Kerk en andere wat die beleid van die Kerk onderskryf, die geleentheid gegee sal word om in die vergadersale afsonderlik bymekaar te sit;*
>
> *(b) dat op sosiale gebied, veral wat huisvesting en gesellige verkeer betref, so ver as dit ons aangaan, 'n duidelike skeidslyn getrek sal word;*
>
> *(c) dat die Bestuur van die Konferensie sake so sal reël dat lede van ons Kerk in geen verleentheid daardeur gestel word nie"*
>
> (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1940:153).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bogenoemde konferensie is as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog vir 'n onbepaalde tyd uitgestel.

Hoewel ds W.M. Nicol as eerste president van die Christenraad gekies is, het hy self later sterk kritiek teen die Christenraad uitgespreek. Die hele kwessie van taal het 'n belangrike faktor geword. Afrikaans is verwaarloos en die Christenraad het sterk klem gelê op die gebruik van Engels. Verder het die rassebeleid van die Christenraad en die Ned. Geref. Kerk sterk verskil.

Die groot verskil in mening het veral deur twee veelrassige kongresse van die Christenraad na vore gekom. In 1942 is 'n konferensie te Fort Hare gehou en die Rosettenville konferensie het in Julie 1949 plaasgevind.

Die Naturellesakekommissie het tydens die Federale Raad van Kerke in 1941, verslag gedoen dat 'n deputasie die Minister van Naturellesake besoek het. Die volgende sake is met hom bespreek na aanleiding van besluite wat die Federale Raad van Kerke in 1939 geneem het.

> *"(a) Om die naturellevraagstuk uit die partypolitiek te hou.*
>
> *(b) Om aparte woonbuurtes te verkry.*
>
> *(c) Dat gemengde huwelike deur die wet verbied sal word.*
>
> *(d) Aparte kolleges en skole vir blank en gekleurd"* (Handelinge van die Raad van Kerke 1941:98).

Die Naturellesakekommissie van die Federale Raad van Kerke het op 21 Mei 1941 sy laaste vergadering gehou. 'n Nuwe grondwet is opgestel en die nuwe Federale Sendingraad (wat die Naturellesakekommissie vervang het) het op 30 April 1942 sy eerste vergadering gehou. Die Federale Sendingraad het uit veertien lede bestaan:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Kaapprovinsie | ses lede |
| Transvaal | drie lede |
| Vrystaat | drie lede |
| Natal | twee lede. |

Die kwartaalblad van die Federale Sendingraad het bekend gestaan as *"Op die Horison"*. Ses permanente kommissies het onder die Federale Sendingraad gefunksioneer.

*"1. Onderwys*
*2. Naturelle huwelike*
*3. Gesondheidsdienste vir nie-blankes*
*4. Rasseverhoudings*
*5. Inligting*
*6. Uitbou van die sendingbeleid"*
(Handelinge van die Raad van Kerke 1944:55).

Die Federale Sendingraad het verslag gedoen tydens die 1944 Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika.

> *"Driemaal het 'n deputasie van die Sendingraad die regering ontmoet in verband met grote probleme en brandende vraagstukke; die eerste maal die Minister van Naturellesake, die tweede maal die Eerste Minister met die Minister van Naturellesake en die derde maal die Minister van Naturellesake en die Minister van Onderwys. Die volgende sake is bepleit:*
>
> *Sosiale apartheid, aparte woonbuurtes, wetgewing teen gemengde huwelike, 'n aparte universiteit van naturelle, kleurlinge en Indiërs; die uithou van naturellesake uit die partypolitiek, die plaatsing van naturelle-onderwys onder die Minister van Naturellesake, die voorkoming van die instroming van naturelle na die Kaapse Skiereiland en die Westelike Provinsie, die oprigting van kleurlingdorpe waar die hele bestuur, handel en besigheid in die hande van die kleurling self sal wees, om also te toon dat*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*apartheid uitvoerbaar is"*
(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1944:155).

Dit is ironies dat hoewel daar soveel besluite in verband met swartes geneem word, daar versoek word om die sogenaamde Naturelle-vraagstuk uit die politiek te hou word.

Die volgende sake ten opsigte van apartheid is ook aanvaar:

*"(1) Dat stappe gedoen word om die beleid van die Ned. Geref. Kerk, ten opsigte van die kleurling- en naturellebevolking in die regte lig te stel sodat godsdienstige, opvoedkundige, ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede verduidelik word, sodat die kerk se goeie bedoelings na vore kan kom.*

*(2) Dat vyf brosjures opgestel word wat die praktiese situasie verduidelik aan blankes, kleurlinge en swartes.*

*(3) Dat daar kontak gemaak word met die Moderature van die verskillende Ned. Geref. Sendingkerke"*
(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1944:156-157).

Die Sinode het ook die volgende belangrike besluit geneem wat die dieperliggende motief uitlig.

*"Ons glo dat die Kerk die roeping het om te sorg dat die blanke sy voogdyskap op Christelike grondslag sal handhaaf"*
(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1944:326).

'n Volkskongres oor die Rassebeleid van die Afrikaner is deur die F.A.K. gereël en het op 29-30 September 1944 plaasgevind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kongres het sy oortuiging uitgespreek dat die beleid van apartheid op die Heilige Skrif gegrond is. Apartheid ten opsigte van sosiale, ekonomiese en maatskaplike sake is voorgestaan. Bloedvermenging is veroordeel. Ten opsigte van stemreg is besluit dat swartes nooit burgerregte van die blanke-staat behoort te kry nie (Lombard 1981:39-40).

Die Volkskongres oor die Stadwaartse strek van die Afrikanernasie is deur die Federale Armsorgraad van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke gereël. Die kongres het van 1-4 Julie 1947 in Johannesburg plaasgevind. Ten opsigte van apartheid is besluite hoofsaaklik herhaal wat reeds vroeër geneem is. Daar is besluit dat hoewel dit prakties onuitvoerbaar is om totale segregasie onmiddellik te verwesenlik, moet dit die ideaal bly om blanke en nie-blanke rassegroepe uiteindelik territoriaal, ekonomies en staatkundig van mekaar te skei.

Volgens die verslag van die Federale Sendingraad wat by die Ned. Herv. of Geref. Kerk voorgehou is, word die volgende aspekte beklemtoon:

> *"I. Die beleid van die kerk.*
>
> *II. Geskrifte waarin die Skrifbeginsels ondersoek word.*
>
> *III. Rasse- en nasionale apartheid in die Skrif.*
>
> 1. *Die Skrif poneer die eenheid van die menslike geslag.*
> 2. *Die Skrif vermeld en veronderstel die gedinge van die menslike geslag in rasse en volke as 'n daad van God.*
> 3. *Apartheid strek hom uit oor die hele gebied van die volkslewe.*
> 4. *Gods seën rus op die eerbiedinge van die apartheid.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*As algemene beginsel is vasgelê dat Gods vloek op die opheffing van grense rus maar sy seën op die eerbiediging daarvan. In die geskiedenis van Israel het die 'gemengde bevolking' wat saam getrek het uit Egipte eindeloos ellende en sonde veroorsaak en die straf van God op Israel gehaal, Ex 12:38; Num 11:4vv. Daarteenoor beloof die Here sy seën aan die volk wat sy identiteit behou, Deut 7:11vv"*

(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1948:282).

"5. *In Christus kom 'n hoër, geestelike eenheid tot stand.*

*IV. Voogdyskap in die Skrif"*

(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1948:279-284).

Die Sinode van Transvaal (1948:446) neem die volgende besluite ten opsigte van die verslag van die Federale Sendingraad:

"1. *Daar word met dank van die verslag kennis geneem.*

2. *Die Sinode het verklaar dat sy beleid van apartheid nie slegs uit omstandighede gebore is nie, maar sy grondslag in die Heilige Skrif het.*

3. *Die saak na die nuwe Kommissie vir Aktuele Vraagstukke verwys om voort te gaan met die bestudering en besinning oor die Skrifgegewens".*

Tien lede onder leiding van dr B.J. Marais het laat aanteken dat hulle tot op hede nie die geleentheid gehad het om hulle self te oortuig ten opsigte van die Skriftuurlike grondslag van rasse-apartheid nie (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1948:446).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was die begin van 'n dispuut tussen prof E.P. Groenewald wat apartheid Skriftuurlik begrond het en dr B.J. Marais wat geen Skriftuurlike gronde vir apartheid gevind het nie.

Vanaf die twintiger jare van die twintigste eeu was die Ned. Geref. Kerk by die problematiek betrokke wat beskryf is as die naturellevraagstuk. Na aanvanklike suksesse ten opsigte van skakeling met ander rassegroepe, het die Ned. Geref. Kerk homself almeer uitgefaseer as gevolg van sy apartheidsbenadering. Nadat die Ned. Geref. Kerk van Transvaal uit die Christenraad bedank het, het Engelse kerke die inisiatief ten opsigte van skakeling oorgeneem.

Tot ongeveer die helfte van die negentiende eeu het die staat beheer gehad oor die kerk. Daarna het daar 'n vennootskap ontstaan wat veral na 1910 duidelik na vore gekom het. Die Ned. Geref. Kerk het veral in die veertiger jare van die eeu die inisiatief geneem om apartheid te laat implementeer. Na die bewindsverandering van 1948 het 'n hegte vennootskap tussen die Nasionale Party regering en die Ned. Geref. Kerk ontstaan ten opsigte van apartheid.

## 1.4 SLOTBEOORDELING

### 1.4.1 Die tydperk 1652 - 1910

Met die koms van die eerste groep Nederlanders in 1652 het daar nie apartheid bestaan nie. Die vraag ontstaan met watter benaderingswyse het rasse mekaar aan die suidpunt van Afrika ontmoet? Die Nederlanders was Calviniste. Volgens hierdie tradisie het die Bybel 'n sentrale bron tydens optrede verteenwoordig. Kinghorn (1986:50) is korrek in sy aanname dat Europeërs hulleself beleef het as Christene wat uitverkies is uit die heidendom. Tweedens het hulle egter ook die opdrag om draers van die Christenboodskap te wees. 'n Stuk meerderwaardigheid het na vore gekom omdat hulle uitverkies is. Dit het aanleiding gegee tot geestelike segregasie van heidene. Die feit dat hulle egter draers van die Christelike boodskap was, het uiting gevind in hul Calvinistiese roeping tot getuienis.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was vroeg na 1652 aan die Kaap duidelik dat kerstening een van die opdragte van Jan van Riebeeck was. Die eerste sieketroosters het hulle beywer om mense vanuit die heidendom Christelik op te voed. Onderwys was ook daarop gemik om uiteindelik te help in die ersteningsproses. Daar was groot blydskap toe die eerste bekeerling gedoop is en die naam Eva is aan haar toegeken. Rassisme was nie deel van die benaderingswyse in die eerste tydperk na 1652 nie. Met die bekering van Eva is sy volledig in die gemeenskap geakkommodeer. Sy was volledig deel van die kerk en sy het selfs die seën gehad vir haar huwelik met 'n Nederlander. Die eerste rasgemengde huwelik aan die Kaap is deur die owerheid gesanksioneer. Daar kan met reg gesê word dat apartheidsdenke op daardie stadium nie aan die Kaap aanwesig was nie.

Die aspek van meerderwaardigheid by die eerste blankes aan die Kaap moet ook geëvalueer word. Hulle het hulleself op meer as net die godsdiensgebied as meerderwaardig voorgedoen. Daar moet onthou word dat Nederland 'n leidende internasionale moondheid was. As lede van die volk is daar beslis meerderwaardig na inheemse groepe gekyk. Etniese stereotipering het beslis 'n groter rol gespeel as wat algemeen aanvaar word. In alle vroeëre geskrifte van die lewe aan die Kaap na 1652 is hierdie tendens aanwesig. Die blankes is as ontwikkeld beskou en die inheemse bevolking as onontwikkeld. Hierdie beskouing het vir die volgende eeue deel van die sendingbenadering uitgemaak. Selfs op ekonomiese en tegnologiese gebied kon die inheemse bevolking nie die Europeërs beïndruk nie en dit het die meerderwaardigheidsdenke verder gestimuleer. Een aspek wat nêrens nog duidelik uitgelig is nie, is die invloed wat klasse-onderskeid in Europa op die meerderheidsdenke uitgeoefen het. Die inheemse bevolking is beoordeel en volgens die bekende klassenorm van Europa geëvalueer. Stratifikasie van die inheemse groep het dus plaasgevind. Deurdat die Europeërs hulle meerderwaardig geag het is die blankes bo en die inheemse bevolking onder op die leer volgens stratifikasie geplaas. Die wrywing wat as gevolg van die kultuurbotsing ontstaan het, het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die meerderwaardigheidsdenke laat sneeubal. Daarna is kulture voortdurend vergelyk en beoordeel. Dit het aanleiding gegee dat kultuurgrense verhard het en afstand tussen die groepe ontstaan het. In hierdie lig is dit verstaanbaar dat die eerste militêre botsing tussen blankes en hottentotte reeds in 1659 plaasgevind het.

Die verskuiwing in bogenoemde denke het nie oornag plaasgevind nie. Dit kan ook nie tydsgewys presies gekoppel word nie. Wanneer sosiale kontak aan die Kaap tussen blank en nie-blank ontmoedig word, vind ons ook dat dit nie op alle gebiede neerslag vind nie. Seksuele kontak oor die kleurgrens het algemeen voorgekom, hoewel ontug ontmoedig is. Riglyne is egter nie normatief oorgedra nie. Juridies het hierdie voorkeure ten opsigte van kleurverskeidenheid ook nie neerslag gevind nie. Wanneer die Politieke Raad in 1676 op afsonderlike skole vir blank en nie-blank besluit, was dit suiwer op grond van praktiese redes.

In die kerk was daar geen onderskeid gemaak nie. In die agtiende eeu vind ons wel dat blanke mans, blanke vroue en slawe in aparte blokke in die kerk gesit het. Hierin moet eerder praktiese as rassistiese redes ingelees word. Die Nagmaal is saam gevier in een kerkgebou.

Soos wat veeboere die binneland ingetrek het, het dit aanleiding gegee tot 'n volgende konflik. Wanneer blank en swart mekaar op die oosgrens ontmoet is die kultuurverskille nog groter as dié tussen blankes en hottentotte. Militêre mag het die kultuurgrense verder verhard. Botsings het veral gepaard gegaan met twiste oor vee. Veediefstal is totaal verskillend deur blank en swart op die oosgrens beleef. Grond het ook 'n groot rol gespeel. Dit was vir die blankes 'n logiese stap om telkens dieper die binneland in te trek as grond of leefruimte vir hulle te min geword het. Die feit dat grond eintlik eerste deur swartes beset is, het nie veel gewig gedra nie. Die nuwe blanke inwoners se veiligheid is wel in ag geneem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die tweede anneksering van die Kaap deur Groot Brittanje het sake egter radikaal verander. Teenoor die swakker administratiewe stelsel wat aan die Kaap bestaan het, word 'n sterk administratiewe stelsel na 1806 geïmplementeer. Militêr was die Kaapse inwoners ook baie beter daaraan toe. Omdat Brittanje egter 'n vreemde owerheid vir die destydse inwoners aan die Kaap was, is wette wat geïmplementeer is, as negatief beleef. Hoewel Brittanje die Kaap om strategiese redes geannekseer het, vind ons na 'n paar jaar dat daar in permanente terme aan die Kaap gedink is. Dit is veral in die tyd van Lord Charles Somerset dat hierdie denke sigbaar was. Hy was dan ook die persoon wat op alle vlakke 'n angliseringsbeleid toegepas het. Engels is oral op die inwoners afgedruk. Met sy strategiese besluit om Skotse onderwysers en predikante na die Kaap te bring, wou hy kerk en skool verengels. Die inwoners aan die Kaap het dit besonder negatief beleef.

Die liberale denke waarmee die Britte die koloniste benader het, het groot wrywing teweeggebring. Baie druk is veral deur Britse sendelinge op die owerheid geplaas om die posisie van nie-blankes te verbeter. Ordonnansie 50 wat in 1828 uitgevaardig is, het impliseer dat die posisie van die hottentotte en ander vrye gekleurdes aan die Kaap verbeter is. Dít saam met ander wetgewing in die verband het 'n hoogtepunt bereik met die vrystelling van slawe in 1834. Dit het geweldige negatiewe rimpelings by die Afrikaner veroorsaak. Gebeure soos Slagtersnek 1815 en die voortdurende verandering van regeringsbeleid op die oosgrens het verder negatief ingewerk.

Britse goewerneurs het onbeperkte magte gehad en het slegs aan die Britse minister van kolonies verslag gedoen. Die beperkte politieke inspraak wat eers teen die einde van die Nederlandse bewind verkry is, het onder Britse heerskappy verdwyn. Die Voortrekkers noem die rede van 'n behoefte aan selfregering as een van die motiveringsgronde van die Groot Trek. In 1836 is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaaslike besture ingestel en eers in 1854 'n Kaapse Wetgewende Vergadering. Hoewel die Kaapse liberale tradisie 'n invloed op die politieke proses gehad het, is nie-blankes in die praktyk sonder stemreg gelaat. Stemregkwalifikasies vir nie-blankes is neergelê maar telkens verhoog. Net enkele nie-blankes het aan die vereistes voldoen. Indien stemreg-kwalifikasies egter deur die bril van die negentiende eeu beskou word, was sulke denke werklik liberaal. Die motiveringsgrond vir stemregkwalifikasies was juis om nie-blankes te motiveer om hulself te verbeter. Die superioriteit waarmee die Britte egter die inheemse bevolking benader het, is baie negatief ontvang. Hierdie hantering deur 'n wêreldmoondheid het beslis die optrede van die Afrikaner in die volgende eeu beïnvloed.

Dit wil voorkom asof die meerderheid van Afrikaners in die vorige eeu sterk rassevooroordele uitgeoefen het. Van gelykheid tussen rasse was daar nie sprake nie. Enige persoon wat sulke standpunte gehuldig het, is beskou as liberaal. As Calviniste het hulle egter voortgegaan om die evangelie te verkondig en het slawe gedeel in die huisgodsdiens. 'n Punt wat Van der Watt (1977:4) uitlig, is van besondere betekenis om die denke van die Afrikaner vorentoe te evalueer. Hy stel dit dat differensiasie in die gemeenskap gebaseer was op fisiese verskille (kleur en vel) en dat daar vroeg reeds 'n onderskeid gemaak is tussen die blanke wat as 'n christen beskou is en die nie-blanke wat as heiden beskou is. Gelykstelling deur die Britse owerheid kry 'n godsdiensinhoud. Hierdie gelykstelling word as een van die belangrikste gronde vir die Groot Trek uitgewys.

De Waal en Tolmay (1991) toon duidelik aan dat die Voortrekkers hulle deurlopend vergelyk met Israel in die Ou Testament wat omring is deur heidense volke. Hulle het geglo God sal die Voortrekkers beskerm soos wat Hy Israel teen die heidendom beskerm het. Die Voortrekkers het ook nie-blankes as die nageslag van Gam beskou wat aan hulle gegee is as houthakkers

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en waterdraers. Vrae in hierdie verband kom vandag nog onder sekere Afrikaners voor en selfs lidmate van die Ned. Geref. Kerk vra somtyds vrae in die verband.

Wat die Voortrekkers op die trekpad beleef het deur hulle kontak met swart groepe, het hierdie negatiewe gedagtes gestimuleer. Die geweldige pyn en bloedverlies wat deurgemaak is, het die beeld in hul gedagtes laat vashaak dat swartes barbare is. Hierdie aspek het beslis 'n invloed gehad dat die Voortrekkers in Transvaal besluit het dat geen swarte tot in die tiende geslag inspraak in die kerk of die staat mag hê nie. Hierin word 'n diepere standpunt duidelik aan ons gereflekteer. Dit was buite hulle denkraamwerk dat hulle of hulle nageslag op enige stadium gelyke regte aan swartes kan gee. Vanuit die paternalistiese leefwyse van die Afrikaner kan afgelei word dat hierdie standpunt vir die volgende paar geslagte baie sterk as norm oorgedra is. Met verloop van tyd het die standpunt tradisie geword en daar was geen rede om dit te bevraagteken nie.

'n Teenstellende maatreël word dus aangetref met Transvaal en die Oranje Vrystaat wat dit onomwonde duidelik stel dat geen nie-blanke stemreg het nie en hierteenoor die Kaapkolonie en Natal wat met 'n liberale standpunt wel stemreg toeken maar met sulke hoë stemregkwalifikasies wat voortdurend verhoog word sodat nie-blankes in die praktyk ook eintlik stemregloos is. Hierdie reëling het vir baie dekades voortgeduur en was 'n belangrike strydpunt tydens die Nasionale Konvensie van 1908 - 1909. 'n Kompromie is aangegaan deurdat die status quo gehandhaaf is vir die provinsies nadat die Unie in 1910 tot stand gekom het. Dit is tog belangrik dat 'n stemreg-kwalifikasiestelsel vanuit die voogdyskapbeginsel funksioneer terwyl die stelsel van geen stemreg vanuit die baaskapbeginsel funksioneer. Die saadjies wat in die negentiende eeu vasgelê is, het gegroei en in die twintigste eeu 'n fundamentele kloof geword. Rassesteriotipering is ook reeds voor die twintigste eeu vasgelê. Die groeiende persepsie onder blankes wat swartes

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die oosgrense en die trekpad ontmoet het, het wortel geskiet. Persepsies soos byvoorbeeld swartes is barbare, lui, stink, dommer as blankes en dat hulle 'n minderwaardige kultuur het, is voor die twintigste eeu gehuldig. Die Afrikaner se standpunte in 1948 moet vanuit hierdie perspektief ontleed word.

### 1.4.2 DIE TYDPERK 1910 - 1948

Die jare nadat die Unie tot stand gekom het, kan as stormagtig beskryf word. Dit was veral op politieke gebied dat 'n stroomversnellingsfase binne gegaan is. In 1910 het Gandhi na Suid-Afrika teruggekeer en hy het nuwe momentum aan die volgende fase van satjagraha (politieke verset) gegee.

Indien die politieke ontwikkelinge van die twintigste eeu in totaliteit geëvalueer word, is dit ironies dat die grootste twee politieke rolspelers kort na mekaar gestig is. In Januarie 1912 is die Native National Congress gestig. 'n Prokureur Pixley ka Izeka Seme het die inisiatief geneem en die stigting het in Bloemfontein plaasgevind. Die organisasie het vanaf 1923 bekend gestaan as die African National Congress (ANC). John L. Dube is as eerste president aangewys (Johns & Davis 1991:5). Die ANC was 'n gematigde organisasie in die beginjare van die beweging. Die hoofrede waarom die organisasie gestig is, was juis omdat swartmense nie politieke inspraak in die Unie gekry het nie. Die Nasionale Konvensie het geensins die politieke aspirasies van swartmense aangespreek nie, maar eerder geïgnoreer.

As kabinetsminister het J.B.M. Hertzog sterk standpunt ingeneem om Suid-Afrika eerste te plaas en beklemtoon dat Suid-Afrika aan die Afrikaners behoort. Dit moet genoem word dat die begrip Afrikaners ruimer gesien moet word as Afrikaanssprekendes sodat almal wat Suid-Afrika as permanente woonplek sien hieronder ressorteer. Nadat hy in Desember 1912 uit die kabinet bedank het, het hy in Januarie 1914 die Nasionale Party

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gestig. Hoewel swartmense Suid-Afrika as hul permanente tuiste gesien het, is daar van hulle behoeftes en aspirasies op politieke gebied geensins kennis geneem nie en kan die afleiding gemaak word dat hulle eintlik maar net as bywoners beskou is. Die 1913 wetgewing oor grond bevestig dit. Die regering het besluit dat trustgebiede aan swartmense gegee moes word maar konsultasie oor die behoeftes van swartmense het nooit plaasgevind nie.

Swartmense se deelname aan die twee wêreldoorloë moet nie onderskat word nie. Hierdeur het hulle in kontak gekom met die res van die wêreld. Hulle het gesien hoe voogdyskap na mondigheid kan lei en dit veral na die Tweede Wêreldoorlog op Suid-Afrika van toepassing gemaak. Blankes daarenteen is radikaal verdeel as gevolg van oorlogdeelname wat kwaai vriendskap tussen vriende en familie teweeg gebring het. Die groep wat teen oorlogdeelname gekant was het net nog verder van Brittanje weggedryf en het 'n groter premie op die identiteit van Suid-Afrika en die toekoms van die Afrikaner geplaas.

Die totstandkoming van die Afrikaner-Broederbond in 1918 moet onderstreep word. Die invloedsfeer van die organisasie was egter beperk tot die dertigerjare van hierdie eeu.

Die Ned. Geref. Kerk het in die twintigerjare van die twintigste eeu sterk na vore getree as ekumeniese liggaam en het ook gepoog om die rassekwessie pro-aktief aan te spreek. Die aanbevelings wat die Ned. Geref. Kerk aan die regering gemaak het was uiters sinvol. Die mening is gehuldig dat swartes meer trustgrond moet kry en self inspraak in hulle bestuur. Die positiewe van die tydperk is dat die Ned. Geref. Kerk nie namens swartes gedink en alleen besluite geneem het nie maar hulle by konferensies betrek het om kennis te neem van hulle standpunte. Dit is belangrik dat die Ned. Geref. Kerk met die regering geskakel het oor politieke sake. Hierdie skakeling het voortgeduur vir die res van die eeu tot op hede. Die afleiding kan dus nie gemaak word dat die Ned. Geref. Kerk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onbetrokke of oningelig was ten opsigte van die politieke gebeurtenisse nie. Inteendeel, die Ned. Geref. Kerk het eerstehandse inligting gehad. Die Ned. Geref. Kerk was in dié fase kind van sy tyd en het vanuit die beginsel van voogdyskap gefunksioneer.

Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die Ned. Geref. Kerk in dié tyd segregasie onderskryf het.

Na 1927 het die Ned. Geref. Kerk die inisiatief ten opsigte van ekumene in Suid-Afrika afgestaan. Die Naturellesakekommissie se funksionering het afgeplat. Die noodsaaklike blootstelling aan swartmense se standpunt het opgedroog en dit het die fokus verskuif na eie blanke behoeftes in die dertigerjare. Die invloed van die 1929 Algemene verkiesing moet ook nie onderskat word nie. Hertzog en die Nasionale Party het mense geïmmobiliseer deur die dreigende swartgevaar aan kiesers voor te hou. In die hitte van die algemene verkiesing het dit neerslag gevind in mense se denke en bly voortleef. Die uitspraak van die OVS-Sinode van 1931 bevestig dit dat sosiale skeiding noodsaaklik is anders sal verbastering plaasvind.

Die dertigerjare was beslis in die denkwêreld en belewenisveld van die Afrikaner erg traumaties. Armoede het baie Afrikaners op hul knieë gedwing en hulle was verplig om hulle plase te verlaat en na die stad te trek. Met min of feitlik geen formele skoolopleiding moes hulle 'n werkmark betree. Die Engelssprekendes wat die ekonomie gedomineer het, het beslis nie die Afrikaners met entoesiasme en 'n verskeidenheid van werksaanbiedinge ontvang nie. Suid-Afrika was ook vasgevang in die wêrelddepressie wat werksgeleenthede verder beperk het. Die tweede Anglo-Boereoorlog het slegs dertig jaar gelede plaasgevind wat Afrikaners en Engelssprekendes verder vervreem het. Duisende swartmense het ook na die stede gestroom. Die Afrikaner moes met die swartmense kompeteer vir werksgeleenthede en lewensbestaan. Die optrede van die Afrikaner en die Ned. Geref. Kerk moet binne hierdie kader beoordeel word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Geref. Kerk het geoordeel dat die nood van sy lidmate voorrang moet geniet. Prof W.D. Jonker het dit aan die navorser gestel dat die Ned. Geref. Kerk deurlopend verwys het na: "onse mense in nood" en dat: "onse mense tog eerste gehelp moet word". Die Ned. Geref. Kerk het besef dat sy maatskaplike hulpverlening by sy eie mense moet begin. Die nood onder lidmate was so groot dat hulle leefwêreld die tyd, energie en fokus van die totale kerk opgeslurp het. Die maatskaplike nood het deurgesyfer na politieke denke en daarom is apartheid as 'n sinvolle oplossing gesien. Daar is geglo dat deur apartheid blank en nie-blank uitmekaar gehaal kan word. Hierdeur sou dit alle mense die beste dien.

Met die totstandkoming van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) in 1929 was die Ned. Geref. Kerk nie die enigste waghond oor Afrikanerbelange nie. Die FAK as openbare been van die Afrikaner-Broederbond het baie gedoen om die Afrikaner tot 'n hegte politieke eenheid te probeer saambind. Die FAK het ook direk by die maatskaplike nood van die Afrikaner betrokke geraak. 'n Vennootskap om Afrikanerbelange te dien het tussen die Ned. Geref. Kerk en die FAK/Afrikaner-Broederbond ontstaan.

Uit die formulering van die sendingbeleid van 1935 is dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk nie-blankes as gelyk geskape mense voor God beskou. Die sendingbeleid is egter geweek in die beginsel van paternalisme met voogdyskap as uitgangspunt. Die logiese uitvloeisel hiervan is dat segregasie bepleit word.

Dit is baie jammer dat die mooi ekumeniese inisiatiewe van die twintigerjare nie weer nuwe momentum kon verkry vorentoe nie. Die Ned. Geref. Kerk se nie-deelname aan die Christenraad het 'n fase ingelei waarin die Ned. Geref. Kerk in 'n systroom beland het. Gesonde oop kerklike debatte kon die Ned. Geref. Kerk beslis help om met 'n breër fokus na die nood en behoeftes in Suid-Afrika te kyk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Segregasie is nie werklik eers deur die nuwe regering in 1948 geïmplementeer nie, maar het sy oorsprong reeds in die sewentiende eeu (McCallum 1989:5).

Deur die versoeke oor apartheid het die Ned. Geref. Kerk die hoofprofeet ten opsigte van apartheid by die regering in die laat dertiger en veertigerjare geword. Die Ned. Geref. Kerk het dus die regering versoek om wetgewing ten opsigte van apartheid in te stel. Dit is ironies dat die Ned. Geref. Kerk die regering versoek om apartheidswetgewing in te stel, maar ook die versoek rig om die naturellevraagstuk uit die partypolitiek te hou. Enige apartheidswet sou beslis 'n partypolitiek kleur kry.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

## DIE STATUTÊRE IMPLEMENTERING VAN APARTHEID: 1948 - 1961

Pagina

2.1 Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerke: 1948 - 1961 54

2.2 Die Cottesloe-beraad 64

2.3 Die hantering van apartheidsmaatreëls 75
- 2.3.1 Die Wet op verbod van gemengde huwelike en die Ontugwet 75
- 2.3.2 Groepsgebiede 79
- 2.3.3 Instromingsbeheer en trekarbeid 81
- 2.3.4 Onderwys 83
- 2.3.5 Die Wysigingswet op Naturellewetgewing van 1957 85
- 2.3.6 Konstitusioneel 88

2.4 Slotbeoordeling 91

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

# DIE STATUTÊRE IMPLEMENTERING VAN APARTHEID: 1948 - 1961

## 2.1 KERKLIKE BYEENKOMSTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE: 1948 - 1961

Die Ned. Geref. Kerk het voortdurend aanbevelings by die regering gemaak ten opsigte van die apartheidsordeninge. Die verrassende oorwinning van die Nasionale Party oor die Verenigde Party in die algemene verkiesing van 26 Mei 1948 het verreikende implikasies vir die Ned. Geref. Kerk ingehou. Die Nasionale Party het die verkiesing gewen omdat 'n beleid van apartheid voorgestaan is.

Die nuwe regering het alles in sy vermoë gedoen om sy verkiesingsbelofte te implementeer. Dit het 'n direkte invloed op kerklike kongresse gehad. Die Ned. Geref. Kerk se voorstelle ten opsigte van aspekte van apartheid het op 'n baie meer simpatieke oor geval as voor 1948.

Die Raad van Kerke van die Ned. Geref. Kerk het vanaf 11 Mei 1949 in Pretoria vergader. Ds P.J. Viljoen het in sy openingsrede daarop gewys dat die verstedelike swartes 'n groter probleem is as die landelike swartes. God het die swartes in sy natuurstaat gegee as arbeidsveld. Die blankes het die swartes verstedelik (Handelinge van die Raad van Kerke 1949:220).

Die Kaapse Sinode van 1949 het 'n verslag oor die Skriftuurlike grondslag insake verskeidenheid en eiesoortigheid van rasse uitgebring. In die verslag word na Hand 2:9-11 verwys en genoem dat selfs na die stigting van die Christelike Kerk op Pinksterdag die bestaan van verskillende volke en rasse nie opgehef word nie. Waar Paulus verwys na Gal 3:28 word daar na 'n geestelike eenheid verwys wat verskille tussen Jood en Griek ophef (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1949:433).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bogenoemde Sinode het ook verslag gedoen in verband met rasse-skeiding. Hierin word dit gestel dat die beginsel van politieke en territoriale segregasie neergelê is in voogdyskap volgens die 1939 wetgewing. Die Ned. Geref. Kerk staan 'n beleid van afsonderlike eiesoortige ontwikkeling voor (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1949:432).

Vanaf 4 - 6 April 1950 het die Federale Sendingraad 'n kongres oor die "Naturellevraagstuk" in Bloemfontein gehou. Die meeste van die 560 blanke afgevaardigdes was van die drie Afrikaanse Susterskerke. Daar is 119 besluite op die kongres geneem.

Die Transvaalse Sinode van 1951 was 'n hoogtepunt. Die Skrif-tuurlike gronde van rasse-apartheid is behandel. Die Sinode was veral belangrik as gevolg van die groot dispuut wat binne die Ned. Geref. Kerk ontstaan het oor die Skriftuurlike gronde van apartheid.

Die Skriftuurlike gronde van rasse-apartheid is in veertien punte uiteengesit. Punt 1 handel oor begripsbepaling en punt 2 oor die Heilige Skrif as norm. Onder punt 3, wat handel oor die aanwending van die Skrifnorm, word dit gestel dat God se handelinge met Israel 'n normatiewe voorbeeld vir die gemeente van Christus is en vir die volk wat vandag in gehoorsaamheid aan die Woord van God sy roeping wil vervul. Hoewel punt 4 handel oor die eenheid van die menslike geslag word dit ondergeskik gestel aan punt 5 wat aantoon dat die Skrif leer dat God die menslike geslag verdeel het in rasse en volkere en tale. Gen 11 word hier as Skrifsteun genoem. Punt 6 handel oor God wat die bestaan van aparte volkere nie alleen gewil het nie, maar ook bestendig het.

Die feit dat die Afrikaner in Suid-Afrika ontwikkel het uit verskeie volke is 'n sterk argument teenoor bogenoemde. Punt 7 probeer die probleem ondervang deur dit duidelik te stel dat wanneer verskillende bevolkingsdele in dieselfde vaderland tot 'n nuwe volkseenheid kom kragtens 'n natuurlike assimilasievermoë, moet dit beskou word as 'n besondere beskikking van die Almagtige. Dit impliseer nie die opheffing van dit wat deur God ingestel is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten opsigte van verdere assimilasie op Suid-Afrikaanse bodem tussen volkere hier, stel die verslag dit soos volg:

> *"Dat dieselfde assimilasie nie plaasvind tussen 'n volk van Europese herkoms en die inheemse bevolkingsdele van Suid-Afrika nie, is daaraan toe te skryf dat die vermoë tot natuurlike samestelling ontbreek. Hierin moet die leiding van die Goddelike Voorsienigheid gesien en geëerbiedig word"*
> (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951:163).

Wat hier gereflekteer word, is die beginsel van meerderwaardigheid. Assimilasie is onaanvaarbaar omdat Europese volke as meerderwaardig bo inheemse volke beskou word. Volgens die Nuwe Testament maak God nie onderskeid tussen volke nie, maar is alle gelowiges deel van die volk van God.

Die lyn van argument word voortgesit in punt 8 wat aantoon dat die verdeling van die mensheid deur God in verskillende volkere en rasse groot seën inhou. Punt 9 handel oor die Nuwe Testamentiese bedeling wat nie die bestaan van aparte volkere opgehef het of grense uitgewis het nie. Hiervolgens word verwys na I Kor 7:17-24 wat aantoon dat geestelike roeping en Christelike broederskap geen sosiale of burgerlike gelykstellings eis nie. Punt 10 handel oor die feit dat die oorspronklike eenheid van die menslike geslag wat deur die sonde geskend is, alleen herstel kan word deur die oorwinning oor die sonde. Punt 10, wat as fundering dien vir punt 11, maak die aanname dat die strewe tot gelykstelling tussen swartes, kleurlinge en blankes verwerp moet word:

> *"Sodanige gelykstelling sluit in 'n miskenning van die feit dat God in sy voorsienigheid elkeen as aparte ras tot stand gebring het. Ook misken dit die feit dat elke afsonderlike ras of volk sy eie kultuurwaardes of rasse-eienskappe besit, wat volgens eie aard en bestemming ontwikkel moet word"*
> (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951:165).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Punt 12 handel oor die onaanvegbare Skriftuurlike beginsel dat daar in elke gemeenskapsordening 'n bepaalde gesagsverhouding bestaan. Aspekte soos standverskille, roepings- en verantwoordelikheids-verskil en rasseverskil, is met die verlossing van Christus nie verenigbaar nie. Die heilsame benadering van die rassevraagstuk lê volgens punt 13 langs die weg van gelowige en lojale eerbiediging en handhawing van die eiesoortige volkstipe en kultuuraard. Volgens punt 14 is die Afrikaner se roeping en verantwoordelikhede teenoor ander volke en rasse uit die voorafgaande te verstane. Volgens hierdie punt word dit gestel dat diegene wat sterk is, die verantwoordelikheid het om die swakkere te beskerm. Die kultureel sterker en geestelik verder ontwikkelde bevolkingsdeel het 'n roeping tot leiding en beskerming (voogdyskap) teenoor die minder ontwikkeldes, net soos 'n ouer die verantwoordelikheid het teenoor 'n onmondige kind. Daar moet altyd gewaak word teen die gevaar van misbruik van gesag. Die roeping van voogdyskap bestaan daarin dat die naturelle en kleurlinge gelei en gevorm sal word tot selfstandigheid sodat hulle eindelik as gelykwaardige volke, trou aan eie volksaard, naas die blanke bevolking en elk op eie terrein die Here en ook die vaderland sal dien. Die tekste wat dit onderskryf is Rom 14:15,21; I Kor 8:9-13; Gen 4:9 en Matt 25:32.

Die vraag wat beslis hier gestel moet word, is of die beginsel van voogdyskap Bybelsgefundeerd is? Indien dit meerderwaardig en subjektief aangewend word, wek dit ernstige probleme. Dit is ook interessant hoe daar met die begrip "kleurling" omgegaan word. Dit is problematies om van kleurlinge as 'n volk te praat, omdat hulle hulself nie beleef as 'n aparte volk nie.

Die verslag is deur die Sinode aanvaar (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951:385). In die verslag word voortgegaan deur die stelling dat die rassegevoel 'n reële faktor in die sosiale psigologie is. God het dit egter so beskik omdat hy vir elke volk bepaalde tye en woonplekke gegee het. Indien die swartes en kleurlinge met die blankes gelyk gestel word, kom dit neer op 'n miskenning van die feit dat God hulle as 'n aparte volk en ras gewil het. Dit is dus 'n poging aan die mens se kant om Sy

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wyse beskikking te verbeter. Uit die Woord van God leer ons dat die probleem van rasseverhoudings nie opgelos kan word deur menslike pogings om die Goddelikbeskikte verskille uit te wis nie.

Die Afrikanervolk as Christelike volk, behoort ook sy roeping as voog oor die swakkere volke wat in Suid-Afrika as sy naaste volke gegee is, te besef en dit met verantwoordelikheid te aanvaar (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951: 188).

Dit is interessant om daarop te let dat die besluite van die 1951 Transvaalse Sinode in beginsel nie afwyk van die besluite van die 1948 Transvaalse Sinode nie.

Daar het in 1948 'n dispuut ontstaan tussen dr B.J. Marais en prof E.P. Groenewald. Prof Groenewald het beweer dat dr Marais sy eksegetiese vermoë onder verdenking plaas omdat hy apartheid Skriftuurlik begrond het. Dr Marais het hom herhaaldelik teen die Skriftuurlike gronde van apartheid uitgespreek. In sy werk *Kleurkrisis en die Weste* (1952:291vv) wys dr Marais daarop dat rasseskeiding nie binne die Christelike kerk bekend is nie. Al apartheid wat in die Bybel voorkom is tussen gelowiges en ongelowiges. Verder is apartheid van sonde (dit wil sê afskeiding/ wegbly van sonde) ook noodsaaklik. Apartheid kan hoogstens op praktiese gronde in Suid-Afrika geïmplementeer word. Dr Marais betwyfel dit of apartheid in Suid-Afrika wel op 'n Christelike manier uitgevoer kan word omdat die offers wat dit verg te groot gaan wees (Marais 1952:297 v). Die kritici van die Marais-denkskool het gemeen apartheid kan nie net op praktiese gronde gemotiveer word nie. Daarom het die Skriftuurlike gronde juis die basis van hul motivering gevorm.

Dr Ben Marais het 'n medestander in sy standpunt teenoor apartheid in die persoon van prof B.B. Keet van Stellenbosch, gehad. Hy het ook vanaf 1949 geworstel oor die kerk se standpunt ten opsigte van apartheid. Volgens prof Keet kan die voorbeeld van die volk Israel nie gebruik word om apartheid te regverdig nie. Israel het die opdrag ontvang om af te skei van valse en heidense godsdienste.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel die Bybel die bestaan van die volke erken en nie verwag dat die volke hulle identiteit prysgee nie, het daar 'n nuwe eenheid in Christus tot stand gekom. Prof Keet vind geen Skriftuurlike gronde vir apartheid nie. Soos dr Marais is prof Keet van mening dat apartheid slegs op praktiese gronde oorweeg kan word (Die Kerkbode, 7 Des. 1949:1046-1048).

Tydens die Federale Raad van Kerke se byeenkoms wat vanaf 8 Junie 1955 in Durban plaasgevind het, word berig dat 'n memorandum van prof B.B. Keet oor Skriftuurlike gronde van apartheid in April 1954 ontvang is en van prof B.J. Marais op 2 Desember 1954. Besonder vrugbare gesprekke is gevoer met prof Marais op 6 Desember 1954 en met prof Keet op 5 en 6 April 1955 (Handelinge van die Raad van Kerke 1955:30-31).

Prof B.J. Marais het die volgende kommentaar op die geamendeerde verslag aan die Federale Raad van Kerke voorgelê. 'n Verslag het in 1951 verskyn onder die titel "Rasseapartheid" en is na 'n kommissie van die Federale Raad terug verwys (Handelinge van die Raad van Kerke 1955:31-32):

"A *Deurdat die titel van die stuk van 'Rasseapartheid' na 'Rasseverhoudings' verander is; die gedagte van apartheid verwyder is en die term 'skeiding' met onderskeiding vervang is, val Prof Marais se beginselbesware weg.*

B *Hy is van mening dat die kerk te veel op die agtergrond geskuif is en glo dat die kerk in die uitbou van hierdie grondslag sy sentrale regmatige plek sal kry. Soos die verslag dan geformuleer is, word die reg van afsonderlike kerkvorming gehandhaaf, sonder dat dit die gevaar inhou dat 'n groep mense op ander gronde as geloofsgronde opsetlik uit 'n kerk of van plekke van aanbidding geweer of uitgesluit mag word"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1955:31-32).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na die gesprekke en verklarings van prof Marais en prof Keet is 'n fase afgesluit wat baie spanning in die Ned. Geref. Kerk teweeg gebring het. Die Federale Raad van Kerke het van die verslag kennis geneem en vir 'n ad hoc-kommissie opdrag gegee om die finale verslag so gou as moontlik voor te lê en om 'n verklaring vir die buiteland gereed te maak (Raad van Kerke 1955:83). Die lede van die ad hoc-kommissie was di C.B. Brink (Transvaal), P.S.Z. Coetzee (Vrystaat), H.J.C. Snijders (Natal) en W.A. Landman (Kaapprovinsie). Ds Brink was die voorsitter en ds Landman die skriba. Die verslag oor rasseverhoudings is in die begin van 1956 vrygestel.

In 1955 verskyn 'n boek van prof B.B. Keet, *Suid-Afrika - Waarheen?* Die boek is ook in Engels uitgegee en beoordeel die beleid van afsonderlike ontwikkeling vanuit die Christelike etiek. Prof B.B. Keet kom tot die konklusie dat die beleid van apartheid, onchristelik en onskriftuurlik is. Die boek handel oor die kleurgevoel in Suid-Afrika, die Skrif en apartheid, kerklike apartheid, politieke apartheid, maatskaplike en sosiale apartheid en die toekoms van Suid-Afrika. Daar is geen regverdiging in die Bybel vir apartheid nie. Kerklike apartheid kan ook nie geregverdig word nie, omdat geen geloofsverskille bestaan nie. Aparte gemeentes kan wel geregverdig word waar taal 'n probleem is. Hy gee egter toe dat politieke en sosiale apartheid nie oornag kan verander nie.

> *"Apartheid in al sy vorms is 'n ontvlugting van ons Christelike roeping .... "*
> (Keet 1955:44).

Apartheid vra te veel opoffering, veral van die nie-blankes. Prof Keet vergelyk apartheid met die droom van Rip van Winkel. Samesprekings moet gevoer word deur al die partye om 'n nuwe beleid op te stel.

Prof Keet se boek het sterk reaksie uitgelok. Prof G.B.A. Gerdener het die boek as aanvallend en negatief beskou (Die Kerkbode 15 Februarie 1956:278-281). Prof F.J.M. Potgieter meen dat die grootste fout in die boek is dat prof Keet nie met die Skrifbeginsels van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beleidsverklaring van die Ned. Geref. Kerk oor die rassebeleid rekening hou nie. Hy is ook nie analities genoeg nie en veralgemeen te maklik (Die Gereformeerde Vaandel, Maart 1956:5-10).

Prof P.V. Pistorius het in 1957 'n boek die lig laat sien met die titel: *Die Trek is verby*. Hierin word afsonderlike ontwikkeling veroordeel. Die regering en die Afrikaanse kerke word veroordeel omdat hulle 'n magsmonopolie vir die Afrikaner ten alle koste wil behou. Ander groepe reageer hierop en dit lei tot spanning. Die oplossing vir Suid-Afrika se rasseprobleme is dat alle groepe moet saamstaan en 'n algemeen aanvaarbare beleid formuleer. Politieke regte kan nie permanent ontsê word nie. Suid-Afrika kan nie geïsoleerd van die wêreld bestaan nie.

Die Federale Raad van Kerke het in 1957 die verslag van die kommissie oor rasseverhoudings hanteer. In die verslag se eerste gedeelte word 'n geskiedkundige oorsig gegee oor hoe afsonderlike kerke tot stand gekom het. Die tweede deel handel oor die leerstellige benadering. Hierin word gewaarsku teen surrogaat-eenheid wat mense in 'n wêreld van sonde verskeur en dit sonder Christus wil verwesenlik. Eenheid hoef daarom nie kunsmatig tot stand te kom nie, want dit bestaan reeds in Christus (Handelinge van die Raad van Kerke 1957:35). In die derde deel word 'n beoordeling van die geskiedenis gevind wat dan uitloop op die beleidsverklaring. Hierin is punt 7(b) so geformuleer:

> *"Dat, waar die historiese ontwikkeling op sendinggebied deur die eeue onder druk van omstandighede tendense van onchristelike eksklusivisme vertoon en so die beoefening van ware Christelike gemeenskap tussen Christene van verskillende rasse belemmer het, dit geskied het, nóg deur kwaadwillige gesindheid teenoor nie-blankes, nóg met die goedkeuring van die amptelike leiding van die Kerk, maar gesien moet word as die resultaat van onbeheerbare omstandighede en van algemene menslike swakheid"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1957:39).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verslag is met twee tegniese wysigings net so aanvaar. Die Federale Raad van Kerke het kennis geneem van twee bydraes wat na die verslag gevolg het (Handelinge van die Raad van Kerke 1957:87).

Na 'n vurige bespreking is 'n kommmissie benoem om 'n verslag op te stel oor die Wysigingswetsontwerp op Naturellewetgewing 1957: klousule 29. Kommer is uitgespreek dat hierdie klousule die vryheid en soewereiniteit van die kerk kan bedreig. Volgens hierdie klousule is swartes beperk om eredienste in blanke gebiede by te woon.

Volgens die notule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika (1957:486) het die kommissie van die Raad van Kerke 'n onderhoud met die Minister van Naturellesake op 5 April gehad. Die Raad van Kerke wou ten volle inligting bekom oor klousule 29. Hierna het die Raad van Kerke die volgende beginselverklaring geformuleer:

> *"(1) Die Evangelie van Jesus Christus gaan van God uit aan die hele mensheid, en is aan geen menslike beperkings onderhewig nie.*
>
> *(2) Aan die Kerk van Christus is die taak opgelê om in gehoorsaamheid aan die Hoof van die Kerk die Evangelie altyd, oor die hele wêreld en aan alle mense te verkondig.*
>
> *(3) Om te bepaal hoe, wanneer en aan wie hy die Evangelie sal verkondig hoort uitsluitend tot die bevoegdheid van die Kerk.*
>
> *(4) Dit is die plig van die staat as dienaar van God om die Kerk in die uitvoering van sy goddelike roeping in vryheid te laat en die soewereiniteit van die Kerk op sy eie terrein te eerbiedig".*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika (1957:488) het die beginselverklaring van die Raad van Kerke aanvaar. So is die bewoording van die gewysigde klousule soos gepubliseer in die Staatskoerant op 29 Mei 1957 ook met dank deur die Kaapse Sinode van die Ned. Geref. Kerk aanvaar (1957:580).

'n Volkskongres met die tema: *Die toekoms van die Swarte in Suid-Afrika*, het in Bloemfontein van 28 tot 30 Junie 1956 plaasgevind. Beide die Transvaalse en Kaapse Sinodes van 1957 het hul dank oor die besluite van die kongres uitgespreek en hul weer eens verbind tot eiesoortige ontwikkeling.

Tydens die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika se 1957 Sinode is ook terugvoering gegee oor die Wêreldraad van Kerke se tweede algemene byeenkoms in 1954 te Evanston. Die tema van die byeenkoms was: *Christus die Hoop van die Wêreld*. Die invloed van die Derde Wêreldlande het duidelik begin word nadat lande soos Indië, Pakistan, Burma, Indonisië en die Filippyne binne 'n paar jaar onafhanklik geword het (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1957:50).

Van die besluite ten opsigte van rassesake wat die Wêreldraad van Kerke geneem het was onder andere:

> *"(i) Dat die reg van die staat ontken word om gemengde huwelike te verbied omdat in die Bybel daar geen goedkeuring of veroordeling van sulke huwelike te vinde is nie.*
>
> *(ii) Die Wêreldraad van Kerke het die oortuiging uitgespreek dat segregasie op grond van ras, kleur of etniese oorsprong in al sy vorms in stryd met die Evangelie is. Dit word ook as onversoenbaar beskou met die Christelike leer omtrent die mens en die wese van die Kerk van Christus. Die Wêreldraad doen 'n beroep op alle ledekerke om alle vorms van segregasie en diskriminasie in hulle eie werk en*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*organisasie af te skaf"*
(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1957:50 vv).

Die Ned. Geref. Kerk van Transvaal het die Raad van Kerke se verslag oor rasseverhoudings wat in bogenoemde gedeelte bespreek is, goedgekeur (Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika 1957:486). Die Ned. Geref. Kerk van die Kaap het verdere sanksionering verleen en hierdie verslag in 1957 goedgekeur (Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1957:58).

Goedkeuring is reeds in 1957 verleen aan 'n verdeling van die Transvaalse Ned. Geref. Kerk in 'n Noordelike en Suidelike streek. Tydens die eerste vergadering van die Noordelike streek in 1959 het die Sinode kennis geneem van die Tomlinson-kommissie se verslag. Daar is ook kennis geneem van die besluit om bantoe-sendingskole en die bydrae van die Federale Sendingraad in dié verband aan die staat te oorhandig. Kennis is ook geneem dat die adviserende raad van die Sendingkerke omskep is in 'n Federale Raad van Ned. Geref. Sendingkerke. Die nuwe liggaam spreek gesaghebbend namens die Sendingkerke (Noordelike Streek van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1959:367).

Opsommend kan dit gestel word dat sinodale besluite deur die Ned. Geref. Kerk oor rassesake tot 'n groot mate eenstemmig was. Die Ned. Geref. Kerk en die owerheid het mekaar ondersteun ten opsigte van die implementering van die meeste apartheidswette en weinig spanning het tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid bestaan. Die sestigerjare is begroet met die Sharpville gebeure, die noodtoestand en natuurlik die Cottesloe-beraad ....

## 2.2 DIE COTTESLOE-BERAAD

Die nuwe dekade het op 'n hoë noot begin. Die ontwakende Derde Wêreld het Suid-Afrika ook meegesleur. Die African National Congress en Pan African Congress het protesaksies gereël nadat hul versoeke jare lank op dowe ore geval het. Die African National Congress het 'n protesaksie teen die gehate pasboekstelsel geloods.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Swartes is opgeroep om na 31 Maart 1960 nie meer pasboeke te dra nie. Die Pan African Congress het egter aangekondig dat 21 Maart 1960 die protesdag teen pasboeke sou wees. Op hierdie dag, 21 Maart 1960, is 69 swartes doodgeskiet en minstens 180 beseer by Sharpville naby Vereeniging toe die polisie op oproeriges begin skiet het. Ongeveer 30 000 swartes het 'n protesoptog van Langa na Kaapstad gehou. Stakings, klipgooiery en brandstigting het landswyd voorgekom. 'n Noodtoestand is in reaksie hierop deur die regering aangekondig (Lombard 1981:191-192).

Verskeie buitelandse kerke waaronder die Presbyterian Church of England, Die Reformed Church of America, die Christian Reformed Church in the V.S.A., die Presbyterian Church in Victoria, Australië asook die Ekumeniese Raad van Kerke in Nederland en die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke het in briewe aan die Federale Raad van Kerke hul besorgdheid oor die toestand uitgespreek.

Vanaf 8 - 11 April 1960 het 'n Uniale Sendingkongres van die Ned. Geref. Kerke plaasgevind. Dit is gereël deur die Federale Sendingraad en die tema was: *"Ons dank God na vyftig jaar, en kyk vorentoe"*. Ongeveer 350 persone het die kongres bygewoon, waarvan vyftien besoekers was. Die uniekheid van die geleentheid lê daarin dat dit die eerste keer was dat nie-blankes by so 'n algemene sendingkonferensie teenwoordig was.

'n Belangrike verklaring is deur nege lede van die Kaapse, Transvaalse en Vrystaatse Moderature op 31 Maart 1960 uitgereik. Spyt word uitgespreek oor die gebeure in Suid-Afrika en meegevoel word betuig met almal wat deur die onluste geraak is. Die buitelandse pers word heftig aangeval. Tog word die foute van die Ned. Geref. Kerk, die volk en opvolgende regerings nie ontken nie. Daar word daarna verwys dat die Ned. Geref. Kerk se standpunt voorsiening maak vir eiesoortige ontwikkeling. Dit moet egter regverdig en eerbaar toegepas word. 'n Waarskuwing word gerig ten opsigte van die motief van agitators en nie-blankes. Hulle is ingestel op die bevrediging van hul eie politieke aspirasies. 'n Oproep word tot die Moderature gerig waarin gelowiges van alle rasse versoek word om Sondag 10 April 1960 as dag van verootmoediging in te rig (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1961:36 vv).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. het tydens sy Sinode wat vanaf 20 April 1960 plaasgevind het, sy afkeur uitgespreek teen betogings en agitasies. Persone wat deelneem aan opsweping deur middel van toesprake, geskrifte, pamfletverspreiding en vergaderings, is skuldig aan versteuring van die goeie orde en die goeie verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. 1960:244).

'n Laagtepunt in die betrekkinge tussen die Ned. Geref. Kerk en die Church of the Province het in hierdie tyd bestaan. Die dag na die Sharpville gebeure het Biskop Reeves en 'n regsgeleerde beseerdes in die Baragwanath-hospitaal besoek en verklarings afgeneem. Hy het ook sterk standpunt teen die polisie-optrede in die pers ingeneem. Na die verklaring van die nege moderatuurslede van die Ned. Geref. Kerk het dr Joost de Blank, aartsbiskop van Kaapstad, 'n beroep op alle kerke gedoen om apartheid te laat vaar. Hy het ook 'n besondere beroep op kerkleiers van die Ned. Geref. Kerke gedoen om deur hul invloed, die regering van sy beleid te laat afsien. Die Church of the Province was van mening dat hulle nie langer in die Wêreldraad van Kerke kon bly as die Ned. Geref. Kerke 'n aanvaarbare standpunt ten opsigte van rasseverhoudinge inneem nie (Lombard 1981:198).

Die Moderatuur van die Kaapse Sinode het op 13 April 1960 gereageer op dr De Blank se optrede. Hulle het gemeen dat die Church of the Province 'n eensydige voorstelling van die gebeure daarstel. Geen woord word gerig tot die agitators onder die swartes nie. Verder is in die verklaring genoem dat solank die Church of the Province self in sommige van sy gemeentes aparte dienste vir blankes en nie-blankes hou en apartheid in sy kerkskole toepas, het hy nie die reg om ander daaroor te kritiseer nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1961:191).

Die Wêreldraad van Kerke was in dié tyd intens betrokke om skakeling in Suid-Afrika te bewerkstellig. Dr R. Bilheimer, een van die mede-hoofsekretarisse van die Wêreldraad van Kerke het 'n sleutelrol as bemiddelaar gespeel tussen lidkerke van die Wêreldraad van Kerke en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook in die verhouding tussen lidkerke van die Wêreldraad van Kerke self. 'n Reëlingskomitee is in die lewe geroep om 'n konferensie van lidkerke van die Wêreldraad van Kerke in Suid-Afrika te reël. 'n Belangrike besluit waarop ooreengekom is, is dat 'n senior amptenaar van die Wêreldraad van Kerke die voorsitter van die konferensie sal wees. Vyf onderwerpe is geïdentifiseer en elke betrokke kerke moes 'n memorandum oor elk van die vyf onderwerpe uitwerk.

Die Wêreldraad van Kerke se Cottesloe-konferensie het van 7-14 Desember 1960 by die Universiteit van Witwatersrand in Johannesburg plaasgevind. Al agt kerke kon tien afgevaardigdes stuur. Die Wêreldraad van Kerke het ses verteenwoordigers gestuur en eerw A.W. Blascall, sekretaris van die Christenraad van Suid-Afrika het as waarnemer die byeenkoms bygewoon. Die lede van die Wêreldraad van Kerke wat teenwoordig was, was dr F.C. Fry as voorsitter van die konferensie, mnr Charles Parlyn, prof Wilhelm Niesel en biskop Lakdasa de Mel, dr Visser't Hooft, dr R. Bilheimer en mnr F.J. van Wyk as sekretaris van die konferensie. Daar was dus ses-en-tagtig afgevaardigdes by die konferensie teenwoordig. Van die tagtig afgevaardigdes van die kerke was een-en-sestig blankes, sestien swartes en drie kleurlinge. Alle afgevaardigdes het vir die duur van die konferensie in die koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand tuisgegaan (Lombard 1981:213 vv).

Die Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal het die volgende verteenwoordigers aangewys: al vier verteenwoordigers van hul Moderatuur nl. di A.M. Meiring, C.F.B Naudé, J.M. Benade en dr F.E. O'B Geldenhuys, asook ds C.B. Brink (sendingsekretaris), prof E.P. Groenewald (UP), dr J.A. van Wyk (Stofberg Teologiese Skool Turfloop), eerww S.S. Tema en J. Selamolela beide van die Ned. Geref. Sendingkerke van Transvaal en mnr B le Battie (ouderling van 'n Kleurlinggemeente). Ds Benade het egter onttrek en sy plek is deur prof A.B. du Preez (UP) ingeneem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk van Kaapland het die volgende afgevaardigdes na die konferensie benoem: Dr A.J. van der Merwe, proff W.J. van der Merwe, T.N. Hanekom, F.J.M. Potgieter en P.A. Verhoef almal van die Kweekskool te Stellenbosch, prof C.H. Badenhorst (Wellington), di A.P. Smit (argivaris), P.E.S. Smith (Algemene Sendingsekretaris), A.J. van Wijk en W.A. Landman (direkteur van die Inligtingsburo).

Die vyf verskillende studie-onderwerpe is bespreek nl:

(a) Die feitelike rassesituasie in Suid-Afrika

(b) Die Skrif en rasseverhoudings

(c) Die kerk en die kontemporêre geskiedenis

(d) Die noodtoestand in Suid-Afrika

(e) Die getuienis van die kerk t.o.v. geregtigheid, sending en die samelewing.

Die tema: Jesus Christus die Lig van die Wêreld, is behandel en was ook die tema by die derde algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke in 1961 in New Delhi, Indië. Indien minstens tagtig persent van die stemme wat uitgebring is ten gunste van 'n voorstel was, is dit as 'n besluit van die vergadering aanvaar. Hoewel verteenwoordigers van die Wêreldraad van Kerke geen voorstel kon indien nie, kon hulle wel aan die stemming deelneem. Sekere besluite is met die vereiste meerderheid van stemme aanvaar en is na die verandering aan die pers oorhandig.

In hierdie verklaring word besluite in drie hoofdele verdeel en 'n kort verklaring oor optrede in verband met toekomstige samewerking volg daarna. In deel 1 word daarop gewys dat Suid-Afrika oor 'n ingewikkelde problematiek beskik en dat afgevaardigdes onder leiding van die Heilige Gees gewerk het. Daar word genoem dat die werklike betekenis van die beraadslaging geleë is in die mate waarmee lidkerke hulle vereenselwig met die besluite van Cottesloe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens die verklaring is onregverdige diskriminasie eenparig verwerp. Tog was daar wyd uiteenlopende oortuiginge oor grondliggende vrae in verband met apartheid. Die besluite het egter geregtigheid as basis en handel oor menslike behoeftes rakende rasseverhoudinge in Suid-Afrika. Die besluite is egter nie in lyn met die gevestigde standpunte van die lidkerke nie. Deel 1 sluit af met 'n paragraaf oor die wese en roeping van die Kerk van Jesus Christus.

Na deel 1 wat as inleiding dien, bestaan deel 2 uit sewentien besluite. Punt 1 handel oor die permanensie van alle rasse in Suid-Afrika. Punt 2 wys daarop dat Suid-Afrika deel is van 'n internasionale wêreld wat besig is om te verander omdat Westerse mag afneem en Afrikastate onafhanklikheid verkry. Punt 3 en 4 toon die verantwoordelikheid van die kerk aan om te getuig aan blank sowel as nie-blank. Punt 5 stel dit dat die kerk 'n eenheid is maar dat 'n natuurlike verskeidenheid van mense nie opgehef word nie. Punt 6 handel oor gesamentlike aanbidding en dit word gestel dat ras of kleur nie as kriterium vir bywoning gebruik mag word nie. Punt 7 en 8 beskryf die noodsaak van sendingwerk en die behoefte wat in dié verband bestaan. Punt 9 wys op die gebrek aan konsultasie en kommunikasie tussen die verskillende rassegroepe. Die regering en nie-blanke leiers moet 'n meer doeltreffende manier van raadpleging vind. Segregasie sonder doeltreffende konsultasie impliseer diskriminasie. Punt 10 stel dit duidelik dat daar geen Skriftuurlike gronde vir 'n verbod op gemengde huwelike bestaan nie. Sulke huwelike kan egter op ander gronde onwenslik wees. Punt 11 lewer kritiek op die uitwerking van trekarbeid op die gesinslewe. Punt 12 toon aan dat die oorgrote nie-blankes verplig is om heelwat onder die algemeen aanvaarbare minimum standaard vir 'n gesonde lewe te bestaan. Punt 13 stel dit dat werksreservering deur 'n billiker werkstelsel vervang moet word. Punt 14 wys daarop dat inwoners van swartgebiede die geleentheid gebied moet word om in ooreenstemming met menslike waardigheid te lewe. Punt 15 handel oor stemreg vir alle mense en die reg om grond te besit waar mense woon. Punt 16 wys daarop dat die konsep van nasionalisme versoenbaar is met die Christendom maar dat dit nie verabsoluteer mag word of die plek van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



God inneem nie. Punt 17 sluit die tweede deel af deur te noem dat die kleurlingbevolking direkte verteenwoordiging in die Parlement moet verkry.

Deel drie bestaan uit tien punte. Punt 1 handel oor 'n geregtelike ondersoek en die owerheid word bedank vir die ondersoek in verband met die onluste. Punt 2 handel oor 'n regverdige verhoor en die hoop word uitgespreek dat dit nagekom sal word na aanleiding van die groot getal arrestasies wat vroeër die jaar as gevolg van die onluste gemaak is. Punt 3 handel oor die Asiate in Suid-Afrika wat ingesluit word by hierdie bespreking. Met ander woorde, Cottesloe handel met hulle as 'n inklusiewe groep. Punt 4 handel oor die vryheid van aanbidding en die vryheid om die Evangelie te verkondig. Die owerheid word versoek dat nie-blankes die geleentheid sal kry om in blanke woongebiede te aanbid indien hulle daar werk. Die Evangelie moet onbeperk op enige plek en in enige omstandighede verkondig word. Punt 6 spreek die wens uit dat kerke se verhouding onderling van so 'n aard sal wees dat hulle broederlike verskille sal probeer opklaar eerder as om kritiek deur openbare verklarings uit te spreek. Punt 7 verwys na onderlinge voorligting. Hiervolgens moet kerke alle offisiële publikasies beskikbaar stel aan ander lidkerke. Afvaardigings na die owerheid moet 'n gesamentlike aksie van lidkerke wees en indien moontlik ook veelrassig wees. In punt 8 word die volgende aspekte genoem vir samewerking in die toekoms:

(a) 'n Konstruktiewe Christelike benadering tot die separatistiese bewegings;

(b) Die onderwys van die swarte;

(c) Die opleiding van die nie-blanke leiers vir verantwoordelike betrekkings op alle lewensterreine;

(d) Leeskennis vir die swartes en die voorsiening van Christelike literatuur;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) Die gedagte van 'n verantwoordelike Christelike gemeenskap in alle gebiede insluitend swartgebiede;

(f) Die aanslag van die Islam op Suidelike Afrika.

Punt 9 handel oor woonbuurtes. Waardering word uitgespreek vir dít wat reeds gedoen is maar die behoefte aan vaste eiendomsreg is egter besig om toe te neem. In punt 10 wat oor trekarbeid handel word gevra dat 'n verteenwoordigende kommissie die regering gaan spreek om hierdie nadelige stelsel te wysig.

In die gedeelte oor optrede in verband met toekomstige samewerking word vier punte gestel. Eerstens dat daartoe oorgegaan word om 'n Suid-Afrikaanse Konferensie van die Wêreldraad van Kerke se ledekerke te stig. Tweedens word die doel hiervan uitgestippel:

(a) Om as 'n liggaam vir studiedoeleindes, samesprekings en samewerking tussen die Suid-Afrikaanse lidkerke van die Wêreldraad van Kerke op te tree.

(b) Om as 'n liggaam vir oorlegpleging en samewerking tussen die Suid-Afrikaanse ledekerke aan die een kant en die Wêreldraad van Kerke en sy afdelings en departemente aan die ander kant, op te tree.

Derdens moet skakelorganisasies deur die Suid-Afrikaanse Konferensie van die Wêreldraad van Kerke tot stand kom met die Christenraad van Suid-Afrika asook die Internasionale Sendingraad. Vierdens word die debat oor die prosedure wat gevolg moet word om bogenoemde te verwesenlik uitgespel (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:70).

Die Cottesloe-beraad is in kamera gehou. Daar was egter 'n "lekkasie" binne die eerste paar dae van die beraad aan 'n Afrikaanse oggendkoerant (Die Transvaler). Vrae is gevra oor die nut van die beraad (Van der Watt 1987:106).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel afgevaardigdes ooreengekom het dat daar net een amptelike verklaring direk na die beraad sou wees, het die Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika hul eie verklaring uitgereik. Hierin word dit gestel dat hulle kerk hul stem teen baie van die besluite verhef het en dikwels hul teenstem in die minderheid laat aanteken het. Hulle het tevergeefs probeer om voldoende steun van die afgevaardigdes van ander kerke te kry. In hul verklaring word afsonderlike ontwikkeling opnuut onderskryf. Alle besluite wat tydens die beraad geneem is en hiermee in stryd is, word verwerp. Die regering in Suid-Afrika word deur hulle verdedig, omdat hul handelswyse regverdig is en volle steun word aan die regering toegesê. Steenkamp (1987:473) is egter van mening dat die enigste moontlikheid deur die Ned. Herv. Kerk gebruik was om sy standpunt waarneembaar te maak, die uitreiking van die verklaring was. Hy beskuldig die Ned. Geref. Kerk daarvan dat die kerk teruggekrabbel het (Steenkamp 1987:474).

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Transvaal en Kaapland het besef dat hulle deur die verklaring van die Hervormde Kerk onder spervuur gekom het en het toe ook 'n verklaring uitgereik. Hierin word gesê dat hulle na aanleiding van die samesprekinge opnuut onder die besef van die ingewikkelde probleme in verband met rasseverhoudinge in Suid-Afrika gekom het. As Christene het hulle met besorgdheid kennis geneem van die behoefte van die verskillende bevolkingsgroepe. Hulle het ook besef dat die kerk 'n woord tot hulle te spreek het. 'n Beleid van differensiasie is uit 'n Christelike oogpunt verdedigbaar en dat dit die belange van die verskillende bevolkingsgroepe die beste dien. Die resolusies wat aanvaarbaar is, is in beginsel nie onversoenbaar met die bogenoemde standpunt van differensiasie nie (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:75).

Die optrede van die Hervormde Kerk na die beraad is uit verskeie oorde skerp veroordeel. 'n Verklaringstryd moes ten alle koste vermy word. Die Sinodale Kommissie van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal het 'n ad hoc-kommissie aangestel om die Cottesloe-beraad te ondersoek. In hulle verslag is verwys na die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onbroederlike optrede deur sommige lede van een van die lidkerke wat daarna ook tydens protesvergaderings openlik probeer het om die Ned. Geref. Kerk verdag te maak. Daar word daarop gewys dat indien die pers die saak meer positief en beheersd hanteer het en die Hervormde Kerk nie troubreuk gepleeg het en eensydige misleidende verklarings gedoen het nie, die reperkussies uiteindelik nie so opgeblaas sou gewees het nie (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:359, 375).

Dr H.F. Verwoerd, destydse Eerste Minister het egter in sy Nuwejaarsboodskap na die Cottesloe-beraad verwys en die besluite van die kerklike beraad sterk veroordeel. Hy het gesê dat dit nie die standpunte van die Ned. Geref. Kerk is nie, omdat geen sinode dit nog amptelik goedgekeur het nie. Deur sy veroordeling van die Cottesloe besluite het dr Verwoerd homself baie kritiek op die hals gehaal. Hierdeur het hy druk op sinodes uitgeoefen wat hulle kon beïnvloed in hulle objektiewe beoordeling van die Cottesloe-beraad (Lombard 1981:220).

Op 5 April 1961:471 verskyn 'n brief in Die Kerkbode van A.S. van Niekerk van Pietersburg na aanleiding van die gebeure by Cottesloe. Hy bevraagteken die Eerste Minister se optrede om so sterk standpunt in te neem in sy Nuwejaarsboodskap teen die besluite van die Cottesloe-beraad. Die mening word uitgespreek dat dr Verwoerd sy posisie misbruik het en eerder moes gewag het dat die sinodes self besluit.

Die Algemene Sinodale Kommissie van die Vrystaatse Kerk het op 21 Februarie 1961 'n lang verklaring uitgereik. Besluite is skerp veroordeel omdat die Cottesloe-beraad die beginsel van soewereiniteit in eie kringe verontagsaam het. Die beraad het hom begeef op die vlak van die politiek. Skerp kritiek is ook oor die inhoud van die besluite uitgespreek. Hulle het dit betreur dat die Ned. Geref. Kerke van Transvaal en van die Kaapprovinsie daaraan meegedoen het en 'n beroep is op hulle gedoen om uit die Wêreldraad van Kerke te tree. Dit word as voorwaarde gestel vir die vereniging van die Ned. Geref. Kerke (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. 1960:277 v).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Federale Raad van die Ned. Geref. Kerke het vanaf 22 - 24 Maart 1961 byeengekom en 'n besluit oor die Cottesloe-beraad geneem. Dit is in drie hoofpunte geformuleer met vyf punte in die eerste deel, drie punte in die tweede deel en twee punte in die derde deel. In die eerste deel word daarop gewys dat afsonderlike ontwikkeling herbevestig word. Die beleid van differensiasie is Skriftuurlik begrond. Billike en regverdige behandeling van alle mense word herbevestig. In die tweede deel word verklaar dat die Cottesloe-beraad die beleid van afsonderlike ontwikkeling aantas en ondermyn. Punt 6, 10, 15, 16 bepleit integrasie. Die Kerk moet kritiek lewer omdat baie resolusies handel oor sake van die praktiese politiek. In die derde deel word die standpunt soos volg geformuleer:

*"Hierdie vergadering betreur dit dat*

*(a) die bevindinge van die Kerkekonferensie wêreldkundig gemaak is voordat ons kerke deur hul vergaderinge geleentheid gehad het om hulle daaroor uit te spreek;*

*(b) kritiek op die landsbeleid van hierdie verhoog af gebring is, terwyl die Kerk nog altyd toegang tot die Regering gehad het om oor enige saak te spreek"* (Handelinge van die Raad van Kerke 1961:54-55).

Die boodskap wat van die Raad van Kerke uitgegaan het, het finaal die rigting van sterk kritiek oor die Cottesloe-beraad ingeslaan. Druk is verder op enige kerkvergadering van die Ned. Geref. Kerk verhoog toe die voorstel van die Raad van Kerke aanvaar is, nl. dat sterk aanbeveel word dat die Sinodes van Kaapland en Transvaal hulle lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke beëindig.

Dit was dus glad nie vreemd dat die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk Transvaal wat vanaf 5 - 15 April 1961 vergader het, die besluit van die Cottesloe-beraad veroordeel het nie. Vir die Kaaplandse Sinode van die Ned. Geref. Kerk wat eers vanaf 19 Oktober - 9 November 1961 vergader het, was dit eintlik formaliteit om

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dieselfde te doen. Albei die Sinodes het gevolglik ook besluit om uit die Wêreldraad van Kerke te tree, 'n breuk wat finaal was ...

Daar kan met Van der Watt se standpunt saamgestem word dat die besluite van die Cottesloe-beraad, sy tyd ver vooruit was. In 'n vraaggesprek van Hofmeyr met prof Ben Marais het prof Marais dit gestel dat die gebeure by die Cottesloe-beraad die Ned. Geref. Kerk almeer op die isolaiepad geplaas het (Theologia Evangelica 1988 XXI-1:30). Dit is egter jammer dat die visie van die Ned. Geref. Kerk in 1961 so kortsigtig was. Die afgevaardigdes van die Ned. Geref. Kerke het hulle tydens die Cottesloe-beraad sekere fundamentele vrae afgevra en 'n sagter houding teen die verdoeming van apartheid ingeneem. Dit is te betreur dat baie meer Ned. Geref. Kerk afgevaardigdes nie daardie blootstelling gehad het nie!

## 2.3 DIE HANTERING VAN APARTHEIDSMAATREËLS

Hierdie afdeling sluit aan by Lombard se studie oor die Ned. Geref. Kerk en rassepolitiek, hoewel die oorspronklike bronne nagevors is.

### 2.3.1 Die Wet op Verbod van Gemengde huwelike en die Ontugwet

Die Ned. Geref. Kerk het reeds voor 1948 versoeke tot die regering gerig om wetgewing in dié verband in te stel. Reeds in 1915 het die Ned. Geref. Kerk in Kaapland die volgende besluit op sy Sinode aanvaar:

> *"De Synodale vergadering, overtuigd zijnde van de onheilzame gevolgen van huwelijken tusschen blanken en de gekleurden dragen het aan de verschillende kerkraden op om zoodanige huwelijksverbintenissen ten sterkte tegen te staan. Voorts stelle zij eene Commissie aan om in naam der Zynode van de Ned. Geref. Kerk bij de Regeering op wetgeving in verband met deze zaak aan te dringen"*

(Handelingen van die Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika 1915:28).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1927 het die Parlement die "Ontug Wet" aanvaar, wat buite-egtelike gemeenskap tussen blank en swart verbied het. Daar was egter 'n gevoel by die Ned. Geref. Kerk dat hierdie wette nie ver genoeg gaan nie en in 1936 het die Kaapse Sinode besluit dat die Kommissie vir die Bestryding van Sosiale Euwels die regering in dié verband moet gaan spreek (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1936:244). Die O.V.S. en Transvaalse Ned. Geref. Kerke het hul ook in dié tyd daarteen uitgespreek. Die Federale Raad het in 1937 en 1946 'n kommissie na die Minister van Binnelandse Sake gestuur, wat daarop aangedring het dat hierdie wet uitgebrei moet word.

Dit was gevolglik nie vreemd dat toe die Nasionale Party die bewind in 1948 oorgeneem het, daar onmiddellik aandag aan hierdie saak gegee is nie. Dit is vergestalt in die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike No. 55 van 1949. Volgens hierdie wet is die huwelike tussen blank en nie-blankes verbied. Dit het gevolg op 'n afvaardiging van die drie Afrikaanse Kerke wat die Minister van Binnelandse Sake, dr T.E. Dönges op 18 Februarie 1949 ontmoet het om vir die verbod op gemengde huwelike te pleit (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1949:29).

Die Ned. Geref. Kerk in Kaapland het vanaf 20 Oktober 1949 sinode gehou. By die geleentheid het die Sinode sy dank en waardering uitgespreek vir sy moedige optrede teen gemengde huwelike. Daar is egter versoek dat die regering ook wetgewing sal indien om buite-egtelike verkeer tussen blankes en nie-blankes te verbied (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1949:29).

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika het tydens die Sinode van 1951 kritiek teen gemengde huwelike goedgekeur. Dit is Skriftuurlik afgewys:

> *"Die diepgrypende volksverskille is 'n hindernis vir die huweliksluiting tussen mense uit verskillende*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*groepe. God se Skeppingsordening vir die huwelik sluit tog in dat die man en vrou bymekaar moet pas (Gen 2:19). En hoe groter die fisiese, sielkundige, kulturele en godsdienstige verskille, hoe groter die bedreiging waarvoor 'n gemengde huwelik blootstaan.*

*Waar by 'n huwelik deur God ingestelde beginsels verag en die goddelike eis van innerlike konformiteit verontagsaam word, daar word 'n heilige beginsel geskend, soos ook bevestig deur die straf van disharmonie, onmin en huweliksongeluk wat gewoonlik op sodanige ongehoorsaamheid volg (Neh 13:23-27)"*
(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951:162,163).

Die Sinode het verder ook gewys op die straf van 'n rasgemengde huwelik:

*"Waar 'n blanke dit byvoorbeeld waag om met 'n naturel of chinees te trou, beteken dit dat hy die Godgestelde innerlike grense verag, die huweliksgebod van passenheid ongehoorsaam is, en hulle sal vir so 'n onpassende huwelik gestraf word, nie alleen met disharmonie en ongeluk in die huwelikslewe nie, maar veral ook met 'n kind wat nóg by die volk van sy vader nóg by dié van sy moeder kan tuis wees, en gevolglik 'n volksverband"*
(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951:182).

Hoewel die Sinode van Natal betreklik stil was oor die aangeleentheid, het hulle in 1954 die volgende voorstel goedgekeur wat deur die Ring van Ladysmith ingedien is:

*"Die H.E. Sinode voel verontrus oor die toenemende euwel van ontug van blankes met nie-blankes soos blyk uit die steeds meerdere hofgedinge in die*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *verband. Aangesien strawwe vir blankes en nie-blankes hierin baie ongelyk is, rig die H.E. Sinode 'n baie ernstige vertoë tot die owerheid om die strafwet so te wysig dat swaarder strawwe van toepassing sal wees op blankes. Alhoewel dit die huidige oortreders miskien nie sal weerhou om voort te gaan in hul vasgeroeste wanpraktyke nie, sal dit tog daartoe bydra om ander af te skrik en soveel doen om die gevaar wat ons volk hierin bedreig te bestry"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Natal 1954:236).

Die Ontugwet van 1927 is gewysig en vervang deur die Ontugwysigingswet van 1950. Dit het egter net voltooide buite-egtelike geslagsomgang tussen blank en nie-blank uitdruklik strafbaar gemaak. Die Ontugwet 23 van 1957 het die 1950 Ontugwet vervang en was 'n konsoliderende maatreël wat allerlei voorskrifte bevat het om sake soos prostitusie, koppelary en die seksuele misbruik van minderjariges en swaksinniges te bekamp. Artikel 16 van die Wet het sestien misdade geskep: Dit het ingehou die pleeg of poging tot pleeg van ontug; die aanlok, uitlok of lastig val om ontug te pleeg; die pleeg of poging tot pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad; die aanlok, uitlok of lastig val om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg. Elkeen van hierdie handelinge word tot 'n misdaad verklaar indien dit gepleeg word deur 'n blanke vrou met 'n nie-blanke man, deur 'n nie-blanke vrou met 'n blanke man, deur 'n blanke man met 'n nie-blanke vrou en deur 'n nie-blanke man met 'n blanke vrou. Die skuldigbevinding van enige van die sestien misdade geskep deur Artikel 16 van die Ontugwet kan lei tot 'n maksimum van sewe jaar gevangenisstraf.

Hierdie wet is uiteindelik geïmplementeer na jarelange versoeke deur die Ned. Geref. Kerke aan die owerheid.

Tydens die Cottesloe-beraad is die hele saak van wetgewing teen gemengde huwelike gekritiseer. Die Ned. Geref. Kerk afgevaar-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



digdes na die Cottesloe-beraad het hulle standpunt so geformuleer dat hoewel daar nie 'n direkte uitspraak in die Bybel is om dit te verhoed nie, dit op praktiese gronde onaanvaarbaar is. Hulle koppel ook hul besluit aan die Sinode-besluit van 1951 wat rasgemengde huwelike Skriftuurlik veroordeel. Die Transvaalse Sinode van 1961 het uiteindelik die hele aangeleentheid na die Kommissie vir Aktuele Sake verwys (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:380).

'n Mate van versigtiger hantering van die Ned. Geref. Kerk se standpunt het wel in die tydperk plaasgevind. Sigbaar het daar egter nie 'n verandering plaasgevind nie.

### 2.3.2 Groepsgebiede

Die voorsiening van afsonderlike woongebiede vir verskillende bevolkingsgroepe gaan hand-aan-hand met die probleem van rasgemengde huwelike.

Reeds in 1923 is die Naturelle (Stadsgebiede) Wet ingestel. Hiervolgens moes munisipaliteite swartarbeiders in "blanke" stedelike gebiede registreer. Verder moes aparte swartdorpe gestig word en moes 'n swart Adviserende Raad in elke swartdorp aangestel word. Min munisipaliteite het egter uitvoering daaraan verleen. Die 1923 wetgewing is egter vervang deur Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (No. 25 van 1945). Hierdeur is doelmatige administrasie ten opsigte van swartmense geïmplementeer (Serfontein 1970:35).

Die Ned. Geref. Kerk het reeds voor 1948 die behoefte aan afsonderlike woongebiede vir verskillende rasse gestel. Tydens die Ned. Geref. Kerk in Kaapland se Sinode wat vanaf 29 Oktober 1949 plaasgevind het is aanvaar dat segregasie van blankes, swartes en kleurlinge in aparte woonbuurte so spoedig as moontlik verpligtend gemaak word (Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1949:29).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Nasionale Party het na sy bewindsaanvaarding sy belofte gestand gedoen. Die Wet op Groepsgebiede (No. 41 van 1950) is deur die Parlement aanvaar. Hierdie wet is met verloop van tyd aangevul, uitgebrei en gekonsolideer. Hierdie wet is oorspronklik ingestel om die besit en okkupasie van grond vir die blankes, Indiërs en kleurlinge op 'n permanente grondslag te reël.

Baie predikante van die Ned. Geref. Kerk het die SABRA-kongres oor groespgebiede en woonbuurtskeiding bygewoon. Die regering is versoek om die tempo van implementering te versnel. Op die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika in 1953 is waardering uitgespreek vir sy optrede om aparte rassegroepe in aparte woonbuurtes te akkommodeer.

In die volgende jare het die Ned. Geref. Kerk nie veel verdere standpunte oor groepsgebiede ingeneem nie. Die regering het die nuwe wet so effektief as moontlik geïmplementeer. Die hele kwessie van gebiedskeiding is deur die Cottesloe-beraad weer oopgekrap. Die Ned. Geref. Kerk in Transvaal het daarop gereageer en die volgende besluit is tydens die 1961 Sinodesitting goedgekeur:

> *"Totale gebiedskeiding: Die H.E. Sinode verklaar in ooreenstemming met sy vroeëre besluite, dat die heil vir blank en nie-blank in Suid-Afrika geleë is in uiteindelike totale gebiedskeiding met volle ontwikkelingsmoontlikhede vir almal, elkeen in sy eie gebied. Die Kerk het met waardering kennis geneem van die enorme werk wat deur die owerheid reeds verrig is, en die goeie vordering wat gemaak is in hierdie rigting. Die Kerk is bewus van die geweldige erns daarvan dat die tyd kort is en besluit daarom verder:*
>
> *(a) om by die owerheid daarop aan te dring om die pas van die skeidingsproses met alle mag te*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*versnel;*

(b) *dring by sy lidmate daarop aan om met gewilligheid die groot offers wat deur die skeiding geverg sal word blymoedig te bring, om so aan alle rasse met Gods hulp 'n veilige toekoms te verseker"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:383).

Die Groepsgebiedewet is deur al die jare as een van die pilare van apartheid beskou. Deurdat die Ned. Geref. Kerk herhaaldelik gepleit het vir apartheid, is dit gevolglik nie vreemd dat hulle daarop aangedring het dat gebiedskeiding meer effektief toegepas word nie.

### 2.3.3 Instromingsbeheer en Trekarbeid

In enige Derde Wêreldland wat deur 'n ontwikkelingsproses gaan, vind verstedeliking plaas. Dit het ook in Suid-Afrika plaasgevind. Die Naturellen (Stadsgebiede) Wet No. 21 van 1923 het 'n mate van instromingsbeheer probeer toepas. Nadat die Nasionale Party in 1924 aan bewind gekom het, het Genl Hertzog Die Naturelle (Stadsgebiede) Wysigingswet van 1930 aanvaar. Dit het vir instromingsbeheer van swartvroue voorsiening gemaak. Die wet het onmiddellik die probleem van trekarbeid vergroot want vroue kon nie saam met hul mans na dorpe en stede verhuis nie. Trekarbeid het reeds algemeen voorgekom by swartmans wat van naburige lande in Suid-Afrikaanse myne kom werk het.

Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (No 25 van 1945) het die 1923 naturellewetgewing verder uitgebou. Hierdie wet het ook die volgende as hoekstene gehad:

"(i) *Verbeterde verblyftoestande van swartes in stedelike en voorgeskrewe gebiede;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) *doelmatiger administrasie van swart aangeleenthede;*

(iii) *die reëling van toegang van swartes tot stedelike en voorgeskrewe gebiede en hulle verblyf aldaar;*

(iv) *die prosedure waarvolgens gehandel moet word met ledige of ongewensde swartes wie se teenwoordigheid in voorgeskrewe gebiede ongewens is"*

(Smit en Booysen 1981:24).

In 1952 is die wetgewing van 1945 deur die Nasionale Party regering gewysig. Volgens die nuwe wetgewing mag geen swarte vir langer as 72 uur in 'n voorgeskrewe gebied bly nie behalwe op grond van enkele uitsonderings. Deur die Naturellewet (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) 1952 is alle passe deur bewysboeke vervang. Vanaf 1 Februarie 1958 was die swartmans bo sestien jaar verplig om 'n bewysboek te besit. Swartvroue was ook verplig om bewysboeke te dra.

Volgens Lombard (1981:176) was die Ned. Geref. Kerke bewus van talle probleme wat met instromingsbeheer gepaard gegaan het, maar was hulle ook bewus van talle ander euwels wat die regering met hierdie wette probeer bekamp het. Die Federale Sendingraad het by die regering aangedring om as gevolg van die verdringing van kleurlinge, instromingsbeheer van swartes na die Westelike Provinsie toe te pas (Federale Sendingraad 1944:73).

Die Federale Sendingraad het in 1950 'n kongres oor die Naturellevraagstuk aangebied. Die volgende besluite is geneem ten opsigte van swartes in die stedelike gebiede:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"A first essential is therefore the establishing of the necessary machinery for effective influx control. Without that the problem cannot be solved"*

(Verslag van die Federale Sendingraad 1950:2).

Tydens die Cottesloe-beraad is daar opnuut weer na die hele kwessie van trekarbeid gekyk. Deel twee gee onder punt 11 daaraan aandag. Die besluit lui:

> *"Ons wil opnuut die aandag vestig op die ontbindende uitwerking van trekarbeid op die bantoelewe. 'n Stabiele samelewing is nie moontlik nie, tensy die kardinale belang van gesinslewe erken word en vanuit die Christelike standpunt is dit gebiedend dat die integriteit van die familie beveilig moet word"*

(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:72).

Na besprekinge deur die Transvaalse en Kaaplandse Sinodes van 1961 is die saak na 'n kommissie verwys om ondersoek in te stel.

In hierdie tydperk het die Ned. Geref. Kerke nog nie 'n sensitiwiteit ontwikkel vir die pyn en lyding waardeur swartmense gegaan het as gevolg van die stelsel van instromingsbeheer en trekarbeid nie.

### 2.3.4 Onderwys

In die multi-dimensionele benadering van die sending, was onderwys een van die hoekstene. Die Ned. Geref. Kerk was in baie dele van Afrika met sendingaksies besig en het op dié wyse by onderwys betrokke geraak. Enorme werk is op hierdie gebied binne sowel as buite Suid-Afrika verrig. Aanvanklik was die doel van onderwys dat die nuwe bekeerling self die Bybel kan lees. Namate die behoefte by bekeerlinge ontstaan het om verder te leer, het daar 'n behoefte ontstaan om nie-blanke

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werkkragte, soos evangeliste, leraars en onderwysers op te lei. In Suid-Afrika was daar onder meer die Stofberg-Gedenkskool en die Strydomopleidingskool in die O.V.S. met die Betesda-Normaalskool en die Emmarentia Geldenhuysskool in Transvaal (Lombard 1981:68).

In 1935 - 1936 was daar 'n Interdepartementele Komitee wat Naturelle onderwys ondersoek het. Verteenwoordigers van die Transvaalse en Vrystaatse Sinodes van die Ned. Geref. Kerk sowel as die Naturellesakekommissie van die Federale Raad van Kerke het ook getuienis afgelê. Die aanbeveling van die verslag dat swartonderwys na die Departement van die Unie-onderwys oorgedra moet word, is deur die Federale Sendingraad teengestaan. Die Federale Sendingraad het gemeen dat dit na die Departement Naturellesake oorgedra moet word.

Die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke was feitlik eenstemmig dat swartskole na die Departement Naturellesake oorgedra moet word maar die Federale Sendingraad moes die Sinodale Sending-kommissie van die Transvaalse Kerk aanspreek omdat hulle ook van mening was dat dit na die Departement Unie-onderwys oorgedra moet word (Federale Sendingraad 1945:104).

Die nuwe regering, die Nasionale Party, het weer die hele saak van swartonderwys laat ondersoek deur 'n kommissie in 1949. Prof G.B.A Gerdener van Stellenbosch was ook 'n lid van die kommissie. Baie lidmate, sendelinge en predikante sowel as sendingkommissies van die Ned. Geref. Kerke het getuienis voor die kommissie afgelê. Al die kerke het gunstig gereageer ten opsigte van die oorname deur die staat. Die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. het egter probleme gehad om afstand te doen omdat hulle ses-en-vyftig persent van die swartskole beheer het (Handelinge van die Ned. Geref. Kerke in die O.V.S. 1952:104).

Uiteindelik het die Ned. Geref. Kerke twee voorwaardes gestel vir oordraging na die staat. Die staat moet toesien dat godsdiensonderrig in al sy skole voorsien word. Tweedens moet die kerke wat nie bereid is om hul skole oor te dra na die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staat nie, geen verdere subsidie ontvang nie (Handelinge van Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1951:201 v).

In 1953 is die Wet op Bantoe-onderwys, No 47 van 1953, op die wetboek geplaas. Voorsiening is gemaak vir moedertaalonderwys, minstens tot standerd twee sowel as vir onderrig in beide die amptelike landstale. Godsdiensonderrig het 'n verpligtende vak in alle staatskole geword.

Die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. het in 1954 besluit om swartskole aan die regering oor te dra. Die oordrag het plaasgevind op 1 April 1955.

Dit het 'n lang proses afgesluit waarin skole aan die regering oorgedra is. Dit was slegs die Rooms-Katolieke kerk en die Sewendedagadventiste en enkele kerke van die Church of the Province wat nie aan die regering oorgedra is nie.

### 2.3.5 Die Wysigingswet op Naturellewetgewing van 1957

Hierdie wet het groot onmin tussen kerke en die owerheid tot gevolg gehad. Die grootste kerke in Suid-Afrika het beweer dat die owerheid deur hierdie wet godsdiensvryheid aantas. Artikel 29(c) van die wysigingswetsontwerp op Naturellewetgewing van 1957 was 'n uitbouing van bestaande wetgewing. Volgens die nuwe wet kon 'n kerk, skool, hospitaal, klub of ander inrigting of vermaaklikheidsplek wat hoofsaaklik vir blankes bedoel is, maar ook deur swartes bygewoon word, slegs met die toestemming van die Minister van Naturellesake en die betrokke plaaslike owerheid, in 'n blanke-stedelike gebiede ingerig word.

Die Christenraad van Suid-Afrika het kritiek teen die wetsontwerp uitgespreek en wou graag adv J.G. Strydom, die Eerste Minister spreek. Hy kon hul egter nie ontvang nie. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rassebetrekkinge het ook heftig gereageer. In 'n brief aan die Eerste Minister, het biskoppe van die Church of the Province, klousule 29(c) van die wetsontwerp as 'n verkragting van godsdiensvryheid beskou.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien die Church of the Province oop is, sal geen kerkdiens of sinode meer sonder die toestemming van die Minister gehou kan word nie (Lombard 1981:165).

Die Minister van Naturellesake, dr H.F. Verwoerd, het besluit om veranderinge aan die wetsontwerp aan te bring. Artikel 29(d) van die wetsontwerp het nou die kerkklousule geword. Hiervolgens is mag aan die Minister van Naturellesake verleen om by wyse van die Staatskoerant, swartes te verbied om dienste by 'n kerk in 'n blanke-stedelike gebied by te woon, indien hul teenwoordigheid op die betrokke perseel 'n oorlas vir die inwoners van die gebied is of as die Minister van mening is dat dit, vanweë die ligging van die kerk onwenslik is dat die swartes daar in groot getalle bymekaar kom.

Die Federale Sendingraad het 'n afvaardiging na die Minister van Naturellesake op 12 Maart 1957 gestuur. Hulle wou die versekering verkry dat die oorspronklike Artikel 29(c) van die Wysigingswet op Naturellewetgewing van 1957 geen beperking inhou vir die vryheid van die evangelie of van die soewereiniteit van die kerk in eie kring nie (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1957:487).

Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke het egter besluit om hom ten volle te vergewis van die implikasies wat die genoemde klousule 29 mag meebring vir die kerk in die uitvoering van sy roeping. Daar is besluit om 'n afvaardiging na die Eerste Minister en die Minister van Naturellesake te stuur, ten einde die versekering te verkry dat die vryheid en die soewereiniteit van die kerk gewaarborg sal bly (Handelinge van die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke 1957:89). Daar is terugvoering gegee dat lede van die Federale Raad 'n onderhoud met die Minister van Naturellesake op 5 April 1957 gevoer het. Dit het daartoe gelei dat hy 'n wysiging in die wetsontwerp aangebring het, wat vergestalt word in klousule 29(d) van die wet. In die lig van hierdie wysiging was die Federale Raad van mening dat dit bo alle twyfel gestel is dat die wetsontwerp nie beoog om in te meng in die vryheid van die enkeling om in die kerk te aanbid of 'n bona fide godsdiensbyeenkoms by te woon nie. Die voorwaarde was dat sodanige vryheid nie misbruik word tot

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versteuring van die goeie orde van die samelewing nie (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1957:486).

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal het die verklaring van die Federale Raad van Kerke goedgekeur en dit as 'n uiteensetting van die kerk se standpunt, wat gegrond is op Gods Woord, aanvaar (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1957:488).

Nadat die hele aangeleentheid na die Kommissie vir Aktuele Sake verwys is, is tydens die 1961 Sinode besluit dat die Sinode by sy beginselstandpunt van 1957 bly (Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:284 v).

Die Ned. Geref. Kerk in Kaapland het die volgende standpunt goedgekeur tydens die 1957 Sinode:

> *"(a) Dat die Hoogeerwaarde Sinode met dank kennis neem van die optrede van die Raad van die kerke toe hy nie genoeë kon neem met die oorspronklike bewoording van die Kerklike Klousule in die Wysigingswetsontwerp op Naturellewetgewing nie, wat die soewereiniteit van die kerk in gedrang kon bring.*
>
> *(b) Dat die Hoogeerwaarde Sinode die bevinding van die afvaardiging onderskryf dat die betrokke gewysigde artikel nie die soewereiniteit van die kerk aantas nie, maar alleen bydra tot die handhawing van goeie orde"*
>
> (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1957:580).

Die Ned. Geref. Kerk het baie kritiek verduur vir sy onderskrywing van hierdie wetgewing. Vanuit die kerk self het kritiek nie agterweë gebly nie. So het prof B.B. Keet verwys na die sogenaamde kerkklousule as 'n gewraakte artikel. Ook

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prof P.V. Pistorius het die mening gehuldig dat die sogenoemde kerkklousule die bondgenootskap tussen Ned. Geref. Kerk en Nasionale Party regering hierdeur bevestig.

Hierdie wetgewing het seker die meeste onmin tussen die kerke en die owerheid meegebring. Selfs die Ned. Geref. Kerk het in die begin 'n vraagteken oor hierdie wetsontwerp gehad.

### 2.3.6 Konstitusioneel

Die Ned. Geref. Kerke was baie huiwerig om hulle oor konstitusionele aangeleenthede uit te laat, omdat daar gevoel is dat die kerk op die terrein van die staat sou inmeng.

Hoewel die Ned. Geref. Kerk nie 'n konstitusionele bloudruk op die tafel gesit het nie, het hy reeds voor 1948, maar ook daarna, twee aspekte onderskryf naamlik afsonderlike ontwikkeling of apartheid, en voogdyskap.

Tydens die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Natal in 1948 is die beginsel aanvaar dat die voortbestaan van die blanke Christelike beskawing in Suid-Afrika eis dat volkome ekonomiese, maatskaplike en geografiese segregasie toegepas moet word (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal 1948:32).

Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke het in 1951 die grond-beginsels van die Calvinisties Christelike staatkunde goedgekeur. Die beginsels van voogdyskap kom hierin sterk na vore:

> *"Stemreg is 'n kleinood in Christelike sin alleen beskore aan hulle wat tot mondigheid gekom het en dit met verantwoordelikheid jeens God kan gebruik. Aan hierdie eis beantwoord die naturel nie, en daarom kon hy hierdie toetsreg nie korrek aanlê nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Alle politieke medeseggenskap word nie aan die nie-blanke onthou nie. Nee, hulle beskik oor die reg en gewaarborgde weë waarvolgens hulle hul wense en selfs kritiek aan die owerheid bekend kan maak, en wie vir meer as dit agiteer wil aan hierdie onderdane regte gee wat hulle nie eens tot eie beswil kan gebruik nie, hoe dan nog in algemene belang soos voorheen omskrywe"*

(Handelinge van die Raad van Kerke 1951:71).

Vanaf 1951 tot 1956 het daar seker die grootste konstitusionele krisis in die geskiedenis van Suid-Afrika ontstaan. In 1951 is die Wet op Afsonderlike Verteenwoordigers van Kiesers deur die Parlement aangeneem. Hiervolgens is voorsiening vir afsonderlike verteenwoordiging van kleurlinge in die Parlement gemaak. Op 20 Maart 1952 het die Appèlhofregters die nuwe wet ongeldig verklaar. Die regering het die Senaat van agt-en-veertig tot nege-en-tagtig lede vergroot en die Appèlhof van vyf tot elf vermeerder. Op hierdie manier het die regèring die wet suksesvol in 1956 deur die Parlement gevoer. In hierdie tyd het die Ned. Geref. Kerke op baie sinodes apartheid bespreek. Verskeie deputasies van die Ned. Geref. Kerk het die owerheid oor baie sake ontmoet maar nooit is die wyse waarop die regering opgetree het, bevraagteken nie!

Dr H.F. Verwoerd het as Minister van Naturellesake 'n kommissie, bekend as die Tomlinson-kommissie aangestel. Op 14 Mei 1956 is Die Verslag van die Kommissie vir Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika in die Volksraad behandel (Debatte van die Volksraad, Kolom 5569 - 5590:1956 Sentrale Staatsargief). Dr Verwoerd het as Minister van Naturellesake dit vanuit die verslag gestel dat 'n massa verstedeliking van swartmense in die jare wat volg gaan plaasvind. Sy groot kommer is wat gaan die blanke doen om nie verswelg te word nie? Die verslag stel dit dat landbouprojekte aangepak moet word, om swartes in trustgebiede te hou. Finansies moet ook in trustgebiede geïnvesteer word om ekonomiese groei te stimuleer. Die verslag stel voor dat

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit in die opvolgende tien jaar geïmplementeer word. Dr Verwoerd het dit gestel dat die regering dit nie kan aanvaar nie omdat jaarliks begroot word en geen regering 'n toekomstige regering in dié verband kan verbind nie.

Die verslag beveel ook aan dat blanke nywerhede in swartgebiede ontwikkel word. Dr Verwoerd het aangekondig dat die regering dit verwerp. Die redes daarvoor is onder andere dat blankes alleen in swartgebiede sal investeer met behulp van ekonomiese aansporingsmaatreëls. Verder sal dit die ideaal van apartheid, naamlik om blank en nie-blank te skei, verongeluk want al meer blankes sal na swartgebiede stroom. Dit sal integrasie tot gevolg hê, terwyl die regering se beleid skeiding is. Hierdie samewerking tussen blank en nie-blank is geskei op die vennootskapsidee en dit sal deurwerk na die res van "blanke Suid-Afrika". Dit is volgens dr Verwoerd totaal onaanvaarbaar (Debatte van die Volksraad, Kolom 5569-5590:1956, Sentrale Staatsargief). Een van die hoekstene van die kommissie se verslag, n ekonomiese ontwikkeling in die tuislande, is deur dr Verwoerd verwerp. Die ander elemente van die verslag wat voorsiening maak vir die tuislande is egter aanvaar (Samevatting van die verslag van die Kommissie oor die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika 1955:28). Na aanleiding van die verslag het die FAK, SABRA en die Gereformeerde Afrikaanse kerke 'n Volkskongres oor *Die Toekoms van die Bantoe in Suid-Afrika* gehou. Die kongres het vanaf 28 tot 30 Junie 1956 in Bloemfontein plaasgevind. Die Ned. Geref. Kerke het hulle positief uitgespreek oor die besluite van die Volkskongres. So byvoorbeeld het die Kaapse Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1957 ook gereageer (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1957:240 vv). Die Volkskongres het onder andere 'n meer uitgebreide implementering van 'n intensiewe apartheidsbeleid bepleit. Dr Verwoerd word geloof vir sy leiding, deursettingsvermoë en versiendheid wat betref die hantering van die naturelle-aangeleenthede (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1957:241).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die 1961 Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal is 'n besluit geneem wat hoofsaaklik ooreenstem met 'n besluit van die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke vroeër die jaar. Dit lui soos volg:

> *"Die H.E. Sinode onderskryf weer sy Skrifbeproefde beleid ten opsigte van afsonderlike ontwikkeling soos aanvaar op die Sinode van 1951 en herbekragtig ook die sinodes van 1954 en 1957 en maak hierdie beleid wêreldkundig saam met die Skrifgronde daarvoor"*

(Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1961:13).

Dié aanhaling som miskien die standpunt van die Ned. Geref. Kerke in hierdie tydperk tot 1961 die beste op!

## 2.4 SLOTBEOORDELING

Deurdat die Ned. Geref. Kerk apartheid vanuit die Skrif verantwoord het, het die kerk teologies-prinsipieel nie korrek met die Skrif omgegaan nie. Dit het 'n negatiewe wanklank tot gevolg gehad in die Ned. Geref. Kerk se profetiese boodskap. Hierdie optrede was betreurenswaardig.

Die Ned. Geref. Kerk het vanuit die perspektief van voogdyskap die nie-blankes benader. Volgens die beginsel van voogdyskap moet die hoër ontwikkelde volk (in die geval die blankes) verantwoordelikheid aanvaar vir die minder ontwikkelde volk, naamlik die nie-blankes. Nie-blankes moet tot mondigheid gelei word. Intussen moet die blankes besluit neem wat in die beste belang van die nie-blankes is.

Gedurende die vyftigerjare word 'n verskeidenheid statutêre wysigings aangebring om apartheid te implementeer. Die Ned. Geref. Kerk het die owerheid in hierdie pogings ondersteun.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die konstitusionele krisis toe die kleurlingstem op onetiese wyse verwyder is, was die Ned. Geref. Kerk stil gewees. Dit is baie jammer omdat die Ned. Geref. Kerk hierdeur sy profetiese verantwoordelikheid ontduik het.

Die Cottesloe-beraad het die Ned. Geref. Kerk groot skade aangerig. Die Ned. Geref. Kerk het homself op ekumeniese vlak vervreem. Die skade na die Cottesloe-beraad het in die jare wat gevolg het, net 'n groter afstand tussen die Ned. Geref. Kerk en ander kerke in die wêreld teweeg gebring. Binnelands was die Ned. Geref. Kerk ook versigtiger om politieke uitsprake te maak wat weer sy bydrae as ware profeet in die wiele gery het!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## DIE VOORTGAANDE SANKSIONERING VAN APARTHEID: 1962 - 1974

Pagina

3.1 Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1962 - 1974 ... 94

3.2 Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif ... 116

3.3 Die hantering van die apartheidsmaatreëls ... 122

- 3.3.1 Die Wet op verbod van gemengde huwelike en die Ontugwet ... 122
- 3.3.2 Die Groepsgebiedewet ... 127
- 3.3.3 Trekarbeid en instromingsbeheer ... 127
- 3.3.4 Onderwys ... 133
- 3.3.5 Werkreservering ... 134
- 3.3.6 Konstitusioneel ... 134

3.4 Slotbeoordeling ... 135

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

# DIE VOORTGAANDE SANKSIONERING VAN APARTHEID: 1962 - 1974

## 3.1 KERKLIKE BYEENKOMSTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 1962 - 1974.

Kerkeenheid was nog altyd 'n prioriteit vir die Ned. Geref. Kerk. Pogings tot die uitbou van ekumeniese betrekkinge in die resente tyd is 'n bewys daarvan. Daar is egter ook genoeg historiese getuienis. Hoewel die ongelukkige gebeure van die Hooggeregshof in 1862 kerkeenheid binne die Ned. Geref. Kerk belemmer het, was daar na die totstandkoming van die vier provinsiale Ned. Geref. Kerke 'n aktiewe soeke na eenheid. In die laaste gedeelte van die negentiende eeu het die soeke na kerkeenheid in Transvaal 'n opbloei getoon. Die Ned. Geref. Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk het vanaf die sewentiger jare van die vorige eeu nader gegroei. Die Gereformeerde Kerk het self gunstig oor kerkvereniging in April 1882 gereageer. Hulle het hulle egter later dieselfde jaar onttrek. Die Ned. Geref. Kerk en die Nederduitsche Hervormde Kerk het tussen 1885 tot 1892 verenig. Die verenigde kerk in Transvaal het as die Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk bekend gestaan (Van der Watt 1980:84-86).

Vanaf 1903 is daar aktief gewerk om die vier Ned. Geref. Kerke te verenig. In 1905 is baie naby aan kerkhereniging gekom. Sonder wysiging of algehele herroeping van Ordonnansie No. 7 van 1843, was dit wetlik onmoontlik om een Algemene Sinode tot stand te bring. Volgens ordonnansie No. 7 van 1843 is die Kaapse Kerk verhinder om sy sinodale verband wyer as die grense van die Kaapkolonie uit te brei. In 1905 het gerealiseer wat prakties haalbaar was, nl. 'n federasie van die vier Ned. Geref. Kerke, bekend as die Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke (Van der Watt 1980:218-219).

Vanaf 1953 het die Kaapse Sinode in die rigting begin werk om Ordonnansie No. 7 van 1843 afgeskaf te kry. Nadat kerkregtelike advies ingewin is, het die Kaapse Sinode in 1957 gevra dat bogenoemde wet

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



herroep word. Die kennisgewing van 'n private wetsontwerp het in die Staatskoerant gedurende Oktober en November 1960 verskyn. Dit het die weg gebaan sodat hierdie wetsontwerp sonder enige teenstem op 3 Maart 1961 in die Volksraad aangeneem is. Op 21 Maart 1961 het die Senaat dit goedgekeur. Die Goewerneur-generaal het die nuwe wetsontwerp, Wet No. 22 van 1961, op 27 Maart 1961 goedgekeur.

Hiermee het die groot struikelblok wat die Ned. Geref. Kerk vir byna honderd jaar verdeel het, verdwyn (Van der Watt 1987:11-13).

Volgens Van der Watt (1987:13) was alles nou gereed vir die konstituering van die eerste Algemene Sinode, nadat die onderskeie sinodes ook die konsepkerkorde met enkele wysigings aanvaar het en gedurende 1960-1961 formeel besluit het om toe te tree tot een algemene sinodale verband. 'n Voorbereidende vergadering met die oog op hereniging is op 24 Mei 1962 in Pretoria gehou. Honderd jaar nadat die Hooggeregshof in die historiese Loedolff-saak uitspraak ten gunste van die verbreking van een sinodale band gegee het, is die band op 11 Oktober 1962 te Kaapstad herstel. Die eerste Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk is gehou nadat die Raad van Kerke ontbind is.

Tydens die historiese Algemene Sinode van 1962 het 'n sterk bewoorde mosie gedien. Die mosie van die veronderstelling uit die menseregte en menslike gelykheid, liberalistiese gelykstelling, eiesoortige ontwikkeling en gesamentlike aanbidding vanuit die Heilige Skrif en belydenisskrifte beoordeel moet word. 'n Sterk verteenwoordigende studiekommissie moet by die volgende Algemene Sinode verslag doen. Die Sinode het die hele vraagstuk egter net na die kommissie vir Aktuele Vraagstuk verwys (Handelinge van die Algemene Sinode 1962:270).

Die Kaapse Sinode het egter reeds tydens die 1961 Sinode 'n tradisie gevestig om leiding te neem ten opsigte van rassekwessies, Daar is reeds in 1961 'n permanente kommissie vir rasse-aangeleenthede aangewys (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1961:8,46). Dit is egter duidelik dat die Ned. Geref. Kerk versigtig is om 'n dispuut in eie geledere te veroorsaak by hierdie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerste Algemene Sinode. Van die verslag van die studiekommissie insake rasseverhoudinge van die Kaapse kerk wat voor die Sinode dien, word net kennis geneem (Handelinge van die Algemene Sinode 1962:253). 'n Wye reeks sake is tydens die Ned. Geref. Kerk se Suid-Transvaalse Sinode van 1963 behandel. Die besluit wat soveel rimpelinge tydens die Cottesloe-beraad veroorsaak het en tydens die Transvaalse Sinode van 1961 veroordeel is, is weer bespreek (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:298).

Die hele kwessie van die vryheid om die Evangelie te verkondig is onder andere bespreek. Dit hang saam met die debat wat in 1957 groot spanning veroorsaak het, die sogenaamde Kerkklousule wat deur dr Verwoerd deur die parlement gevoer is. Tydens die Cottesloe-beraad word die Kerkklousule veroordeel omdat die vryheid om die Evangelie te verkondig as gevolg daarvan in die slag sou bly. Die Suid-Transvaalse Sinode het die volgende aanbevelings goedgekeur:

> *"U kommissie beveel aan dat die Sinode die besluit van die Algemene Sinode (Transvaal) bekragtig dat terwyl hy bly by sy beginselverklaring van 1957 (Acta 1957, bl. 488) dat hy tevrede is dat die wet in sy wese volkome vryheid van godsdiens en aanbidding toelaat. Die owerheid word egter gevra om verligting aan te bring in gevalle van ligvaardige beswaar teen bona fide kerkbesoek deur nie-blankes wat in blanke gebiede woon"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:319).

Die Sinode van Noord-Transvaal het dieselfde besluite van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal van 1961 ten opsigte van die Cottesloe-beraad behandel. Die Sinode van Noord-Transvaal het van die verslag: Vryheid om die Evangelie te verkondig, kennis geneem (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1963:546).

Uit hierdie besluit blyk dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk die standpunt van die owerheid onderskryf.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ander saak wat prominensie in hierdie verband dra, is die beginsel van differensiasie en eiesoortige ontwikkeling. Daar is reeds in 1961 tydens die Transvaalse Sinode besluit dat die sinode oortuig is dat die beginsel van differensiasie en eiesoortige ontwikkeling volgens die Heilige Skrif is. Die Kommissie vir Aktuele Sake het egter opdrag gekry om verslag te doen oor die kontrapolêre teendeel daarvan, naamlik koördinasie van die rassegroepe (Ned. Geref. Kerk van Transvaal 1961:386). Onder differensiasie en eiesoortige ontwikkeling verstaan hierdie kommissie die beginsel waarvolgens afsonderlike eiesoortige ontwikkeling van rasse en volkere erken, eerbiedig en bevorder word tot selfstandigheid op politieke, ekonomiese, maatskaplike en kerklike terrein, en wel so dat elke ras sy identiteit behou (Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:321). Die Sinode het egter besluit om dit te verwys na die Kommissie vir Aktuele Sake vir verdere bespreking (Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:540). Die Sinode van Noord-Transvaal het 'n besluit goedgekeur waarin die beginsel van eiesoortige ontwikkeling van grootliks verskillende rasse nie in stryd is met die Heilige Skrif nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1963:546).

Ds Beyers Naudé wat 'n ekumeniese studiekring sedert die vyftiger jare gelei het, was ontnugter met die gebeure tydens die Cottesloe-beraad. Die ekumeniese liggaam het Engelse Kerke betrek en in Mei 1962 die stigting van 'n eie ekumeniese tydskrif, *Pro Veritate*, begin. In Ned. Geref. kerkkringe het dit heftige reaksie uitgelok. Tydens die 1963 Suid-Transvaalse Sinode is die volgende besluit geneem:

> *"Die Sinode neem kennis van die bestaan, doel en werkmetode van die onafhanklike blad Pro Veritate. Vanweë die spanning en groepering wat ook deur hierdie blad bevorder word en die gevolglike gevaar daarvan vir die eenheid van die Kerk, raai die Sinode die lidmate en ampsdraers af om deel te neem aan die Pro Veritate-poging en versoek hulle om ons eie kerkblaaie te ondersteun"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:551).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Sinode het ook van 'n besluit kennis geneem waarin besorgdheid uitgespreek word oor die selfversekerde wyse waarop die skrywers van Pro Veritate die kontensieuse kleurvraagstuk hanteer en die gevaar van verwarring en 'n groter verdeeldheid wat dit vir die Dogter- en Moederkerk inhou (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:550).

Tydens die Sinode van Noord-Transvaal wat in April 1963 gehou is, is die saak van Pro Veritate ook bespreek. Die kerkraad van Lydenburg het beswaar gemaak teen die blad. 'n Ad hoc-kommissie is benoem om die saak te ondersoek. 'n Verslag van die kommissie het voor die Sinode gedien en die Sinode het die aanbevelings goedgekeur. Volgens die aanbevelings word dit betreur dat Pro Veritate deur sy verskyning die onrus in die kerk laat voortduur. Verder wil die Sinode leraars herinner aan 'n besluit wat in 1961 deur die Transvaalse Sinode geneem is. Volgens die besluit word veral leraars en hoogleraars van die kerk gemaan om eers te besin oor moontlike reperkussies voordat hulle geskrifte die wêreld instuur. Dit geld veral sake waaroor die kerk reeds 'n beleid neergelê het, soos byvoorbeeld rasse-aangeleenthede (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1963:392-393).

Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika is in Augustus 1963 gestig. Dr C.F.B. (Beyers) Naudé is in September 1963 as die eerste voltydse direkteur aangewys (Pro Veritate 18 September 1963). Volgens Lückhoff was daar dadelik kritiek uit Ned. Geref. Kerk geledere oor die Christelike Instituut (Studia Historiae Ecclesiasticae 1981:112). In 1966 is die Christelike Instituut verwerp as dwaalrigting omdat dit die suiwere leer ondermyn. Die goeie orde word ook in die kerk ondergrawe (Antwoord van die Christelike Instituut op die besluit van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk insake die Christelike Instituut soos geneem in Oktober 1966:1). Bogenoemde dokument stel dit dat hierdie besluit van die Ned. Geref. Kerk in wye kringe verbasing en teleurstelling uitgelok het. Op pagina 3 van dié dokument bevestig die Christelike Instituut dat hy nie die Ned. Geref. Kerk se funksie wil oorneem nie, maar net 'n vakuum wil vul waarby die Ned. Geref. Kerk nie by uitkom nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Lückhoff (1981:113) is die Christelike Instituut in 1972 na 'n ondersoek tot 'n geaffekteerde organisasie verklaar. Op hierdie wyse is alle buitelandse fondse van die Instituut afgesny. In Oktober 1977 is die Christelike Instituut tot 'n onwettige organisasie verklaar en senior ampsdraers waaronder Beyers Naudé ingeperk (Lückhoff 1981:113).

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het ontstaan vanuit die Christenraad van Suid-Afrika. Dit het gebeur in 1968 (Lückhoff 1981:105). In 1968 is 'n "Boodskap aan die Volk van Suid-Afrika" deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke bekendgestel. Dit het die Wêreldraad van Kerke se 1966-Genèvekonferensie oor "Church and Society" as basis gehad. Die Boodskap stel dit duidelik dat apartheid die wese van die kerk aantas omdat dit die werk van Christus ontken (Lückhoff 1981:107).

Die Christelike Instituut en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het in 1969 die SPRO-CAS verslag uitgebring. SPRO-CAS staan vir: Die Studieprojek oor Christendom in 'n Apartheidsamelewing. Die projek het ses fasette en oor die honderd studiegroepe in Suid-Afrika wat besin oor:

1. Onaanvaarbare beginsels en praktyke in die Suid-Afrikaanse opvoedingswese

2. Christelik-Nasionale Onderwys

3. Die implikasies van 'n verdeling van politieke mag in Suid-Afrika

4. Die maatskaplike magte onderliggend aan apartheid

5. Die uitwerking van apartheid op die lewe van die kerk

6. Trekarbeid en die grondslag in verband met die wet

(Pro Veritate 1969:5-6). Volgens Lückhoff (1981:109 het die kloof tussen die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Ned. Geref. Kerk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groter geword. Dit moet betreur word want hierdeur het die Ned. Geref. Kerk nie ag geslaan op die oproep tot biddende herbesinning oor die onderskrywing van apartheid nie.

Tydens die Vrystaatse Sinode van 1964 is 'n hele aantal sake goedgekeur' wat handel oor die Cottesloe-beraad. Die sake is bespreek omdat dit hul eerste sinode na die Cottesloe-beraad was. Die Moderatuur het op 17 Januarie 1961 besluit om 'n studiekommissie te benoem. 'n Aanbeveling wat gemaak is deur die studiekommissie en wat met dank van kennis geneem is in 1964, het die volgende ingehou: Dat die Raad van Kerke wat in Maart 1962 in Kaapstad vergader, moet aandring op die uittrede van die Transvaal en Kaapland uit die Wêreldraad van Kerke met die oog op die vereniging van die Ned. Geref. Kerke in een sinodale verband (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 1964:46,305).

Die 1964 Vrystaatse Sinode het ook met dank kennis geneem van die verklaring van die Algemene Sinodale kommissie van die Ned. Geref. Kerk wat op 22 Februarie 1961 na aanleiding van die Cottesloe-beraad uitgereik is. Daarin word aandag geskenk aan die verhouding tussen kerk en staat, die praktiese toepassing daarvan en weer eens 'n dringende versoek wat tot die Ned. Geref. Kerke van Transvaal en Kaapland gerig word om uit die Wêreldraad van Kerke te tree. Onder die praktiese toepassing word die volgende gestel:

> *"Die Boerevolk het in die loop van sy geskiedenis 'n sekere roepingsbewussyn ontwikkel. Gelowige besinning oor die beskikkinge van God oor hom het hom laat besef dat hy die draer van die Christelike beskawing aan die suidpunt van Afrika moes wees. En hy was oortuig dat hy aan hierdie roeping kon beantwoord, alleen as hy sy identiteit bewaar. Daarom staan hy vierkantig teen vermenging met inheemse rasse en die asiaat. Daarom was hy altyd 'n voorstander van wetgewing teen gemengde huwelike. Daarom bepleit hy vandag nog apartheid. En blank sowel as nie-blank behoort die Here te dank dat Hy hierdie insig en oortuiging in die harte van ons vaders gewerk het, anders*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *het die blanke waarskynlik al verdwyn met groot verlies vir die Christendom - godsdiens, evangelisasie, sending, kultuur, blankebeskawing ens. - en derhalwe ook met groot verlies vir die nie-blanke"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 1964:53).

Tydens die 1964 Vrystaatse Sinode is 'n verslag oor rasse-aangeleenthede behandel. Die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. (1964:352-356) het besluit dat die Ned. Geref. Kerk se beleid van eiesoortige ontwikkeling wel deeglik rekening hou met die eise van die Skrif.

Die 1965 Sinode van Kaapland het 'n lywige dokument van hul kommissie van rasse-aangeleenthede bestudeer. Die dokument het uit agt rapporte bestaan.

Die eerste rapport handel oor: *Ras, volk en nasie in die Lig van die Skrif*. Hierin word 'n prinsipiële uiteensetting van die ontstaan van volke vanuit die Skrif gegee. Daar word na Deut 32:8 verwys en gesê dat dit blyk dat die lotgevalle van die volke nie buite die wil en ingryping van God bestaan het nie: by geleentheid het Hy aan elkeen sy eie gebied toegewys en dat hierdie proses in die voorsienige bestel van God die gang van die geskiedenis tot die einde toe begelei. Die verskeidenheid onder die volke sluit veral as vlug van die sonde, ook 'n onderskeid in ontwikkeling en die beskawings-mondigheid in (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:195).

Christelike voogdyskap word by hierdie benadering ingesluit. Rapport 1B is die opsomming van Rapport 1A en is deur die 1965 Kaaplandse Sinode goedgekeur. Die volgende word gestel:

> *"Die verskeidenheid van volke bring 'n onderskeid mee in ontwikkeling en beskawings-mondigheid, en hier kom die gedagte van Christelike voogdyskap ter sprake. Onder laasgenoemde word verstaan die roeping van 'n Christelike volk om in waaragtige naasteliefde die onontwikkelde volke*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*met wie hulle onder die alwyse en voorsienige bestel van God in aanraking kom, uit en ooreenkomstig die Heilige Skrif te onderrig en hulle, namate die besondere genade en openbaring ingang vind in hul harte en korrigerend en verhelderend op hulle inwerk, mettertyd (dit wil sê, met inagneming van die tydsverloop wat noodsaaklik is vir sodanige stoflike rehabilitasie en geestelike wasdom in volle organiese lewensverband) tot volwaardige kultuur-ontplooiing in ooreenstemming met hulle eie-aard en tot staatkundige selfstandigheid te lei".*

Probleme wat sodanige oorgangstydperk tot mondigwording meebring, sal steeds in die lig van die Skrif opgelos moet word.

Die enkelinge uit die minderbevoorregte groepe wat bo die niveau van die massa uitstyg sal deur die voog met waardigheid behandel moet word, sonder dat hulle uit hul eie volksverband losgemaak word (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:196).

Rapport 2 handel oor gemengde huwelike en Rapport 3 oor die kerk en kerklike verhoudinge. Rapport 4 handel oor die kerk en die staat met betrekking tot bevolkingsverhoudinge. Hierin word die rol en die funksie van die kerk en van die staat uitgespel volgens die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Volgens die rapport het die kerk die volgende verantwoordelikheid tot die politiek:

*"(a) Voorbidding (1 Tim 2:1-4; Op 8:3-5), want in die gebed regeer ons met God;*

*(b) Sielesorg aan die lidmaat wat keiser en owerheids-persoon is;*

*(c) Duidelike Skrifbeginsels moet in die prediking na vore gebring word;*

*(d) Verdere openbare profetiese optrede, waar die kerk in sy amptelike vergaderinge, deur middel van sorg-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *vuldige voorbereide uitsprake, herderlike briewe 'n volk tot gehoorsaamheid aan die gebooie en geloof in die beloftes van God oproep"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:216).

Rapport 5 handel oor kerk en maatskappy. Hierin word die volgende gestel:

> *"As Christene is ons lewe dubbelsinnig op 'n vreemde wyse. Ons besit 'n dubbele burgerreg: 'n Hemelse en 'n aardse. Reeds hier moet ons as Burgers van die Nuwe Ryk lewe, want reeds hier is ons Hemelse burgerskap 'n werklikheid. Ons glo aan 'n Ryk van Geregtigheid: daarom kan ons nie onverskillig staan teenoor al die ongeregtighede en onregverdighede van hierdie wêreld nie. Ons glo aan 'n Ryk van Vrede: daarom kan ons nie onverskillig staan teenoor maatskaplike en rassekonflikte nie. Dit beteken prakties en konkreet dat ons nie afsydig kan staan teenoor maatskaplike probleme wat volg op sulke dinge soos trekarbeid, ontoereikende lone, ongeskikte wonings, agitasie en sabotasie nie. Ons is egter bewus daarvan dat hierdie probleme in hierdie bedeling nooit finaal opgelos kan word nie en dat ook ons beste maatskaplike 'prestasies' slegs 'n floue 'teken' van die eschatologiese heerlikheid kan wees"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:219).

Die vraag word gevra wat die kerk beoog ten opsigte van die maatskappy? Die Rapport se antwoord is duidelik:

> *"Hy mag ook in die lig van die verwikkeldheid van 'n maatskappy waarin verskeie rasse saamleef - nie slegs dan in die openbaar optree as dit gaan om religieus-etiese vraagstukke soos lotery, drankmisbruik, ens. nie, maar sal ook, indien nodig, sy stem moet laat hoor ten opsigte van politiek-maatskaplike vraagstukke en wetgewing soos werk-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *reservering, trekarbeid, ens. Die Kerk weet immers dat die oplossing van die eersgenoemde (religieus-etiese) vraagstukke wesenlik by die Kerk self gesoek moet word en eerder deur die woordverkondiging as deur staatswette reggestel kan word. Daarom sal die Kerk moet waak daarteen om nie sy proteste ten opsigte van die religieus-etiese vraagstukke te gebruik - ook al is dit onbewustelik - as verontskuldiging vir die feit dat hy in gebreke bly om ten opsigte van ander (die politiek-maatskaplike) te getuig nie"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:221).

Rapport 6 handel oor trekarbeid. Rapport 7 handel oor bevolkingsverhoudinge en die gesinslewe van die nie-blanke bevolkingsgroepe en Rapport 8 oor Kommunisme in Suid-Afrika.

Deur leiding te neem oor rasse-aangeleenthede, het die Kaapse Ned. Geref. Kerk 'n groot bydrae gelewer in die debat oor die uiters sensitiewe saak. Die 1965-verslag het die basis gevorm van die bekende kerklike dokument *Ras, volk en nasie* wat in 1974 verskyn het. Tydens die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk van 1966, was die dokument 'n belangrike saak op die agenda.

Rapport 1 is in hoofsaak goedgekeur behalwe enkele paragrawe wat vir verdere tempering terugverwys is. Die Rapport handel oor: Menslike verhoudinge prinsipieel in die Lig van die Skrif. In die 1965-rapport het daar enkele dele in B-rapport verskyn wat 'n opsomming van die A-rapport was. Die Algemene Sinode het aan die einde van elke rapport 'n aanbeveling geplaas wat elemente van die opsomming bevat het. Rapport 1 het gevolglik 12 van die 18 punte aan die einde as aanbeveling gestel (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1966:86-91, 514).

Rapport 2 handel oor gemengde huwelike. Agt van die twaalf punte is deur die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1966 aanvaar. Die ander vier punte is na die ad hoc-kommissie terugverwys (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1966:91-95, 515).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Rapport 3 handel oor die kerk en kerklike verhoudinge. Afdeling A wat handel oor die kerk van Christus onder die volkere, Afdeling B wat handel oor die historiese agtergrond van die ontstaan van die inheemse Ned. Geref. dogterkerke in Suid-Afrika en Afdeling E wat handel oor die uitbouing van die aanvaarde beleid van afsonderlike selfstandige inheemse kerke, is volledig goedgekeur. Daar is kennis geneem van Afdeling C wat oor die drie Afrikaanse kerke en bevolkingsverhoudinge handel. Afdeling D wat oor die verhouding van die moeder- en dogterkerke handel is goedgekeur, behalwe paragraaf 46 wat terugverwys is. Afdeling F handel oor 'n gesamentlike besinning tussen die Ned. Geref. Kerk en ander Protestantse Kerke in Afrika oor bevolkingsverhoudinge. Hieronder is kennis geneem van die geskiedkundige agtergrond en is die beleidsrigtings oor die toekoms goedgekeur (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1966: 99-120, 515).

Rapport 4 handel oor menslike verhoudinge in die maatskappy en word spesifiek aandag gegee aan kerk en maatskappy. Afdeling A gee aandag aan kerklike naasteliefde in maatskaplikeverhoudinge. Afdeling B handel oor die roeping van die kerk teenoor die gedifferensieerde samelewing. Die heel eerste punt in hierdie afdeling is bygevoeg en kom nie in die stukke van die 1965 Kaapse Sinode van die Ned. Geref. Kerk voor nie.

> *"Die Kerk van Christus het dus 'n roeping teenoor die maatskappy. Waar Gods roepstem verneem en op die goddelike verkiesing in Jesus Christus geantwoord en die heerskappy van Christus in die lewens van mense aanvaar en erken word, daar is ekklesia, die Kerk van Christus. Die lidmate van die Kerk leef hulle geloof uit in die bewussyn dat hulle begenadigdes en bevrydes, verligtes en geheiligdes, en erfgename van die ewige lewe is. Van hulle word verwag dat geloof, hoop en liefde kragtige werklikhede in hulle lewe sal wees wat ook in hulle optrede teenoor die 'ander' rigtinggewend sal wees"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1966:122).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Afdeling C word die kerktaak teenoor die staatlike maatskappy bespreek. Eerstens word aandag aan begrensing teenoor die owerheid gegee en daarna word die ware taak van die kerk teenoor die staat behandel. Die rapport is volledig goedgekeur maar soos in die geval van die ander rapporte is die aanbevelings na 'n ad hoc-kommissie verwys vir verdere besinning (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1966:120-130, 516).

Rapport 5 handel oor: Trekarbeid in Suid-Afrika. Die beginsel daarvan is deur die Algemene Sinode goedgekeur maar die praktiese toepassing daarvan is na 'n ad hoc-kommissie verwys vir verdere besinning (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref Kerk 1966:130-136, 516).

Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk van 1966 het dus in beginsel die besluite wat in 1965 tydens die Kaapse Sinode geneem is goedgekeur. In teenstelling met die vroeë vyftigerjare, toe gepoog is om apartheid ten alle koste Skriftuurlik te begrond, vind 'n mens die proses van wegbeweeg daarvan. Skriftuurlike gronde word meer getemperd aangebied ter ondersteuning van apartheid. Apartheid word wel sterk onderskryf op praktiese gronde. Die feit dat alle aanbevelings terugverwys is na ad hoc-kommissies is 'n bewys dat die 1966 Sinode besef het dat hulle nie finale antwoorde het wat hierdie saak permanent kan afhandel nie. Die wêreldsituasie, die opkoms van die Derde Wêreldlande in die internasionale gemeenskap en verskil van mening vanuit internasionale kerke en ekumeniese liggame het hierdie saak net té kompleks gemaak om finale standpunte te probeer stel.

Die Sinode van Suid-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk het in 1968 aandag aan differensiasie en eiesoortige ontwikkeling gegee en beslis dat dit in harmonie met die Skrif is:

> *"Verdeeldheid van volke met hulle onderskeie identiteite is geen toevalligheid of sondige beterweterigheid nie, maar die Godsgehoorsame ontsluiting van 'n skeppingsbeginsel. Differensiasie in al sy vorme, volkere-,*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *ekonomiese, kulturele-, staatkundige-, kerklike of watter ander vorm ook al bly grondwetlike eis vir ontwikkeling, beskawingsontwikkeling. Die 'vrugbaarheid' van die mens en die kultuuropdrag van 'onderwerping' is die ware voedingsbron van die differensiasieproses. God het die verskeidenheid sowel as die hele ontsluitingsproses gewil: Toe die Allerhoogste aan die nasie 'n erfdeel gegee het, toe Hy mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel (Deut 32:8) en Hy het die veelheid in die gedifferensieerde werklikheid beplan (Hand. 17)"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1968:415).

Die Suid-Transvaalse Sinode het na aanleiding van bogenoemde Skrif-uitgangspunt tot die volgende konklusie gekom wat hulle plaas onder die opskrif: Die enigste antwoord:

> *"Differensiasie met sy lewenskragtige beginsel van eie-soortige ontwikkeling is die enigste ware Christelike antwoord aan 'n verwarde wêreld wat aan die Liberalisme en Anti-Christelike Kommunisme slaafs gehoorsaam en diensbaar geword het; 'n slaafse diensbaarheid wat die godsdiens inspan om die kleurpolitiek op internasionale vlak vrugbaar te maak. Nasionale selfbehoud en Christelike vryheid is die enigste antwoord aan die nasionalistiese vryheidsgeroep van die Afrika-solidari-teitstrewe en die imperialistiese materialisme, die afbrekende en niksbehoudende liberalisme en gevaarlike indifferentisme. Die Skriftuurlike beginsel van differensiasie nasionale selfbehoud en die bewaring van eie-kultuur, bodem en identiteit is die enigste ware opheffing wat die gekerstende nie-blanke van 'n voortdurende knegskap sal red"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1968:419-420).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die Kaapse Sinode van die Ned. Geref. Kerk van 1969 is daar kennis geneem van die verslag van die kommissie vir die studie van rasse-aangeleenthede. Veral gemengde huwelike en trekarbeid is belig (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1969:27-28; 193-196).

Die logiese afleiding wat gemaak kan word na die 1966 Algemene Sinode, is dat die belangrike dokument oor rassesake tydens die Algemene Sinode, 1970, 'n finale beslag sou vind.

Die verwagting wat in hierdie opsig aan die 1970 Algemene Sinode gestel is, het geensins tot sy reg gekom nie. Dit was gevolglik 'n fase waarin daar nie duidelik standpunt ingeneem is nie. Die 1965 Kaaplandse Sinode het dit as hoogste prioriteit beskou om aan die rassekwessie aandag te gee. Hul ywer is geprojekteer op die 1966 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Daar is 'n paar moontlike redes waarom daar so voete gesleep is na 1966: Die eerste moontlikheid is dat die kerk die standpunt gehuldig het dat hulle in die verlede reeds duidelik standpunt ingeneem het. Die tweede moontlikheid was dat hul van standpunt begin verander het sonder dat hulle dit wou erken of sonder dat hulle dit self besef het. Die derde moontlikheid was dat die verhouding tussen die Ned. Geref. Kerk en regering so in harmonie was, dat hulle geen druk ervaar het om duidelike nuwe riglyne te formuleer nie. In die evaluerende hoofstuk sal die antwoord op bogenoemde vraag duidelik na vore tree. Wat wel duidelik na vore tree is dat die 1970 Algemene Sinode die saak feitlik op dieselfde wyse hanteer as wat in 1966 tydens die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gebeur het. Die Algemene Sinode het die Moderatuur versoek om 'n verteenwoordigende ad hoc-studiekommissie te benoem om 'n omvattende en diepgaande studie te maak van die rasse- en ekumeniese vraagstukke veral soos dit Suid-Afrika en die Ned. Geref. Kerk in die besonder raak.

Die opdrag aan die ad hoc-studiekommissie sluit onder andere in:

> *"1. Die verhouding tussen die Moeder- en die dogterkerke;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. *Beleidsverklaring van die Ned. Geref. Kerk insake rasse-aangeleenthede wat van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. ontvang is tydens die 1966 Sinode;*

3. *Die verslae en aanbevelings van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van Grand Rapids en Lunteren;*

4. *Die brief wat van die Moderamen van die Gereformeerde Kerk van Nederland ontvang is;*

5. *Die verslae van die All Africa Conference of Churches;*

6. *Die verslae van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke van Frankfurt 1964 en Nairobi 1970;*

7. *Die verslae van (a) Die ad hoc-kommissie van die Raad van Kerke van 1957 en (b) van die Algemene Sinode van 1966;*

8. *Die verslae van die Sinodale studiekommissie wat voor die Kaapse Sinode van 1969 gedien het oor die rassevraagstuk en oor ekumeniese aangeleenthede;*

9. *Die verslag van die Kommissie oor gemengde huwelike wat deur die Breë Moderatuur benoem is;*

10. *Die verslag oor trekarbeid, onderlinge en ekumeniese verhoudinge;*

11. *Die jongste tendense by sommige ekumeniese instansies oor geweld, revolusie, horisontalisme, ens.;*

12. *Die kontemporêre situasie in Suid-Afrika ten opsigte van rasse- en ekumeniese aangeleenthede."*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verdere prosedure sal hierna deur die ad hoc-studiekommissie gevolg word:

*"1. Die Studiekommissie sal gevra word om sy verslae so spoedig moontlik te voltooi met rapport van voortgang aan die Breë Moderatuur;*

*2. Hierdie verslae sal in oorleg met die Breë Moderatuur en die ASSK gefinaliseer word;*

*3. hierna sal die verslag as basis van bespreking, in volgorde, dien by:*

*3.1 Die Federale Raad van Kerke;*

*3.2 Die Suid-Afrikaanse lidkerke van die G.E.S. indien tot sodanige vergadering besluit word;*

*3.3 Samesprekings met ander Ekumeniese instansies indien hierdie sinode in beginsel daartoe besluit;*

*3.4 Met rapport aan die volgende sinode"*
(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1970:786).

Die opdrag aan die ad hoc-studiekommissie was beslis geen maklike taak nie. Enersyds moes besin word oor die Skriftuurlike gronde van apartheid (iets wat tot op hierdie stadium gehandhaaf is). Andersyds moes die standpunt oor sake soos gemengde huwelike en trekarbeid opnuut geformuleer word. Daar is reeds tydens die 1966 Algemene Sinode opnuut weer na hierdie komplekse sake gekyk. Die verslae wat tydens die 1970 Algemene Sinode behandel is, is oorgedra na die 1974 Algemene Sinode. In die praktyk was die 1970 Algemene Sinode dus 'n groot teleurstelling omdat daar geen beleidsbesluit oor die rassekwessie geneem is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die logiese aanname wat gemaak kan word na die 1970 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, is dat die streeksinodes tussen 1970 en 1974 nie veel aandag aan die rassekwessie sou bestee het nie. Die rede hiervoor is heel motiveerbaar omdat die ad hoc-studiekommissie besig was om die saak indringend te ondersoek en volledig moes verslag doen tydens die 1974 Algemene Sinode.

'n Vraag wat ontstaan het was wat die bydrae van 'n rolspeler soos die Afrikaner-Broederbond was. Die Afrikaner-Broederbond was deurlopend besig met die saak van die Afrikaner. Die organisasie is in 1918 in Johannesburg gestig. Volgens Geldenhuys (1982:22) was die uitsluitlike doel vir stigting van die organisasie gewees om Afrikanerbelange in die vreemde atmosfeer van die groot stad te bevorder. Daarom was dit byna vanselfsprekend dat die predikant as gemeenskapsleier sou inskakel by die Afrikaner-Broederbond om sodoende volksbewussyn onder Afrikaners aan te wakker.

Die Verslag van die Kommissie van ondersoek na Geheime Organisasies (1965:4-10 Sentrale staatsargief: Pretoria) het ook aandag aan die Afrikaner-Broederbond gegee. Daarin word dit gestel dat die Afrikaner-Broederbond nie 'n politieke organisasie is nie. Dit is wel 'n volksorganisasie wat aangeleenthede van die politieke terrein byvoorbeeld onderwys en apartheid bestudeer. Die Bond word gevolglik beskou as 'n Afrikanerdiensorganisasie wat fokus op die Afrikanervolk as 'n aparte, Protestants-Christelike, taal- en kultuurgemeenskap. Die Afrikaner-Broederbond hou hom besig met dit wat op 'n gegewe moment vir die Afrikaner belangrik is en wat 'n invloed op die Afrikanerkultuur kan hê.

Die Afrikaner-Broederbond is opgedeel in klein beraadslagende groepies landswyd. Mans bo 25 wat Afrikaanssprekend is, 'n lidmaat van een van die drie Afrikaanse kerke is en nie lid van 'n ander geheime organisasie is nie, kwalifiseer vir lidmaatskap (Verslag van die Kommissie van ondersoek na Geheime Organisasies 1965:5).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Strydom en Wilkins se "The Super Afrikaner" het in 1978 verskyn en bevat onder andere 'n lys van lede van die Afrikaner-Broederbond. Hoofstuk sestien handel oor "The Struggle for the Churches". In die publikasie word die bewering gemaak dat ongeveer veertig persent van Ned. Geref. Kerk predikante aan die Afrikaner-Broederbond behoort het (Strydom en Wilkins 1978:307).

'n Redelike vraag sou wees om te vra na die invloed van predikante van die Ned. Geref. Kerk wat lede van die Afrikaner-Broederbond is. Na binne die organisasie, behoort die groot groep predikante teologiese diepte na vore gebring het. Dit behoort 'n bydrae te kon lewer dat daar beter Skriftuurlik in die soeke na kultuur, volk en diensbaarheid omgegaan is. Vanuit hierdie bydrae kon 'n organisasie soos die Afrikaner-Broederbond beter sy bydrae na die samelewing opskerp.

Hierteenoor kon die gevaar bestaan dat veertig persent Ned. Geref. Kerk predikante as lede van die Afrikaner-Broederbond op sleeptou geneem word. Hulle kan in so 'n geval verstrik raak met volk, kultuur en apartheid dat hulle profetiese verantwoordelikheid vanuit die Skrif in die slag gebly het.

Tydens die Ned. Geref. Sinode van Natal in 1971 is daar van die verslag van Sabra kennis geneem. Die tema van die tweejaarlikse kongres wat van 5-7 Augustus 1970 plaasgevind het was: "Tuislandontwikkeling - 'n Program vir die Sewentigjare" (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Natal 1971:97, 443).

Nog 'n saak wat tydens die Natalse Sinode van 1971 groot reaksie uitgelok het, was die aksie van die Wêreldraad van Kerke om bevrydingsbewegings in Suid-Afrika moreel en finansieel te ondersteun. Dit was deel van 'n besluit wat in 1968 geneem is as deel van die Wêreldraad van Kerke se "Program to combat racism". Die Natalse Sinode het die volgende besluit goedgekeur:

> *"Die Sinode van Natal het met groot teleurstelling en verontwaardiging kennis geneem van volgehoue en groeiende*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*finansiële en morele steun van die Wêreldraad van Kerke aan die gedagte van revolusionêre optrede en aan persone en instansies wat betrokke is by die een of ander terroristebedrywighede teen die Republiek van Suid-Afrika en sy mense, blank en nie-blank, en dit ten spyte van broederlike verduideliking en sterk bewoorde proteste van die kant van die Ned. Geref. Kerk"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Natal 1971:432).

In 1971 is daar 'n kommissie vir skakeling met die owerheid in die lewe geroep. Dit bestaan uit verteenwoordigers van die onderskeie sinodale sendingkommissies van die Ned. Geref. Kerk, die sendingsekretarisse van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk sowel as verteenwoordigers van die Ned. Geref. Kerk in Afrika. Die dagbestuur bestaan uit vier lede.

Die instelling van so 'n kommissie was 'n baie positiewe stap. Die doel van die Kommissie vir skakeling met die Owerheid is tydens die 1972 Sinode van Noord-Transvaal as volg uiteengesit:

*"In 'n veelrassige land soos ons eie is dit begryplik dat daar soms wrywings- of knelpunte kan ontstaan. Hierdie kommissie van die Ned. Geref. Kerke skep egter die geleentheid om elke saak deeglik te ondersoek en, waar nodig, onder die aandag van die owerheid te bring. Die Kommissie is steeds deur die betrokke ministers en departementele hoofde met hoflikheid ontvang. Vir baie is onmiddellike oplossings gevind. Ander sake vereis langdurige besinning en beplanning"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1972:729).

Tydens die samesprekings tussen die genoemde kommissie en die owerheid is 'n groot verskeidenheid onderwerpe aangeroer. Van die belangrikste onderwerpe was:

*"1. Swartskole in blanke gebiede;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. *Opgradering van plaasskole;*

3. *Keusevakke vir hoërskole;*

4. *Verpligte onderwys;*

5. *Oorhandiging van hospitale en newedienste aan die sentrale regering;*

6. *Erkenning van barmhartigheidsdienste van die Ned. Geref. Kerk in Afrika;*

7. *Subsidies vir kinderhuise;*

8. *Aanwas van stedelike woonbuurtes;*

9. *Isolasie van verhoorafwagtendes en korttermyn gevangenis;*

10. *Trekarbeid;*

11. *Oprigting van 'n Christelike universiteit;*

12. *Om erkenning te verkry vir die Ned. Geref. Kerk in Afrika se swartliggaam wat permanente eiendomsreg beset;*

13. *Koshuisfasiliteite in Tuislande;*

14. *Bevestiging van swarthuwelike en aanstelling van huweliksbevestigers;*

15. *Hervestigingskemas;*

16. *Ontwikkeling van swartdorpe en nuwe werksgeleenthede;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*17. Uitskakeling van dubbele belastings; en*

*18. Garagedienste"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1972:729-730).

Die volgende aanbevelings in verband met bogenoemde saak is deur die Sinode goedgekeur:

> *"Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid en versoek gemeentes om van die dienste van hierdie kommissie van die Kerk gebruik te maak vir ondersoek en onderhandelinge wanneer ernstiger of vermeende knelpunte tussen rassegroepe mag ontstaan. Langs hierdie weg kan tydig en ordelik opgetree word om moontlike spanninge te voorkom en kan daar positief gewerk word in belang van harmoniese saambestaan tussen volksgroepe in ons gemeenskaplike vaderland"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1972:730, 1218).

Die 1974 Algemene Sinode word algemeen beskou as een van die Ned. Geref. Kerk se hoofbakens in die twintigste eeu. Tydens die 1974 Algemene Sinode is die rassesituasie geherevalueer. Na die dispuut oor die Skriftuurlike gronde van apartheid in die laat veertiger en vroeë vyftiger jare en die Cottesloe-debakel moes die Ned. Geref. Kerk nuwe standpunte formuleer. Die Ned. Geref. Kerk het ook al hoe meer in ekumeniese konteks 'n nuwe standpuntinname nodig gehad. Na die uittrede uit die Wêreldraad van Kerke in die vroeë sestiger jare was die internasionale ekumene meer beperk. Die Suid-Afrikaanse regering het ook sedert die laat sestiger jare onder geweldige internasionale druk gekom. Hulle moes hul beleid van apartheid her-evalueer en daar is ook gelet op die Ned. Geref. Kerk se standpunt in dié verband. Binne die Ned. Geref. Kerk was die 1974 Algemene Sinode 'n kulminasiepunt van 'n ondersoek oor die rassekwessie wat vanaf 1965 ondersoek is deur studiekommissies. Die 1974 Algemene

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sinode het 'n brondokument goedgekeur, *Ras, Volk en Nasie* en *Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, wat nuwe kleur aan die Ned. Geref. Kerk se rassestandpunt gegee het.

## 3.2 RAS, VOLK EN NASIE EN VOLKEREVERHOUDINGE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

Die werk bestaan uit 102 bladsye en ses hoofstukke. In die inleiding word genoem dat ongeveer 42% van blanke persone aan die Ned. Geref. Kerk behoort. Die Ned. Geref. Kerk het as gevolg van sy sendingsake veertien jonger kerke tot stand gebring met 1 640 367 nie-blankes wat deel is van die Ned. Geref. Kerk. Daar is dus meer nie-blankes as blankes wat aan die kerk behoort. Die motief en relevansie van die werk word soos volg aangedui

> *"Die Kerk is intiem betrokke by die staatkundige ontwikkeling van ons land. Die Kerk het voortdurend aandag gegee aan die eise van die Woord van God in ons besondere situasie. Opeenvolgende kerklike kongresse en sinodale vergaderinge het aandag aan hierdie sake gegee. Vanaf die dertiger jare van die twintigste eeu het die kerk voortdurend sy stem laat hoor oor die Christelike implikasies van 'apartheid', 'afsonderlike ontwikkeling', 'eiesoortige ontwikkeling' of hoe die heersende politieke denke ook van tyd tot tyd die probleme van ons veelvolkige land benader het. Die rapport wat hiermee aangebied word is die resultaat van die besinning, denke en oortuiginge wat in die Ned. Geref. Kerk lewe oor die verhoudingsprobleme in die veelvolkige land, gesien vanuit die ewig en onveranderlike norme van die Woord van God"*

(Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 1975:3-4).

In die inleiding word dit gestel dat vetgedrukte dele van die verslag besluite van die 1974 Algemene Sinode reflekteer. Die Algemene Sinode het bloot kennis geneem van die nie-vetgedrukte dele en dit is na die Breë Moderatuur verwys vir finale formulering.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hoofstuk 1 word algemene opmerkings gemaak en bestaan uit veertien paragrawe. In paragraaf 1 word gewys op die noodsaaklikheid van voortgesette besinning. Dit word gestel dat die kerk homself nie veroorloof om die besinning oor rasse- en volkereverhoudinge op 'n gegewe moment as afgehandel beskou nie. In paragraaf 2 word dit gestel dat die Woord van God die uitgangspunt en norm is. Paragraaf 5 beskryf die Rapport se hermeneutiese uitgangspunt. Dit is vir hierdie studie van besondere belang om hierdie hermeneutiese sleutel te toets. Sodoende kan die Ned. Geref. Kerk se standpunt deurlopend geverifieer word.

> *"Die Bybel moet verklaar word volgens erkende gereformeerde, wetenskaplike hermeneutiese beginsels in ooreenstemming met sy eintlike bedoeling en is nie 'n wetenskaplike handboek vir empiriese sosiologie of volkekunde nie.*
>
> *Die Skrif moet nie biblisties gebruik word nie, maar tekste moet in hulle verband en in samehang met die geheel van die openbaringsgeskiedenis verklaar word.*
>
> *Alhoewel die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek is nie bied dit tog fundamentele gegewens en beginsels wat vir alle lewensterreine normatiewe betekenis het, ook vir rasse- en volkereverhoudings.*
>
> *In sy hantering van die Skrifgegewens sal die kerk hom voortdurend bewus moet bly van die sentrale tema van sy prediking, te wete, die verkondiging van die weg van heil in Christus en die koms van die Koninkryk van God en sal hy die norme moet aantoon en aanprys op alle lewensterreine wat met hierdie tema ooreenstem. Die kerk het aan die ander kant 'n profetiese funksie ten opsigte van staat en maatskappy, wanneer die Skrifnorme wat op alle lewensterreine moet geld, nie eerbiedig word nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *In die uitoefening van hierdie funksie moet die kerk teen twee uiterstes waak: teen 'n gebrek aan die een kant aan durf en aan die ander kant aan diskresie. Die kerk mag hom nie deur aanpassing sy vrymoedigheid laat ontneem nie, maar hy mag nie sonder pastorale bewoënheid en begrip optree nie"*

(Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 1975:8-9).

Dit wil voorkom asof die Ned. Geref. Kerk baie duidelik teoreties geweet het wat van hom verwag word. Die vraag wat na vore tree is of dit nie verswarend inwerk as die Ned. Geref. Kerk geweet het wat om te doen en sekere sake in die praktyk agterweë gebly het nie?

Paragraaf 6 tot 11 handel oor die Skrifgegewens van die Ou Testament. Skrifgegewens van die Nuwe Testament word behandel van paragraaf 12 tot 14.

Hoofstuk 2 handel oor: Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumeniese. Paragraaf 15 tot 22 beskryf in hoofsaak wat die kerk is. Paragraaf 23 stel dit dat 'n volk en volkeverskeidenheid in diens van die koninkryk van God staan. In paragraaf 24 tot 30 word elemente van kerk en volk aangespreek. Vanaf paragraaf 32 word die beginsels van eenheid van die kerk aangetoon. Paragraaf 33 poog om aan te toon dat die eenheid van die kerk sigbaar en onsigbaar is. Tog word dit duidelik deur Skrifbewyse aangetoon in paragraaf 34 dat die Skrif na sy wese, ten spyte van en te midde van alle verskille onder mense, net één kerk van Christus in die wêreld ken. Tot paragraaf 42 en 43 word horisontalisme en die horisontale dimensie van die kerk se werk beoordeel. Dit word as 'n algemene tendens in die ekumeniese denke beskryf. Hoofstuk 2 word afgesluit met die afwysing van die teologie van rewolusie.

Hoofstuk 3 handel oor die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid. Paragraaf 46 handel oor 'n prinsipiële uitgangspunt. Die eerste punt handel oor Bybelse grondbegrippe. Hierin word verklaar dat die Skrif die onderlinge verhoudinge moet bepaal. Punt 2 handel oor die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



taak van die kerk en word afgesluit met die belangrike opmerking dat die kerk in sy verkondiging lidmate moet oproep om op maatskaplike en politieke terrein die beginsel van die ryk van God deur te voer. Punt 3 stel dit dat die kerk 'n versoenende boodskap die wêreld moet instuur. Die kerk mag egter nie agter 'n populêre mening skuil wat nie Skriftuurlik verantwoord kan word nie. Punt 4 handel oor Skriftuurlike naasteliefde. Die volgende stelling word in dié verband gemaak:

> *"Die opdrag tot die Skriftuurlike naasteliefde is die beslissende norm vir die beoefening van alle maatskaplike geregtigheid. Hierdie gebod tot die naasteliefde moet altyd konkreet toegepas word in elke bepaalde politieke, ekonomiese en maatskaplike situasie. Die maatskaplike geregtigheid van die Nuwe Testament sluit dus ook sulke praktiese aangeleenthede soos billike lone, menswaardige diensvoorwaardes en getroue arbeidsvervulling in"*

(Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 1975:65).

Paragraaf 47 handel oor die kerk en volkereverhoudinge. Die kerk het die besondere roeping om die "gewete" van die gemeenskap te wees. Die kerk kan egter nie sy oë vir die praktiese situasie sluit nie. Die eenheid sowel as die verskeidenheid van die menslike geslag moet in ag geneem word. 'n Veranderde situasie het oor die afgelope paar dekades ontwikkel. Die aanvaarde baas-kneg verhouding wat tussen blanke en swart volke as redelik en as billik gegeld het, is nie meer die geval nie. Die volksidentiteit word egter nog beklemtoon deur dieperliggende kultuurgoedere, daarom moet volkeverskeidenheid erken word. Die kerk glo dat volke onderling meer moet skakel. Goeie volkereverhoudinge vereis onderlinge begrip en waardering.

Paragraaf 48 handel oor die kerk en sosio-ekonomiese ontwikkeling. Dit word duidelik gestel dat die kerk nie afsydig kan staan teenoor sosio-ekonomiese vraagstukke van minderontwikkeldes nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Paragraaf 49 raak die staatkundige aspek aan. Die taak van die kerk in 'n veelvolkige situasie word deur 'n dubbele roeping teenoor die staat beskryf:

> *"Hy moet die norme van Gods Woord vir die onderlinge verhoudinge van mensegroepe tot mekaar, en van die pligte van die owerheid in hierdie verband verkondig, én hy moet waarsku wanneer onreg geskied in die implementering van landsbeleid en in toepassing van landswette"*

(Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 1975:70).

Die taak van die staat word gekoppel aan die funksie om openbare orde te handhaaf. Kwaad moet bekamp word. Die staat moet volgens Skriftuurlike norme optree, nl. liefde vir die Here en die naaste wat ook as reël dien vir openbare geregtigheidsbeoefening. Die swaardmag is aan die staat toegeken om die sonde te beteuel volgens Rom. 13:4. Dit mag nie aanleiding gee tot 'n totalitêre sisteem waarin die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie bestaan nie (Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif 1975:71).

Een van die belangrikste opmerkings in die rapport word in paragraaf 49.6 oor eiesoortige ontwikkeling gemaak:

> *"'n Staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan in die lig van die Skrif prinsipieel verantwoord word. Hierin moet egter altyd die gebod tot naasteliefde gestel word as die 'etniese' norm vir die reëling van gesonde volkereverhoudinge"*

(Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 1975:72).

Hoewel daar in hierdie rapport 'n versagting in die standpunt ten opsigte van die Skriftuurlike gronde van apartheid gevind word, word daar nog prinsipieel aan vasgehou as uitgangspunt. Die imperatief van die Skriftuurlike eis van apartheid word dus hier in die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



indikatief gestel.

Opvoeding word in paragraaf 50 behandel, bantoetuislande in paragraaf 52, die bantoe in blanke gebiede in paragraaf 53 en trekarbeid in paragraaf 54 en 55. Hoofstuk 3 word afgesluit deur 'n beskrywing oor die kleurlinge in paragraaf 56 en die Indiërs in paragraaf 57. Bogenoemde aspek word saam met gemengde huwelike (hoofstuk 5) in die volgende deel van die navorsingsprojek behandel.

In hoofstuk 4 van die verslag word die kerk en sendelinge behandel en die verslag word afgesluit deur hoofstuk 6 met belangrike slotopmerkings:

> *"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is hom diep bewus van die ernstige vraagstukke wat daar ten opsigte van volkere-, rasse- en menslike verhoudinge in Suid-Afrika bestaan.*
>
> *Hy streef na dieselfde ideale van maatskaplike geregtigheid, menslike regte en selfbeskikking van volke en mense, gegrond op Gods Woord, as ander Christelike kerke. Hy is oortuig van die noodsaaklikheid dat die kerk sy profetiese roeping moet vervul, simpatieke begrip moet hê, Skriftuurlike leiding moet gee en voorbidding moet doen ....*
>
> *Daar is met besondere waardering kennis geneem van die gesindheid en optrede van die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede en die betrokke ministers, departemente en amptenare van die Republiek van Suid-Afrika en die ander state waar die Ned. Geref. Kerk (Moeder- en Dogter) sendingwerk doen"*

(Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 1975:102).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die laaste aanhaling bevestig opnuut die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid. Die Ned. Geref. Kerk prys alle regeringsvlakke vir hul gesindheid. Geen melding word gemaak wat dui op kritiek of bevraagtekening van die optrede van die owerheid nie!

## 3.3 DIE HANTERING VAN DIE APARTHEIDSMAATREëLS

### 3.3.1 Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwet

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike No. 55 in 1949 sy beslag gekry het. Die Ontugwet No. 23 van 1957 het vorige wetgewing in die verband gekonsolideer. Die Ned. Geref. Kerk het dus tot 1961 'n aktiewe rol gespeel om hierdie wette maksimaal uit te bou. Skriftuurlike gronde vir die sanksionering van die wette is deur die Ned. Geref. Kerk gelewer.

In 1963 word daar tydens die Suid-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk 'n voorstel oor gemengde huwelike tot die sinode gerig. Hierin word dit gestel dat die Heilige Skrif nie vir of teen die saak standpunt inneem nie. Tog veroordeel die Skrif 'n huwelik tussen gelowiges en ongelowiges en vermenging tussen 'n heidense volk en 'n gelowige volk. Die Skrif leer ook dat die wese van die huwelik 'n vereniging is van mense wat bymekaar pas. Die Skrif veroordeel by implikasie huwelike:

"*(a)* *waar daar tussen man en vrou 'n groot kloof bestaan in kultuur en beskawing;*

*(b)* *waar die kind as 'n baster beskou word en deur die betrokke volke verwerp word;*

*(c)* *waar die kultuuropdrag verlore gaan wanneer 'n primitiewe volk hom vermeng met 'n hoogbeskaafde volk*"

(Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:302).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die voorstel is vanaf Suid-Transvaal na die Algemene Sinode verwys vir verdere besinning. Die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal het bogenoemde besluit tydens hul 1963 Sinode goedgekeur (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1963:549).

Die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. het tydens die 1964 Sinode van 'n verslag oor gemengde huwelike met dank kennis geneem. Daarin word dit gestel dat:

> *"Ons glo dat 'n verbod op gemengde huwelike tussen blank en nie-blank ook Christelik verantwoordbaar kan word. Of 'n gemengde huwelik mag plaasvind, is dan ook nie net 'n vraag of die Skrif hom daaroor uitspreek nie. Dit is ook 'n volksvraag, 'n vraag van beskawingsonmondigheid, van godsdienstige geloof, van sosiale en kulturele struktuur, van biologiese en psigologiese aanpasbaarheid ens. Die Woord van die Here by die skepping van Eva is hier leersaam: 'Ek sal vir hom (die man) 'n hulp maak wat by hom pas' (Gen 2:18(b))"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 1964:53, 305).

In die verslag van die sinodale kommissie van rasse-aangeleenthede van die Kaapse Sinode van 1965, word rapport 2 aan gemengde huwelike gewy. Hierdie verslag is uniek met 'n sterk dualisme wat hierin na vore kom. Punt 2 van die rapport kom met 'n nuwe standpunt na vore. Hier word dit gestel dat die Heilige Skrif geen direkte gebod of verbod aangee ten opsigte van vermenging van lede uit verskillende rasse of van verskillende bevolkingsgroepe nie. Voorbeelde uit die Bybel word genoem: Josef wat 'n Egiptiese prinses tot vrou neem, (Gen 41:45). Moses neem eers 'n Midianitiese vrou (Ex 18:1) en daarna 'n Kusitiese (Num 12:1).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die naam van Rut word saam met ander vroue in Matt 1 genoem in die geslagsregister van Jesus. Punt 6 stel dit dat volkome rasse-suiwerheid nêrens op aarde bestaan nie.

Daar word egter vanaf punt 7 van die rapport teruggeval in die ou retoriek. Hiervolgens is etniese verskeidenheid in ooreenstemming met God se wil. Die pluriformiteit van rasse en volke as empiriese feit kan nie geloën word nie. Die gebeure by Babel het differensiasie na vore gebring in die plek van die sondige en eiewillige eenheidstrewe.

Punt 10 evalueer die instelling van juridiese maatreëls vir die instelling van 'n verbod op gemengde huwelike. Hiervolgens sou die Christelike staat, as soewerein in sy eie reg en handelend in belang van die hele maatskappy, sodanige wetgewing kan instel. Die verslag is aanvaar deur die sinode behalwe punt 3 en 4 wat vir verdere besinning terugverwys is (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:197-198).

Die Algemene Sinode van 1966 het op 'n inleidende paragraaf na, dieselfde rapport oor gemengde huwelike behandel. Punte 3, 4, 5 en 10 sowel as die aanbevelings, is na 'n ad hoc-kommissie terugverwys vir verdere besinning. Die res van die rapport is goedgekeur. Punt 3 is natuurlik dieselfde as punt 2 van die Kaapse Sinode wat aantoon dat die Skrif geen direkte gebod of verbod plaas ten opsigte van die vermenging van lede uit verskillende rasse of van verskillende bevolkingsgroepe nie. In wese is die vroeëre standpunt onderskryf met onsekerheid oor 'n variasie daarop (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1966:91-93).

Die Ned. Geref. Kerk van Kaapland het in 1969 kennis geneem van die rapport oor rasse-aangeleenthede. Hierin word dit gestel dat gemengde huwelike op sigself nie sonde is nie. Die Skrif verdeel mense nêrens so in afgeslote eenhede op grond van biologiese of natuurlike verskille, dat hulle tot verskillende soorte word wat nie met mekaar kan vermeng nie. Die spanninge

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat die huwelikslewe in hierdie gebroke werklikheid kenmerk en wat in gemengde huwelike groter word, raak nie die wese van die huwelik nie, maar die welwese daarvan (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1969:194).

Hoewel die verslag oor gemengde huwelike voor die 1970 Algemene Sinode gedien het, het hulle geen standpunt daaroor ingeneem nie. Dit is verwys na 'n verdere studiekommissie vir verdere besinning (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1970:786).

Tydens die 1974 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk is indringend besin oor die kwessie van gemengde huwelike. In Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif word die hele hoofstuk 5 aan die onderwerp gewy. Dit is interessant dat die werk deurlopend die volk van Israel in die Ou Testament met die blanke in Suid-Afrika vergelyk. Twee onvergelykbares wat nie bloot 'n is-gelyk-aan impliseer nie! Die verslag stel dit dat die Skrif nie direk in soveel woorde 'n uitspraak oor rasvermengde huwelike maak nie. Die Bybel keur geen direkte uitspraak oor rasgemengde huwelike goed of af nie.

In Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif word die volgende standpunt gehuldig ten opsigte van die roeping van die kerk en die owerheid:

> *"Wat die kerk betref, het hy wel deeglik 'n pastorale roeping om in gegewe omstandighede, met die oog op 'n bepaalde sosiale struktuur, waarbinne rasgemengde huwelike 'n 'Fremdkörper' is, teen die aangaan van dergelike huwelike te waarsku. Hierdie 'waarskuwing' is dan veral pastoraal gemotiveerd, met die oog op die ongunstige komplikasies van so-danige huwelik vir die eglede self, maar veral vir hulle nageslag. Die posisie van die owerheid is in hierdie opsig verskillend. Dit behoort in normale omstandighede wel nie tot die taak van die owerheid*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *om hom met die vrye huwelikskeuse van indiwidue te bemoei nie. Tog is dit moontlik en denkbaar dat die owerheid die aangaan van dergelike huwelike in bepaalde omstandighede kan verbied. Die ewewig in die stabilisering in 'n veelrassige en veelvolkige situasie kan deur die aangaan van rasgemengde huwelike versteur word, en in hierdie omstandighede is die handhawing van die 'vrede' in die Bybelse sin van die woord, vir die owerheid belangriker as die vryer huwelikslewe van bepaalde indiwidue. Die feit bly dan egter dat dit 'n buitengewone maatreël is, en dit vanselfsprekend sal wees dat hierdie verbod heroorweeg kan word wanneer omstandighede dit sou regverdig"*

(Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1975:98-99).

In die verslag van Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif (1975:100) word dit as konklusie gestel dat daar te veel verskille tussen rasse in Suid-Afrika bestaan. Verskille ten opsigte van godsdiens, maatskaplike struktuur, kultuurpatroon, biologiese afstamming is belemmerende faktore. As gevolg van bepaalde onderskeie identiteite wat aan blank en nie-blanke volke in Suid-Afrika verleen is, is rasgemengde huwelike ongewens.

Die Ned. Geref. Kerk het dus die handhawing van verbod op gemengde huwelike bepleit, nie op Skriftuurlike gronde nie, maar op praktiese gronde. Verder het die Ned. Geref. Kerk die optrede van die owerheid in Suid-Afrika ten opsigte van 'n juridiese verbod ook gesanksioneer. Die noue band tussen Ned. Geref. Kerk en die owerheid in Suid-Afrika word hierdeur opnuut bevestig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.2 Die Groepsgebiedewet

Die groepsgebiedewet is in 1950 ingestel en het enkele wysigings daarna ondergaan. In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die Ned. Geref. Kerk die instelling van hierdie wet Skriftuurlik gesanksioneer het.

In die tydperk 1962 tot 1974 het die Ned. Geref. Kerk feitlik geen aandag aan die kwessie van groepsgebiede gegee nie. In 1969 het 'n verslag voor die Ned. Geref. Kerk van Kaapland gedien waar daar gewys word op die nadelige invloed wat die groepsgebiedewet op die kleurlinggemeenskap het. Die Sinode het van die verslag kennis geneem (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1969:18, 170).

Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif (1975:74-75) stel dit dat binne die raamwerk van eiesoortige ontwikkeling is geografiese lewensruimte vir verskillende bevolkingsgroepe van besondere belang. Daar word na die posisie van kleurlinge verwys en dan word dit in nie-vetgedrukte letters (met ander woorde slegs verduidelikend) gestel dat die proklamasie van sekere groepsgebiede soms onoordeelkundig geskied en het tot ongerief en ontbering aanleiding gee (Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1975:80).

Dit is een van die min plekke waar die Ned. Geref. Kerk 'n beperkte mate van kritiek teen die owerheid uitspreek.

### 3.3.3 Trekarbeid en Instromingsbeheer

Uit die vorige hoofstuk het dit duidelik na vore gekom dat die Ned. Geref. Kerk maatreëls soos trekarbeid en instromingsbeheer onderskryf het.

By die eerste Algemene Sinode van 1962 het die sinode besluit om in samewerking met die Ned. Geref. Kerk in Afrika 'n studiekommissie te benoem wat ondersoek sal instel na die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sedelike, maatskaplike en godsdienstige gevolge van trekarbeid op die lewe van die swartbevolking en weë sal aanwys waarlangs die kerk hierdie gevolge kan bekamp. Hierdie saak is ook verwys na die kommissie vir rasse-aangeleenthede (Handelinge Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1962:150).

Die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal het tydens die 1963 Sinode die volgende verslag bespreek:

*"Die Sinode besluit om:*

*(1) Steeds die soeklig op die stelsel van trekarbeid te laat val.*

*(2) Te ywer vir die uitskakeling of beperking daarvan tot 'n absolute minimum.*

*(3) Waar die trekarbeid onvermydelik is daarop aan te dring dat die tydperk van skeiding tussen die werker en sy gesin so kort moontlik gehou word.*

*(4) Na aanleiding van Cottesloe III (10) aan te beveel dat die kwessie van apartheid verwys word na 'n verteenwoordigende kommissie deur die Kerk benoem om daaroor ondersoek en verslag uit te bring aangesien die kerk pynlik bewus is van die nadelige gevolge van hierdie stelsel vir die gesinslewe van die bantoe"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:299).

Die Suid-Transvaalse Sinode het in 1963 die verslag verwys vir verdere besinning. Die Noord-Transvaalse Sinode wat in 1963 vergader het, het die verslag goedgekeur. Hulle het egter die laaste deel van punt 4 wat bo genoem word, geskrap (Handelinge

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1963:546).

Die Ned. Geref. Kerk in Kaapland het tydens die 1965 Sinode die stelsel van trekarbeid in Suid-Afrika in rapport 6 bespreek. Punt 10 wys op die voordele van trekarbeid: Dit maak die ganse ekonomiese struktuur van die land moontlik en red die swarte van totale ekonomiese insinking en van hongersnood. Dit help om die swarte, wat hoofsaaklik 'n landbou-volk was, geïnteresseerd te kry in die industrialisasie van sy eie groep - 'n noodsaaklike stap op sy pad na selfstandigwording. Nadele van trekarbeid word in punt 13 en 14 bespreek. Veral vyf punte word in punt 14 uitgelig:

"(a) *Die verwaarlosing en sedelike disintegrasie van sy eie gesin in die tuislande deur 'n man wat in blanke gebiede met 'n ander vrou saamleef, of die vrou wat in die tuisland sedelik verval. In Wes-Kaapland is dit dikwels kleurlingvroue met wie hy saamleef en as 'n 'tweede vrou' neem, en 'n gans nuwe morele en bevolkingsprobleem word geskep.*

(b) *Die baie gevalle van aanrandings op bantoe-, kleurling- en blanke vroue en meisies.*

(c) *Die ekonomiese nood van die familie in die Bantoetuislande wat later geen finansiële hulp van die vader in die blanke gebied ontvang nie.*

(d) *Die skrikwekkende toename van homoseksualiteit in die bantoewoonbuurte en veral in die kampongs en enkelkwartiere.*

(e) *Die onderlinge gevegte en messtekery wat met bogenoemde sosiale afwykings en met frustrasie gepaard gaan"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1965:230).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die rapport word tot die volgende gevolgtrekkings gekom. Drie onaanneemlike oplossings word genoem. Die eerste is: die afskaffing van die trekarbeidstelsel sodat of beweging van swart arbeiders vryelik toegelaat word, of geen toegang tot die blanke gebiede toegelaat word nie. Hierdie optrede sal of algehele chaos meebring, of algehele hongersnood in die tuislande en disrupsie van die blanke ekonomie meebring. Die tweede is toestemming sodat families die trekarbeiders vergesel, wat behuising onmoontlik sal maak, of die onhoudbare plakkersdorpe sal vermenigvuldig. Derdens kan die getal trekarbeiders tot een-sesde van die huidige getal beperk word, sodat diegene wat wel toegelaat word om te werk, hul families kan saambring. Die kerk kan nie anders as om ernstig by die staat aan te bring om voort te gaan met sy deurtastende ondersoek oor hierdie saak nie (Ned. Geref. Kerk van Kaapland 1965:230).

Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het in 1966 die hele kwessie van trekarbeid na 'n ad hoc-kommissie verwys.

Tydens die 1969 Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Kaapland is daar kennis geneem van die volgende besluit:

> *"Alhoewel die doelgerigte ekonomiese beheer van arbeiders in belang van alle betrokkenes in sekere situasies noodsaaklik en moreel regverdigbaar is, en daar ter wille van die welwese van die maatskappy op al die betrokke indiwidue in die gebroke werklikheid van ons bestaan sekere beperkings moet wees, is dit 'n ernstige vraag of die stelsel nog regverdigbaar is indien vir geslagte lank in hul arbeidersgebied woon. Daarom moet die ideaal bly dat hierdie arbeiders in hul tuislande 'n bestaanbare heenkome sal vind. Langs hierdie weg kan die groepsverbondenheid ook beter bewaar bly"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1969:195-196).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens die handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk van 1970:362 is die volgende besluite goedgekeur. Hoewel trekarbeid nie sonder nadelige ekonomiese en maatskaplike gevolge afgeskaf kan word nie, moet die euwels wat daaruit voortspruit deur die kerk beveg word. Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke is besorg oor die gesinsverbrokkeling, sedelike verval en godsdienstige ontwrigting onder swartes. Dank word teenoor die staat uitgespreek vir wat alreeds gedoen is om grensnywerhede te vestig en tuislande te ontwikkel.

Tydens die 1972 Sinode van die Ned. Geref. Kerk is dit gestel dat die kommissie vir skakeling met die owerheid ook oor trekarbeid samesprekinge gehou het (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1972:730).

Die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. het tydens die 1972 Sinode kritiek uitgespreek op die toevloei van kleurlinge in O.V.S. en die owerheid versoek om instromingsbeheer toe te pas (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. 1972:149).

Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif het indringend besin oor die trekarbeidvraagstuk. Die volgende standpunte word in die rapport gestel:

"*54.1 Die ekonomiese struktuur van die Republiek van Suid-Afrika is tans ten nouste verweef met die stelsel van trekarbeid en die skielike beëindiging daarvan kan lei tot die ontwrigting, nie net van die ekonomie in die algemeen nie, maar ook dié van die tuislande en ontbering vir trekarbeiders en hulle gesinne veroorsaak.*

*54.2 Trekarbeid is een van die faktore wat lei tot die ontwrigting van huweliks- en gesinslewe van die betrokke bantoe.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



54.3 *Die trekarbeidstelsel skep groot probleme vir die kerk om tot werklike gemeentebou te kom. 'n Goeie kerklewe kan nie bloei waar die gesinslewe ontwrig is nie.*

54.4 *Hoewel trekarbeid nie sonder meer as onskriftuurlik bestempel kan word nie, moet dit, vanweë sy ontwrigtende uitwerking sover moontlik uitgeskakel word.*

54.5 *'n Radikale ontwikkeling en konsolidasie van die tuislande kan onder andere 'n belangrike faktor wees wat sou kan meewerk om die trekarbeidstelsel te beëindig. Die owerheid en ekonomiese sektore in die land moet hiertoe opgeskerp word. Toenemende skoling van swart tegnici en ondernemers is ook nodig.*

55.1 *Die kerk sowel as die staat het 'n groot taak in die vorming van swart leiers wat inisiatief in die opbou van die tuislande kan neem, met die oog op uitskakeling van groot getalle wat van trekarbeid afhanklik is.*

55.2 *Die kerk het 'n omvattende opvoedingstaak ten opsigte van die beskouing van die swartman oor die sin van arbeid as die roeping van Godsweë om die koninkryk te dien.*

55.3 *Midde in hierdie situasie bly dit steeds die taak van die kerk om werkgewers sowel as werknemers in die rykdom van die Christelike huwelik en ook 'n sinvolle gesinslewe en verantwoordelike ouerskap op te voed.*

55.4 *Die kerk sal sy arbeid aan trekarbeiders in*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*die stede en hulle gesinne in die tuisland moet uitbrei, om die lig van die evangelie op al die fasette van die lewe te laat val"*
(Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1975:77-78).

Dit is baie duidelik uit bogenoemde dat die Ned. Geref. Kerk kritiek het teen die stelsel van trekarbeid. Tog is die Ned. Geref. Kerk so aan die apartheidstelsel verknog dat die situasie nie objektief deur die kerk geëvalueer kan word nie. Trekarbeid is die een aspek waar daar moontlike verskil van mening tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid kan wees. Dit wil egter voorkom asof die Ned. Geref. Kerk so 'n hegte band met die owerheid het dat ware skriftuurlike kritiek agterweë bly. Indien dit die geval is, het die Ned. Geref. Kerk sy profetiese roeping in die verband versaak!

### 3.3.4 Onderwys

Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk hom deurlopend beywer vir moedertaalonderrig en dat hy gekant was teen rasgemengde onderwys.

In die tydperk vanaf 1962 tot 1974 word min uitsprake oor onderwys gemaak. Daar kan aanvaar word dat daar geen afwyking van die Ned. Geref. Kerk se vroeëre standpunt was nie. Tydens die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal se 1968 Sinode word dit herhaal dat die Ned. Geref. Kerk se standpunt is dat daar aparte skole moet wees vir blankes en nie-blankes, onder beheer van die betrokke departemente (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord Transvaal 1968:235).

Volgens die handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal (1972:729-730) het die kommissie vir skakeling met die owerheid met die regering die hele problematiek van swart onderwys bespreek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif het die Algemene Sinode in 1974 nie weer die meriete van rasgemengde onderwys bespreek nie. Daar word wel melding gemaak van waardering teenoor die staat vir die vordering ten opsigte van die opvoeding van alle bevolkingsgroepe. Ten opsigte van die agterstand van ander bevolkingsgroepe in vergelyking met die blankes, word die kerk en staat versoek om voort te gaan met die uitwissing van hierdie agterstand (Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1975:73).

### 3.3.5 Werksreservering

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die Ned. Geref. Kerk die stelsel van werksreservering onderskryf het.

Tydens die Cottesloe-beraad in 1960 is kritiek teen die stelsel van werksreservering uitgespreek. Die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal veroordeel hierdie standpunt van die Cottesloe-beraad tydens hulle 1963 Sinode (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Transvaal 1963:540). Die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk het in 1963 die saak na die Algemene Sinode oorgedra. Die 1966 Algemene Sinode het dit na 'n kommissie verwys. Die uitslag van die kommissie het agterweë gebly want die saak word nie in Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif in 1974 aangespreek nie.

Deurdat die Ned. Geref. Kerk tot 1974 die stelsel van werksreservering veroordeel het nie, kan aanvaar word dat die stelsel op 'n indirekte wyse onderskryf is.

### 3.3.6 Konstitusioneel

Dit het duidelik geblyk dat die Ned. Geref. Kerk apartheid op alle gebiede onderskryf het. Die stelsel is selfs Skriftuurlik geregverdig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die 1963 Sinodesitting van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal is 'n besluit goedgekeur waarin die sinode verklaar dat die beginsel van eiesoortige ontwikkeling nie in stryd is met die Skrif nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1963:546).

Die 1964 Sinode van die Ned. Geref. Kerk (1964:53) het opnuut die stelsel van apartheid bepleit.

Tydens die Algemene Sinode is opnuut oor die saak besin. Paragraaf 49.6 van Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif handel oor eiesoortige ontwikkeling:

> *"'n Staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan in die lig van die Skrif prinsipieel verantwoord word. Hierin moet egter altyd die gebod tot naasteliefde gestel word as die etiese norm vir die reëling van gesonde volkereverhoudinge"*

(Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1975:72).

Dit word verder in Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif (1975:74) gestel dat die kerk en sy lidmate moet help om die stelsel van tuislande te ontwikkel.

## 3.4 SLOTBEOORDELING

Die legitieme vraag wat hier aan die orde gestel moet word is in welke mate het die Ned. Geref. Kerk tussen 1962 en 1974 sy profetiese stem laat hoor teenoor die owerheid?

Die antwoord hierop is baie interessant. Hierdie is die tydperk waarin prakties geen wrywing bestaan het tussen Ned. Geref. Kerk en die owerheid nie. As motivering kan aangebied word dat baie energie gebruik is om die gemeenskaplike droom van Republiekwording te bereik. Die konflikpotensiaal is verlaag deurdat baie komplekse apartheidswette reeds in die laat veertiger en gedurende die vyftigerjare geïmplementeer is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vraag in verband met die politieke akkommodering van die swartmense het volgens die apartheidsvisie van die Eerste Minister dr H.F. Verwoerd, logies uiteengeval in die tuislandbeleid. Die tuislandbeleid het vir die Ned. Geref. Kerk sin gemaak en die kerk het dit op teologiese gronde ondersteun. Soos reeds genoem is die voogdyskapbeginsel afgelei vanuit die Skrif. Hiervolgens moes swart volke wat nog nie selfstandig kon dink nie gelei word tot mondigheid. Indien ons ons verplaas in die leefwêreld van die laat vyftigerjare en die lug inasem van voogdyskapdenke, sou die tuislandbeleid teologies beoordeel regverdig beskou kon word.

Dit is egter net op teoretiese gronde waar. Indien na die inhoud van onafhanklike tuislande gekyk sou word, sou besef word dat krakies duidelik sigbaar is. Baie min van die 1936 grondoordragte is aan tuislande of trustgebiede gedoen. Verder was daar die probleem in verband met ekonomiese groei in tuislande wat deur die Tomlinsonkommissie aanbeveel is en deur dr Verwoerd verwerp is. Verder het die effektiewe uitvoering van die tuislandbeleid groot verskuiwing van mense geïmpliseer. Ook moes mense se vryheid beperk word om te verhoed dat hulle na die sogenaamde "blanke Suid-Afrika" stroom. Dit wil dus voorkom asof daar nie Skriftuurlik met die sake rekening gehou is nie. Dit het aanleiding gegee dat die Ned. Geref. Kerk se profetiese stem in 'n groot mate afwesig was in die tydperk. Ten slotte moet genoem word dat Cottesloe die Ned. Geref. Kerk in 'n duidelike rigting gestuur het en dat daar langs die duidelike uitgeklaarde riglyne gedink is. Dit sou jare neem om vanuit hierdie denke te groei tot 'n nuwe beleidsdokument in 1974.

Opsommend kan dit gestel word dat die Ned. Geref. Kerk teen 1974 begin wegbeweeg het van sy rigiditeit ten opsigte van die stelsel van apartheid. Hoewel apartheid nog ten volle onderskryf word, word dit nie meer bewoord as alleenopdrag van God nie. Soveel Bybeltekse word ook nie meer aangehaal soos in 1948 nie. Dit word egter duidelik gestel dat daar geen Skriftuurlike verbod teen eiesoortige ontwikkeling ingebring kan word nie. Daar word dus beweeg na 'n punt waar apartheid op praktiese gronde in die Suid-Afrikaanse situasie onderskryf word. Interessant is dit dat eiesoortige ontwikkeling Skriftuurlik begrond word mits die eis van naasteliefde nagekom word. Dit dui beslis op 'n effense klemverskuiwing teenoor vroeëre uitsprake.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## DIE KRITIESE BEOORDELING VAN APARTHEID: 1974 - 1986

| | | Pagina |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 139 |
| 4.2 | Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die periode 1974 - 1986 | 140 |
| 4.3 | Spesifieke wetgewing | 164 |
| 4.3.1 | Die Wet op verbod van gemengde huwelike en die Ontugwet - Artikel 16 | 164 |
| 4.3.2 | Instromingsbeheer en trekarbeid | 176 |
| 4.4 | Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid | 178 |
| 4.4.1 | Die Ned. Geref. Kerk reageer op die Soweto onluste | 179 |
| 4.4.2 | Die reaksie van die NGKA | 183 |
| 4.4.3 | Die KSO-vergadering in Maart 1977 | 194 |
| 4.4.4 | 'n Kapel vir swartmense te Kameeldrif | 196 |
| 4.4.5 | Dr Treurnicht stel sy standpunt | 198 |
| 4.4.6 | Samevatting | 199 |
| 4.4.7 | Verskuiwing van swartes te Grahamstad | 199 |
| 4.4.8 | Erkenning van NGKA as welsynsorganisasie | 200 |
| 4.4.9 | Verdere onderhandelde sake | 200 |
| 4.4.10 | 'n Kritiese brief van ds Malan | 201 |
| 4.4.11 | 'n Aansoek van Wonderboompoort Gemeente oor swart dienste | 201 |
| 4.4.12 | Verhoging in huishuur | 201 |
| 4.4.13 | Die KSO ontmoet Minister M.C. Botha na spanning met dr Treurnicht | 202 |
| 4.4.14 | Die minister se reaksie | 207 |
| 4.4.15 | Konsep memorandum oor stedelike swartmense | 209 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.4.16 Die KSO verander 216

4.4.17 Aanhouding sonder verhoor 216

4.4.18 Verdere sake wat die KSO met die owerheid bespreek het 219

4.5 Stormwinde tref die Ned. Geref. Kerk 221

4.5.1 Die Hervormingsdaggetuienis 221

4.5.2 Storm-kompas 228

4.5.3 Die Ope Brief 233

4.5.4 Die status confessions 235

4.5.5 Die Kairos-dokument 239

4.6 Slotbeoordeling 240

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

# DIE KRITIESE BEOORDELING VAN APARTHEID: 1974 - 1986

## 4.1 INLEIDING

Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif was 'n hoogtepunt wat in 1974 verskyn het. Dit het gesistematiseerde inligting bevat en daar was 'n klemverskuiwing besig om te ontwikkel ten opsigte van die Ned. Geref. Kerk se apartheidsdenke.

Die groot nadeel van die fase na 1974, was dat die Ned. Geref. Kerk nie entoesiasties en dinamies op Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif voortgebou het nie. Daarenteen het hulle gestagneer in hul denke en die beeld na buite geprojekteer dat hulle gearriveer het ten opsigte van hul standpunt. Die Algemene Sinodes van die Ned. Geref. Kerk van 1978 en 1982 bevestig bogenoemde standpunt. Die hele saak van apartheid is met groot huiwering in die fase hanteer.

Om sake te vererger het die politieke party wat die Ned. Geref. Kerk so getrou as regering vanaf 1948 ondersteun het, 'n traumatiese skeuring op 28 Februarie 1982 beleef. 'n Politieke party het op 20 Maart 1982 tot stand gekom onder leiding van 'n vroeëre prominente kerkman, dr A.P. Treurnicht. Hierdie nuwe politieke party, die Konserwatiewe Party, se naam het presies aangedui wat dit in wese was. Dit het gefunksioneer op die emosionele sentiment van apartheids- en volksemosies. Die Ned. Geref. Kerk was verstrik tussen hierdie twee gedagterigtings met wye steun onder predikante en lidmate vir beide denkrigtings. Die denkrigtings het gefokus op magsdeling as evolusionêre proses in Nasionale Partydenke en die Verwoerdiaanse model van apartheid onder Konserwatiewe Party-aanhangers. Die Ned. Geref. Kerk het gepoog om versoenend tussen hierdie groepe na 1982 op te tree. Met die referendum vir 'n nuwe grondwet in 1983 het emosies egter hoog geloop dat almal geweet het dat dit net 'n kwessie van tyd was voordat die Ned. Geref. Kerk 'n keuse tussen die twee denkrigtings moet maak. Apartheidswette het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begin verkrummel en die Ned. Geref. Kerk moes daarop reageer. Die tafel was gedek vir 'n keuse tussen twee spyskaarte en tydens die 1986 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk moes 'n keuse tussen die twee denkskole gemaak word.

Volgens Gerdener in Hofmeyr en Vorster (1984:93) sal daar noodwendig politieke hervormings op die referendum volg. Die uitslae van die referendum dui aan dat meeste blanke Suid-Afrikaners nie onwillig staan teen die hele vernuwings-inisiatief nie!

## 4.2 KERKLIKE BYEENKOMSTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE PERIODE 1974 - 1986

Na die goedkeuring van Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif in 1974, het streeksinodes tydens hul sinodesitting direk daarna, nie veel aandag aan apartheidsake bestee nie. Groot lof word gebring aan die Eerste Minister, adv B.J. Vorster en voorbidding word vir hom gevra (bv. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Oos-Kaapland 1975:176, 406). Die enkele sake wat wel aangeraak is, volg ook die lyn van apartheidsdenke soos deur die regering geïmplementeer. Die hele Suid-Afrika het gefokus op die eerste onafhanklikheidswording van 'n tuisland, naamlik Transkei, in 1976. Dit het die Verwoerdiaanse model deur 'n volgende poort gelei. Die apartheidsondersteuners was positief omdat 'n eerste swartvolk soewerein onafhanklik kon word. Voorstanders van apartheid het gemeen dat dit noodsaaklik is, omdat dit eties geregverdig is. Die Oos-Kaapse Sinode van 1975 het die volgende onbestrede mosie aanvaar:

> *"Aangesien die sendingtaak in die Cis- en Transkei veral die verantwoordelikheid is van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, verseker die sinode die onderskeie leiers en bevolking van die tuislande van sy warme belangstelling en opregte voorbidding in die bewandeling van die weg na selfstandigheid"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Oos-Kaapland 1975:183, 407, 501).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die 1978 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk is bekend gemaak dat Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif as dokument in Afrikaans, Engels, Duits en Frans gedruk en oor die wêreld versprei is (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1978:30, 797). Vanuit die ekumeniese kantoor is wêreldwyd kontak gemaak na aanleiding van die politieke situasie in Suid-Afrika. Die druk wat die Ned. Geref. Kerk ervaar het, het na vore gekom deurdat die ekumeniese kantoor oorval is deur navrae na elke politieke rimpeling, soos die Soweto-onluste 1976, Steve Biko se dood en verbannings en aanhoudings (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1978:31).

Groot spanning het tussen die Ned. Geref. Kerk en die Gereformeerde Kerk in Nederland ontstaan oor bogenoemde kerk se finansiële hulp aan die Wêreldraad van Kerke se "Program to Combat Racism" (PCR). Die fondse is aangewend om terrorisme in Suider-Afrika te ondersteun. Die Ned. Geref. Kerk het dit in 1978 gestel dat hulle diep teleurgesteld en geskok oor die besluit van die Gereformeerde Kerk in Nederland is (1978:41). Die volgende mosie is deur die sinode goedgekeur:

> *"Die sinode spreek sy diepe meegevoel met die slagoffers van terrorisme in Suidelike Afrika uit, en bevestig sy afkeur oor die verontrustende feit dat Christelike Kerke hierdie organisasies van geweld met hulp ondersteun"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1978:799)

Op die aanbeveling van die Ned. Geref. Kerk van Wes- en Noord-Kaap het die Algemene Sinode van 1978 kennis geneem van 'n besluit dat die Nuwe Testament die verskeidenheid van volkere as 'n positiewe gegewe vir alle tye aanvaar (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1978:724, 916).

Dit is duidelik dat die 1978 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 'n lae profiel ten opsigte van rasse-aangeleenthede gehandhaaf het. Verdere sake wat in 1978 in dié verband bespreek is, word deur die Kommissie vir skakeling met die owerheid behandel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die 1979 Natalse sinode van die Ned. Geref. Kerk (1979:777) is die volgende onbestrede mosie goedgekeur:

> *"Die sinode boekstaaf graag sy dank teenoor die owerheid onder leiding van die Eerste Minister vir die daadwerklike stappe wat gedoen word om die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe te verbeter. Die kerk is dankbaar om te kan vermeld dat die verwydering van maatreëls wat volkere-verhoudinge vertroebel, opnuut weer deure vir die Ned. Geref. Kerk geopen het vir die uitdra van die evangelie van Jesus Christus"*
> (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Natal 1979:777)

Op 23 Maart 1973 stel die Staatspresident 'n kommissie aan wat uit 19 lede bestaan onder leiding van prof Erika Theron. Die amptelike naam van die kommissie was: Die kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die kleurlingbevolkingsgroep. Dit is interessant om daarop te let dat die Ned. Geref. Kerk Sinode in Suid-Afrika in 1969 besluit het om die regering te nader om 'n kommissie aan te stel ten opsigte van die sosio-ekonomiese posisie van die kleurlinge. In 1976 het die verslag verskyn bestaande uit 567 bladsye en 22 hoofstukke (Sentrale Staatartief: Pretoria). Die kommissie het onder andere aanbeveel dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwet (Artikel 16) geskrap moet word (1976:481).

Verder is aanbeveel dat gelyke geleenthede en gelyke salarisse en diensvoorwaardes vir dieselfde werk tussen blankes en kleurlinge aanvaar word (1976:483).

'n Belangrike aanbeveling was dat politieke burgerregte uitgebrei word waarby die kleurlinge betrek word en konstitusionele aanpassing aan die bestaande Westminister-stelsel gemaak word (1976:513).

Die verslag het aanleiding gegee tot die 1977-grondwetlike voorstelle van drie parlemente wat deur die kleurlinge verwerp is omdat hulle geen deelname in die ontwerp gehad het nie. Die Senaat is in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1980 afgeskaf en die Presidentsraad is aangestel wat blankes, kleurlinge en Asiërs ingesluit het.

Deurdat die meeste kleurlinge woonagtig in Wes-Kaapland is, kon daar verwag word dat hierdie sinodale verband van die Ned. Geref. Kerk hulle by hul eerste sinodale vergadering, nadat die Erika-Theron verslag in 1976 verskyn het, daaroor sou uitspreek. Die kommissie vir rasse-aangeleenthede het die volgende sake uit die verslag aan die sinode voorgelê as sleutelsake:

Deel II: Hoofstuk 5 - Kleurlingarbeid (diensvoorwaardes, loonstruktuur ens.)

Hoofstuk 7 - Die kleurling in die landbousektor.

Deel III: Hoofstuk 8 - Onderwys.

Hoofstuk 11 - Maatskaplike probleme en welsyndienste.

Hoofstuk 15 - Ontspanningsoordfasiliteite.

Deel IV: 'n Groot behoefte aan Bybelse perspektiewe as norme vir 'n doeltreffende en bevredigende staatkundige bedeling word aangetoon. Die tradisionele teologiese onderbou vir 'n staatkundige opset van afsonderlike ontwikkeling word nie deur die Ned. Geref. Sendingkerk aanvaar nie, soos die besluite van die laaste sinode getuig.

Deel V: Hoofstuk 22 - 'n Sosiaal-ekonomiese perspektief. Vir die Ned. Geref. Sendingkerk is hierdie hoofstuk ongetwyfeld die hoogtepunt van die verslag.

Die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika het van hierdie sake kennis geneem (1979:349).

Die volgende aanbeveling is by bogenoemde sinode aanvaar:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"In die lig van probleme wat die kerklike bediening belemmer, soos byvoorbeeld, die verstedelingsproses, asook die sosiaalekonomiese omstandighede waarin baie van die mense verkeer, besluit die sinode dat die aangeleentheid verwys word na die betrokke skakelkommissie van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika met die oog op groter diakonale bystand en om verdere weë te vind vir die oplossing van die probleme"*

(Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1979:349).

'n Interessante verslag het ook voor bogenoemde sinode gedien. Dit handel oor rassediskriminasie en is deur die kommissie vir rasse-aangeleenthede in samewerking met prof W.P. Esterhuyse opgestel. Dié kommissie lê die verslag aan die sinode voor omdat hulle bewus is dat die kerk hom nie die weelde kan veroorloof om die besinning oor rasse- en volkereverhoudinge as afgehandel te beskou nie. Die aanbeveling wat die Kommissie vir rasse-aangeleenthede aan die sinode voorlê, maak die stelling dat rassediskriminasie in terme van die studiestuk strydig is met die Bybelboodskap aangaande die gelykwaardigheid van alle mense. Verder word aanbeveel dat dit op die weg van die kerk lê, om in sy bediening van die Woord gesindhede en instellinge wat rassediskriminerend van aard is, aan die lig te bring en op priesterlike, koninklike en profetiese wyse mee te werk aan die bestryding van hierdie euwel. Drie amendemente word op die voorstel ingedien en die sinode keur uiteindelik die volgende besluit goed:

1. Die sinode neem kennis van die verslag.

2. Die sinode herbevestig sy oordeel dat alle rasse diskriminasie wat in stryd is met (a) die etiese norm van naasteliefde wat geregtigheid insluit, en (b) met die beginsel dat alle mense voor God gelyke status geniet strydig met die Bybelboodskap is.

3. Die sinode oordeel dat dit op die weg van die kerk lê om in sy bediening van die Woord dit duidelik te stel dat alle vorme van sulke rassediskriminasie in stryd met God se Woord is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Die sinode aanvaar opnuut as riglyn die verklaarde beleid van die kerk, soos vervat in "Ras, Volk en Nasie".

5. Die sinode oordeel dat die praktiese toepassing van hierdie Skriftuurlike beginsel nie inhou dat daar in die praktyk nie met die verskeidenheid rekening gehou mag word nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1979:352).

Dit is opmerklik dat laasgenoemde punt (4) en (5) weer teruggryp na die standpunt van 1974, terwyl punte (1), (2) en (3) die standpunt van die kommissie vir rasse-aangeleenthede reflekteer. Hoewel die kommissie met vernuwende denke kom, word die sinode herinner dat die Ned. Geref. Kerk van 1974 se standpunt die amptelike kerkstandpunt is. Die besluit is gevolglik 'n kompromiebesluit.

'n Laat inkomende beskrywingspunt het 'n saak aangeraak wat 'n groot turksvy vir die Ned. Geref. Kerk was. Uit getuienis na aanleiding van die Inligtingskandaal, het dit geblyk dat die Ned. Geref. Kerk van geheime fondse vir sy ekumeniese betrekking in die buiteland voorsien is. Die beskrywingspunt is ingedien deur dr Z.B. Loots van Philadelphia:

> *"1. Die Sinode verklaar dat die Ned. Geref. Kerk in al sy geledinge dit wil sê lidmate en vergaderings, met die uitsondering van 'n paar persone nie bewus was van die feit dat geheime fondse van die Staat vir ekumeniese doeleindes ontvang en gebruik is nie.*
>
> *2. Die Sinode aanvaar dat die geld ontvang is om vir suiwer ekumeniese doeleindes aangewend te word. Maar die Sinode verwerp die gedagte dat belasting-betalers se geld in die geheim van die Staat vir Kerklike sake ontvang en gebruik sal word.*
>
> *3. Die Sinode betuig sy opregte spyt dat die Ned. Geref. Kerk by die storm rondom die Staat se Departement van Inligting betrokke geraak het.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. *Die Sinode beskou dit wenslik dat die Kerk en die Staat tot 'n aanvaarbare vergelyk moet kom ten opsigte van die geld wat bestee is en versoek dus die Algemene Sinode om in hierdie saak so spoedig moontlik handelend op te tree"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1979:317).

Dit is ondenkbaar dat ds J.G.J. van Vuuren en ds M.J. Basson hierna die volgende beskrywingspunt na aanleiding van dié saak ingedien het:

*"Die Sinode besluit dat:*

1. *die pers versoek word om nie te rapporteer dat die voorstel van dr Z.B. Loots oor staatsgeld vir ekumeniese sake in behandeling geneem sal word nie;*

2. *die bespreking van die voorstel, indien die Sinode dit in behandeling neem, in camera sal geskied; en*

3. *daarna namens die Sinode 'n persverklaring uitgereik sal word"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1979:338).

Hierdeur het hulle gepoog om die saak te probeer toesmeer terwyl dit reeds baie skade aan die Ned. Geref. Kerk gedoen het. Hierdie optrede was veral gevaarlik omdat wanpraktyke van die Departement Inligting 'n geruime tyd verdoesel is. Na die aanvanklike openbaarmaking van die inligtingskandaal, het die betrokke minister, dr C.P. Mulder, dit as net 'n storm in 'n glas beskryf. Ironies genoeg het die storm in daardie glas sy politieke aspirasies vernietig deurdat hy in die finale verkiesing van die premierskap verslaan is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gelukkig het die sinode van Wes-Kaapland wel besluit om die beskrywingspunt van dr Z.B. Loots in behandeling te neem (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1979:338).

In die verslag van die Breë Moderatuur wat tydens die 1982 Algemene Sinode gedien het, het die saak van staatsbefondsing deur die Departement Inligting weer aandag verdien. Dit is beskou as 'n tydelike reëling wat tydens die Algemene Sinode van 1978 ten einde geloop het. In kerklike en ander kringe is skok en ontevredenheid uitgespreek, toe dit aan die lig gekom het.

Uit sekere bronne is die mening uitgespreek dat die geld wat van die staat ontvang is, terugbetaal moes word.

Die Breë Moderatuur het daarteen besluit. Die fondse wat in 1974 van die Departement van Inligting aanvaar is, is gekoppel aan die volgende voorwaardes:

(i) dat dit alleen vir 'n beperkte periode sal wees;

(ii) dat geen opdragte van enige instansie buite die kerk ontvang word nie;

(iii) dat verslag slegs aan die Algemene Sinode gelewer sal word.

Die staatsouditeurs het onder andere bevind dat die fondse deur die kerk gebruik is waarvoor dit oorspronklik bedoel was en dat geen ongerymdhede voorgekom het nie (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:112).

Die volgende verklaring is deur die Breë Moderatuur in die verband uitgereik:

*"1. Die ekumeniese kantoor is die uitbouing en voortsetting van die Ned. Geref. Kerk se ekumeniese bedrywighede, wat in die verlede op deeltydse basis*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*deur die Kerk behartig is en aangevul is deur die inligtingskantore van die Kaapse en Transvaalse Sinodes vir meer as 20 jaar.*

2. *In die loop van die jare is kontak met die Departement van Inligting gemaak vir wedersydse uitwisseling van inligting, hulp met publikasies, besoekersprogramme, ens.*

3. *By die Algemene Sinode van 1974 het twee kommissies versoek dat daar 'n voltydse amptenaar moet kom wat die funksies van administrasie, kommunikasie en ekumene kon behartig.*

4. *Daar is toe besluit dat die Kerk met die oog op die kritieke tye waarin ons Kerk leef, moet konsentreer op die ekumeniese aspek deur intensiewe studie van koerse, tendense, standpunte en besluite van die kerke hier en in die buiteland; en ook die doeltreffende skakeling met ander kerke te bevorder, en die beeld van ons Kerk uit te dra.*

5. *So 'n taak sou aansienlik meer koste in verband met navorsing, publikasies, buitelandse reise ens. meebring waarvoor die Kerk op daardie stadium nie voorsiening gemaak het nie, maar wat deur goedgesinde lidmate van ons Kerk geborg is. Op hulle versoek moes alle donateurs anoniem bly om enige moontlike verleentheid vir hulle en die Kerk te vermy.*

6. *Die bestaande ekumeniese begroting van die Kerk aangevul deur donateurs van goedgesinde lidmate was nie voldoende om die taak doeltreffend te kon behartig nie. Die vorige Moderatuur het na sorgvuldige oorweging die aanbod van addisionele hulp van die Departement van Inligting tot by die volgende Sinode*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*aanvaar. Die destydse Moderatuur het egter geoordeel dat dit in ooreenstemming is met die erkende beginsel dat die Staat subsidie verleen aan bv.*

*... talle institute en stigtings wat bepaalde navorsings- en publisiteitsfunksie verrig, wat in belang van Suid-Afrika geag word.*

*... Publikasies wat objektiewe informasie bied en die beeld van Suid-Afrika in al sy fasette bevorder.*

7. *In die geval van die ekumeniese kantoor het die Kerk funksies verrig, bv. die evaluering vanuit teologiese oogpunt van kerklike tendense en strominge soos dit Suid-Afrika raak;*

*die ontvangs en te woord staan van talle besoekers wat 'n suiwer kerklike siening oor die Suid-Afrikaanse opset verlang het;*

*die meedoen kan kerklike gesprekke en simposiums hier en oorsee waar Suid-Afrika ter sprake is of was;*

*die voorsiening van kerklike inligting aan enige instansie wat daarvoor vra, onder andere Staatsdepartemente.*

8. *Die Moderatuur het ook die volgende uitdruklike voorwaardes gestel, naamlik dat:*

*... die Kerk geen opdrag van enige aard van enige donateur ontvang of uitvoer nie, maar die taak volgens eie diskresie en streng kerklike wyse uitvoer,*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*... geen verslag oor werksaamhede onderneem of uitgevoer aan enigiemand lewer behalwe sy eie kerklike instansies nie,*

*... hulp van die buite kerklike bronne aanvaar mits dit absoluut onvoorwaardelike skenkings is en van tydelike aard om die Kerk in staat te stel om die waarde van so 'n diens vir die Kerk te evalueer en dan finaal daaroor te besluit.*

9. *Die Moderatuur het ook dadelik begin met die opstel van verslae vir die volgende Algemene Sinode, met die oog op die oorneem van volle finansiële verantwoordelikheid vir al die funksies van die ekumeniese kantoor. Dit het geskied lank voordat daar sprake was van enige probleme in die Departement van Inligting. Hierdie voorstelle is eenparig deur die Sinode in Oktober 1978 aanvaar en in werking gestel.*

10. *In die lig van voorafgaande is die Breë Moderatuur daarvan oortuig dat dit 'n eerbare en Christelike verantwoordbare optrede was, met fondse wat vir dié doel ontvang is. Die Breë Moderatuur is dan ook dankbaar teenoor alle instansies en persone wat meegehelp het om hierdie belangrike kerklike werksaamheid gevestig te kry"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:112-114)

Van bogenoemde het die Sinode kennis geneem (1982:1193), en die volgende aanbeveling is deur die Sinode aanvaar:

*"Die Algemene Sinode beskou die aangeleentheid as afgehandel en spreek sy dank en waardering teenoor die Breë Moderatuur uit vir die wyse waarop hy die aangeleentheid in die moeilike tyd hanteer het"*
(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1193).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid is hierdeur bevestig. Die feit dat die owerheid belastinggeld voorsien het om 'n ekumeniese kantoor in die buiteland te subsidieer reflekteer die hegte band tussen die Ned. Geref. kerk en die owerheid. Deurdat die Ned. Geref. Kerk as agent vir die owerheid opgetree het, is op die terrein van die owerheid in beweeg. Indien die samelewingsbande so vervleg raak, is dit baie moeilik vir 'n kerk om sy profetiese stem hoorbaar te maak.

Die tydperk tussen die 1978 en 1982 Algemene Sinodes was by uitstek die verspeelde jare. Die Algemene Sinode van 1982 het vanaf 12 Oktober 1982 in Pretoria plaasgevind.

Veral twaalf sake het na vore getree wat van wesenlike belang was. Dit is sake wat direk na die voorgestelde kommissie vir die hersiening van Ras, Volk en Nasie verwys is. Die debat oor trekarbeid was veral in die sentrum van bespreking, daarom handel die eerste sake daaroor:

> *"Die Algemene Sinode verklaar dat trekarbeid een van die faktore is wat die huweliks- en gesinslewe van betrokkenes ontwrig; die trekarbeidstelsel groot probleme vir die kerk skep om tot werklike gemeentebou te kom;*
>
> *'n Gesonde kerklike lewe nie kan bloei waar gesinslewe ontwrig is nie;*
>
> *Trekarbeid nie sonder meer as onskriftuurlik bestempel kan word nie, maar dit moet vanweë sy ontwrigtende uitwerking sover moontlik uitgeskakel word; totdat hierdie uitskakeling bereik is alles moontlik gedoen moet word om die ontwrigtende uitwerking so gering moontlik te maak.*
>
> *Die Algemene Sinode verklaar dat naasteliefde die skriftuurlike norm vir die beoefening van maatskaplike geregtigheid is en dat hierdie norm altyd konkreet deur owerheid en onderdaan toegepas moet word in elke politieke,*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*ekonomiese en maatskaplike situasie. Maatskaplike geregtigheid in Bybelse sin sluit alle praktiese aangeleenthede soos behuising, billike lone, menswaardige diens en pensioenvoorwaardes en getroue dienslewering in"*
(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:103).

Trekarbeid word onderskryf, hoewel die nadele daarvan besef word. Etiese kritiek word onderdruk omdat trekarbeid in diens van apartheid staan. Ten opsigte van punt 12 dink die Ned. Geref. Kerk prinsipieel korrek maar het 'n onvermoë om die pyn van apartheid in te sien.

Aanverwante sake wat deur die Algemene Sinode (1982:1428-1429) goedgekeur is, is:

*"Die Algemene Sinode veroordeel alle georganiseerde oprigting van plakkergebiede, doen verder 'n dringende beroep op die Owerheid om enersyds alle bona fide redes vir plakkery uit die weg te ruim en om andersyds met ferme deernis op te tree waar dit nodig is.*

*Die Algemene Sinode verklaar dat volwaardige geleenthede tot opvoeding en onderwys vir elke persoon in die RSA die ideaal is, en dat alles moontlik gedoen moet word om die ideaal vinniger te bereik"*
(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:103-104).

Ter verduideliking kan genoem word dat punt 21 handel oor die "Message of the consultation to member churches" wat uitgereik is deur die tien lidkerke van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hulle het vergader vanaf 12 - 16 Maart 1979 in Pretoria en het die kerk se sosiale verantwoordelikheid bespreek.

Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke het vanaf 17 - 27 Augustus 1982 in Ottowa vergader. 'n Verklaring oor "Racism and

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



South Africa" is op 25 Augustus 1982 uitgereik. Sekere relevante uittreksels uit die verklaring stel dit dat:

> *"The white Afrikaans Reformed churches of South Africa through the years have worked out in considerable detail both the policy itself and the theological and moral justification for the system. Apartheid (Separate Development) is therefore a pseudo-religious ideology as well as a political policy. It depends to a large extent on this moral and theological justification. The division of Reformed Churches in South Africa on the basis of race and colour is being defended as a faithful interpretation of the will of God and of Reformed understanding of the church in the world. This leads to the division of Christians at the table of the Lord as a matter of practise and policy, which has been continually affirmed save for exceptional circumstances under special permission by the white Afrikaans Reformed Churches".*

Verder word dit gestel dat:

> *"The General Council of the WARC meeting in Ottawa 1982 declares:*
>
> *The promises of God for his world and for his church are in direct contradiction to apartheid ideals and practices. These promises, clearly proclaimed by the prophets and fulfilled in Christ, are peace, justice and liberation. They contain good news for the poor and the deliverance for the oppressed, but also God's judgement on the denial of rights and the destruction of humanity and community".*

Verder volg:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"In certain situations of confession of a church needs to draw a clear line between truth and error. In faithful allegiance to Jesus Christ it may have to reject the claims of an unjust or oppressive government and denounce Christians who aid and abet the oppressor. We believe that this is the situation in South Africa today.*

*The churches which have accepted Reformed confessions of faith have therefore committed themselves to live as the people of God and to show in their daily life and service what this means. This commitment requires concrete manifestation of community among races, of common witness to injustice and equality in society, and of unity at the table of the Lord. The Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk, in not only accepting, but actively justifying the apartheid system by misusing the Gospel and the Reformed confession, contradict in doctrine and in action the promise which they profess to believe.*

*Therefore, the General Council declares that this situation constitutes as status confessions for our churches, which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed churches.*

*We declare with Black Reformed Christians of South Africa that apartheid ("Separate Development") is a sin, and that the moral and theological justification of it is a travesty of the Gospel and in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy".*

Verder volg:

*"The General Council has a special responsibility to continue to denounce, the sin of racism in South Africa as expressed in apartheid (separate development): It is*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*institutionalized in the laws, policies and structures of the nation, it has resulted in horrendous injustice, suffering, exploitation and degradation of millions of black Africans for whom Christ died; and it has been given moral and theological justification by the white Dutch Reformed Churches in South Africa who are members of the WARC and with whom we share a common theological heritage in the Reformed tradition.*

*Therefore, the General Council reluctantly and painfully, is compelled to suspend the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika from the privileges of membership in the WARC (i.e. sending delegates to General Councils and holding membership in Departmental committees and commissions), until such time as the WARC Executive Committee has determined that these two churches in their utterances and practice have given evidence of a change of heart. They will be warmly restored to the full privileges of membership when the following changes have taken place:*

*(a) Black Christians are no longer excluded from church services, especially the Holy Communion;*

*(b) Concrete support in word and deed is given to those who suffer under the system of apartheid (separate development);*

*(c) Unequivocal synod resolutions are made which reject apartheid and commit the Church to dismantling this system in both churches and politics"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1021-1023).

Die Ned. Geref. Kerk het geweldige druk in wêreldekumene ervaar. Die fout is nie by die Ned. Geref. Kerk gesoek nie en negatiewe gevoelens het toegeneem na Cottesloe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vraag ontstaan of die Ned. Geref. Kerk nie geluister het na die duidelike stem van ekumeniese kerke nie. Hierbo word aanspraak gemaak op 'n profetiese getuienis op Bybelse gronde teen die Ned. Geref. Kerk. Was die Ned. Geref. Kerk ongehoorsaam of is standpunte oor apartheid net subjektief beleef?

Tydens die 1982 Algemene Sinode word 'n meerderheidsverslag (met nege ondersteuners) en 'n minderheidsverslag (met drie ondersteuners ingedien.

In die meerderheidsverslag word dit gestel dat:

> *"'n Eensydige beeld van die Ned. Geref. Kerk te Ottawa aan die lidkerke voorgehou is;*
>
> *'n Skokkende oordeel van die WBGK oor die Ned. Geref.Kerk voltrek is op 'n wyse waarop en gronde waarvoor die konstitusie van die WBGK, (toe die Ned. Geref. Kerk lid geword het) nie voorsiening gemaak het nie, en ewe min is opgeskorte lidmaatskap daarin opgeneem;*
>
> *Sekere voorwaardes aan die Ned. Geref. Kerk gestel word waaraan hy eers moet voldoen voordat hy as 'n volwaardige lid aanvaar kan word;*
>
> *Hierdie besluite van die WBGK onmiskenbaar geneem is vanuit die gesigspunte van die Teologie van Bevryding, wat volgens die Ned. Geref. Kerk sonder twyfel in wesenlike opsigte in stryd met die Bybel en die Gereformeerde teologie is;*
>
> *Die Ned. Geref. Kerk in 'n uiters netelige posisie geplaas is, waardeur die Ned. Geref. Kerk geen ander keuse gelaat word as om soos volg te verklaar:*
>
> 1. *dat die Ned. Geref. Kerk nie bereid is om met hierdie opgeskorte lidmaatskap genoeë te neem nie;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. *dat die Ned. Geref. Kerk onder sodanige omstandighede sy posisie so beskou dat hy vir praktiese doeleindes nie meer lid van die WBGK is nie;*

3. *dat die Ned. Geref. Kerk geen verdere finansiële verpligtinge teenoor die WBGK aanvaar nie.*

4. *dat aangesien die status quo nog vir die WBGK nóg vir die Ned. Geref. Kerk bevredigend is, en gevolglik nie vir 'n onbepaalde tyd gekontinueer kan word nie, die volgende Algemene Sinode in die lig van die verwikkelinge oor sy lidmaatskap van die WBGK besluit"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1024-1025).

In sy wese verskil die minderheidsverslag van die meerderheidsverslag oor die volgende sake:

*"Dat die Ned. Geref. Kerk nie slegs beswaar het teen die betrokke besluit en die stel van voorwaardes vir voortgesette lidmaatskap nie, maar veral die WBGK se verbintenis met die Teologie van Bevryding, die Wêreldraad van Kerke, asook die gebrek aan 'n duidelike konvensionele grondslag.*

*Dat die Ned. Geref. Kerk onder die omstandighede, na 'n lang verbintenis, hom met leedwese aan die WBGK onttrek"*
(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1026).

Die meerderheidsverslag word deur die Algemene Sinode van 1982 goedgekeur nadat 'n voorstel van prof J.A. Heyns bygevoeg is:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Dat die Ned. Geref. Kerk in diepe ootmoed voor God wil bely dat hy nie bo alle kritiek verhewe is nie, en tog wil die Sinode in alle opregtheid verklaar dat hy hom, in die lig waaroor hy beskik het, nog altyd beywer het vir geregtigheid en menswaardigheid, maar dat dit in die gekompliseerde situasie van ons land, allermins eenvoudig is om dit altyd genoegsaam in die praktyk te verwesenlik"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1373).

Die nugtere insigte van prof Heyns het tog daartoe gelei dat sommige hand in eie boesem begin steek het.

Die druk was van alle kante af te veel op die Ned. Geref. Kerk en Ras, Volk en Nasie was kort na sy verskyning uitgedien. Die aanbeveling is aanvaar dat Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif indringend hersien moet word en die volgende hersieningskommissie is aangestel:

| | |
|---|---|
| *"Ds J.E. Potgieter* | *(Moderator)* |
| *Ds G.S.J. Möller* | *(Assessor)* |
| *Dr D.C.G. Fourie* | *(Aktuarius)* |
| *Ds D.J. Viljoen* | *(Skriba)* |
| *Prof J.A. Heyns* | *(Dogmatiek)* |
| *Dr D.A. du Toit* | *(Christelike Etiek)* |
| *Prof C.W.H. Boshoff* | *(Sendingwetenskap)* |
| *Ds D.S. Snyman* | *(Sending)* |
| *Prof A.B. du Toit* | *(Nuwe Testament)* |
| *Prof P.A. Verhoef* | *(Ou Testament)* |
| *Prof P.B. van der Watt* | *(Kerkreg)* |
| *Dr P. Smit* | *(Vise-president RGN Behuising/Verstedeliking)* |
| *Dr M.M. Nieuwoudt* | *(Sosiologies Kerklik)* |
| *Dr P. Rossouw* | *(Uitvoerende amptenaar)* |

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1380).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hiermee was die tafel gedek vir vernuwing, iets wat jare gelede al noodsaaklik was!

Na die Algemene Sinode van 1982 het die Streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk van 1983 aan die orde gekom. Oor sake wat apartheid raak het dit stil by die streeksinodes verloop. Die enigste uitsondering was die Sinode in Suid-Afrika waar sterk standpunte ingeneem is.

Die Sinode van Wes-Kaapland het oor 'n lang tydperk sterk standpunt ingeneem oor die posisie van kleurlinge. In 1983 is daar kennis geneem van 'n beskrywingspunt, dat die Breë Moderatuur opdrag kry om voortgesette aandag te gee aan die staatkundige en ander knelpunte ten opsigte van kleurlinge. Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid word ook versoek om knelpunte wat in hierdie verband in Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif genoem word, met die betrokke owerheidinstansies op te neem (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:258, H 156).

Die Ned. Geref. Kerk het deurlopend baie versigtig opgetree oor gesamentlike aanbidding. Die 1978 en 1982 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het kosbare geleenthede laat verbygaan om kerkrade en lidmate in die verband blootstelling te gee. Die Wes-Kaapse Sinode het egter weer eens die leiding in dié verband in 1983 geneem. Die volgende besluit is goedgekeur:

> *"Die Sinode oordeel dat daar 'n verskil is tussen gesamentlike eredienste tussen gemeentes of kerke en geleenthede waar gelowiges spontaan 'n erediens in 'n ander gemeente as die eie bywoon.*
>
> *Ten opsigte van gesamentlike eredienste tussen verskillende gemeentes of kerke handhaaf die Sinode die standpunt soos in Ras, Volk en Nasie uiteengesit (Art. 59.3) nl. dat dit die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad is om die wyse waarop sodanige dienste georganiseer word, te bepaal.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Ten opsigte van geleenthede waar gelowiges spontaan 'n erediens in 'n ander gemeente as die eie bywoon, verklaar die Sinode soos volg:*

*Kerkrade moet toesien dat geen persoon wat in goeie trou wil aanbid (van watter taal of rassegroep ook al) verhinder sal word om 'n erediens by te woon nie.*

*Elke besluit op grond waarvan sodanige aanbidder verhoed word om saam te aanbid, druis in teen die gees van die besluite van die Algemene Sinode en is beslis in stryd met die Woord van God.*

*Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade waar sodanige besluite nog geld, om dit ter wille van die eer van God en in belang van Sy Koninkryk onmiddellik te herroep"* (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983: H 176).

Dié sake word hier aangetoon om aan te dui wat in die praktyk met die Ned. Geref. Kerk gebeur het oor apartheid. Dit het die Ned. Geref. Kerk in sy verhouding met die owerheid beïnvloed.

Die terugvoering van die vraelys oor gesamentlike aanbidding is interessant. Op die vraag of die besluit van die 1982 Algemene Sinode oor gesamentlike aanbidding deur die kerkraad behandel is, reageer 81 kerkrade positief en 38 negatief. Op die vraag of die kerkraad enige besluite ter implementering daarvan geneem het, het61 positief en 58 negatief gereageer. Oor die inhoud van die besluite, was die reaksie soos volg:

- Anderskleuriges word by begrafnisdienste en huwelike toegelaat;

- Nie-blanke bediendes is welkom by Pinksterdienste en begrafnisse;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Baie het dit teësinnig aanvaar as sinodebesluit, maar voel nie in hulle hart dat dit nodig is nie;

- Wanneer anderkleuriges dienste bywoon, sal die kerkraad toesien dat daar geen insidente plaasvind nie;

- Niemand mag verhinder word om in enige kerk te aanbid nie, want die kerk is vir almal oop;

- Anderkleuriges wat by eredienste opdaag sal verwelkom word;

- Gesamentlike na-Pinkstersaamtrekke en af-en-toe bidure;

- Gesamentlike aanbidding vind sonder voorval, by geleenthede plaas;

- Vir begrafnisse en huwelike moet die toestemming daartoe van die dagbestuur verkry word, die kwessie oor eredienste is nog hangende;

- Soos in die verlede, sal goeie wedersydse verhoudinge gehandhaaf en uitgebou word, tog spreek die kerkraad hom egter uit teen gesamentlike aanbidding in die vorm van sogenaamde "oop kerke";

- Dat jaarlikse Nagmaalviering met die plaaslike Ned. Geref. Sendinggemeente plaasvind.

Op die vraag of die gemeente ingelig is oor die besluit oor gesamentlike aanbidding, het 65 positief en 54 negatief gereageer. (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:376-377).

'n Groot debat wat in die Ned. Geref. Kerk besig was om plaas te vind was oor die saak of apartheid sonde is. Met die sinode van die NGSK van 1982 is die *status confessiones* aanvaar en is apartheid as sonde beskou. Die volgende beskrywingspunt dien voor die Wes-Kaapse Sinode:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Die Sinode verklaar dat dit sy vaste oortuiging is dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) <u>sonde</u> is, en dat die regverdiging daarvan op Skriftuurlike gronde leerstellig vals is - ongeag vroeëre uitsprake wat op die teendeel mag dui. In die praktyk, immers, bestendig apartheid 'n valse meerderwaardigheidsopvatting; lei dit gevolglik tot sondige bevoorregting van sekere mense (en benadeling van ander) op grond van hul ras en/of velkleur; en skep dit 'n situasie van onreg wat matelose ontwrigting en lyding meebring. Daarom is apartheid teoreties en prakties onverenigbaar met die Heilige Skrif, wat roep tot geregtigheid, liefde en ootmoed (Miga 6:8) - in Christus se versoenende genade, wat juis deur apartheid verloën word"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1982: H 208).

Bogenoemde word nie aanvaar nie, maar wél die volgende:

> *"Die Sinode oordeel in die lig van die Skrif dat dit die taak van die owerheid is om reg en geregtigheid aan al sy onderdane te laat geskied;*
>
> *Die Sinode is oortuig dat die Skrif geen bepaalde politieke model voorskryf om hierdie ideaal te verwesenlik nie;*
>
> *Daarom kan die Sinode hom nie vereenselwig met die opvatting, dat die beleid van apartheid of afsonderlike ontwikkeling 'n direkte voorskrif van die Bybel is nie, trouens die Sinode distansieer hom van enige poging in die hede of verlede om afsonderlike ontwikkeling as Bybelse voorskrif voor te hou;*
>
> *Omdat die Bybel geen politieke bloudrukke voorskryf nie, kan die Sinode egter ook nie 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling sonder meer veroordeel indien dit reg en geregtigheid laat geskied nie;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Indien afsonderlike ontwikkeling egter in die praktyk die vorm van rassisme en rassediskriminasie (soos deur die Algemene Sinode en hierdie Sinode afgewys) aanneem, veroordeel die Sinode dit nog eens as sonde;*
>
> *In die lig van die Algemene Sinode se besluit waarin die Ned. Geref. Kerk homself bereid verklaar het om in gesprek te tree met ander kerke van die Ned. Geref. Kerk-familie, doen die Sinode 'n beroep op Ringe en kerkrade en die betrokke skakelkommissies van die Sinodes om daadwerklik aandag te gee aan die wyse waarop die huidige politieke bestel in die praktyk deur ons medegelowiges ervaar word"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:H 208-209).

Die aanhaling toon die subjektiwiteit van die Ned. Geref. Kerk oor apartheid aan.

'n Saak wat groot opslae gemaak het, was die opskorting van die Ned. Geref. Kerk se lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Die skerp kritiek van dié liggaam teen die Ned. Geref. Kerk se standpunt ten opsigte van apartheid, het beslis 'n groot invloed gehad.

Op 31 Oktober 1984 het die Breë Moderatuur die beginsel van voorlopige opskorting van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode goedgekeur. Dit is na die Dagbestuur van die Breë Moderatuur verwys vir fynere formulering waarná die lede dit goedgekeur het. Op 20 Desember 1984 is die skrywe aan die sekretaris van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode gepos en op 2 Januarie 1985 is dit in Die Kerkbode gepubliseer. Skerp kritiek het gevolg. Die algemene standpunt is gehuldig dat die Dagbestuur van die Breë Moderatuur in 'n sekere sin sy hand oorspeel het met hierdie daad.

Dit kan werklik betreur word dat die Ned. Geref. Kerk 'n verskeidenheid tegniese punte opper as verweer vir die onderskrywing van apartheid. Dit is jammer dat daar nie prinsipieel besin is oor

© University of Pretoria

die profetiese stem van die GES nie. Hierdie is dus 'n duidelike afwesigheid van 'n teologiese verweer van die standpunte van die Ned. Geref. Kerk. Daar is weinig sin in dat die Ned. Geref. Kerk die GKN aanval as hyself in die beskuldigde bank staan. Dit wil gevolglik voorkom asof die Ned. Geref. Kerk die kalklig van homself probeer verskuif om sodoende uit die spervuur te probeer kom.

Met die volharding van sy eensydige standpunte en ontkenning van die internasionale kerklike gemeenskap se standpunt, het die Ned. Geref. Kerk hom al hoe meer in 'n web, ten opsigte van ekumeniese sake, toegespin. Die Ned. Geref. Kerk het te midde van dié druk die owerheid se standpunt oor apartheid ondersteun.

## 4.3 SPESIFIEKE WETGEWING:

### 4.3.1 Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Ontugwet - Artikel 16

In vorige hoofstukke van dié werk is die implementering en instandhouding van hierdie twee wette duidelik uiteengesit. Tydens die 1974 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk is daar tog aanduidings om ruimer oor die saak te dink. Ras, Volk en Nasie en volkeverhoudinge in die lig van die Skrif (1974:96) stel dit soos volg: "In die Skrif kom geen direkte uitspraak voor om rasgemengde huwelik goed of af te keur nie".

Tydens die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika se Sinode van 1975 is die volgende besluite geneem en deurgestuur na die Algemene Sinode van 1978:

> *"Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika het met instemming kennis geneem van die uitvoerige verslag van die ad hoc-kommissie oor Rasse- en Ekumeniese vraagstukke wat voor die Algemene Sinode van 1974 gedien het, as uitdrukking van die sinode se standpunt.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. *Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die besluit vervat in die Handelinge 1974 punt 3.2.4 bl. 242 en 611 in heroorweging te neem en beveel aan dat die toegevoegde woorde "en handhaaf" verval, en dat die geëmaneerde besluit soos volg sal lui: "Die Nuwe Testament aanvaar die verskeidenheid van volkere as 'n positiewe gegewe vir alle tye".*

2. *Die Sinode versoek die Algemene Sinode om heroorweging te skenk aan die formulering van sy besluit van 1974 insake rasgemengde huwelike en beveel die volgende aan: "In die beoordeling van rasgemengde huwelike moet met die volgende oorwegings rekening gehou word: Met die feit dat sodanige huwelike, kragtens die volstrekte eenheid van die menslike geslag, fisiese moontlik is; voorts met die feit dat die belemmerende faktore wat in gegewe omstandighede die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n rasgemengde huwelik strem, soos byvoorbeeld die omstandighede wat met 'n bepaalde maatskaplike struktuur en kultuurpatroon saamhang, soos in S.A., die aangaan van dergelike huwelike uiters ongewens maak, maar dat terselfdertyd bedink moet word dat dergelike 'omstandighede' nie noodwendig vir alle tye in alle situasies normatief is nie"* (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in S.A. 1975:25).

Die Algemene Sinode van 1978 was nie bereid om die gewysigde samevatting te aanvaar nie, maar het die Ned. Geref. Kerk van Kaapland tegemoetgekom deur die kwalifikasie van gemengde huwelike as "ongeoorloof" by te voeg en te volstaan met die kwalifikasie "uiters ongewens" (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1978:980). De Villiers in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kinghorn (1984: 64) is van mening dat daar oor die presiese implikasies van bogenoemde wysiging meningsverskil bestaan. Hy meen dit wil voorkom of die Ned. Geref. Kerk daarmee in elk geval die standpunt dat gemengde huwelike prinsipieel verkeerd is, dit wil sê in alle omstandighede moreel veroordeel moet word, laat vaar het.

Die Eerste Minister van Suid-Afrika, mnr P.W. Botha, het tydens die Kaaplandse Kongres van die Nasionale Party op 25 September 1979 standpunt oor die twee wette ingeneem. Hy het gesê dat enige voorstelle om die wette te verbeter en probleme wat ondervind word die hoof te bied, sal deur die Regering na verdienste oorweeg word (*Die Burger 26.09.1979:1*). Hy het begrip dat probleme kan ontstaan en mense van verskillende rasse mekaar liefhet en graag wil trou. Enige voorstelle vir die verbetering van die wet om die probleme die hoof te bied sal deur die regering na verdienste oorweeg word (*Die Burger 26.09.1979:1*).

Die verskil in standpunt tussen Ned. Geref. kerkleiers het kort na die aankondiging van mnr P.W. Botha na vore gekom. 'n Gewese moderator van die Ned. Geref. Kerk, dr Koot Vorster het baie emosioneel gereageer: "As die wette herroep word, kan die wet teen moord net sowel afgeskaf word" (*Hoofstad 26.09.1979:1*).

Hierteenoor het prof Johan Heyns die aankondiging verwelkom en gesê: "Ek dink die Afrikaner het sulke wette nie nodig nie" (*Hoofstad 26.09.1978:1*).

Die regering het egter huiwerend opgetree en versigtig voelers uitgesteek voordat daar aan die wette verander is. Die fase van watertrap is deurbreek in April 1982 toe mnr P.W. Botha in die bespreking van sy begrotingpos as Eerste Minister gesê het dat dié wette nie nodig is om blanke Afrikaners te beskerm nie. Hy het gesê gemengde huwelike is nie sonde nie en dat Ned. Geref. Kerk teoloë sy standpunt onderskryf. Belangrike onder-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



handelings is tussen verteenwoordigers van die Ned. Geref. Kerk, die NGSK, verskeie Engelse en swartkerke en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke gevoer oor die moontlikheid van 'n eenvormige standpunt oor die Wet van Verbod op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet. Die samesprekings in Johannesburg het veral om twee vrae gewentel, naamlik: Het die staat die reg om hom op grond van ras en kleur in te meng in die vrye keuse van 'n huweliksmaat? Die tweede vraag is dat indien aanvaar word dat die staat die reg het, het die omstandighede wat die wette nodig gemaak het, nie sodanig verander dat die wette oorbodig geraak het nie? (*Die Burger 21.04.1982:3*).

Die NGSK het op die sinode van 1982 besluit dat die Skrif hom nie teen gemengde huwelike uitspreek nie, behalwe op godsdienstige gronde en dat rasgemengde huwelike op sigself nie verkeerd is nie en nie op grond van ras of kleur afgewys mag word nie. Die huwelik is nie net 'n persoonlike saak nie, maar raak ook die enkeling se verhouding tot God, die familie en die samelewing. Die kerk en staat moet hom daarvan weerhou om die vrye keuse van 'n lewensmaat bloot op grond van ras of kleur te beperk. Tog moet in die praktyk rekening gehou word met die probleme wat deur etniese, rasse- of kulturele verskille mag ontstaan. Die kerk het 'n profetiese en pastorale roeping teenoor alle ontug en egbreuk (Handelinge van die Sinode van die NGSK 1982:338, 500).

Tydens die 1982 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het die Breë Moderatuur verslag gedoen dat hulle met die Eerste Minister 'n onderhoud gevoer het. Die Eerste Minister is deur die Church of the Province of South Africa, Methodist Church, Presbyterian Church en die Congregational Churches genader met 'n versoek om die Wet op verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 26 van die Ontugwet af te skaf. In die regering se gesprek met kerke oor hierdie saak is ooreengekom dat elke kerk die volgende vrae moet beantwoord:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Het die owerheid jurisdiksie ten opsigte van keuse van 'n huweliksmaat en kan hierdie jurisdiksie op grond van ras of kleur toegepas word?

2. Is die kerke die mening toegedaan dat die omstandighede wat tot die aanname van die Wet op Gemengde Huwelike in 1949 gelei het, ooit geregverdig was en of dit tans nog geregverdig is?

3. Is die kerke bereid om die owerheid te versoek om die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet te herroep of om ten minste die aspek van ras in die wette te elimineer?

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:140).

'n Tydelike kommissie is deur die sinode aangewys om die saak te ondersoek en later tydens die Algemene Sinode terugvoering te gee. Meerderheids- en minderheidsaanbevelings is aan die sinode voorgelê, waarvan die sinode die meerderheidsaanbeveling goedgekeur het. Op die eerste vraag of die owerheid jurisdiksie ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat het en of hierdie jurisdiksie op grond van ras of kleur toegepas kan word stel die meerderheidsverslag dit soos volg:

*"1. Die Algemene Sinode handhaaf sy standpunt van 1974 in hierdie verband:*

*1.1 dat die verbod op 'rasgemengde' huwelike in die Skrif oorwegend godsdienstig gemotiveerd is en dat die Bybel hom nie letterlik vir of teen sodanige huwelik uitspreek nie (RVN, par. 64.1).*

*1.2 'n Huwelik is in die eerste plek 'n persoonlike- en familieaangeleentheid, maar dit het tewens 'n sosiale, godsdienstige, kerklike- en 'n staatkundig-juridiese aspek; en daarom*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*gaan so 'n huwelik nie heeltemal buite die bemoeienis van die maatskappy, kerk- en staat om nie. Dit behoort in normale omstandighede wel nie tot die taak van die owerheid om hom met die vrye huwelikskeuse van individue te bemoei nie. Tog is dit moontlik en denkbaar dat die owerheid die aangaan van dergelike huwelike in bepaalde gevalle kan verbied. Die ewewig in die stabilisering van verhoudinge in 'n veelrassige en veelvolkige situasie kan deur die aangaan van rasgemengde huwelike versteur word, en in hierdie omstandighede is die handhawing van die vrede in die Bybelse sin van die woord, vir die owerheid belangriker as die vrye huwelikskeuse van bepaalde individue. Die feit bly dan egter dat dit 'n buitengewone maatreël is, en dit vanselfsprekend sal wees dat hierdie verbod heroorweeg kan word wanneer omstandighede dit sal regverdig. (RVN par. 64.2).*

2. *Is die kerke die mening toegedaan dat die omstandighede wat tot die aanname van die Wet op Gemengde Huwelike in 1949 gelei het, ooit geregverdig was en of dit tans nog geregverdig is?*

2.1 *Die Sinode oordeel dat nie net bepaalde tydsomstandighede nie, maar ook ander faktore (etnies, kultureel, biologies, ens) 'n rol speel in die beoordeling van hierdie saak.*

2.2 *Die Sinode handhaaf sy standpunt dat by rasgemengde huwelike met die volgende oorwegings rekening gehou moet word:*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Sodanige huwelike is fisies moontlik. Faktore wat die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n Christelike huwelik strem, sowel as faktore wat eventueel die Godgegewe verskeidenheid en identiteit vernietig, maak so 'n huwelik uiters ongewens. Sodanige faktore word gevind waar daar groot verskille by die eglede is ten opsigte van sake soos godsdiens, maatskaplike struktuur, kultuurpatroon, biologiese afstamming, ens.*

*Sulke huwelike bly ongewens solank die belemmerende faktore bestaan. (RVN par. 65 soos gewysig in 1978).*

*2.3 Die Sinode oordeel dat in die gekompliseerde Suid-Afrikaanse samelewing die Wet op Gemengde Huwelike steeds geregverdig kan word.*

*3. Is die kerke bereid om die owerheid te versoek om die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet te elimineer?*

*3.1 In verband met die Wet op Gemengde Huwelike volstaan die Algemene Sinode met sy antwoord in 2.3.*

*3.2 In verband met Artikel 16 van die Ontugwet antwoord die Algemene Sinode soos volg:*

*3.2.1 Alle ontug, en nie net die oor rassegrense heen nie, staan in die lig van die Skrif veroordeel.*

*3.2.2 Solank die Wet op Gemengde Huwelike bestaan, behoort Artikel 16 van die Ontugwet nie herroep te word nie"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1432-1434).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit wil voorkom asof die Ned. Geref. Kerk hierdie saak op ideologiese en praktiese gronde evalueer. Die enigste vertrekpunt is egter die Skrif. Vanuit die Skrif moet dit deurgetrek word na die praktyk sonder dat ideologiese standpunt neerslag vind.

Die Algemene Sinode van 1982 het 'n teleurstellende bydrae gelewer tot die debat wat baie aktueel was. In sy besluite het die Ned. Geref. Kerk teruggegryp na vorige sinodes se standpunte. Daar was egter sterk steun vir die minderheidstandpunt wat met 'n kortkop deur die tydelike kommissie verwerp is. Die minderheidsverslag het die opheffing van die twee wette versoek (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1108-1111).

Op 30 Junie 1983 is 'n Gekose Komitee van die Parlement onder voorsitterskap van die Adjunk-minister van Binnelandse Aangeleenthede, mnr Piet Badenhorst, aangestel om ondersoek in te stel oor die moontlike afskaffing van die twee wette (*The Star 30.06.1983:6*).

Die Algemene Sinodale Kommissie van die NGSK het op 15 Maart 1983 'n ingrypende besluit in verband met gemengde huwelike geneem. Die Sinodale Kommissie het 'n opdrag van die 1982-NGSK Sinode ontvang om die saak rakende gemengde huwelike af te handel. 'n Beroep is op die Ned. Geref. Kerk gedoen om sy onbybelse standpunte oor gemengde huwelike tydens die 1982 Algemene Sinode in heroorweging te neem en saam met ander kerke die owerheid eenparig te versoek om die betrokke wette onmiddellik te herroep. Indien die Ned. Geref. Kerk hierdie versoek verontagsaam en die regering in gebreke bly om die wette te herroep, sal 'n aantal riglyne vir die hantering van mense wat oor die kleurgrens wil trou, in werking tree. Volgens die riglyne moet die kerk hom vergewis dat dit 'n bonafide verhouding is; dat die implikasies onder die huidige bedeling van so 'n besluit om met mekaar saam te leef, aan die paar (en hul families) verduidelik sal word; dat die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betrokkenes, indien hulle desondanks op Christelike wyse in die huwelike bevestig wil word, by wyse van die gebruiklike kerklike seremonies in die huwelik bevestig mag word; dat die bediening van die sakramente nie aan so 'n paar weerhou sal word nie; dat die kerk hulle sal ondersteun in hulle stryd teen teenkanting en vooroordeel; en sover moontlik sal beskerm teen optrede van die owerheid op grond van die betrokke twee wette (De Villiers 1984:75).

Die NGSK het hiermee 'n groep Engelse kerke in Suid-Afrika ondersteun deur apartheidswette met burgerlike ongehoorsaamheid teen te staan.

Tydens die streeksinodes van 1983 van die Ned. Geref. Kerk, verdien die standpunte van twee streeksinodes in die verband aandag:

Die sinode van Noord-Kaapland het dit duidelik gestel dat, hoewel hy die standpunte van die 1982-Algemene Sinode onder-steun, die sinode hom egter nie kan uitspreek saam met die Algemene Sinode oor die regverdiging of nie van die Wet op Gemengde Huwelike as gevolg van die gekompliseerde Suid-Afrikaanse samelewing nie. Die rede hiervoor is dat die Sinode van Noord-Kaapland meen die Algemene Sinode hier beweeg op die terrein van die staatkundige owerheid, wat hierdie besluit moet neem (Handelinge van die Ned. Geref. Sinode van Noord-Kaapland 1983:588). Tweedens het die sinode van Wes-Kaapland 'n in diepte studie van die saak onderneem en die volgende besluit in dié verband geneem:

> *"Die sinode besluit dat die Wet op verbod van Gemengde Huwelike tesame met sy aanhangsel in Artikel 16 van die Ontugwet:*
>
> *(a) Strydig is met die Skriftuurlike Christelik-etiese beginsels ten opsigte van die huwelik, omdat hierdie eksterne, sosiale faktore tot*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*beginsel verhef, in plaas daarvan dat die wese van die huwelik op uitgangspunt geneem word;*

*(b) strydig is met die wese van die huwelik, naamlik dat die huwelik 'n Godgegewe bestaansordening vir die mens is waarby wedersydse liefde en agting die enigste wesenlike kriterium is; en*

*(c) strydig is met die Skriftuurlike gegewe van die wesenlike eenheid van die mensdom soos dit onder andere tot uitdrukking kom in die feit dat alle mense beelddraers van God is.*

*Die sinode oordeel dat die wette soos dit tans funksioneer, die menswaardigheid van individue aantas, veral aangesien die wette in effek selfs daardie verhoudings tussen mense van verskillende velkleur wat volgens alle andersins gebruiklike maatstawwe as huweliksverhoudings aanvaar sou word, onder die rubriek van ontug tuisbring en sodoende die godsdienstige assosiasie van sonde daaraan heg. Aangesien die kriterium vir sulke sogenaamde 'ontug' nie in die aard van die verhouding gevind word nie, maar uitsluitlik in velkleur, beteken dit dat dié sondigheid in der waarheid by implikasie in die voorkoms van die persoon te vinde is.*

*Die sinode:*

- *spreek dit as sy oortuiging uit dat die kerk nie teenoor die staat voorskriftelik mag optree met betrekking tot wetgewing van watter aard ook al nie;*

© University of Pretoria

- *sien dit as die taak van die kerk om die beginselstandpunte van die Skrif daar te stel en die staat te versoek om sy wetgewing in die lig daarvan te formuleer;*

- *beklemtoon op grond van die getuienis van die Skrif dat huwelike tussen verskillende rassegroepe nooit as ontug beskou kan word nie;*

- *versoek die staat om in die reëling van 'n ordelike volkshuishouding daarmee rekening te hou"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:H 203-204).

Dit is duidelik dat die sinode van Wes-Kaapland 'n veranderde standpunt inneem, méér as enige vorige sinode. Die verskil kom verder duidelik na vore as die sinode sy standpunt formuleer op die vrae wat tydens die 1982 Algemene Sinode beantwoord is.

Op die vraag of die owerheid jurisdiksie het ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat en of hierdie jurisdiksie op grond van ras en kleur toegepas kan word, reageer die Wes-Kaap Sinode as volg:

> *"Dit behoort tot die wese van die huwelik dat dit 'n vrye liefdeskeuse tussen twee persone onder die leiding en heerskappy van God is. Die Skrif gee geen grond vir die staat om hierdie vryheid aan te tas nie. Die staat se jurisdiksie het te make met die beskerming van die wese van die huwelik wat wel in gedrang kom in sekere omstandighede, byvoorbeeld monstrueuse huwelike en huwelike tussen minderjariges.*
>
> *Die Bybel spreek hom nie vir of teen rasgemengde huwelike uit nie. Die enigste Bybelse beperking op*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *die vrye huweliikskeuse is godsdienstig gemotiveerd. Indien die staat suiwer op grond van ras en kleur die huwelikskeuse beperk, hanteer hy 'n beginsel wat nie met die wese van die huwelik saamhang nie, en wat in hierdie geval diskriminerend is. Dit is ook in stryd met die Bybelse veroordeling van alle diskriminasie, sowel as met die besluit van die Algemene Sinode van 1982 oor rassediskriminasie"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:H 204).

Op die tweede vraag of die kerk die mening toegedaan is dat die omstandighede wat tot die aanname van die Wet op Gemengde Huwelike in 1949 gelei het, ooit geregverdig was en of dit tans nog geregverdig is, is soos volg gereageer:

> *"Dit is nie die taak van die kerk om nou te bepaal wat in 1949 geregverdig of ongeregverdig was nie. Dit is egter duidelik dat hierdie wet onder die huidige omstandighede vertroebelend inwerk op die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe en kerke in die land. Die Skrif bied ook geen rede vir die handhawing van so 'n wet nie"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:H 204-205).

Die hegte band tussen Ned. Geref. Kerk en owerheid kom duidelik na vore uit die waarde wat die owerheid geheg het aan die Ned. Geref. Kerk se standpunt in verband met die twee wette. Die Wes-Kaapse sinode van die Ned. Geref. Kerk het saam met prominente Ned. Geref. Kerk teoloë, soos prof Johan Heyns die basis aan die owerheid gebied om voort te gaan en die wette af te skaf!

Die Volksraad se Gekose Komitee het op 28 Junie 1984 'n verslag oor die wette uitgebring. In dié verslag is versoek dat die komitee verbreed moet word, ná die instelling van die Drie-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kamerparlement en is 'n Gesamentlike Staande Komitee aangestel. Die Gesamentlike Staande Komitee het aanbeveel dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet opgehef moes word. Verder moes huwelike wat ingevolge die wetgewing ongeldig is, gewettig word (Mostert, J.J.C. 1986:428).

Die Ned. Geref. Kerk het intussen sy amptelike standpunt herhaal dat faktore in die Suid-Afrikaanse samelewing gemengde huwelik ongewens maak. Die standpunt het in 1984 gevolg na die verslag van die Gekose Komitee (*Beeld 11.07.1984:2*).

Die regering het die aanbeveling van die Gesamentlike Staande Komitee aanvaar en op 15 April 1985 aangekondig dat dié twee wette geskrap gaan word (*Beeld 19.04.1985:13*).

Indien in ag geneem word dat bykans ses jaar verloop het vandat mnr P.W. Botha in 1979 as Eerste Minister die deur oopgemaak het vir moontlike afskaffing van die wette, ontstaan die vraag of die proses nie veel vinniger sou plaasgevind het indien die Ned. Geref. Kerk met entoesiasme die afskaffing van dié twee wette bepleit het nie?

### 4.3.2 Instromingsbeheer en Trekarbeid

Die Ned. Geref. Kerk het instromingsbeheer deurlopend gesien as noodsaaklik om die beleid van afsonderlike ontwikkeling te laat realiseer. Die gevolg hiervan is dat die Ned. Geref. Kerk nie veel uitsprake in dié verband gemaak het nie. Die harde werklikheid van die wetgewing mag egter nie misgekyk word nie. In 1978 is meer as 270 000 swartes as gevolg van instromingsbeheerwette aangekeer. In die Johannesburgse Kommissarishof is 'n gemiddeld van 169,9 sake gedurende 1982 in dié verband verhoor. In 1983 het die Kommissarishof van Langa 7 890 sake verhoor teen 'n gemiddelde van 4,8 minute per saak. In 'n tyd waar daar herbesin is oor die wetgewing is daar in 1984 nog steeds een persoon elke sewe minute aan die Rand aangekeer (Esterhuyse, 1986:13).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Algemene Sinode van 1982 het alle onwettige georganiseerde oprigting van plakkersgebiede veroordeel en verder 'n dringende beroep op die owerheid gedoen om alles in sy vermoë te doen om die redes vir sodanige plakkery so spoedig as moontlik uit die weg te ruim en om met beslistheid en deernis op te tree waar dit nodig is (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1428).

Hoewel die Ned. Geref. Kerk sy kommer oor die stelsel van trekarbeid uitgespreek het, het die kerk altyd begrip vir die regering in die verband gehad. Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif het dit gestel dat trekarbeid een van die faktore is wat lei tot ontwrigting van die huweliks- en gesinslewe van swartes. Hoewel trekarbeid nie soseer as onskriftuurlik bestempel kan word nie, moet dit vanweë sy ontwrigtende uitwerking sover moontlik uitgeskakel word (Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1974:76-77).

Die Algemene Sinode van 1982 het kennis geneem van die verslag van die Federale Raad:

> *"Die Federale Raad is bewus van die feit dat die nuwe arbeidsbedeling alleen tot sy reg kan kom in 'n sosiale bestel waarin vryheid van beweging en van assosiasie binne die grense van een gemeenskaplike vaderland aanvaar is. Die Raad besef dat dit moeilik bereikbaar mag wees, maar doen nogtans 'n ernstige beroep op die Regering om met al die betrokke partye te onderhandel, ten einde 'n nuwe politieke bedeling daar te stel, gegrond op die Bybelse beginsels van lewensvervulling en vryheid van beweging en assosiasie"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1337).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die Wes-Kaaplandse Sinode van 1983 berig die Sinodale Kommissie dat swartvroue en kinders uit Nyanga 'n versoekskrif aan die leraar van die Ned. Geref. Kerk - Rondebosch oorhandig het. Die Sinodale Kommissie het kennis geneem van die optrede van die swartvroue en kinders uit Nyanga by die Ned. Geref. Kerk van Rondebosch (11 Oktober 1981).

Die Sinodale Kommissie stel dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk nie koud en onverskillig staan teenoor die probleme en nood van trekarbeiders en hulle gesinne nie. Dit word onder andere bewys deur:

- die hulp wat die Ned. Geref. Kerk bied en gebied het deur die kanale van die Skakelkommissie van die NGKA en die diakonieë van die gemeentes van die NGKA in die betrokke gebiede;

- die voortdurende onderhandelinge wat met die betrokke owerhede gevoer word;

- die skepping in samewerking met die NGKA, van werksgeleenthede in die tuislande (bv. King William's Town).

Die Sinodale Kommissie beklemtoon dit dat die Ned. Geref. Kerk met voortgesette, dringende aandag aan die probleme rondom trekarbeid en werkloosheid besig is (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:536).

## 4.4 DIE KOMMISSIE VIR SKAKELING MET DIE OWERHEID

Min M.C. Botha se uitnodiging aan die Ned. Geref. Kerk vir 'n gesprek en skakelliggaam in 1967 het besondere uitdagings gebied. Soos die gesprek deur die jare ontwikkel het, is fundamentele sake aangeraak. Die 1967-1971 fase waar die Ned. Geref. Kerk in Afrika geskakel het met die Ned. Geref. se sendingsekretaris, as deel van die afvaardiging, was 'n stadige begin. Tussen 1971-1974 het twee

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kommissies vir skakeling met die owerheid bestaan. Dié van die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Kerk in Afrika, wat as vennote geskakel het. Vanaf 1975-1978 onttrek die Ned. Geref. Kerk in Afrika en is daar 'n Kommissie vir skakeling met die owerheid, wat 'n sub-kommissie van die Algemene Sinode Sendingkommissie is. Ná 1978 is die Kommissie vir skakeling met die Breë Moderatuuraksie ten opsigte van beleidsake gestig maar die Algemene Sinode Sendingkommissie kon nog oor administratiewe sake skakel.

Probleemvelde is geïdentifiseer maar is nie vinnig opgelos nie. Sake wat op die agenda geplaas is, is oor jare hanteer.

Die sake wat van die vergadering van 11 Oktober 1974 oorgedra is, is sake soos strukture en die posisie en toekoms van die stedelike swarte. Die Ned. Geref. Kerk in Afrika het hierna onttrek en het nie verder deel aan die debat gehad nie.

Die hele Suid-Afrika is tot stilstand geruk met die onluste van 16 Junie 1976. Die Ned. Geref. Kerk se Kommissie vir skakeling met die owerheid het dadelik aan die werk gespring en versoenend probeer optree. Realisme het deel van dié Kommissie geword en fundamentele vrae is gevra. Dit sluit aan by vrae wat reeds deur die swart afvaardiging van die Kommissie in 1974 gevra is bv. aan Adjunk-minister Janson, toe Ds Buti gevra het of hy dink daar sal 'n tyd kom wanneer swartes nie meer deel van die sogenaamde "blank Suid-Afrika" sal wees nie? (Notule: KSO 11 Oktober 1974).

### 4.4.1 Die Ned. Geref. Kerk reageer op die Soweto-onluste

Onmiddellik ná die aanvang van die onluste in Soweto, op 16 Junie 1976, het die KSO van die Ned. Geref. Kerk begin om ondersoek na die aanleidende oorsake en die aard van die onluste in te stel. Die volgende persone het bystand verleen:

| | |
|---|---|
| Ds J.M. Hofmeyr, | 'n sendeling in Soweto; |
| Mnr W.S. Naudé, | 'n ingenieur wat al dertien jaar godsdiens-onderwyser in Soweto is; |
| Ds T.M. Mataboge, | leraar NGKA, Soweto. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Onderhoud is op 29 Julie 1976 met Minister M.C. Botha, sy Adjunkminister A.P. Treurnicht en die Sekretaris van die Departement van Bantoe-onderwys gehou (Memorandum KSO onluste in Soweto 1976:1).

Die volgende aanleidende oorsake tot die onluste word gegee:

> "1. *Afrikaans as medium van onderrig. Die publiek is oorwegend op Engels ingestel. Afrikaans as vak kan nog aanvaar word, maar nie as medium van onderrig in 'n moeilike vak soos Wiskunde nie! Omsendskrywes van amptenare van die Departement van Bantoe-onderwys het die indruk geskep dat ouers en skoolrade geen seggenskap het ten opsigte van die taalmedium nie. Die ondersoek van die KSO het aangetoon dat die Afrikaanse taalkwessie net die vonk was wat die ontvlambare materiaal aan die brand laat slaan het. Die dieperliggende redes was onder andere:*
>
> *(i) Die ontwaking van Swart nasionalisme.*
>
> *(ii) Antipatie teen die Afrikaner as verteenwoordiger van owerheidsgesag.*
>
> *(iii) Die reaksie op diskriminasie en vernederings.*
>
> *(iv) Stedelike swartes beskou homself los van tuislande.*
>
> *(v) Swartjeug het geen kennis van blanke jeug nie.*
>
> *(vi) Agitasie. Dit is moontlik as bogenoemde uitgebuit word"*

(Memorandum KSO - onluste in Soweto 1976:2-3).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die KSO het op grond van bogenoemde die volgende aanbevelings voorgelê:

*"1. Die skole*

*In die lig van die gelaaide atmosfeer en met alles wat plaasgevind het, en die feit dat die Afrikaanse taal ontsettende skade sal ly as dit as taalmedium vir sommige vakke op swartkinders afgedwing word, beveel ons aan:*

*1.1 Sonder om die beginsel van gelyke behandeling van Afrikaans en Engels (50-50%) te laat vaar, word as praktiese reëling vir die huidige die toepassing daarvan as taalmedium vir sekere vakke in Soweto opgeskort.*

*1.2 Dit word aan die ouers gelaat om deur die betrokke skoolrade die medium te kies en die Departement van Bantoeonderwys daarvan in kennis te stel.*

*1.3 As vak bly Afrikaans deel van die leerplan.*

*1.4 Die samewerking van ouers en skoolrade word gesoek vir die bereiking van die ideaal van gelyke behandeling van albei amptelike tale.*

*1.5 Die oordrag van verantwoordelikheid aan die swartman ten opsigte van die onderwys van sy kind word sover moontlik toegepas, onder andere sal dit insluit dat inspeksiewerk in die skole deur swart inspekteurs gedoen word.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. *Kommunikasie*

*Ons ondersteun van harte die beleid van kommunikasie deur middel van dialoog met die swartmense. In die stadium van ontwikkeling wat hulle bereik het, het gesag van bo en gesaguitsprake van bo, dikwels juis 'n negatiewe reaksie. Dis deur openhartige samespreking dat die meeste sukses behaal word.*

*Aanbeveling*

*Dat bestaande kommunikasiekanale gereeld benut sal word en waar nodig, nuwe kanale geskep sal word.*

3. *Die stedelike swartmense*

*Ons voel diep oortuig dat die posisie en toekoms van die swartmense in die stad die grondslag van die probleem vorm. Namate meer lande in Afrika selfregering met 'n swartbewind kry, word die swartman hier ook al meer ontevrede met sy omstandighede en verlang hy meer en meer na die vryhede wat swartmense in die ander lande geniet.*

*Die ontwikkelde swartman in die stad wil hom gewoonlik as "Suid-Afrikaner" sien - in teenstelling met burgerskap van 'n tuisland. Hy verlang na besitreg van 'n eie huis in die swartwoonbuurt en ook na die reg om mee te praat in die maak van wette wat hom raak en groter deelname in die ekonomiese welvaart van die land te hê.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Hierdie strewe van die swartman in die stand staan natuurlik reg teenoor die regering se tuislandbeleid.*

*Wat is die oplossing?*

*Ons voel ons nie bekwaam om 'n oplossing vir hierdie politieke probleem aan die hand te doen nie. Ons vestig egter die aandag op die dringende noodsaaklikheid daarvan dat daar indringende aandag aan die saak gegee moet word"*
(Memorandum: KSO onluste Soweto 1976:3-4)

Dit is interessant dat die KSO sterk leiding neem in die memorandum en sinvolle aanbevelings doen ten opsigte van swartonderwys. Hulle spreek die probleem van die stedelike swartman aan maar huiwer oor die logiese oplossing. Indien swartes die tuislande nie as hul land beskou nie, moet die permanensie van die stedelike swarte aanvaar word. Dit is die logiese konsekwensie. Daar word egter op die moment gehuiwer deur die Ned. Geref. Kerk omdat dit hulle ongewild kan maak.

### 4.4.2 Die reaksie van die NGKA

Die NGKA het op 6 Oktober 1976 self 'n memorandum aan die Departement van Bantoe-administrasie gestuur. Indien dit vergelyk word met die stuk van die KSO van die Ned. Geref. Kerk is dit aansienlik meer aanvallend. Die hart van die swart leefwêreld kom daarin eerlik na vore. Afsonderlike ontwikkeling word by die naam genoem as grondliggende oorsaak. Dit is nie net 'n stedelike swartprobleem nie, maar raak alle swartes in die sogenaamde "blank Suid-Afrika" want dit kom ook op die platteland voor.

Dit bly uniek dat die NGKA nog wil praat na aanleiding van die omstandighede. Hoewel hulle los van die Ned. Geref. Kerk se KSO opereer is daar 'n oproep tot gesprek. Die pad na 'n oplossing word beskryf as 'n versoenende pad:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Dit is die oortuiging van die NGKA dat die huidige stedelike onrus dui op 'n ondubbelsinnige verwerping van die beleid van afsonderlike ontwikkeling as 'n antwoord vir die situasie van die stedelike swartbevolking. Onrus op die platteland dui op 'n wydgevoelde instemming met die reaksies in die stede. Alle ander redes wat vir die onrus aangedui kan word, moet beskou word as simptome van hierdie grondliggende saak.*

*1. Die NGKA sal graag hierdie stelling by wyse van mondelinge getuienis verder wil ondersteun.*

*Die kerk is veral gemoeid met die maatskaplike lewe en bewus hoe die beleid en die toepassing daarvan nadelig inwerk op die gemeenskap.*

*Volgens ons waarneming het die volgende 'n rol gespeel:*

*1.1 Gebrek aan Sekuriteit*

*Vir die afgelope 25 jaar is ons swart stedelike bevolking voortdurend bewus gemaak van tydelikheid. Ons is by herhaling verhuis, oorgeplaas na tydelike huisvesting, gevestig in hostelle en beskryf as trekarbeiders. Hiermee saam is ons dikwels in die nag wakker gemaak deur die polisie om sekere te maak dat "onwettige indringers" nie dalk* by ons tuis is nie. Onnodig om te sê dat ons mense fatalisties geword het en weinig hoop vir die toekoms het. Die tuislandbeleid is vir ons totaal onaanvaarbaar asof dit ons vaderland sou wees. Ons verlede, hede en toekoms is in die stede.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.2 Gebrek aan Lewensruimte

Die stede bied aan ons weinig lewensruimte en weinig moontlikhede van keuse ten opsigte van huisvesting en gemeenskaplewe. Die beplanning, uitleg, instandhouding en lewensmoontlikhede in ons woongebiede is gebrekkig, onaantreklik, vuil en onhigiënies. Ons stik in die rook en stof terwyl straatbeligting uiters gebrekkig is en die uitbeweeg in die strate in die nag gevaarlik is. Alles is neerdrukkend en geneig om 'n mens gevoelloos te maak.

Behuising is onvoldoende en onaantreklik. Die eentonigheid van vier-kamerhuise maak van 'n mens 'n nommer. Daarby kan die huise nie voorsien in die normale behoeftes van 'n normale gesin waarin daar seuns en dogters is nie. As gevolg van die beleid dat die bou van nuwe huise in sekere woongebiede gestaak is, is gesinne genoodsaak om meer as een gesin in 'n klein huisie te gaan. Ons woongebiede het ontaard in oorbewoonde krotgebiede.

Deurdat mense nie grondbesit verkry en self kan bou nie, is ons ook nie bereid om enige bydrae tot hierdie woongebiede te maak nie. Ons woongebiede word beskou as die skepping van blankes en die situasie wat daar ontwikkel word blankes voor verantwoordelik gehou. Alhoewel ons mense bekwaam is om self huise te bou en 'n aanvaarbare omgewing rondom ons te skep, is ons uitgeskakel en word daar vir ons beplan en gebou. Ons beskou ons woongebiede nie as 'n hulpverlening van die kant van owerhede nie, maar as 'n poging om ons effektief uit te skakel uit die aanvaarding van verantwoordelik-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid ten opsigte van die dinge wat ons ten nouste raak nl. ons huisvesting. Ons het daarom geen respek hiervoor nie en ons het die indruk dat dit so bedoel was in 'n poging om ons na die "tuislande" te dwing.

Die reaksie is veel eerder 'n groeiende aggressie wat normale denke en bereidheid tot onderhandeling met blankes uitskakel.

Gepaardgaande met die beplanning van woongebiede moet die kwessie van vervoer bespreek word. Ons is aangewys op vervoer om by ons werk te kom. Die afstand tussen werkplek en tuiste word al hoe groter. Dit is nie vreemd dat mense 17 uur per dag weg van die huis is nie. Hierbenewens is paaie na ons woongebiede onvoldoende en alle openbare vervoerdienste onvoldoende. Ons moet in oorvol treine ry, in lang toue staan om te wag vir busse terwyl ons blootgestel is aan reën en koue sonder toiletgeriewe of verversings.

1.3 Vergelyking

Ons en ons kinders het in die stede, baie meer as mense op die platteland, bewus geword wat in die blanke samelewing plaasvind. Ons het ons eie situasie voortdurend met dié van die blankes vergelyk. Ons eie onmag staan teenoor die gesagsmasjien van blankes, ons eie stryd om bestaan teenoor die weelde van blankes, ons eie sekuriteitloosheid teenoor die sekerheid en tevredenheid van die blanke samelewing. Deur openbare media, onderwys, eie waarneming en ontwikkeling is ons eie verwagtings geprikkel en kan ons nie tevrede bly met wat ons beskore

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deel is nie. Hierdie muur van skeiding moes op een of ander tyd deurbreek word, sodat wat blanke stedelinge geniet, ook ons deel word.

### 1.4 Effek op die Gesinslewe

Die situasie soos hierbo genoem het hom veral op die gesinslewe gewreek. Ons gesinne het geen stabiliteit meer nie. Hoe kan dit anders as gevolg van die afwesigheid van ouers en die gebrekkige behuising? Met reg kan selfs beweer word dat ons huisgesinne in duie gestort het, nie omdat ons ons kinders wou verwaarloos nie, maar omdat 'n situasie, 'n patroon van lewe dit veroorsaak het. Ons huisgesinne en ons huise bied nie aan die gesin as 'n God gegewe struktuur die geleentheid om geborge, veilig en intiem te verkeer nie. Wanneer die huisgesin wankel, wankel die samelewing.

'n Belangrike aspek hiervan is die vaderrol in die gesin. Afgesien van trekarbeid wat die vaderlose gesin as 'n natuurlike verskynsel wil struktureer, is die vaderbeeld in huisgesinne ernstig afgebreek. In die stad het ons vaders onmagtige, afwesige figure geword met wie geen seun homself meer met respek kan identifiseer nie. Vaders moes toesien hoe situasies ontwikkel waaraan hulle totaal niks kan doen nie. Drankmisbruik en "seksuele avonture" vir so 'n vader word 'n baie vanselfsprekende uitvlug. Hiermee het die gesagstruktuur uit ons huisgesinne verdwyn. Kinders het hulle ouers opsy gestoot en begin identifiseer met reaksionêre figure wat iets aan die situasie kan doen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. Op pad na 'n oplossing

2.1 Die kerk beskou homself nie geroepe om politieke programme vir die staat voor te berei nie. Hierteenoor beskou die kerk dit tog as sy taak om te getuig oor strukture en openbare misstande in die samelewing en om beginsels volgens die Skrif aan die Staat voor te lê.

2.2 Die kerk beskou alle mense as volwaardige verantwoordelike mense geskape volgens die beeld van God. Die sonde het ook daarom deurgedring tot alle mense, om so alle mense se strewes en verlanges met sonde te besoedel. Die kerk glo egter ook in die verlossing uit sonde deur Christus en dit gee aan alle mense die moontlikheid tot nuwe lewe. Daar is dus geen ruimte vir diskriminasie nie. Deurdat God die mens as 'n verantwoordelike wese op die aarde geplaas het om te heers, glo die kerk ook dat elke mens 'n goddelike opdrag tot selfbeskikking ten opsigte van sy eie omgewing het en daarom geregtig is op 'n vaderland en die verantwoordelike regering daarvan onder die gesag van God in belang van die mensdom as geheel. Na die insig van die kerk word hierdie beginsel nie in die huidige beleid veral ten opsigte van die swart stedelike bevolking eerbiedig nie. Swartmense het 'n reg op besluitvorming ten opsigte van die plek waar hulle woon en werk, dit beteken burgerskap en die moontlikheid van stemreg.

2.3 Die kerk beskou die huisgesin as die mees basiese gemeenskapstruktuur waar die gesag gesetel is. Die huislike lewe moet so sterk as moontlik gemaak word waarin 'n vader 'n sterk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



figuur word om mee te identifiseer omdat hy 'n effektiewe rol na buite kan speel en die moeder die moontlikhede het om haar gesin te versorg. Dit is na die mening van die kerk die sterkste rede waarom die huidige beleid nie kan slaag nie en die potensiaal vir chaos altyd sal bly bestaan. Sekuriteite vir die swartgesinslewe in die stede is van fundamentele belang in die uitskakel van wanorde en onrus. Dit geld veral permanente huisvesting, openbare geriewe soos skole en hospitale, beveiliging, gesinsinkomste, en 'n goedontwikkelde gemeenskaplewe waaroor die gemeenskap self kan besluit en aan deelneem.

2.4 Die kerk glo in die moontlikheid van versoening, selfs in die mees hopelose situasie. Die huidige krisis is 'n krisis tussen gemeenskappe en kan daarom nie op die individuele vlak van die verbetering van menseverhoudings alleen opgelos word nie. Strukturele veranderings is nodig om sekuriteite ten opsigte van die gewone lewe te herstel en kommunikasie tussen gemeenskappe te bevorder. Die kerk wil hiermee 'n beroep op die owerheid doen om so spoedig moontlik in konferensie met die aanvaarde leiers van die onderskeie gemeenskappe (wat ook die swartstedelike bevolking insluit) te reël om sodoende gemeenskaplik 'n oplossing te soek vir die verwesenliking vir almal se bestaan en die aanvaarding van gemeenskaplike verantwoordelikheid vir sake van gemeenskaplike belang uitgewerk kan word"

(NGKA: Memorandum 1976:1-3).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hart en die nood van die swart leefwêreld word deur die aanhaling gereflekteer. Perspektiewe vanuit die wit gemeenskap verskil radikaal van dit wat in die swart gemeenskap gebeur. Dit is jammer dat lidmate van die Ned. Geref. Kerk nie meer blootstelling aan die swart leefwêreld kon kry nie. Meer begrip en empatie sou beslis daaruit voortgevloei het. Die Ned. Geref. Kerk is deur sulke standpunte opgeroep om vanuit die Skrif te besin oor reg en regverdigheid vanuit die swart beleweniswêreld. Sulke standpunte kon 'n invloed gehad het op die Ned. Geref. Kerk se profetiese getuienis.

Dit is bekend dat die Cilliékommissie aangestel is om die oorsake van die 1976 onluste te ondersoek.

Die NGKA het 'n gesamentlike vergadering van die moderature van Noord en Suid op 18 Oktober 1976 gehou. Dit was die derde byeenkoms om te besin oor die onluste in Soweto en elders. 'n Konsepmemorandum het tydens die vergadering gedien met die oog op indiening aan die Cilliékommissie. Die volgende word in die dokument gestel:

> *"Die kerk het die roeping om die evangelie van Jesus Christus te verkondig"*

(Memorandum 1976:1).

> *"Die vertrekpunt in die dokument is nie om 'n politieke stelsel te ondersteun of af te kraak nie"*

(Memorandum 1976:1).

Ten opsigte van **beleid** word dit in die dokument gestel dat:

> *"die beleid wat nie die swartman in die stad, eers as volwaardige en permanente deel van die Suid-Afrikaanse samelewing aanvaar nie; dan geen reg tot selfbeskikking gee en geen stem in die besluitmakende liggame laat toekom nie, nie reg laat geskied aan die basiese menswaardigheidseise nie"*

(Memorandum 1976:2).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Die swartman ervaar homself as permanent in die stad en verwerp die idee van tydelike teenwoordigheid aldaar"*
(Memorandum 1976:2).

*"Meer as 75% van die bevolking van Soweto is óf daar gebore óf meer as dertig jaar daar woonagtig.*

*Besluite word vir swartmense geneem sonder dat hulle inspraak het op watter vlak ook al. Die Departemente van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, asook Bantoe-Onderwys het beheer oor swartmense se lewe"*
(Memorandum 1976:2).

*"Hierdie sisteem van wit beheer binne die swartgemeenskap gee aanleiding tot die gevoel van frustrasie en gebrek aan erkenning van die menswaardigheid van die swartmense. Dit het opgebou tot die uitbarsting van die onluste"*
(Memorandum 1976:2).

*"Die bewysboekstelsel, instromingsbeheer, gedwonge hervestigings word in die lig van bogenoemde met sterk emosie verwerp"*
(Memorandum 1976:2).

*"Die aanstelling van 'n kommissie deur die regering om die onluste te ondersoek wek nie vertroue nie en word as net nog 'n "wit" kommissie beskou"*
(Memorandum 1976:2).

*"Swak **kommunikasie** bestaan tussen die owerheid en die swartgemeenskap en dit het aanleiding gegee tot vervreemding en wantroue"*
(Memorandum 1976:3).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"**Vervoer** is totaal oneffektief in die swart-gemeenskap. Treine is oorvol en onveilig. Busvervoer vind net tot buite die stad plaas. Swartmense moet ver afstande per voet aflê"*
(Memorandum 1976:3).

*"**Vervreemding** het veral tussen swart en wit jeug ingesluit"*
(Memorandum 1976:3).

*"Afsonderlike ontwikkeling het 'n negatiewe effek op die **gesinslewe** gehad. Stedelike swartgesinne het min stabiliteit. Die Vaderbeeld is ernstig geknou. Daar het vervreemding tussen ouers en kinders plaasgevind met ouers wat tot sestien uur per dag uithuisig was"*
(Memorandum 1976:3-4).

*"**Regspraak** se onbevooroordeeldheid word bevraagteken. Daar word geglo swartes kry swaarder strawwe as blankes wanneer dieselfde oortreding begaan word"*
(Memorandum 1976:5).

*"Die **polisie** se beeld in die swartgemeenskap is baie swak. Baie verhale bestaan waar die polisie vernederend en onnodig gewelddadig optree teenoor swartgemeenskappe. Swartonderwys is in 'n krisis. Groot agterstand bestaan in swart onderwys; Bantoe-onderwys is deur 'n wit regering uitgedink, inwerking gestel en staan steeds onder sy beheer. Vrae word gevra soos bv. waarom R30 per swartkind teenoor R350 per witkind? Afrikaans word beskou as die taal van die onderdrukker!"*
(Memorandum 1976:6).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Daar bestaan 'n groot gebrek aan* ***behuising.*** *Meer as een swartgesin moet in 'n viervertrek huisie woon. Al die huise lyk dieselfde. Dit is donker, onveilig vol rook en stof in swartdorpe"*

(Memorandum 1976:7).

> *"****Trekarbeid*** *se nadele is legio! Gebrek aan bestendigheid by die hostelbewoner gee aanleiding tot 'n plofbare situasie"*

(Memorandum 1976:8).

> *"****Belasting*** *hou ook probleme in"*

(Memorandum 1976:8).

> *"Ongelyke* ***lone*** *vir gelyke werk en* ***werkreservering*** *word gesien as die ontkenning van menswaardigheid van swartmense"*

(Memorandum 1976:8).

> *"Aanhouding sonder verhoor word deur swartmense ervaar as gemik teen hulle"*

(Memorandum 1976:8).

> *"Die emosionele wyse waarop swartmense hierdie stelsel afwys is reeds jare lank bekend. Omdat die dra van 'n bewysboek net op swartmense betrekking het, word dit as diskriminasie teen die swartman beskou. Hierdie maatreël het baie vernederende ondervindings vir baie swartmense tot gevolg. Nagtelike klopjagte, arrestasies, opsluiting en dikwels 'n urelange wag in lang toue by kantore, bring steeds groot wrewel na vore"*

(Memorandum van die NGKA aan die Cilliékommissie na aanleiding van die onluste in Soweto en elders 1976:8).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die KSO van die Ned. Geref. Kerk het vir kennisname 'n memorandum ontvang. Dit het bepaald 'n invloed gehad op hul siening ten opsigte van die gebeure in Soweto gehad. Indien hulle eerlik hierdeur die belewenisw̑ereld van swartmense kan betree sou baie kritiese vrae oor die etiek van apartheid ontstaan het.

### 4.4.3 Die KSO-vergadering in Maart 1977

Op 15 Maart 1977 het die Ned. Geref. Kerk se KSO te Bloemfontein vergader. 'n Wye reeks sake het aan die orde gekom.

**Loonstrukture** is uitgewys as 'n diskriminerende aspek van apartheid. Dit is veral na ondersoeke in 1976 duidelik as immoreel beskou. Die KSO het reeds op 15 Februarie 1974 navraag by die Minister van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling gedoen. Die besluit wat daarop gevolg het, is dat die KSO die ASSK vriendelik versoek om die Breë Moderatuur te vra om die KSO van die Ned. Geref. Kerk te koöpteer op sy studiekommissie wat voorbereidende studie doen vir die Streekkonferensie van die Geref. Ekumeniese Sinode, veral ten opsigte van die hele saak van gelyke salarisse en lone vir gelykwaardige opleiding en werk. Die ASSK word ook vriendelik versoek om in sy verslag aan die Algemene Sinode die saak van gelyke lone vir gelykwaardige opleiding en werk met die nodige agtergrond en motivering te stel en aan te beveel dat die Algemene Sinode dit as beginsel aanvaar.

Die **plakkersdorpe** te Winterveld het ook kommer by die 1974 KSO vergadering gewek. 'n Memorandum is opgestel en is deurgestuur na die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Hy is versoek om die saak op Regeringsvlak met Bophuthatswana op te neem en in te werk in een van die ooreenkomste met die regering van Bophuthatswana. Die doel daarvan is dat die twee betrokke owerhede sulke situasies in die toekoms deur wetgewing kan voorkom en bestaande plakkerskampe in oorleg met mekaar kan opruim.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As deel van 'n reaksie op 'n gesprek van die KSO in 1974 met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oor die posisie van die stedelike swartman, is wetgewing aangepas. Gedurende die parlementsitting van 1975 is aangekondig dat swartmense huurpag oor 'n termyn van 30 jaar op hul huise sal ontvang. Grond bly egter die besit van die owerheid. Dit is 'n unieke stap waaroor die KSO met dank kennis geneem het. Die stap toon 'n indirekte koersaanpassing aan, want 'n element van permanensie word aan stedelike swartes verleen. Die realiteit begin deurskemer dat swartes in stede nie binne die volgende 30 jaar tuislande toe sal gaan nie.

'n Saak wat die vennootskap tussen kerk en owerheid bevestig, kom na vore uit die volgende:

Ds L. Moolman van die Kaapse Sendingkantoor het op 11 Oktober 1976 'n skrywe gerig aan die KSO van die Ned. Geref. Kerk waarin dit gestel word dat 'n mnr Jackson Wilson van Stormberg deur die Suid-Afrikaanse Polisie aangerand is.

Die sekretaris van die KSO van die Ned. Geref. Kerk het die skrywe na die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie deurgestuur. Hy het die skrywe op 18 November soos volg beantwoord:

> *"Dit het aan die lig gekom dat beamptes van Bantoe-administrasie by hierdie aangeleentheid betrokke is en nie lede van die Suid-Afrikaanse Polisie nie"*

(Notule KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977:6).

> *"Voortspruitend uit Jackson Wilson se klagte sal twee Inspekteurs van die Bantoe-Administrasieraad op 8 Desember 1976 in die Landdroshof, Burgersdorp verskyn weens 'n klagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer"*

(Notule KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977:6).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is sinvol dat die KSO van die Ned. Geref. Kerk 'n bydrae kon maak tot reg en geregtigheid. Dit is tog vreemd dat hulle oorlojaliteit in die volgende besluit na vore kom:

> *"Die Kerk wil sy hoë waardering teenoor die Polisie betuig vir sy onpartydige en konsekwente optrede, soos in hierdie geval na vore kom. Langs hierdie weg word goeie verhoudings, wat so noodsaaklik in ons land is, opgebou"*

(Notule KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977:6).

Met die volgende saak het 'n botsing na vore gekom tussen die kerk se roeping om die evangelie uit te dra en die ideologie van apartheid waarmee die owerheid mee volhard het.

### 4.4.4 Kapel vir swartmense te Kameeldrif

Die Ned. Geref. Gemeente Kameeldrif buite Pretoria, het op 29 November 1975 'n versoek aan die KSO van die Ned. Geref. Kerk gestuur waarin versoek is dat hulle toestemming verlang word vir die oprigting van 'n kapel vir swartmense. Die KSO moes die aansoek deurstuur na die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Die motivering van die aansoek was die volgende:

> *"1. Kameeldrif wil 'n kapel oprig om die huidige garagediens daarheen oor te plaas, aangesien 'n diens in 'n garage al minder deur swartes aanvaar word.*
>
> *2. Die Ned. Geref. Gemeente Kameeldrif bestaan hoofsaaklik uit hoewebewoners aan die noordoostekant van die Magaliesberg.*
>
> *3. Die naaste swartwoonbuurt, Mamelodi, is 25 kilometer ver.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> 4. *Dit is die beleid van die staat dat die nodige geriewe vir swartmense wat tussen blankes werk en woon, verskaf word. Dit sluit ook geriewe vir geestelike versorging in"*
>
> (Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977:7).

Die Adjunk-minister, dr A.P. Treurnicht het in 'n skrywe van 12 April 1976 (verwysing 2/4/1K) geantwoord:

> *"hy kan die aansoek nie gunstig oorweeg nie". As rede voer hy aan: "**besware van hoewe-eienaars teen die oprigting van 'n kapel en ander belangrike oorwegings**"*

(Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977:7).

Die ASSK het tydens sy vergadering van 20 Mei 1976 van die weiering kennis geneem en dit vir verdere aandag na die KSO terugverwys.

Op 20 Julie 1976 het lede van die KSO van die Ned. Geref. Kerk, dr A.P. Treurnicht ontmoet. Dr F.E. O'B. Geldenhuys was as lid van die Breë Moderatuur by die onderhoud teenwoordig.

In die memorandum wat aan adjunk-minister A.P. Treurnicht oorhandig is, is op die volgende gewys:

> *"1. Die feit dat talle sulke geboue reeds in blanke gebiede bestaan. Het die regering nou verander. Daar was reeds regeringstoestemming vir garagedienste op die kerkhoewe.*
>
> *2. Verskaffing van geriewe sluit ook geestelike geriewe in.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. *Die beleid van die Kerk om 'n hoofkerkgebou in die lokasie te hê. Maar dan is vergaderplekke (buiteposte) in die wyse nodig omdat:*

3.1 *Die mense nie rygoed het nie.*

3.2 *Heidene nie na 'n kerk ver weg in die lokasie sal gaan nie. Hulle moet plaaslik bearbei word.*

4. *'n Geboutjie is ook nodig vir klasse in naaldwerk vir vroue, skyfievertonings, kooruitvoerings, ens"*

(Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977).

Dr Treurnicht het onderneem om die memorandum en die bespreking daarvan met sy Departement uit te klaar en die verteenwoordigers van die Ned. Geref. Kerk vir samesprekings te nooi (Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk - 15 Maart 1977).

Die frustrasie kom duidelik oor die situasie na vore as dit genoem word dat die uitnodiging na 8 maande nog nie ontvang is nie, ten spyte van die feit dat Ds Smith hom driekeer telefonies daaraan herinner het. Die probleem is van groter omvang want ander gemeentes, byvoorbeeld Lyttelton, het ook 'n aansoek vir die oprigting van 'n kerksaal vir swartmense in 'n "blanke gebied" na die owerheid gestuur (Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk 15 Maart 1977:8).

### 4.4.5 Dr Treurnicht stel sy standpunt

In Mei 1977 het adjunk-minister A.P. Treurnicht gereageer. Hy het 'n memorandum aan die KSO van die Ned. Geref. Kerk gestuur waarin hy standpunt inneem in verband met kerklike fasiliteite aan swartes in blanke woonbuurtes.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In addendum 3 word die volledige verslag van dr Treurnicht aan die KSO gevind. Dit is insiggewend dat hy die harde lyne van apartheidsdenke beklemtoon soos wat dit in die vyftigerjare uitgespel is. Indien 'n mens na dr Treurnicht se standpunt vanuit 'n sendingperspektief kyk, kan 'n mens byna nie glo dat hy 'n Ned. Geref. predikant van statuur was nie. Die KSO het gereageer op dr Treurnicht se verslag. Dit word ook volledig in die addendum weergegee. Die KSO het baie kritiek op dr Treurnicht uitgespreek. Sarkasme is volop in die verslag van die KSO.

### 4.4.6 Samevatting

Dit is duidelik dat hierdie saak die grootste element van wrywing verteenwoordig tussen kerk en owerheid. Die voorafgaande wrywing tussen Ned. Geref. Kerk en owerheid was met dr Verwoerd se kerkklousule in 1957. Hier gaan dit oor dieselfde beginsel. 'n Ideologie staan in die weg om op 'n sinvolle manier die Woord te verkondig. Die onluste in Soweto, en elders, van 1976 het lede van die KSO fundamentele vrae laat vra oor reg en geregtigheid. Dit het noodwendig hul oë oopgemaak vir foute van die owerheid se kant met sy beleid van apartheid.

### 4.4.7 Verskuiwing van swartes te Grahamstad

Die KSO van die Ned. Geref. Kerk het ook die gedwonge verskuiwing van swartes uit die Fingo lokasie te Grahamstad met die owerheid opgeneem. Na aanleiding van KSO navrae het adjunk-minister Cruywagen die gebied op 13 Desember 1976 persoonlik besoek. Die owerheid het besluit om dit voorlopig uit te stel (Notule van die KSO van die Ned. Geref. Kerk 15 Maart 1977:9).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**4.4.8 Erkenning van NGKA as welsynsorganisasie**

Die KSO van die Ned. Geref. Kerk was ook suksesvol in onderhandelings sodat die Diens van Barmhartigheid van die NGKA as welsynsorganisasie deur die regering erken is (Notule van die KSO van die Ned. Geref. Kerk 15 Maart 1977:9).

**4.4.9 Verdere onderhandelde sake**

Daar is ook vanaf 1975 onderhandel met die owerheid oor die volgende sake:

- *"'n Terrein vir jeugwerk in die Pretoria-Witwatersrand vir die Ned. Geref. Sending kerk in Suid-Afrika.*

    * *Knelpunte insake die gesinslewe en gesinsbehuising van swartmense.*

    * *Knelpunte in verband met trekarbeid.*

    * *Koshuisfasiliteite vir swartkinders.*

    * *Opleiding van onderwysers vir swartkinders in gebiede buite tuislande.*

    * *Wanpraktyke en verkwisting van pensioene by kleurlinge"*

    (Die KSO van die Ned. Geref. Kerk 1977:9-10).

Die opvolgvergadering van die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid van die Ned. Geref. Kerk, het op 5 Oktober 1977 plaasgevind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.4.10 'n Kritiese brief van ds Malan

'n Brief is tydens die vergadering behandel wat van ds J.C. Malan van Franschhoek ontvang is. Daarin word onder andere beweer:

> *"Onlangs moes ons met ontnugtering besef dat wanneer die Ned. Geref. Kerk die regering wel vermaan, hy dit maar net oor 'n nagenoeg materiële geleentheid doen, terwyl hy dit nog nooit gedoen het oor wetgewing wat teen mense van God se skepping diskrimineer nie"*

(Notule KSO van die Ned. Geref. Kerk, 5 Oktober 1977:7).

Dit is interessant dat die klag kom, wat beslis nie vanuit 'n bepaalde perspektief sonder grond is nie. Daarenteen het die KSO van die Ned. Geref. Kerk gedurende 1977 beslis die meeste kritiek teen die regering gegee in sy tienjarige bestaan. Die wrywing met dr A.P. Treurnicht en vrae oor die tuislandbeleid was na buite onbekend.

### 4.4.11 'n Aansoek van Wonderboompoortgemeente oor swart dienste

Daar was ook 'n versoek van die Gemeente Wonderboompoort, Pretoria dat 'n ongebruikte kerkgeboutjie van die Anglikaanse Kerk gebruik kan word om drie garagedienste in drie Ned. Geref. Gemeentes te vervang. Dit is heeltemal afgesonderd met geen bewoonbare huise in die onmiddellik omgewing van die kerkgebou nie (Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk, 5 Oktober 1977).

### 4.4.12 Verhoging in huishuur

Ds J.N. Ungerer van Bedford het navraag gedoen oor die skerp toename van huishuur vir swartmense. Tussen 1974 en 1977 het dit met tussen 310 en 518 persent gestyg. Die KSO van die Ned. Geref. Kerk het navraag by die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gedoen (Notule: KSO van die Ned. Geref. Kerk, 5 Oktober 1977:10).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**4.4.13 Die KSO ontmoet minister M.C. Botha na spanning met dr Treurnicht**

Die KSO van die Ned. Geref. Kerk het op 6 Oktober 1977 'n afspraak met die owerheid gehad na aanleiding van verskil van mening tussen die KSO en dr Treurnicht, adjunk-minister. 'n Gesamentlike verklaring deur minister M.C. Botha en die KSO van die Ned. Geref. Kerk lui soos volg:

> *"Die Kommissie het 'n onderhoud met die Minister, die Adjunk-minister van Bantoesake en beamptes van die Departement gehad in verband met die Kerk se roeping, taak en plig om die Evangelie te verkondig aan die swartmense in blankegebied en veral die probleme wat die kerk ondervind met daardie swartmense wat nie binne maklike bereik van kerklike fasiliteite in stedelike bantoegebiede is nie. Die Kommissie, die Minister en amptenare van die Departement het in 'n baie openhartige gees die situasie bespreek en tot voorlopige verstandhouding met mekaar geraak. Die Departement het opdrag ontvang om, volgende op die bespreking, so spoedig moontlik stukke voor te berei in verband met die onderlinge reëling van noodsaaklike prosedures in hierdie verband"*

(Die KSO van die Ned. Geref. Kerk, 6 Oktober 1977:1).

Die memorandum van die KSO aan minister M.C. Botha op Maandag 24 Oktober 1977:

> *"DIT IS JUIS HIEROOR DAT ONS U NADER!*
>
> *1. Ons bekommernis spruit uit die feit dat:*
>
> *1.1 - terwyl daar, soos ons dit begryp, opgetree is teen beweerde ondermynende elemente, en*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.2 - *daardeur 'n poging aangewend is om die swyende meerderheid van intimidasie en bedreiging te beskerm;*

1.3 - *daar nog steeds 'n situasie bestaan wat weer aanleiding kan gee tot verdere spanning en onrus, omdat:*

2. - *<u>die stappe van die afgelope week</u>*

2.1 - *nie die toenemende onsekerheid en verwarring onder stedelike swartmense oor hulle regte, voorregte, pligte en vooruitsigte vir die toekoms in "wit" gebiede, verminder of verwyder het nie;*

2.2 - *nie die toenemende vervreemding tussen swart en wit - veral die jeug - met sy vrug van wantroue en selfs haat verander het nie;*

2.3 - *die toenemende polarisasie tussen swart en wit nie verbeter het nie en dit byna onmoontlik maak vir die wit owerheid om enige stappe -hoe goed ook al bedoel - te neem om oplossings te probeer vind, sonder raadpleging en aktiewe medewerking van die betrokkenes.*

*Ons het bv. kennis geneem van verklarings van amptelike kant dat die swartgematigdes besig is om hulle te organiseer en dat daar in sommige gebiede reeds ver gevorder is"* (Die Transvaler, 21 Oktober 1977).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. *Maar ons vrees dat daar weer eens teleurstelling mag voorkom. Ons grond ons vrees op die volgende waarnemings:*

3.1 *Die feit dat die swartman as volwaardige gespreksgenoot aanvaar wil word en dat besluite saam met hulle en nie meer vir hulle geneem kan word nie.*

3.2 *Dat sommige nuwe swartleiers wat nou na vore mag kom, vanuit die blanke se standpunt, as radikaal beskou mag word, omdat hulle geneig sal wees om die radikale kant te kies eerder as om beskuldig te word van "sellouts" en "stooges" van die witregering te wees.*

3.3 *Daarby bestaan die moontlikheid ook dat hierdie gematigdes deur die opstokers en radikale elemente gebruik kan word en dat diegene wat wel binne die huidige strukture saamwerk, uiters kwesbaar vir intimidasie is, soos byvoorbeeld skoolrade, onderwysers en kinders.*

4. *Hierdie situasie vereis dat onmiddellik stappe op hoogste vlak geneem behoort te word om 'n gesonder klimaat te skep deur middel van 'n nuwe metode van optrede wat rekening hou met:*

4.1 *die uiters sensitiewe reaksie van swartmense wat blankes byna nie meer wil vertroue nie, omdat hulle die hantering van hulle probleme deur blankes met agterdog bejeën en selfs positiewe stappe as toegewings sien wat eers na groot druk van swart kant gemaak word;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*4.2 die noodsaaklikheid om die swartman só positief te betrek dat hy vry kan kom van sy aggressie en minderwaardigheidsgevoel teenoor die blanke en die opregte begeerte kan ontwikkel om saam te werk aan die opset van die toekoms;*

*4.3 die tydsfaktor, wat nou uiters belangrik geword het: die swartmense behoort voor die Kers-vakansieseisoen, met al sy moontlikhede van emosionele opsweping, oortuig te word van 'n nuwe verhoudingsbedeling waaraan hulle aktief kan meewerk.*

*4.4 Dit moet duidelik gestel word dat die nuwe bedeling ten doel het om saam met die swartmense te besin oor die plek en status van swartmense as 'n permanente deel van die "wit" gebied en die belangrike rol wat hulle in die ontwikkeling van die land te vervul het.*

*5. <u>VERSOEK</u>*

*Sonder om aan u te wil voorskrywe, wil ons u tog nederig, maar met groot erns versoek om:*

*5.1 die vorming of samestelling van enige liggaam vir Soweto (of trouens enige ander swartgebied) nie by wyse van 'n eensydige uitgewerkte plan van blanke owerheidsweë te probeer bewerk-stellig nie;*

*5.2 Die voorgestelde gemeenskapsraad waarvoor voor-siening gemaak word in Wet 125 van 1977 en die regulasies, soos aangekondig in die Staats-koerant no. 5779 van 21 Oktober 1977, nie nou te implementeer nie;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.3 *As interimmaatreël onmiddellik 'n versoek te rig tot die inwoners van Soweto om op ordelike wyse vergaderings te hou in die 40 wyke (desnoods onder leiding van beamptes van die Administrasieraad) om tussentydse verteenwoordigers (een vir elke wyk) aan te wys om met u te onderhandel oor alle aspekte van 'n permanente bestuursliggaam vir Soweto.*

5.4 *Hierdie interim-verteenwoordigende Raad kan in oorleg met u en u departement, op die basis van Wet 125 van 1977 tesame met voorstelle wat ook van hulle kant mag voorgelê word, die finale status en bevoegdheid van die permanente liggaam finaliseer, en in werking stel.*

5.5 *Ons pleit dus daarvoor dat hierdie gemeenskapsrade, sowel as ander vorms van bestuursorganisasies vir die swartman in witgebiede wat daarop mag volg, die produk moet wees van onderhandelde en sover as moontlik deur hulle aanvaarde ooreenkomste.*

5.6 *Ons is bewus van die feit dat hierdie wenke groot en vir u departement byna onoorkomelike probleme mag skep, maar ons pleit by u om dit tog baie ernstig te oorweeg om kanale te skep om dit in beoefening te probeer bring.*

5.7 *Ons vra dit omdat ons diep oortuig is dat die verhoudingsituasie tussen swart en wit in die stede tans so 'n kritieke stadium bereik het dat die toekoms van ons hele land daardeur bedreig word en dat slegs 'n grootmoedige daad in 'n ware Christelike gesindheid 'n groot ramp kan afweer. Dit is nog nie te laat nie!"*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.4.14 **Die minister se reaksie**

Op 7 November 1977 het Minister M.C. Botha en die nuwe Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys, mnr W.A. Cruywagen, die volgende riglyne oor kerklike fasiliteite aan swartes in blankewoonbuurtes neergelê. Die lang onsekerheid deur lomphantering is beëindig met die verskuiwing van adjunk-minister Treurnicht. Die duidelike riglyne wat minister M.C. Botha en adjunkminister Cruywagen gegee het, is gekenmerk deur burokratiese regulasies!

Die vereistes om kerklike fasiliteite aan swartes in "blanke-woonbuurtes" beskikbaar te stel is:

1. 'n Besluit van die kerkraad dat hulle die beoogde aksie voorstaan en goedkeur;

2. Instemming van alle inwoners in die onmiddellik omgewing, moet verkry word. (Die onmiddellik omgewing impliseer die rye huise weerskante van die straat waarlangs die perseel lê tot by die straathoek en agter die perseel vyf huise na albei kante toe van die perseel af).

3. Goedkeuring van die betrokke plaaslike owerheid moet verkry word.

Gemeentes word gemaan om versigtig op te tree en nie tweespalt te veroorsaak nie. Oorhaastige optrede kan alleen lei tot probleme. Die beskikbaarstelling van geboue en ander eiendom van 'n gemeente is nie 'n saak wat ligtelik oorweeg kan word nie.

> *"Dit mag nie uit die oog verloor word dat die bantoe in 'n los hoedanigheid in blankegebied teenwoordig is en nie hier dieselfde regte en aansprake as die blankes het nie. Wanneer hy nie diens doen nie, behoort hy streng gesproke in die gebied wat vir hom afgesonder is, dit wil sê die stedelike bantoe woon-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *gebied, of in 'n bantoetuisland te wees. Daar word gevolglik 'n beroep op die Kerk gedoen om voortdurend sy lidmate te probeer beïnvloed om bantoewerkers in hul diens vry te stel sodat hulle in staat sal wees om Sondaedienste in hul eie woongebied by te woon"*

(Skrywe aan: KSO van die Ned. Geref. Kerk van Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, 7 November 1977:3).

Die KSO van die Ned. Geref. Kerk het onmiddellik gereageer en 'n opvolg gesprek vir 21 November 1977 met minister M.C. Botha gereël. Hulle het 'n probleem met die kritiek dat geen permanente geboue deur swartes gebruik mag word nie, behalwe met die uitsluitlike doel om dit as 'n plek van aanbidding aan te wend nie, omdat dit nie rigoristies op alle omstedelike hoewes en talle plase in "blanke gebied" van toepassing gemaak kan word nie. Een van die mooi gebruike in die kerk is dat gegoede boere geboutjies op hulle hoewes of plase oprig vir hulle werknemers se opvoedkundige en godsdienstige behoeftes. Die aansoekprosedures verdien ook verdere bespreking (Skrywe KSO van die Ned. Geref. Kerk, 8 November 1977:1).

Die gesprek van 21 November 1977 is ook deur die moderator van die Algemene Sinode, ds D.P.M. Beukes en die skriba, ds J.E. Potgieter bygewoon. Dit is duidelik gestel dat die baie regulasies vir die Ned. Geref. Kerk onaanvaarbaar is. Die aktuarius van die Algemene Sinode, dr Geldenhuys, het 'n studie gemaak van die wette waarop die staat hom beroep en wat aan die staat die reg sou gee om genoemde regulasies te maak. Hy het tot die oortuiging gekom dat die wette nie aan die minister daardie magte gee nie. Hoë vlak regsadvies wat ingewin is, het laasgenoemde aanname bevestig. Minister M.C. Botha het gesê, die skrywe van 7 November 1977 is deur twee amptenare opgestel, wat hy net onderteken het. Dr Geldenhuys het tydens die bespreking onder andere aan minister M.C. Botha gesê: *"Laat dit in die hande van kerkrade, vertrou die kerk om toe te laat wie hulle wil en as daar stoornis mag kom, tree dan op. Die*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Minister het beïndruk gelyk en hy het gesê: Gaan twee van julle van die kerk en praat die saak met die twee amptenare uit. Kom dan en adviseer my"*
(Skrywe: KSO van die Ned. Geref. Kerk, 30 November 1977:1-2).

**4.4.15 Konsep memorandum oor stedelike swartmense**

Die ASSK se KSO van die Ned. Geref. Kerk het 'n konsepmemorandum versprei oor: *Die stedelike bantoe in blanke gebiede - 6 Januarie 1978.*

*"1. <u>Uitgangspunt</u>*

*Die Ned. Geref. Kerk voel hom geroepe om oor 'n aktuele saak, soos die posisie van die stedelike swartman in blanke gebiede getuienis te lewer. Sy roeping en taak het hy suiwer in opdrag van die Heilige Skrif en hy wil dit vervul saam met die familie van Ned. Geref. Kerke en alle Kerke wat hierdie taak wil uitvoer op grond van Skrifgetuienis".*

*"Die evangelie, wat hy moet uitdra, is 'n boodskap van verlossing vir die mens in sy geheel. Dit sluit geestelike en materiële behoeftes in. Die Skrif sê: 'As daar nou 'n broeder of suster is wat naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie - wat baat dit?' (Jak 2:16).*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.2 Die reg op behoud van die identiteit van elke volk

Dit word onder andere gestel dat die eie goedere van die eie volk nie deur enigiemand anders vernietig mag word nie. Elke volk het die onvervreembare reg om sy identiteit en kultuurgoedere te bewaar indien hy dit sou verkies.

'n Miskenning hiervan is 'n oortreding van die basiese gebod van die naasteliefde en moet noodwendig op wrywing, spanning en uiteindelike konfrontasie uitloop

(Verslag p.2).

1.3 Gevolgtrekkings vir die Suid-Afrikaanse volke-verskeidenheid

Selfstandige en afsonderlike ontwikkeling tussen volkere kan op geen enkele Skrifgrond afgekeur of veroordeel word nie, tensy die toepassing daarvan geskied op 'n wyse wat nie volgens die Skrif is nie

(Verslag p.2).

2. Aanbevelings in verband met die verbetering en uiteindelike regstelling van die swartman se posisie in blanke stedelike gebiede

2.1 Die noodsaaklikheid van voorgaande en effektiewe kommunikasie.

2.1.1 Tydige en voortdurende kommunikasie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.1.2 *Gebrekkige kommunikasie weens 'n diepe wantroue en vooroordeel.*

*'n Baie groot persentasie het ook die een skok van teleurstelling na die ander van blankes ondervind*

*(Verslag p.3).*

*Die blanke is waarskynlik nie in staat om vir hom werklik 'n denkbeeld te vorm van die diepe wantroue wat bestaan en wat met moeitevolle en geduldige kommunikasie afgebreek sal moet word om enige projek, hoe gunstig dit ook mag wees, te laat slaag nie*

*(Verslag p.3).*

2.1.3 *'n Kommunikasiebreuk, deur die skepping van 'n misplaaste verwagting, het plaasgevind en moet herstel word.*

2.1.4 *Verbreking van kommunikasie deur vernederende of onmenswaardige behandeling. Die woord 'bantoe' moet nou eenvoudig sonder verdere uitstel, deur alle instansies vermy te word.*

*<u>NB</u>: Enige ongewenste benaming, net soos 'n paternalistiese houding, moet ten alle koste vermy word*

*(Verslag p.5).*

2.1.5 *Noodsaaklikheid van kommunikasie deur van owerheidsweë met erkende volksleiers van tuislandregerings.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*So kan die voorgestelde Gemeenskapsrade 'n ideale kommunikasiemiddel wees indien hy verteenwoordigend van die swartgemeenskap is, en indien hy nie as 'n bloot adviserende liggaam gesien word nie*

*(Verslag p.5).*

*NB: Die band met die tuislandregering mag onder geen omstandighede ooit verbreek word nie.*

*Daarsonder (die Tuisland) sou 'n valse verwagting by die stedelike swartman gewek word dat die gesagstrukture wat hom in die stedelike gebiede gegun word, uiteindelik sal lei tot volkome politieke en staatkundige ontwikkeling hetsy as medeburgers in die blanke parlement of in 'n onafhanklike 'stadstaat'. Dit is inderdaad 'n valse verwagting en diegene wat hierdie valse verwagting voed, om welke kort- of langtermyn doeleindes ook al, is besig met 'n verfoeilike daad. Dit mag nie gebeur nie*

*(Verslag p.5).*

*2.1.6 Die rol van die Christelike Kerke in meer effektiewe kommunikasie met die swartman is noodsaaklik.*

*2.2 Die vestiging van swartdorpe en stedelike gebiede in die omgewing van blanke gebiedė*

*2.2.1 Die trek na die stad as wêreldverskynsel.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Hoewel dit dubbeld moeilik is om die gedane kwaad te herstel, is die kerk innig dankbaar vir die aanstelling van die huidige Kommissie van ondersoek en wil ten opsigte van die vestiging van swartdorpe en stede in die omgewing van blanke gebiede die volgende aanbevelings doen, wat beoog om:*

*(a) Konfrontasie te verhoed of die moontlikheid daarvan minstens grootliks te verminder.*

*(b) Sorg te dra dat elke volksdeel in sy eie land die meerderheidselement sal uitmaak. Vir die blanke moet dit beteken 'n blanke meerderheid in blanke gebiede, vir die swartman 'n meerderheid in sy selfregerende gebiede. Daarmee saam die behoud van politieke beheer van elkeen in sy eie gebied*

*(Verslag p.8).*

*Sekere aspekte moet dadelik in werking gestel word:*

*2.2.2 Beperking van verdere toestroming deur die skepping van alternatiewe ekonomiese voorsiening in swartgebiede.*

*Hoewel dit onmoontlik en onrealisties is om toestroming te verhoed solank as wat daar 'n verwagting by arbeiders bestaan om 'n beter heenkome in blanke stedelike gebiede te vind, en daar aan die ander kant 'n aanvraag na arbeid*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*is, kán en móet daar effektiewe middele aangewend word om die toestroming te beperk. Die alternatief is in die laaste instansie baie eenvoudig: óf ordelike beplande woongebiede vir 'n beperkte getal arbeiders wat geakkommodeer kan word en aan wie duidelik omskrewe regte toegeken kan word, óf onbeheerde toestroming en eskalering van sosio-ekonomiese, politieke, staatkundige en ander probleme wat in die Suid-Afrikaanse opset, ongetwyfeld tot konfrontasie en uiteindelik onbeskryflike, bloedvergieting moet lei, 'n stryd waarby magte van buite die landsgrense ook betrokke sal raak.*

*Daar mag 'n verskil van opinie bestaan hoever hierdie ontwikkeling in 'n stad soos Soweto reeds plaasgevind het, maar almal is dit seker eens dat daar met die grondige oplossing van hierdie probleem nie langer getalm kan word nie*

*(Verslag p.8).*

2.2.2.1 Tuislandkonsolidasie

*Ten spyte van moontlike publieke teenkanting sal die kerke die owerheid moet ondersteun om hierdie grootse projek met welslae ten uitvoer te bring.*

2.2.2.2 *Blanke ondernemings in swart selfregerende gebiede word ondersteun (maar daar word gewys op die gevaar van uitbuiting).*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*2.2.2.3 Landbouvoorligting (word bepleit).*

*2.2.3 Beperkende maatreëls ten opsigte van toestroming na blanke stedelike gebiede*

*Die voortbestaan van die onderskeie volkere en die vrede in die Republiek van Suid-Afrika kan nie opgeoffer word aan gemaksug of groepbelange nie.*

*Om desentralisasie van nywerhede asook die korrekte verspreiding van werksgeleenthede, waar hulle wel nodig is te bewerkstellig kan deur 'n stelsel van betekenisvolle belastingtoegewings, as aansporing en daarteenoor skerp belastingtoelae waar arbeidsametrekkings ongewens geag word, gebruik word"*

*(Verslag p.10).*

Daar is met dank kennis geneem van die instelling van gemeenskapsrade in swartwoongebiede. Swartes in "blanke stedelike gebiede" moet met respek behandel word:

*"Hy moet met al die eerbied en respek behandel word wat die 'naaste' in Bybelse sin toekom. Dit het geen sin om te veralgemeen en te sê dat daar geen diskriminerende maatreëls hoegenaamd mag wees nie. Dit het wel sin om te sê dat alle vernederende maatreëls so spoedig moontlik uitgeskakel moet word"*
(Memorandum KSO van Ned. Geref. Kerk oor die stedelike bantoe in blanke gebiede, 6 Januarie 1978:1-21).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die KSO gaan in die memorandum nog steeds uit van die beginsel van apartheid. Tuislande word nog beskou as die enigste permanente tuiste van swartmense. Daar is 'n leemte in 'n diepgaande Bybelse besinning oor die nood en frustrasie van die swartmense se belewenisse oor hul situasie. Hierdeur word die Ned. Geref. Kerk se bydrae erg gestrem.

### 4.4.16 Die KSO verander

Minister M.C. Botha het einde 1977 afgetree. Daarmee saam het die KSO 'n skakelfunksie van die Breë Moderatuur geword vanaf 1978. Die hoëvlak skakeling is beëindig en die nuwe masjinerie het so stadig gefunksioneer dat feitlik geen werk tot 1982 se Algemene Sinode verder gedoen is nie.

### 4.4.17 Aanhouding sonder verhoor

'n Saak waaroor daar met die owerheid geskakel is, is die aanhouding en inperking kragtens die Wet op Binnelandse veiligheid (Wet 74/82). Die Algemene Sinode van 1982 het die Breë Moderatuur versoek om die saak indringend met die owerheid te bespreek. (Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1982:1429).

Die Breë Moderatuur wou homself op hoogte stel en het 'n vertroulike memorandum van Kapelaan-generaal van die SAP aangevra. AKLAS is ook versoek om 'n memorandum oor noodetiek in dié verband voor te lê. Die volgende het uit hierdie memoranda na vore gekom.

"- *Die Wet op Binnelandse Veiligheid (Wet 74/1982) het op 1 Julie 1982 in werking getree. Hierdie wet het gepoog om alle veiligheidsmaatreëls te konsolideer;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- *As gevolg van die feit dat Suid-Afrika in 'n semi-noodsituasie verkeer het, is sekere uitsonderings gemaak waardeur afgewyk is van gewone regsreëls;*

- *Aanhouding as gevolg van die misdrywe van terrorisme en subversie, kan deur 'n senior polisiebeampte toegepas word om getuienis of inligting te verkry (wat baie noodsaaklik is in 'n noodsituasie);*

- *Waarborge om vermyding van wanpraktyke te verseker is ingebou byvoorbeeld:*

  - *presiese omskrywing van die gronde van aanhouding,*

  - *aanhouding alleen geldig vir 30 dae, met die nodige magtiging van die minister daarna,*

  - *ná ses maande, aanvoering van redes waarom die aangehoudene nie vrygelaat word nie,*

  - *ondersoek deur die Hersieningsraad, besoeke deur 'n distriksgeneesheer en 'n inspekteur (landdros)"*

(Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:42).

AKLAS (Die Algemene Kommissie van Leer en Aktuele Sake) het die Breë Moderatuur daarop gewys dat die gewone reël in die Strafprosesreg is, dat 'n persoon binne 48 uur na arrestasie, van 'n misdaad aangekla moet word, anders moet hy vrygelaat word. Van die begin van die sestigerjare het die Suid-Afrikaanse wetgewer dit nodig geag om in die lig van die onlus-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en terrorisme gevaar aanpassings te maak. Daar is gevoel dat dit dikwels onmoontlik is om binne 48 uur 'n klag van terrorisme en saboteurs aanhangig te maak en dat sommige persone bloot ter voorkoming of ter beskerming van hulleself of vir doeleindes van inligting sonder magtiging deur die hof deur die Minister van Wet en Orde of die Kommissaris van Polisie ('n senior polisie-offisier word hier gemagtig) vir bepaalde tydperke aangehou mag word. (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1982:42).

Die kernprobleem is die feit dat persone op redelik vaag omlynde grond (wat verband hou met staatsveiligheid) sonder magtiging deur 'n geregshof en in die geval van Art. 29, na 60 dae met magtiging van die Hersieningsraad, wat ook nie 'n geregshof is nie, deur die uitvoerende gesag aangehou mag word.

Die Breë Moderatuur het die volgende besluit:

> *"Daar word besef dat die land in 'n semi-noodsituasie verkeer en dat aanpassings nodig is, daarom word die owerheid versoek:*
>
> 1. *Dat die afwyking van die gewone reël tot die noodsaaklike beperk moet word, en dat normalisering van die toestand behoort te volg so gou as wat die omstandighede dit toelaat.*
>
> 2. *Dat die huidige maatreëls in elk geval meer beperk moet word deur onder andere die volgende te doen:*
>
>    (i) *In die geval van Art. 28 en 29, die Wet op Binnelandse Veiligheid so gewysig word dat die Hersieningsraad twee weke na die aanvang van die aanhouding, verdere aanhouding moet magtig en dat soortgelyke magtiging tot aanhouding opnuut elke twee weke verleen moet word.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*(ii) Dat die Hersieningsraad se voorsitter altyd 'n regter van die Hooggeregshof moet wees.*

*(iii) Dat die Hersieningsraad ook die geestelike en fisiese welstand van die aangehoudenes moet kontroleer.*

*3. Wat inperking betref, het hierdie Wet dit moontlik gemaak om 'n persoon wat deelneem aan bedrywighede wat die veiligheid van die Staat of die handhawing van Wet en Orde in gevaar stel op verskeie terreine te beperk: bv. om ampsdraer te wees van sekere omskrewe organisasies, verbod om afwesig te wees van sekere plekke, verbod op byeenkomste, gereelde aanmelding by polisiestasies.*

*Hierdie sake is ook met die Minister van Wet en Orde op 27 Augustus 1985, bespreek"*

(Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:42).

### 4.4.18 Verdere sake wat die KSO met die owerheid bespreek het

'n Ander saak wat verder vanaf 1983 tot 1986 met die owerheid opgeneem is, is die **hervestiging van nie-blankes**, hul **behuisingsnood, instromingsbeheer** en **ordelike verskuiwings** (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:42-43).

'n Saak wat deur die Algemene Sinode van 1982 na die KSO van die Ned. Geref. Kerk verwys is, is **die nuwe arbeidsbedeling** wat volledig met die owerheid uitgeklaar is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die staatkundige posisie van kleurlinge het ook onder die aandag van die KSO gekom. Die Breë Moderatuur het kennis geneem dat hierdie saak op regeringsvlak ernstige aandag geniet het met die implementering van die nuwe Grondwet en die referendum van 2 November 1983 (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:44).

Verdere onderhoude is ook deur die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid gehou en wel met:

- Die Staatspresident op 19 Augustus 1985.

- Die Minister van Verdediging, genl Magnus Malan op 15 Augustus 1985.

- Die Minister van Ontwikkelingshulp en Opleiding en Onderwys, dr G.v.N. Viljoen op 21 Augustus 1985.

- Die Minister van Wet en Orde, mnr L. le Grange op 27 Augustus 1985.

- Die Minister van Staatkundige Ontwikkeling, mnr C. Heunis op 23 September 1985.

- Die Minister van Binnelandse aangeleenthede, mnr Stoffel Botha op 24 September 1985 (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:66).

Die navorser kon nie die inhoud van die samesprekings opspoor nie, omdat dit vertroulik is en nêrens op lêer is nie.

Die feit dat 'n Kommissie vir skakeling met die owerheid in die lewe geroep is, is baie interessant. Waarom is daar nie met enige ander kerk saamgewerk om ook oor te gaan tot die stigting van ander Kommissies vir skakeling met die owerheid nie? Wat het die Ned. Geref. Kerk so belangrik gemaak? Is die Ned.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geref. Kerk miskien beskou as die kerk wat die naaste aan die waarheid is? Het die owerheid die Ned. Geref. Kerk uitgesonder as die kerk wat die stem van God dra in Suid-Afrika?

Daar kon ook dieper motiewe vir samewerking in die Kommissie vir skakeling met die owerheid verskuil lê. Die standpunte van die Ned. Geref. Kerk kon gewild gewees het by die owerheid. Die owerheid kon die Ned. Geref. Kerk uitgesonder het as profeet omdat die profeet die taal gepraat het wat sag op die oor geval het. Samewerking kon ook minder deurdagte gronde gehad het. Die meeste persone in die regering was lidmate van die Ned. Geref. Kerk en lidmate het bloot belanggestel om te hoor wat is hulle kerk se mening. Daar was dus 'n veelkantigheid van motiewe vir samewerking wat saamgevloei het. Die feit bly egter staan dat die Ned. Geref. Kerk die owerheid geweldig ondersteun het betreffende hierdie saak.

De Gruchy (1979:69) is van mening dat die Ned. Geref. Kerk 'n integrale kern vorm van die Afrikanervolk, die Afrikanerkultuur en hoe determinante rol hierdeur uitgeoefen is om mag te bekom. Deurdat openbare politieke verteenwoordigers op alle vlakke van die regering lidmate van die Ned. Geref. Kerk is, word die invloedsfeer aangedui. Die Ned. Geref. Kerk is nie die enigste kerk in Suid-Afrika nie, daarom kan geen kerk ontsnap van sy verantwoordelikheid om getuie van God se koningkryk te wees in 'n spesifieke situasie nie (De Gruchy 1979:84).

## 4.5 STORMWINDE TREF DIE NED. GEREF. KERK

### 4.5.1 Die Hervormingsdaggetuienis

Die sleuteldatum vir die Hervormingsdaggetuienis was 31 Oktober 1980 en het op 5 November 1980 in Die Kerkbode verskyn. Die stormwind is die produk van agt akademici. Die opstellers en ondertekenaars was: C.F.A. Borchardt, H.J.B. Combrinck, A.B. du Toit, W.P. Esterhuyse, J.A. Heyns, W.D. Jonker, B.A. Müller en H.W. Rossouw.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Getuienis kan as 'n eerlike poging beskou word van mense wat diep besorg was oor die doodloopstraat waarin die Ned. Geref. Kerk al meer besig was om homself te bevind. Dit was reeds ses jaar nadat Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif verskyn het. In Ned. Geref. Kerk geledere het 'n wanpersepsie ontstaan dat daar gearriveer is met bogenoemde dokument. Hiervan was die 1978 Algemene Sinode 'n goeie voorbeeld. Die voorstel van strukturele eenheid in Ned. Geref. Kerkfamiliegeledere is van die tafel af gevee.

Op politieke gebied het die 1976-Soweto-onluste en gepaardgaande geweld, die kerk opnuut opgeroep om sy profetiese roeping na te kom. Staatkundig het ontwikkelinge plaasgevind en daar is almeer gevorder op weg na 'n nuwe grondwet. Die Ned. Geref. Kerk het ongeïnteresseerd op die kantlyn bly staan.

Die agt akademici was sensitief genoeg om hierdie stagnerende vibrasies op te vang en in die getuienis te reflekteer. Hierdeur word die profetiese stem deur individue teenoor die owerheid gehoor.

Die volledige Hervormingsdaggetuienis word hier weergegee omdat Ned. Geref. Kerk-lidmate die owerheid aanspreek en dit lui soos volg:

> *"In die gees van Hervormingsdag wil ons graag as gereformeerde gelowiges die volgende getuienis lewer:*
>
> 1. *naas ons opregte dankbaarheid vir baie wat op die kerklike terrein gedoen en bereik is, spreek ons ons diepe besorgdheid uit oor die skynbare onvermoë van die geïnstitusionaliseerde kerk in Suid-Afrika:*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) om sy Godgegewe roeping van versoening op 'n betekenisvolle en geloofwaardige wyse te vervul in 'n situasie van toenemende spanning en polarisasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land;

(b) om die owerheid en die samelewing met geestelike leiding te bedien deur 'n helder en eenstemmige getuienis omtrent die beloftes en eise van God se Koninkryk met betrekking tot die sosiale werklikheid;

(c) om die onderlinge vervreemding en frontvorming tussen Christene te bekamp, en daarmee die verdeeldheid van die kerk teen te werk wat die geloof in die gemeenskap van die heiliges tot skande maak.

2. Met die nodige verootmoediging pleit ons as lede van die Ned. Geref. Kerk by alle medegelowiges en by alle ampsdraers wat in kerklike vergaderinge en liggame oor sake van beleid en optrede besluite moet neem, om met mekaar te besin oor en biddend te streef na:

(a) die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede en handelinge wat krenkende voorvalle veroorsaak en die boodskap van Gods versoenende genade ontkragtig;

(b) die solidariteit van die Christelike liefde met almal wat deur sosiale praktyke, ekonomiese wanverhoudinge en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*politieke maatreëls in omstandighede van verhelpbare lyding en nood gedompel word;*

(c) *'n vorm van kerklike eenheid, waarbinne die verbondenheid van gelowiges met dieselfde belydenis, ook sigbare gestalte kan aanneem.*

3. *Ons is daarvan oortuig dat die Ned. Geref. Kerk langs hierdie weg saam met ander kerke 'n God-verheerlikende bydrae kan lewer:*

(a) *tot die bevordering van wedersydse vertroue en aanvaarding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land, wat die onontbeerlike grondslag vorm vir 'n vreedsame samelewing;*

(b) *tot 'n dieper bewussyn van die eise van Gods Woord in die lig waarvan owerheid en onderdaan geroepe is om die bestaande orde te hervorm, sodat aan elke mens die leefruimte gegun word waarin hy as beelddraer van God tot sy reg kan kom;*

(c) *tot die daadwerklike getuienis dat die bestaande groepsverskille tussen mense nie deur vooroordele, eiebelang en self-handhawing tot 'n bron van botsing gedemoniseer hoef te word nie, maar deur die krag van Gods herskeppingsgenade juis ontgin kan word tot wedersydse verryking en steun van mekaar in diė één liggaam van Christus"*

(Die Kerkbode, 5 November 1980:605).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Prof J.A. Heyns beskryf die doel van die Getuienis soos volg in *Die Kerkbode* van 17 November 1980:792:

> *"Die bedoeling van die Hervormingsdag-getuienis is, op die kort termyn, om woorde uit die Getuienis self aan te haal: met mekaar te besin".*

Hy bespreek vervolgens die vrae waar, waarom en waaroor hierdie besinning moet handel en noem dan sake of probleemareas wat die Getuienis aan die orde wil stel, naamlik: versoening; geestelike leiding; ons eie persoonlike gesindheid; hervorming van die samelewing; volkere verskeidenheid en die eenheid van die kerk. In die slotparagraaf stel prof. Heyns dit soos volg:

> *"Dit is maar enkele van die probleme en enkele van die talle vrae wat in die Getuienis opgesluit lê en waaroor daar dringend besin sal moet word. As ons dit nie doen nie, is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat ons deur die tempo van die veranderinge meegesleur en daardeur uiteindelik verswelg sal word. Ons sal moet vasstel - helder en duidelik - wat onderhandelbaar is en wat nie, wat verander kan en mag word en wat nie verander mag word nie. Konkreet en by die naam sal dit gedoen moet word. Kom ons help mekaar daarin. Ruimte vir hierdie soort gesamentlike en openlike besinning - dit is die bedoeling van die Getuienis"*

(Die Kerkbode, 17 Desember 1980:792).

Uit die reaksie op die Getuienis is dit duidelik dat die agt ondertekenaars nie 'n alleenroepende stem in die woestyn was nie. Op 31 Desember 1980 verskyn daar 'n brief in Die Kerkbode waarin 19 predikante hulle steun aan die Getuienis betuig. Dit is opgevolg deur 'n brief op 21 Januarie 1981 in Die Kerkbode waarin 22 voormalige studente aan die Kweekskool die opstellers van die Getuienis bedank. Op 4 Februarie 1981 steun sewe volgende predikante die Getuienis in Die Kerkbode, nl. E.D.C. Bruwer, P.G.J. Meiring, W.J.C. Cilliers, F.E.O'B. Geldenhuys, D.J. Bosch, C.L. van W. Scheepers en W. Nicol.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Hele aantal briewe het egter in Die Kerkbode verskyn wat negatiewe uitsprake gemaak het. Dit was veral van die amptelike kerkleiding wat skerp kritiek gekom het. Dr Dirk Fourie, actuarius van die Algemene Sinode was aan die heel voorpunt.

Die Sinodale Kommissies van Suid-Transvaal en van Wes-Transvaal het afsonderlike aanvalle geloods op die Getuienis in Die Kerkbode van 4 Maart 1981. Die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode het na sy vergadering op 10 - 11 Maart 1981 ook met kritiek tot die debat toegetree en die volgende verklaring uitgereik:

> *"Ons loof God as die goeie Gewer van elke gawe en herinner met erns dat elkeen rekenskap sal gee oor die hantering van voorregte.*
>
> *Dit is nodig om weer te wys op die vaste fondament van die Heilige Skrif, die riglyne van ons belydenisskrifte en die leiding van die Heilige Gees waarop en waarvolgens met nederige ootmoed en moed voortgebou moet word.*
>
> *Meer toegewyde aandag word gevra vir die verlossingsdoel van Jesus Christus dat elke verloste al sy gawes tot nut en saligheid van andere met blymoedigheid moet aanwend.*
>
> *Alle optredes (gesindhede en verklarings) wat met kwade, nalatige of ondeurdagte bedoelings die Kerk as Moeder van die gelowiges aangetas, goeie orde, onderlinge vertroue en gepaste kerklike verhoudinge versteur het, word met vermaning betreur.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Alle positiewe optredes word waardeer. Ons Kerk het verder beleidsbesluite wat die koers van ordelike eenheid en gemeenskaplike besinning duidelik stel sodat daar nie rede vir onsekerheid en verwarring hoef te bestaan nie en die pad van die Ned. Geref. Kerk in die R.S.A. met vertroue bewandel kan word, want die Ned. Geref. Kerk wil slegs middel in God se hand vir Sy doel wees.*

*Aan alle gelowiges veral in Mosambiek, Zimbabwe, Angola, Suid-Wes-Afrika en die vloedgeteisterde gebiede word die versekering van voorbidding asook warme belangstelling gegee en 'n handreiking van bemoediging gebied.*

*'n Dringende oproep word op alle lidmate, ouderlinge, diakens, leraars en teologiese fakulteite (dosente en studente) gedoen om te alle tye (ook tydens die komende algemene verkiesing) met Christelike leiding, groter beheerstheid, versigtigheid en volgehoue voorbidding elk sy eie verantwoordelikheid so te vervul dat onse God vereer word en die naasteliefde so triomfeer dat die versoenende en vernuwende evangelie met duidelike oortuigingskrag sal spreek"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1982:143-149).

'n Vertroulike byeenkoms van alle Transvaalse predikante is op 23 Maart 1981 by Hartbeespoortdam gehou. Dit was 'n versoeningspoging en is deur 540 predikante bygewoon (Die Kerkbode, 1 April 1981:1).

Dr J.W. Hofmeyr skryf 'n jaar na die Hervormingsdaggetuienis in 'n artikel in Die Kerkbode:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Die moontlikheid bestaan dat die Hervormingsdaggetuienis 'n soort Barmenverklaring van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika kan word"*

(Die Kerkbode, 4 November 1981:9).

Die Hervormingsdaggetuienis het beslis 'n dinamiese fase van reaksie ingelei, dinamika wat die Ned. Geref. Kerk teen 1980 uiters nodig gehad het!

### 4.5.2 Stormkompas

Die een storm het nog nie behoorlik gaan lê nie, toe bars die volgende storm in die Ned. Geref. Kerk los met die verskyning van die boek, Storm-kompas. Die Hervormingsdaggetuienis is op 31 Oktober 1980 gemaak en die publikasie van Storm-kompas was in 1981. Die redakteurs van die boek was prof Nico Smith, dr F.E. O'Brein Geldenhuys en dr Piet Meiring. Daar het 24 persone meegewerk aan die publikasie. In die werk is 12 onderwerpe bespreek wat die Ned. Geref. Kerk in die jare tagtig raak, met 12 kommentare op die onderwerpe. Van die onderwerpe sluit in: kerk en politiek in die Suid-Afrikaanse konteks, die rassesituasie, grondwetlike verandering, sosiaal-maatskaplike konteks en die.interkerklike opset. Bydraes is onder andere gelewer deur prof Johan Heyns, prof Jaap Durand, prof David Bosch, ds Malan Nel, prof Bernard Lategan en dr Willem Nicol.

In die voorwoord van Stormkompas word dit gestel dat die besluit om die bundel saam te stel: *"gebore is uit 'n byna angswekkende besef van die verantwoordelikheid wat die Ned. Geref. Kerk vanweë sy posisie in die land het om Bybels verantwoorde standpunte in te neem op elke terrein van 'n situasie wat, glo ons, vir ons land en vir die Christelike geloof hier krisisomvang aanneem in die onstuimige tagtiger-jare" (Smith et al red. 1981: Voorwoord). Die kritiese klanke oor die Ned. Geref. Kerk spreek uit 'n bewoë solidariteit wat elkeen van die skrywers ten diepste met die kerk voel"* (Smith et al red. 1981: Voorwoord).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die einde van die publikasie verskyn 44 stellings oor die Ned. Geref. Kerk in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Enkele van die stellings word hier uitgelig. Die opskrif van die eerste ses stellings is: Enkele teologiese perspektiewe.

> "3. *Die eenheid van die kerk is geen oortolligheid of luukse nie, maar behoort tot die wese van die kerk. Onderlinge verskeurdheid moet as sonde betreur en bekamp word.*
>
> 6. *Vanweë die rol van die Ned. Geref. Kerk in die politieke en sosiale mondigwording van die Afrikaner, staan die kerk nog te veel in die sindroom van Afrikanereenheid. Daardeur is Afrikaner-eenheid dikwels deur die kerk bo kerk-eenheid verhef."*

Stelling 7 tot 13 handel oor versoening.

> "9. *Op die oomblik is dit nie die Ned. Geref. Kerk wat in Suid-Afrika op die voorpunt van 'n Christelike versoeningsaksie tussen bevolkingsgroepe staan nie, maar juis kerke wat dikwels deur die Ned. Geref. Kerk as volksvreemd of selfs vyandig teenoor suid-Afrika bestempel word.*
>
> 10. *Die mees onversoenbare houdings ten opsigte van anderskleuriges word dikwels by lidmate van die Ned. Geref. Kerk aangetref. Vandaar dat die verwagtinge oor die versoenende rol wat die kerk kan en moet vervul, by talle in diepe teleurstelling omgeskep word.*
>
> 12. *Waaragtige versoening tussen bevolkingsgroepe in Suid-Afrika kan nie sonder 'n diepe herkenning en erkenning van skuld deur die gelowiges teenoor mekaar plaasvind nie. Die Ned. Geref.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Kerk behoort in dié opsig die leiding te neem deur die skuld van onreg wat oor 'n lang tyd deur blankes teenoor swartes gepleeg is, in nederigheid en berou te bely.*

*13. Die feit dat sommige Ned. Geref. Kerkrade nog steeds hul kerkdeure vir anderkleurige gelowiges sluit, dui op 'n sondige weiering deur Christene om mekaar as versoende mense - ongeag alle verskille wat daar in menslike terme mag bestaan - te aanvaar".*

Stelling 14 tot 18 handel oor kerklike verhoudinge, stelling 19 tot 21 oor die sending en stelling 22 tot 25 oor die verhouding tussen die kerk en die staat:

*"22. Romeine 13 is nie 'n allesomvattende Christelike leer aangaande die staat nie. Dit gaan in die perikoop om die staat as instelling van God, en nie om 'n goddelike goedkeuring vir die optrede van enige spesifieke regering nie.*

*23. Die owerheid is 'n dienaar van God en daarom ook verplig om hom aan die eise van God se Woord te onderwerp. Die kerk het as draer van die goddelike Woord die verantwoordelikheid om die eise van die Woord aan die owerheid voor te hou. Daarom het die kerk ook 'n besondere verantwoordelikheid ten opsigte van die politiek. Dit vereis dat hy nooit sodanig verstrengel raak met 'n bepaalde politieke beleidsrigting dat hy sy vryheid om daarteen te getuig wanneer dit nodig word, verloor nie.*

*24. Die grondwet van 'n land beïnvloed die lewe en lewensruimte van elke burger ingrypend. Dit is derhalwe die verantwoordelikheid van die kerk*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*om die Bybelse waardes en uitgangspunte wat op 'n grondwet van 'n land betrekking het, aan die owerheid wat vir die grondwet verantwoordelik is, deur te gee. Die kerk moet meehelp om hierdie maatreëls vir die praktiese lewe van die landsburgers te vertolk ten einde die owerheid in staat te stel om die grondwet dien-ooreenkomstig op te stel".*

Stellings 26 tot 33 handel oor die sosiaal-maatskaplike getuienis van die kerk:

*"28. Naasteliefde behels nie net dat jy nie aan andere sal doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie, maar ook dat jy nie aan andere sal laat doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. Dit beteken in Suid-Afrika onder meer dat die Christen nie onverskillig kan staan teenoor die meer as halfmiljoen swartmense wat reeds vanweë die hervestigingsbeleid van die lands-owerheid verskuif is nie, of hulle wou of nie; die maatskaplike en ander gevolge van die trek-arbeidstelsel; die miljoene mense wat in swartwoonbuurtes saamgehok is, in groot mate nog sonder basiese geriewe; die loonstruktuur wat (ten spyte van hervorminge) nog in Suid-Afrika in swang is.*

*31. Gebrek aan genoegsame meelewing van die kant van die Ned. Geref. Kerk met die sosiaal-maatskaplike, die sosiaal-ekonomiese en politieke kwellinge van die swartinwoners van Suid-Afrika, bevestig vir die swartman die identifisering van die kerk met die wit heersersklas. Die stryd om 'n lewensbestaan deur die swartman in 'n wit georiënteerde samelewing, veroorsaak deur onder meer*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*onleefbare lone, woningnood, onthouding van politieke regte en die spaarsamige uitsprake en optrede van die Ned. Geref. Kerk in dié verband, gee dan ook daartoe aanleiding dat die kerk deur die swartman mede-verantwoordelik gehou word vir sy situasie".*

Stelling 34 tot 39 handel oor die politieke struktuur in Suid-Afrika:

*"34. Die samelewingsisteem wat uit 'n gedwonge staatkundige beleid van skeiding van mense in die samelewing na vore kom, gee daartoe aanleiding dat die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas word. Omdat deur sodanige beleid één bevolkingsgroep in suid-Afrika, nl. die wittes, bevoorreg word, voldoen dit nie aan die evangeliese eis dat geregtigheid aan almal moet geskied nie. Vandaar dat die kerk hom nie met sodanige beleid kan vereenselwig nie en dit allermins teologies kan regverdig, motiveer of verdedig.*

*35. Dit het tyd geword dat die Ned. Geref. Kerk dit duidelik sal sê dat die apartheidsbeleid in Suid-Afrika baie wrange vrugte gedra het, ten spyte van die goeie bedoelings van die owerheid om bevolkingsgroepe afsonderlik te laat ontwikkel. Daarom behoort die kerk dit duidelik te stel dat die Christen dié beleid nie sonder meer kan onderskryf nie.*

*39. Die kerk sal alles in die werk moet stel om ooreenkomstig sy roeping en opdrag mee te werk aan 'n nuwe Suid-Afrika, 'n gemeenskap van ware geregtigheid, vrede en welsyn vir almal".*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Stellings 40 tot 42 handel oor die kerk en die Afrikaner-Broederbond en stelling 43 oor die kerk en die jeug en word afgesluit met 'n slotstelling 44:

> *"Die allerbelangrikste verandering wat in Suid-Afrika nodig is, is die vernuwing van die Kerk van Jesus Christus"*

(Smith et al red. 1981:134-141).

Stormkompas se profetiese boodskap het 'n vakuum gevul wat in die Ned. Geref. getuienis agterweë gebly het. Dit het baie tydig gekom toe die Ned. Geref. Kerk in 'n verstarrende fase in beweeg het en dinamiese kerkleiding in retrospek gesien afwesig was.

Meer individue binne die Ned. Geref. Kerk se profetiese stem is teenoor die owerheid gehoor. Die kritiek wat deur die werk geopper is, het tot in die wese van die Ned. Geref. Kerk se verhouding met die owerheid gesny!

### 4.5.3 Die Ope Brief

Die storm van Storm-kompas het nog groot opslae in die Ned. Geref. Kerk gemaak of die volgende storm is ontketen. Die Ope Brief van 123 gelegitimeerdes van die Ned. Geref. Kerk het op 9 Junie 1982 in Die Kerkbode verskyn.

Die Ope Brief begin soos volg:

> *"Ons, predikante en gelegitimeerdes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, spreek dit as ons oortuiging uit dat egte versoening in Christus tussen mense en groepe die grootste enkele behoefte in die kerk en daarom ook in ons land en samelewing is. Ons glo dat die kerk van Christus in Suid-Afrika in hierdie opsig 'n besondere bydrae te lewer het"*

(Die Kerkbode, 9 Junie 1982).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ope Brief handel eerstens oor die versoening en die eenheid van die kerk waarin daar onder andere gesê word dat die kerk van Christus oop moet wees. Tweedens handel dit oor die profetiese roeping van die kerk waarin onder andere gesê word dat die wette wat simbole van vervreemding geword het, onder meer dié oor gemengde huwelike, rasseklassifikasie en groepsgebiede, nie skriftuurlik verdedig kan word nie. Verder word dit gestel dat gedwonge verskuiwings van mense, ontwrigting van huweliks- en gesinsbande vanweë trekarbeid, onderbesteding van swartonderwys, onvoldoende en swak behuising vir swartmense en lae lone nie rym met die Bybelse eise van geregtigheid en menswaardigheid nie. Die brief word afgesluit met 'n gedeelte oor 'ons solidariteit' (Die Kerkbode, 9 Junie 1982).

Serfontein (1982:182) beskryf die Ope Brief soos volg:

> *"The historical letter by 123 Ministers and theologians of the white NGK, in which it bluntly rejects the governments' racial policies on scriptural grounds, is the most important development in the Afrikaans Churches in more than 20 years".*

Die Ope Brief se bydrae lê daarin dat dit teologies-krities die vals note van apartheid beoordeel het.

Dit was duidelik dat die stormwinde sterk binne die Ned. Geref. Kerk gewaai het en dat ernstige besinning deur die Ned. Geref. Kerk oor sy standpunt ten opsigte van apartheid dringend noodsaaklik was! Dit is ook belangrik om die groterwordende tendens waar te neem wat aan die opbou was binne die Ned. Geref. Kerk. Die reaksie wat by 'n aantal akademici begin het, het jaarliks breër uitgekring na individue in die Ned. Geref. Kerk. Die profetiese stem het al hoe harder weerklink.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.5.4 Die status confessionis

Die stormwinde het voortgeduur deurdat die NGSK as deel van die Ned. Geref. Kerkfamilie 'n status confessionis daargestel het.

Die NGSK se sinode het van 22 September tot 6 Oktober 1982 in Belhar plaasgevind. Reeds tydens die 1978 NGSK-sinode is apartheid vanuit die Skrif veroordeel. (Handelinge van die NGSK 1978:339-400). 'n Stuk wat tydens die 1982 NGSK behandel is, het gehandel oor die Ned. Geref. Sendingkerk en apartheid. Dit bestaan uit vyf onderafdelings naamlik:

1. Versoening en apartheid.

2. Die Sinodebesluit van 1978 in verband met apartheid.

3. Die eis van geregtigheid en eie belang.

4. Rassisme en apartheid.

5. Artikel 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis (Skema van die NGSK 1982:704-706).

Die Sinode het die volgende besluit geneem:

> *"Omdat die sekulêre evangelie van apartheid ten diepste die belydenis van die versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die Ned. Geref. Sendingkerk in S.A. dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n Status Confessionis daarstel.*
>
> *('n Status Confessionis beteken dat ons hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstiglik in gevaar te stel).*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Ons verklaar, dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God 'n teologiese kettery is"*

(Skema van die NGSK 1982:706).

Die NGSK het die volgende besluit geneem in die beoordeling van die posisie van die Ned. Geref. Kerk:

> *"Die Ned. Geref. Kerk glo na die Sinode se oortuiging in die ideologie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk - besluit van 1978 (soos prinsipieel beredeneer in Afdeling 11) mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die Ned. Geref. Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologies geformuleerde standpunt en die implementering daarvan in die praktyk. Die NGSK doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie 'terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie'. (1 Kor 9:27"*

(Skema van die NGSK 1982:607).

Die NGSK het besluit dat alle verbandhoudende stukke aan die Ned. Geref. Kerk se Algemene Sinode sowel as die streeksinodes oorhandig moet word. Die Status Confessionis sou 'n konsepbelydenis bly tot die volgende sinode wanneer dit as 'n volle Belydenis van die NGSK aanvaar sou word!

Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het ses dae later vanaf 12 tot 22 Oktober 1982 in Pretoria vergader. Daar was duidelik nie tyd om 'n aanbeveling oor die Status Confessionis voor te berei nie. Die volgende antwoord is deur die Algemene Sinode goedgekeur:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Die Algemene Sinode*

- *het kennis geneem van die amptelike skrywe van die NGSK maar was tydens hierdie sitting nie in 'n posisie om 'n diepgaande studie daarvan te maak nie.*

- *wil ook sy dankbaarheid te kenne gee vir die feit dat die NGSK nie sy bande met die Ned. Geref. Kerk wil verbreek nie, maar bereidwilligheid toon om die gesprek voort te sit.*

- *wil sy hartseer en ontsteltenis uitspreek oor die onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery aan die adres van die Ned. Geref. Kerk.*

- *verseker die NGSK dat hy steeds self-ondersoek en voortgaande studie doen ten einde vas te stel of sy huidige siening met betrekking tot kerklike- en menslike verhoudinge in lyn bly met die eise van die Heilige Skrif.*

- *is bereid om onbevooroordeeld en op 'n gelyke gespreksbasis saam met die NGSK opnuut na die Skrif te gaan ten einde te soek na die antwoorde op die verskillende knelvrae.*

- *dra dit aan die Breë Moderatuur op om die stukke van die NGSK te bestudeer en onverwyld met die NGSK hieroor in gesprek te tree.*

*Die Algemene sinode roep alle lidmate op om*

- *met groter aandag te luister na die geroep vanuit die ander kerke in die Ned. Geref. Kerk-familie;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *in die gesindheid van Jesus Christus se barmhartigheid met groter toewyding hul nood op alle lewensterreine te lenig vir sover die Here ons daartoe in staat stel.*
>
> *Die Algemene Sinode versoek dringend al die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk om nie deur hulle optrede aan medegelowiges aanstoot te gee nie, maar eerder hul optrede in ooreenstemming te bring met die Heilige Skrif en die besluite en die uitsprake van die Algemene Sinode in die verband"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1982:1403).

Uit hierdie kommentaar wil dit voorkom asof die Ned. Geref. Kerk die NGSK nie werklik ernstig opneem nie. Gevolglik is die profetiese stem van die NGSK geïgnoreer.

Dit word ernstig betreur dat daar so 'n afstand tussen moeder en dogter ontstaan het. Dit wil voorkom asof die moeder nie die die noodkreet van die dogter gehoor het nie. Dit is jammer dat gefokus word op die swak argumente van die dogter, eerder as die pyn wat ervaar word as gevolg van die afstand. Die Ned. Geref. Kerk was so vasgevang in apartheid dat kritiek verwerp is.

Tydens die Wes-Kaapse Sinode van 1983 is 'n deeglike rapport oor die belydenis van die NGSK voorgelê. Die Sinode het die gees van die riglyne onderskryf en die Breë Moderatuur versoek om in hulle voortgesette besinning ernstig hiermee rekening te hou (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:H 173).

In die rapport word dit duidelik gestel dat die Ned. Geref. Kerk ernstig sal fouteer as die NGSK onderskat word, omdat die NGSK glo dat rassisme aan die bodem lê van die wyse waarop die Suid-Afrikaanse samelewing ingerig is. Versoening is vir die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



NGSK alleen moontlik as die Ned. Geref. Kerk hom los maak van apartheid en hom sal beywer vir 'n politieke bestel van geregtigheid wat almal in die land sal dien. Daarom word daar aanbeveel dat 'n gemeenskaplike gespreksbasis tussen die twee kerke gesoek word sodat vrugbare gesprekke met die NGSK kan plaasvind. Dit is waarskynlik nie doenlik om net enkele persone met die opdrag te belas om 'n antwoord aan die NGSK voor te berei nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1983:365-375).

Hoewel 'n poging aangewend is om sekere vraagstukke ten opsigte van die samelewing deur Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif in 1974 te beantwoord, is daar in die kerk gemeen hulle het met dié dokument gearriveer. In werklikheid was dit slegs 'n vertrekpunt en moet die jare tussen 1974 en 1986 as die verspeelde jare vir die Ned. Geref. Kerk beskou word!

### 4.5.5 Die Kairos-dokument

Hierdie opspraakwekkende dokument het in 1985 verskyn. Suid-Afrika was op daardie stadium vasgevang in 'n wurggreep van 'n noodtoestand en internasionale ekonomiese sanksies as gevolg van apartheid.

Die Kairos-dokument is aanvanklik deur 111 persone onderteken (Hofmeyr e.a. 1987:2). Hiervan was 23 van die Anglikaanse kerk, 19 van die Rooms Katolieke kerk, 18 van die Metodiste kerk, 18 van die Ned. Geref. Kerkfamilie en 13 van die Verenigde Kongregasionalistekerk. Daar is 35 000 kopieë van die eerste uitgawe net in Suid-Afrika versprei (Hofmeyr e.a. 1987:1-2).

Prof W.D. Jonker in Hofmeyr e.a. (1987:75) beskryf dié dokument as 'n politieke strydgeskryf met 'n teologiese onderbou wat gerig is aan die kerk in Suid-Afrika om op grond van godsdienstige oortuigings kant te kies as gevolg van die land se politieke krisis en sodoende die bevrydingstryd van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



swart meerderheid aktief te ondersteun. Die dokument stel dit dat Afrikaanse kerke hul skuldig maak aan 'n staatsteologie en dat hul in wese 'n godslasterlike teologie aanhang (Jonker in Hofmeyr e.a. 1987:77). Die bestaande regering beoefen tirannie en het geen legitimiteit nie en daarom mag kerke nie net bid vir verandering van regering nie, maar moet bereid wees om burgerlik ongehoorsaam te wees. Die kerk moet spesiale programme en aksies loods met die oog op die spesifieke behoeftes van die vryheidstryd. Enige kerklike byeenkoms moet in diens van die bevrydingstryd gestel word sodat dit die profetiese geloof reflekteer van God se kairos aan die volk vandag (Jonker in Hofmeyr e.a. 1987:78-79).

Wanneer die Kairos-dokument beoordeel word neig iemand vanuit die Afrikaanse Susterskerke om met goeie motiverings in ou retorieke te verval. Dit sou verkeerd wees omdat na die hart eerder as die woorde van die dokument geluister moet word. Die dokument dryf die Ned. Geref. Kerk om weer te gaan besin oor sy sosio-maatskaplike betrokkenheid by alle groepe van Suid-Afrika. Die Kairos-dokument reflekteer 'n sombere prentjie van die Ned. Geref. Kerk. Indien die profetiese stem van die Ned. Geref. Kerk aan die hand van die Kairos-dokument beoordeel moet word, moet erken word dat die Ned. Geref. Kerk nie die toets slaag nie.

Hierteenoor is daar 'n duidelike gebrek aan fokus op Jesus Christus in die Kairos-dokument. Die vraag kan met reg gevra word of dit op die vlak van politieke ideologie lê eerder as teologie. Volgens Jonker in Hofmeyr e.a. (1987:83) het baie van die uitsprake weinig met die Bybel te make en reflekteer sosiologiese of politieke uitsprake wat uit revolusionêre boeke oorgeskryf is. Die Kairos-dokument dwing elke christen egter tot wesenlike en eerlike besinning.

## 4.6 SLOTBEOORDELING

Met die verskyning van Ras, Volk en Nasie in 1974 is gepoog om

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



apartheid in 'n beter verpakking aan te bied. Dit was 'n eerlike poging om vanuit die Skrif 'n teologiese vertrekpunt vir die rassesituasie in Suid-Afrika voor te hou. Hierdeur is gevolglik gepoog om 'n profetiese boodskap aan Suid-Afrika en die wêreld uit te dra.

Die fundamentele probleem met Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif is dat dit 'n verkeerde vertrekpunt vanuit die Skrif geneem het. Daar word teologies besin oor volk en dit word as sentrale vertrekpunt geneem. Hierdie vertrekpunt wek kritiese vrae op. Dit het tot gevolg dat alles wat daarop gebou is, ingebed is in 'n volksideologie. Indien dit krities beoordeel word in teologiese sin, kan dit gestel word dat ons hier te doen het met 'n volskteologie. Hoe eerlik daar dan ookal na die Suid-Afrikaanse situasie gekyk word, sal dit in die praktyk op 'n verkeerde punt uitmond.

Dit wat in 1976 as gevolg van onluste met Suid-Afrika gebeur het, het vir almal wat buite die swartleefwêreld gestaan het, die ideale geleentheid gebied om hulle eie posisie te herevalueer. Die Ned. Geref. Kerk is gevolglik ook opgeroep om onder die geklank van die Skrif te herbesin oor apartheid en die frustrasies wat daarmee na vore gekom het. Dit het ongelukkig die teenoorgestelde uitwerking gehad. Die fout is voor die deur van swartes gelê. Waar daar gevolglik besinning moes wees wat die profetiese getuienis positief kon beïnvloed, het groter afstand ontstaan. Die Kommissie vir skakeling met die Owerheid het egter 'n waardevolle bydrae gelewer. Tog reflekteer die bestaan van so 'n skakelkommissie die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid.

Verskuiwings was besig om plaas te vind in Suid-Afrika hoewel baie min mense dit besef het. Die Ned. Geref. Kerk het nie die geleentheid aangegryp om vanuit die Skrif sy profetiese stem hoorbaar genoeg te laat weerklink nie!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

## DIE BESLISTE ONTSTRENGELING VAN APARTHEID: 1986 - 1991

| | | Pagina |
|---|---|---|
| 5.1 | Kerklike byeenkomste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1986 - 1991 | 243 |
| 5.1.1 | Die onvermydelike: Kerkskeuring | 255 |
| 5.1.2 | Die algemene Sinode van 1990 | 271 |
| 5.1.3 | Die Rustenburg-Kerkeberaad | 282 |
| 5.1.4 | Die reaksie op die skuldbelydenis | 287 |
| 5.1.5 | 1991 - Die sanksionering van die Algemene Sinode se besluite | 290 |
| 5.2 | Die hantering van apartheidsmaatreëls | 291 |
| 5.2.1 | Aanhouding en inperkings kragtens die wet op binnelandse veiligheid (Wet 74/82) | 291 |
| 5.2.2 | Rasgemengde huwelike en rasgemengde ontug | 291 |
| 5.2.3 | Groepsgebiede | 297 |
| 5.2.4 | Instromingsbeheer en trekarbeid | 298 |
| 5.3 | Slotbeoordeling | 301 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

# DIE BESLISTE ONTSTRENGELING VAN APARTHEID: 1986 - 1991

## 5.1 KERKLIKE BYEENKOMSTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 1986 - 1991

Tydens die 1982 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk is opdrag gegee dat die beleidstuk, Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif hersien moet word. Die verspeelde tyd van die afgelope twaalf jaar het die Ned. Geref. Kerk ingehaal. Kosbare geleenthede het deur die vingers geglip omdat die Ned. Geref. Kerk reaktief opgetree het in die komplekse situasie in Suid-Afrika. Die Presidentsraadsvoorstelle is aanvaar en 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika is reeds in 1984 geïmplementeer. Die Ned. Geref. Kerk was onder druk en sinodegangers het dit besef. In die wandelgange en in die media is gespekuleer oor wat die inhoud van die opvolgdokument van Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif gaan beteken. Teen dié agtergrond het een van die interessantste sinodes van die Ned. Geref. Kerk van 14 Oktober tot 25 Oktober 1986 in Kaapstad plaasgevind.

Die Kommissie vir orde het aan die begin van die sinode aanbeveel dat die formele verslag van die Hersieningskommissie van Ras, Volk en Nasie op Woensdag 15 Oktober voorgelê en behandel word. Die konsepverslag: Kerk en Samelewing is ook ter tafel geneem. Amendemente moes skriftelik voor Donderdag 15 Oktober 1992 om 16:00 by die Tydelike kommissie vir hersiening besorg word. (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:10). Op Maandag 20 Oktober 1986 is die hele verslag aan die sinode voorgelê.

Dit is belangrik om kennis te neem van die samestelling van die Hersieningskommissie van Ras, Volk en Nasie wat soos volg deur die 1982 Algemene Sinode goedgekeur is:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Ds J.E. Potgieter | Moderator |
| 2. | Ds G.S.J. Möller | Assessor |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Dr D.C.G. Fourie | Aktuarius |
| 4. | Ds D.J. Viljoen | Skriba |
| 5. | Prof J.A. Heyns | Dogmatiek |
| 6. | Prof D.A. du Toit | Christelike Etiek |
| 7. | Prof C.W.H. Boshoff | Sendingwetenskap |
| 8. | Ds D.S. Snyman | Sending |
| 9. | Prof A.B. du Toit | Nuwe Testament |
| 10. | Prof P.A. Verhoef | Ou Testament |
| 11. | Prof P.B. van der Watt | Kerkreg |
| 12. | Prof P. Smit | Behuising/Verstedeliking |
| 13. | Dr M.M. Nieuwoudt | Sosiologies-Kerklik |
| 14. | Dr P. Rossouw | Uitvoerende amptenaar |
| | Sameroeper Ds J.E. Potgieter | |

Met die bestudering van die verslag van die Hersieningskommissie is opgemerk dat daar nie altyd eenstemmigheid oor die formulerings was nie. Prof C.W.H. Boshoff het by 'n hele aantal geleenthede 'n eie standpunt gestel. Dit is bekend dat hy uiters konserwatief is.

Ander konserwatiewe lede van die kommissie was: die voorsitter, ds J.E. Potgieter, dr D.C.G. Fourie, ds D.J. Viljoen en dr M.M. Nieuwoudt. Dit het ses persone uit veertien verteenwoordig. Hierdie ses persone het byvoorbeeld by paragraaf 282 die volgende minderheidstandpunt gehuldig:

> *"Waar besondere omstandighede gangbaar is en lidmate uit ander lidkerke van die familie van Ned. Geref. Kerke om lidmaatskap van 'n Ned. Geref. gemeente sou aansoek doen, neem die kerkraad in die hantering daarvan die belange van die koninkryk van God, die beste belange van die betrokke gemeente en die sieleheil van die aansoekers in ag. Die beslissing oor sodanige lidmaatskap geld alleen vir daardie betrokke gemeente"*

(Konsep: Kerk en Samelewing, verslag aan Algemene Sinode, 1986).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierteenoor het die meerderheid van agt persone die volgende as paragraaf 282 aanbeveel:

> *"Indien lidmate (doop of belydend uit ander lidkerke van die familie van Ned. Geref. Kerke egter om lidmaatskap van 'n Ned. Geref. gemeente sou aansoek doen, word met hierdie aansoeke en eventuele oorplasing op kerkordelike en verantwoordelike wyse gehandel"*

(Konsep: Kerk en Samelewing, verslag aan Algemene Sinode, 1986).

Die klemverskuiwing in standpunte tussen die groepe word verder uitgelig deur hierdie ses persone se minderheidsaanbeveling ten opsigte van paragraaf 319.

> *"Die debat oor die prinsipiële en Skriftuurlike begronding van die beleid van afsonderlikheid het, onder andere in die Ned. Geref. Kerk ook oor jare heen voortgegaan in die kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes. Hoewel sommige dit op sekere stadia voorgestaan het, het die besef mettertyd gegroei dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie"*

(Konsep: Kerk en samelewing, verslag aan Algemene Sinode, 1986).

Bogenoemde standpunt reflekteer die Ras, Volk en Nasie standpunt van 1974.

Hierteenoor word die volgende standpunt goedgekeur:

> *"Die oortuiging het gegroei dat 'n beleid van afsonderlikheid nie gesteun en toegepas kan word as dit nie uit die Skrif geregverdig kan word nie. Dit het by sommige die oortuiging laat ontstaan dat afsonderlike ontwikkeling van volke 'n voorskrif van die Bybel is en daarom deur die kerk as Bybels en aan die owerheid voorgeskryf moet word"*

(Konsep: Kerk en Samelewing, verslag aan Algemene Sinode, 1986).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is interssant dat die meer verligte minderheidstandpunt deur prof A.B. du Toit, prof D.A. du Toit, prof J.A. Heyns en prof P.A. Verhoef wat aan die einde van paragraaf 319 voorkom, die volgende byvoeging maak:

> *"Die verheffing van apartheid tot 'n religieus-gekleurde ideologie, ten opsigte waarvan nie ontken kan word dat dit ook in die Ned. Geref. Kerk, voorgekom het nie, is n dwaling wat, hoewel onbedoeld, veral in sy praktiese toepassing tot veel leed, lyding en bitterheid bygedra het. Hiervan moet in alle opregtheid voor God en die mense belydenis gedoen word"*
> (Konsep: Kerk en Samelewing, verslag aan Algemene Sinode, 1986).

Na die insette van die sinodegangers is paragraaf 319 tot 322 nuut geformuleer, terwyl die res van die verslag net met woorde en sinne hier en daar gewysig is:

Paragraaf 319 *"Namate die besinning van die Ned. Geref. Kerk oor die prinsipiële en skriftuurlike begronding van die beleid van apartheid oor die jare heen in kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes voortgegaan het, het die oortuiging mettertyd gegroei dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie. Die poging om so 'n voorskrif uit die Bybel te regverdig, moet as fout erken en afgewys word".*

Paragraaf 320 *"Die Ned. Geref. Kerk is oortuig dat die beskouing en die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*- etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas".*

Paragraaf 321 *"Die lyding van mense, waarvoor die kerk deernis het, moet egter nie net aan apartheid toegeskryf word nie, maar aan 'n verskeidenheid faktore van maatskaplike en politieke werklikhede waarin mense van verskillende gemeenskappe mekaar nie aanvaar het nie. Insoverre die kerk en sy lidmate hieraan deel het, bely hy dit met ootmoed en berou".*

Paragraaf 322 *"Die Ned. Geref. Kerk verklaar homself bereid om in die gees van Christus mee te werk aan die soeke na 'n oplossing vir die Suid-Afrikaanse samelewing waardeur vir elke gemeenskap die hoogs moontlike lewensgeluk bereik kan word"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 539:1876).

Dit wat in die aangehaalde paragrawe gestel word verteenwoordig 'n deurbraak in die standpunte van die Ned. Geref. Kerk. Dit wil voorkom asof daar diep teologies besin is en verandering van standpunt begin intree. In paragraaf 319 word 'n stukkie skulderkenning aangetref deurdat die Skriftuurlike begronding van apartheid as fout erken en afgewys word. Hierdeur word die profetiese stem van die Ned. Geref. Kerk gehoor!

Die feit dat die meer verligte prof Johan Heyns gemaklik tot moderator verkies is, bevestig dat die meerderheid van die sinodegangers 'n persoon gesoek het om daad by die woord te voeg en dinamies die uitdaging in Suid-Afrikaanse konteks te kon aanspreek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op grondvlak is gevoel die Ned. Geref. Kerk het lank genoeg water getrap. Prof Johan Heyns se verkiesing het ook beteken dat die meerderheid afgevaardigdes oop was vir verandering en dat daar nie soveel verkramptes by die sinodesitting was nie.

Dit was natuurlik strategies goed om eers die meerderheid van algemene sake af te handel voordat die Algemene Sinode die dokument, Kerk en Samelewing bespreek het. Baie afgevaardigdes het genoeg tyd gehad om te besef dat die Ned. Geref. Kerk nog dieselfde kerk van al die jare is. Verder is afgevaardigdes dikwels moeg om in spreekbeurte te debatteer teen die einde van 'n sinode.

Tydens die openingsrede het die uittredende moderator, ds J.E. Potgieter die belangrike rol van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika gestel (Acta van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:736-739). Die broederonderhoud het op 15 Oktober 1986 plaasgevind. Twee referate is behandel deur prof W.D. Jonker en ds D.S. Snyman. Albei het hul referate gelewer met die tema: Die taak van die Ned. Geref. Kerk vandag in diens van die Koninkryk (Acta van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:7440-75). Ds Potgieter se inleidende rede en ds D.S. Snyman se referaat kan albei as baie algemeen beskryf word. Prof W.D. Jonker het egter 'n puik referaat gelewer en sake vir vandag uitgespel.

Prof Jonker het gelees uit I Kor 9:19-27 met die motto I Kor 9:19 - "Hoewel ek vry is, van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen".

In sy referaat het prof Jonker onder andere die volgende standpunte gestel:

> *"Wat ons land nodig het, is dat die Ned. Geref. Kerk in hierdie uur die evangelie van die koninkryk so goed sal verstaan en met woord en daad sal vertolk, dat dit in die krisissituasie waarin ons onsself op hierdie oomblik bevind, gehoor en ervaar kan word as die woord van verlossing, hoop en bevryding"*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Ons is nog die laaste oorblyfsel van 'n era wat verbygegaan het en daarom klots die golwe van die nuwe era genadeloos teen ons wande. Ons leef op die revolusionêre breeklyn van die geskiedenis. Dit is geen wonder dat ons op 'n besondere wyse blootgestel is aan die pyn en verwarring, die haat en bitterheid, die geweld en gevaar wat gepaard gaan met sulke groot wendinge in die kulturele en geestesgeskiedenis van die mensheid nie".*

*"Die blankes in die algemeen, maar meer spesifiek die Afrikaners wat gedurende die laaste dekades die politieke leiding in die land in hande gehad het, is op die oomblik in 'n traumatiese situasie vanweë die veroordeling en verwerping deur die hele wêreld aan die een kant en die haat en verbittering van die oorgrote meerderheid van die landsbevolking aan die ander kant. Ons land staan voor die bedreiging van 'n bloedige en gewelddadige konflik wat vir die land en sy inwoners vernietigend kan wees. Oor die politieke vrae wat daarmee saamhang, is nie net die hele landsbevolking verdeeld nie, maar ook die Christene en kerke, in ons land, met insluiting van die lidmate van die Ned. Geref. Kerk self. Soos meermale in die verlede beleef die Ned. Geref. Kerk weer hoe die politieke verdeeldheid en spanning onder sy lidmate in sy lewe insny. Daarby word die Ned. Geref. Kerk vanweë sy vereenselwiging met die Afrikanervolk mede-verantwoordelik gehou vir die politiek van die Afrikaner en hy word om dié rede deur die wêreldkerk en ook selfs uit die geledere van die Ned. Geref. familie veroordeel en van kettery beskuldig".*

*"As die Ned. Geref. Kerk in hierdie uur ons land moet kan dien, as hy suksesvol moet kan stry teen die ideologieë wat na die hart van Afrika gryp, moet hy homself baie duidelik losmaak van enige vorm van onvryheid in hierdie opsig. Slegs as die kerk van almal vry is en homself nie met een bepaalde groep identifiseer nie, kan hy soos*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Paulus sê, vir almal alles word"*
> (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:740-742).

Prof Jonker het dit in 'n persoonlike onderhoud gestel dat hy verras was oor die kommentaar wat hy gekry het op sy referaat. Dit was oorweldigend positief en dit het baie hoof na vore gebring oor wat besig was om in die Ned. Geref. Kerk te gebeur.

Die behandeling van die dokument, Kerk en Samelewing het relatief seepglad verloop.

In hoofstuk een is daar slegs een amendement aanvaar by paragraaf 3.

> *"Die Sinode besluit om ook die blankes in taalgroepe op te deel soos die geval is met die swart groepe soos in paragraaf 3"*
> (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:650).

Dit is eintlik 'n regstelling van 'n ou aanname van die apartheidsera om swartes en volke op te deel en dit dan te vergelyk met blankes in plaas van hooftaalgroepe. Hierdeur is gesê dat blankes die derde grootste volk in die land is, naas Xhosas en Zulu's. 'n Aanname wat oor jare nie wetenskaplik korrek was nie!

In hoofstuk twee is nie minder nie as 15 amendemente afgekeur.

Van die belangrikste sake wat in hoofstuk twee goedgekeur is, is:

> Paragraaf 93 *"Die kerk het die verantwoordelikheid om sy diepliggende en onaantasbare eenheid in Christus in hierdie verskeurde en verdeelde wêreld te bely, te beleef en sigbaar te maak"*
> (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986:652).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Paragraaf 97 *"dat die kerk die verantwoordelikheid het om sy eenheid sover dit fisies moontlik is met alle gelowiges te beleef en sigbaar te maak"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:652).

Paragraaf 101 *"dat daar 'n groot verantwoordelikheid op gelowiges en in besonder op die plaaslike gemeente rus om struikelblokke wat in die weg van ware gemeenskapsbeoefening staan, biddend en werkend te oorwin en hierdie gemeenskap daadwerklik te beoefen"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:652).

Paragraaf 109 *"Ras- en kleurverskille speel geen rol in die Bybel se beoordeling van mense nie. Ras is hoofsaaklik 'n biologiese begrip wat saamhang met erflike eienskappe soos bloedverwantskap, haar-, oog- en velkleur, vorm van liggaamsdele en so meer"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:652).

Paragraaf 119 *"Rassisme is 'n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie.*

*Wie dit teoreties verdedig of prakties deur houding en handeling te kenne gee dat een ras, volk of groep volke inherent minderwaardig is, maak hom skuldig aan rassisme. Rassisme is 'n sonde wat geneig is om kollektiewe en gestruktureerde vorme aan te neem. As morele dwaling beroof dit die menslike persoon van sy waardigheid, pligte en regte. Dit lei tot onderdruk-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*king en moet in alle vorme afgekeur en beveg word"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:653).

Paragrawe 157-159 *"dat gelowiges sensitief moet wees ten opsigte van die handhawing van die reg van die weerlose, die arme en die verontregte, dat die kerk in sy verkondiging moet wys op die nood van mense en die noodsaaklikheid om wat reg is teenoor almal te beoefen, dat onreg en nood onder die aandag van die owerheid en alle betrokke instansies gebring moet word"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:653).

Paragrawe 243-245 *"Die kerk moet onbevrees God se eise ten opsigte van medemenslike verhoudings aan sy lidmate, aan die samelewing en aan die owerheid voorhou. Die kerk se eerste en belangrikste taak is die verkondiging van die verlossing in Christus, maar dan moet voorts ook al die implikasies van die heil duidelik aangetoon word, en wel met die oog op mense se persoonlike heiliging sowel as die heiliging van die samelewing. Dit beteken dat die kerk in sy verkondiging die evangelie konkreet en aktueel in die sosiaal-maatskaplike idioom van sy tyd moet vertaal en die lig van die woord op die brandende vrae van ons tyd moet laat val"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:654).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Laasgenoemde paragraaf toon 'n stuk eerlikheid in teorie aan dat die Ned. Geref. Kerk vanuit die verlossing van Christus ware profeet wil wees teenoor die owerheid. Die standpunt moet verwelkom word!

In hoofstuk drie wat oor die praktyk handel, is die belangrikste byvoeging by paragraaf 282 gemaak. Die sinode het 'n keuse tussen die minderheids- en meerderheidsverslag (soos reeds in die navorsing beskryf is) gehad. Die aanbeveling van die meerderheidsverslag is aanvaar met die byvoeging: Die lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk is oop (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:656).

Die gedeelte wat handel oor die Ned. Geref. Kerk en politieke modelle het meningsverskil by paragrawe 318 - 320 na vore gebring. In Kerk en Samelewing word die onderwerp vanaf paragraaf 302 tot 309 so gestel soos wat die 1986 Algemene Sinode dit goedgekeur het:

> *"In die oorweging van 'n politieke model vir ons land, moet rekening gehou word met die feit dat die Skrif nêrens 'n bepaalde politieke model as normatief vir alle tye voorskryf nie.*
>
> *Ons mag wel aflei dat dit volgens die Skrif die taak van die owerheid is om reg en geregtigheid aan al sy onderdane te laat geskied.*
>
> *In Suid-Afrika het die idee en die beleid van afsonderlike ontwikkeling met die ideaal van gebiedskeiding in die loop van die geskiedenis sy vorm en beslag gekry. Dit was gesien as deel van die voogdyskap van die blankes teenoor die ander groepe en het die moontlikheid van optimale ontwikkeling van alle groepe beoog.*
>
> *Namate die besinning van die Ned. Geref. Kerk oor die prinsipiële en Skriftuurlike begronding van die beleid wat bekend geword het as apartheid oor die jare heen in die kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*voortgegaan het, het die oortuiging mettertyd gegroei dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie. Die poging om so 'n voorskrif uit die Bybel te regverdig, moet as fout erken en afgewys word.*

*Die Ned. Geref. Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas.*

*Die lyding van mense, waaroor die kerk deernis het, moet egter nie net aan apartheid toegeskryf word nie maar aan 'n verskeidenheid faktore van ekonomiese, maatskaplike en politieke werklikhede waarin mense van verskillende gemeenskappe mekaar nie aanvaar het nie. In soverre die kerk en sy lidmate hierin deel het, bely hy dit met oormoed en berou.*

*Die Ned. Geref. Kerk verklaar homself bereid om in die gees van Christus mee te werk aan die soeke na 'n oplossing vir die Suid-Afrikaanse samelewing waardeur vir elke gemeenskap die hoogs moontlike lewensgeluk bereik kan word.*

*Die Ned. Geref. Kerk wil hom ondubbelsinnig daarvan losmaak dat die kerk geroep is om enige politieke model of beleid aan die owerheid voor te skryf, en verkondig slegs die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word. Daarom sal hy voortgaan om elke bestaande en voorgestelde model hieraan te toets".*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie standpunt van die Ned. Geref. Kerk dui op duidelike prinsipiële denke. Indien dit teologies beoordeel word dui dit op 'n prinsipieel-suiwer benadering, gefundeer op die Skrif en teologies korrek.

Hierdie amptelike beleidsaanpassing verteenwoordig 'n radikale breek met vorige sinodes wat apartheid as politieke model geregverdig het.

So het die 1986 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk tot 'n einde gekom, as een van die mylpale in die kerk se geskiedenis. Die vraag op almal se lippe wat die sinodesaal verlaat het was, hoe gaan dit ontvang word in die omgewing waarheen elkeen op pad heen terug was. Daar het seker vir baie persone op daardie moment reeds rooi liggies begin flikker ...

### 5.1.1 Die onvermydelike: Kerkskeuring

Daar is verwag dat Kerk en Samelewing rimpelings gaan veroorsaak. Die Algemene Sinode het besluit dat die volgende tussentydse Herderlike brief aan die onderskeie gemeentes gestuur moet word. Ons vind hier 'n stukkie pro-aktiewe optrede deur die Algemene Sinode om die potensiële beroering in die Ned. Geref. Kerk hok te slaan. Die skrywe het sekerlik 'n bydrae gelewer tot kalmte op baie plekke. Die hele gebeure by die Algemene Sinode is egter so deur die media opgeblaas dat dit vir die konserwatiewe kerklidmate eintlik net vet op die vuur was.

Die tussentydse Herderlike brief lui soos volg:

*"Liewe broers en susters in die Here,*

*Die Algemene Sinode van ons Kerk, in sitting te Kaapstad van 14 tot 26 Oktober 1986, groet u in die Naam van ons Here Jesus Christus!*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Dit is 'n onbegonne taak om u te vertel wat alles op hierdie belangrike vergadering van ons Kerk behandel en besluit is. 'n Aparte stuk word voorberei waarin die vernaamste besluite oor allerlei aspekte van ons Kerk se veelvuldige werksaamhede saamgevat word. Dit sal so gou moontlik aan al die gemeentes van ons Kerk uitgestuur word.*

*In hierdie 'Herderlike Brief' wil die sinode in besonderheid u aandag vra vir die beleidstuk* ***Kerk en Samelewing*** *wat op sy vergadering in behandeling geneem is en wat met geringe wysigings aanvaar is.*

*Die sinode besef dat daar op grond van sommige besluite by lidmate 'n gevoel van onsekerheid en onrus ontstaan het. Dit is dus noodsaaklik dat die hele aangeleentheid vir u in perspektief gestel word.*

*Ons vestig u aandag op 'n paar sake:*

* *Die eerste is die besondere aandag wat die betrokke kommissie vir die hersiening van Ras, Volk en Nasie aan hierdie studiestuk gewy het.*

  *Die Sinode het met groot waardering van die Kommissie se werk in hierdie verband kennis geneem. Die studiestuk getuig van diepgaande besinning, van noukeurige formulering van 'n gebalanseerde hantering van die verskillende aspekte van die probleem van die verhouding tussen kerk en samelewing.*

* *Die resultaat van die Kommissie se arbeid in die vorm van 'n Konsep aan die afgevaardigdes uitgestuur en op die Sinode self is dit indringend bespreek.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Die erns waarmee die Sinode hierdie belangrike beleidstuk bejeën het, blyk onder andere uit die buitengewone prosedure wat met sy behandeling gevolg is. Nadat dit ter tafel gelê is, is die afgevaardigdes uitgenooi om amendemente in te dien. Die reaksie was oorweldigend. Nie minder nie as 353 amendemente is ingedien en na die Tydelike Kommissie verwys. Hierdie Kommissie, wat in hoofsaak uit lede van die vaste Kommissie bestaan het, het nie net die amendemente oorweeg nie, maar ook 'n hele aantal van die opstellers te woord gestaan. Op grond hiervan het die Tydelike Kommissie sy verslag vir die Sinode voorberei.*

* *Dit is aan u almal bekend dat die Sinode twee volle sittingsdae aan die bespreking van hierdie beleidstuk gewy het.*

* *In die hele proses van die bespreking, met insluiting van die amendemente, het dit vir die Sinode duidelik geword dat daar in hoofsaaklik twee benaderings tot die probleem van "Kerk en Samelewing" bestaan: aan die een kant meen sommige dat die beginsels van die Skrif in verband met die wese en roeping van die kerk nie duidelik genoeg in die beleidstuk gestel is nie, en aan die ander kant was andere van oordeel dat die gedagte aan die verskeidenheid van volkere en kerke nie tot sy reg gekom het nie.*

* *Die Sinode wil met stelligheid verklaar dat daar in **Kerk en Samelewing** met albei hierdie gesigspunte rekening gehou is. In die inleidende opmerkings by hoofstuk III is dit in soveel woorde gesê: "Die Ned. Geref. Kerk gaan uit van die suiwere en onvervalste Skrifbe-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*ginsels wat vir die wese, bestaan en roeping van die kerk in hierdie wêreld geld, maar hou in die toepassing daarvan met tweërlei rekening: met die besondere omstandighede waarin die Ned. Geref. Kerk sy roeping vervul, én met sy pastorale verantwoordelikheid om in die toepassing van die beginsels nie rewolusionêr op te tree nie, maar met die praktiese probleme van sy eie lidmate rekening te hou."*

*Die Sinode erken dat daar 'n sekere spanning in die praktiese implementering van die Skrifbeginsel bestaan, maar verklaar dan dat die Skrifbeginsels deurgaans die voorrang geniet, en dat die ander oorwegings wel belangrik is vir die effektiewe bediening van die kerk, maar nie op dieselfde vlak as die Skrifbeginsels lê nie.*

* *As gevolg van die besondere belang van die vraagstukke wat in* **Kerk en Samelewing** *aan die orde gestel word, en wat ook in die besluite wat in die pers verskyn het, gereflekteer is, het die Sinode besluit om hoë prioriteit aan die publikasie van hierdie beleidstuk te verleen. Die Sinode het opdrag gegee dat* **Kerk en Samelewing** *onmiddellik vir publikasie voorberei word en dit dan so gou moontlik tot die beskikking van gemeentes en lidmate te stel.*

* *Die Sinode doen daarom 'n beroep op kerkrade en lidmate om nie op geïsoleerde media-berigte te reageer nie, maar om te wag totdat hierdie belangrike amptelike beleidstuk van die Kerk gedruk is en tot u beskikking gestel word. Dit is van die uiterste belang dat elke uitspraak*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*en besluit in* **Kerk en Samelewing** *in die regte konteks gelees moet word, en daarom is dit so noodsaaklik dat die beleidstuk in sy geheel ernstig en biddend bestudeer moet word.*

* *Die Sinode voorsien die moontlikheid dat kerkrade en lidmate nietemin op sommige punte van die beleidstuk sal verskil, en daarom word u uitgenooi om u bedenkinge en gesigspunte gemotiveerd aan die kantoor van die Algemene Sinode in Pretoria te stuur. Die Sinode het besluit dat die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake dergelike stukke in ontvangs sal neem en noukeurig sal oorweeg.*

* *As Kerk van ons Here Jesus Christus is ons bo-alles Kerk van die Woord van God. Dit is ons voorreg en verantwoordelikheid om in alle uitsprake en besluite voor die gesag van daardie Woord te buig. Die Sinode is oortuig daarvan dat ons lidmate en kerkrade geen ander begeerte sal hê nie as om saam met ons na die prediking van daardie woord te luister en om ons in gehoorsaamheid na sy eise vir die lewe, getuienis en roeping van die kerk te skik.*

* *Die Sinode sluit hom graag aan by die slot-paragraaf in* **Kerk en Samelewing** *waar herinner is aan 'n woord van die apostel Paulus aan die Filippense: "Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer" (Fil 1:9-11).*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Geliefde broers en susters in die Here, ons groet u en met die woorde van die apostoliese seënbede: 'Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees' (II Kor 13:13)"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:754).

Die versoeningstrekke is baie duidelik in hierdie herderlike skrywe. Die kerkleiding het met 'n komplekse situasie gesit deurdat hulle oortuig was van die profetiese stem en nuwe koers wat hulle ingeslaan het, maar tog nie graag lidmate wou verloor wat anders gevoel het nie.

Indien mens in retrospek na die gebeure van die 1986 Algemene Sinode kyk, wil dit voorkom asof sekere regse leierfigure reeds voor die Algemene Sinode hulle planne agtermekaar gekry het. Dit word bevestig deur Van der Merwe (1990:628). Verder kan genoem word dat agt dae na die afsluiting van die Algemene Sinode die eerste protesvergadering in Verwoerdburg plaasgevind het. Meer as 'n honderd mense het reg oor die land gekom na die vergadering. Sulke vergaderings wat mense landwyd bywoon word nie binne agt dae suksesvol gereël nadat 'n prinsipiële kwessie (waaroor Kerk en Samelewing gaan) biddend en besinnend uitgeklaar is nie.

Prof Willie Lubbe is 'n interessante persoon. Hy was op die Natalse moderatuur van die Ned. Geref. Kerk en ook redakteur van Die Kerkbode en teen 1986 professor by Unisa. Hy is op 2 November 1986 as voorsitter van die voortsettingskomitee gekies. Hy het deur die kerkskeuring die leier gebly en is as die eerste moderator van die Afrikaanse Protestantse Kerk aangewys.

'n Protesvergadering is op 28 November 1986 in die Skilpadsaal in Pretoria gehou (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1990:20). Lede van die Algemene Sinodale Kommissie het mense opgeroep tot rustigheid en kalmte en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeentevergaderings en kerkraadsvergaderings is landwyd toegespreek. Hierteenoor het prof Willie Lubbe en sy bestuur mense landwyd tydens vergaderings opgeroep tot protes.

Die Algemene Sinodale Kommissie het 'n verklaring in Die Kerkbode geplaas om kalm te bly na die goedkeuring van Kerk en Samelewing. Die verklaring word soos volg afgesluit:

> *"Die Algemene Sinodale Kommissie doen 'n beroep op lidmate en ampsdraers van die Ned. Geref. Kerk om self 'n Bybelse, gebalanseerde en eerlike evaluasie van Kerk en Samelewing te doen, en nie die heillose weg van haastige eise en radikale optrede op te gaan nie, maar om as lojale lidmate van die kerk rustig in liefde en gehoorsaamheid te soek na die kennis van die suiwer beginsels van die Woord"*

(Die Kerkbode 1987:1).

Op 22 Junie 1987 het die Algemene Sinode Kommissie 'n buitengewone vergadering oor Kerk en Samelewing gehou en is 'n groep beswaardes van die voortsettingskomitee ontmoet. (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:21). Daar was egter reeds 'n vergadering van beswaardes vir 27 Junie 1987 in die Skilpadsaal in Pretoria gereël. Die twee partye het bymekaar verby gepraat tydens hul ontmoeting op 22 Junie 1987. Van omdraai was daar vir die meeste beswaardes nie sprake nie. Kerkskeuring was 'n werklikheid. Ongeveer 2 500 mense het die vergadering op 27 Junie 1987 bygewoon en daar is besluit om 'n nuwe kerk te stig (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:22).

Ongeveer sewentig lidmate het egter die Skilpadsaal voor kerkstigting verlaat en dit gestel dat hulle as beswaardes binne die Ned. Geref. Kerk bly. Hierdie groep sou die billike pad loop om nie te skeur nie, maar van binne die kerk hul misnoeë te kenne te gee. Hierdie groep het vorentoe die Nederduitse Gereformeerde Bond gestig wat tans bekend is as die Afrikaanse Gereformeerde Bond. Prof Carel Boshoff is die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorsitter en is teen oop kerklidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk. Die Afrikaanse Gereformeerde Bond bring 'n tydskrif uit vanaf 1989 bekend as die Bondgetuie (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:22).

Die APK het reeds in November 1987 hul eerste sinodesitting gehou en aan die einde van 1989 is honderd ses-en-sewentig gemeentes gestig. Die totale getal lidmate was op daardie stadium net meer as ses-en-twintig duisend.

Te midde van die storm wat die Ned. Geref. Kerk getref het deur die optrede van die APK, is die ware toets aangelê tydens die streeksinodes wat in 1987 vergader het. Daar het tot 'n groot mate kalmte gekom nadat die APK weggebreek het. By elke streeksinode was daar beskrywingspunte en beswaarskrifte met die refrein teen paragraaf 27 dat die Ned. Geref. Kerk nou oop is. Besware het van individue, kerkrade en ringe gekom. Dit wil tog egter voorkom of daar meer besware van kerkrade en ringe van die platteland afkomstig was. Die Sinode van Oos-Transvaal kan as voorbeeld geneem word. Die Streeksinode het van 19 tot 24 Oktober 1987 plaasgevind. Beswaarskrifte is deur die volgende kerkrade ontvang: Amersfoort, Carolina, Kampersrus, Machadodorp en Pongola, asook die Ring van Wakkerstroom (Agenda van die Ned. Geref. Kerk van Oos-Transvaal 1987:396-399). Die kerkraad van Carolina se hoofbeswaar is dat die Ned. Geref Kerk nou "oop" is. As deel van die motivering word onder andere gestel:

> *"Die kerkraad vereenselwig hom nie daarmee dat die sinode slegs apartheid as politieke model uitsonder vir veroordeling nie en dan word slegs die mees negatiewe in die sisteem uitgekies. Apartheid word byna gelykgestel met rassisme par 112"*

(Agenda van die Ned. Geref. Kerk van Oos-Transvaal 1987:97).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kerkraad van Pongola vra vir hersiening van paragrawe 90, 92, 27, 306 en 368 van Kerk en Samelewing. In die motivering word dit onder andere gestel:

> *"Terwyl die huidige regering hom verbind het om apartheid af te skaf, sanksioneer die Algemene Sinode hierdie beleid.*
>
> *Die Kerkraad beskou dit as 'n gevaarlike, noodlottige beleid vir die kerk om hom te bemoei met die partypolitiek van die dag ..."*

(Agenda van die Ned. Geref. Kerk van Oos-Transvaal 1987:399).

'n Lidmaat van Lydenburg, mej F.R. Malan het ook 'n beswaarskrif teen oop lidmaatskap ingedien. In haar hoogs emosionele betoog word onder andere genoem:

> *"Ek het lidmaat van 'n blanke gemeente geword. By 'n veelrassige gemeente sou ek nooit aangesluit het nie. Die sinodale besluit verander my lidmaatskap ingrypend sonder dat ek enige seggenskap in die saak het ...*
>
> *Die Ned. Geref. Kerk het deur die genoemde besluit beskerming aan die blanke vrou en dogter onttrek en hulle uitgelewer aan integrasie, sosiale vermenging, onnoemlike vernedering ...*
>
> *Die Moderator en sy ondersteuners het ontpop as uiterste politieke propagandiste vir die huidige regering se nuwe bedeling. Hierdeur is onherstelbare skade aan die Ned. Geref. Kerk gedoen"*

(Agenda van die Ned. Geref. Kerk van Oos-Transvaal 1987:388-389).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sake word hier aangetoon omdat dit die Ned. Geref. Kerk gedwing het, om oor apartheid te besluit. Lidmate en kerkrade se menings het nog altyd gewig gedra by die Ned. Geref. Kerk. Hierdeur is die Ned. Geref. Kerk voor 'n keuse gestel en dit het direk sy verhouding met die owerheid beïnvloed.

Die sinode van Noord-Transvaal het van 8 tot 18 September 1987 in Pretoria plaasgevind. Talle beswaarskrifte is van die Noord-Transvaalse platteland ontvang oor Kerk en Samelewing. Dit is bekend dat die meerderheid mense in Noord-Transvaal as uiters konserwatief bestempel word. Die feit dat prof P.B. van der Watt sonder noemenswaardige teenstand as moderator verkies is, het dadelik die sinodesitting op 'n vaste koers geplaas. Hoewel die konserwatiewe ds C. Colyn as assessor aangewys is, kon die konserwatiewes nie die goedkeuring van Kerk en Samelewing kniehalter nie.

Hoogs emosionele en selfs patetiese beswaarskrifte vol van politiek en persoonlike aanvalle is ontvang. (Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1987:588-606). Prof J.A. Heyns as Moderator van die Algemene Sinode was die prooi van vele negatiewe uitsprake (vergelyk Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1987:590). Uit die motiverings en persoonlike aanvalle kan mens baie keer nie glo dat christene sulke uitsprake kan maak nie.

Die volgende kerkrade het beswaarskrifte ingedien: Dwaalboom, Roedtan, Koedoesrand, Sonop, Dalunie en Brits. Die kerkraad van Roedtan het die volgende besluit geneem wat deurgegee is as beswaarskrif:

> *"1 Roedtan Ned. Geref. Kerk is toe vir anders-kleuriges en sal nie integreer nie;*
>
> *2 Ons aanvaar nie oop lidmaatskap nie;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> 3 *Ons aanvaar dus nie die Sinodebesluit ten opsigte van oop lidmaatskap nie"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1987:593).

Die kerkraad van Sonop noem onder andere, die volgende in hul beswaarskrif teen oop lidmaatskap:

> *"Dit kan kerkskeuring in die hand werk;*
> *Dit kan die karakter van die Ned. Geref. Kerk wesenlik verander;*
> *Dit kan deel word van die totale stryd wat die kommunisme gebruik om deur middel van insurgensie die Kerk te infiltreer om sodoende die Afrikanervolk tot 'n val te bring;*
>
> *Hierdie besluit het die outonome reg van die kerkraad oor lidmaatskap ontneem deur 'n besluit sonder inagneming van die gevoelens van kerkrade en gemeentes"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1987:594).

Die Sinode van Noord-Transvaal het egter alle beswaarskrifte oor Kerk en Samelewing verwerp en besluit om die beleid van die Algemene Sinode oor Kerk en Samelewing te aanvaar (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1987:542-543).

Ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Bond is besluit dat hulle volgens voorlopige verklarings die gevaar loop om 'n kerk binne 'n kerk te vorm. Dit kan kerklidmate verder polariseer en tot 'n toename in ontevredenheid, eerder as rus en vrede, aanleiding gee (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1987:55).

Oor die stigting van die APK is besluit:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Ons is hartgrondig oortuig dat die besware teen Kerk en Samelewing binne die kerk en langs die kerklike weg behandel moet word. Die beweegredes vir die stigting van die kerk is nie vir ons aanvaarbaar nie. Die kerk van Jesus Christus kan mos nie verdere versplintering en verdeeldheid bekostig nie, want dit maak dat ons geloofwaardigheid al hoe meer betwyfel word in die wêreld. Ons plek met Christelike bewoënheid dat al ons lidmate sal meehelp om hierdie breuk te heel"*

(Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1987:55).

'n Pastorale brief is gestuur in verband met besware van lidmate oor Kerk en Samelewing. Dit is 'n versoenende brief waarin gepoog is om ongelukkige lidmate nader te trek (Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1987:629-634).

Die Noord-Transvaalse Sinode het die bywoning van die Lusaka-beraad van die ANC veroordeel (Handelinge van Sinode van Noord-Transvaal 1987:575). Bywoning van vergaderings waar revolusionêre organisasies teenwoordig is, is 'n ernstige verleentheid vir die Ned. Geref. Kerk. Sulke vergaderings moet selfs nie in hul privaat hoedanigheid bygewoon word nie. 'n Volgende beskrywingspunt wat verder ook aanvaar is lui:

> *"1 Die sinode spreek sy verontrusting uit oor mense wat voetjie-voetjie speel met die ANC en hulle laat betrek by samesprekings met die groepe.*
>
> *2 Die sinode versoek derhalwe dat geen lidmaat of ampsdraer hom moet laat betrek by samesprekings van enige aard met die ANC of enige organisasie wat geweld voorstaan nie"*
>
> (Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1987:575).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Sinode van Wes-Kaapland het van 13 tot 22 Oktober 1987 in Kaapstad plaasgevind. Enkele besluite van die sinode word uitgelig omdat Wes-Kaapland 'n tradisie opgebou het om die pas aan te gee ten opsigte van apartheidsake.

Die besluit oor politieke verskille wat geneem is spreek persone beide kante van die politieke spektrum aan:

> *"In die lig van die neiging tot verpolitisering van die teologie deur sommige en die tendensieuse grensoorskryding tussen kerklike en landsake deur andere, doen die Sinode van Wes-Kaapland 'n dringende beroep op dosente, leraars, kerklike ampsdraers en lidmate om in hierdie tyd hulle te weerhou van individuele of groepuitsprake in bogemelde verband;*
>
> *om die Ned. Geref. Kerk nie te verlaat nie, maar te alle koste te staan by hulle belydenisbelofte om in die leer van die Kerk te volhard tot die einde van hul lewe ..."*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987).

Die beleidstuk, Kerk en Samelewing is deur die sinode onderskryf. Ten opsigte van apartheid het die Wes-Kaapse Sinode die Algemene Sinode versoek om na paragraaf 305 die volgende in te voeg:

> *"Waar die beginsel van differensiasie in 'n bepaalde staatkundige, grondwetlike en maatskaplike opset deur die betrokke gemeenskappe met wedersydse instemming en vrywillig aanvaar word, kan die Ned. Geref. Kerk daar geen beswaar teen inbring nie"*

en dat paragraaf 306 eerder lees:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *"Die Ned. Geref. Kerk is oortuig dat apartheid, as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsel van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:144).

Die Wes-Kaapse Sinode het egter voorstelle gemaak dat verder gevorder moet word op die koers wat Kerk en Samelewing ingeslaan het (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:118). Oor paragrawe 1-29 en 379-370 moes daar verder besin word (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:133).

Hoewel die Sinode van Wes-Kaapland op die voorpunt van hervorming in die Ned. Geref. Kerk staan, is dit interessant hoe daar gereageer word op 'n beskrywingspunt wat die huidige staatsbestel beoordeel:

> *"Die sinode verklaar dat die huidige staatsbestel alle aanspraak op legitimiteit verbeur het in die lig van:*
>
> *1 die onteenseglike en onberouvolle loëning van die gesag van God deurdat dié staatsbestel die mense meer gehoorsaam is as God in sy sondige handhawing van die bevoorregte posisie van blanke burgers, op hul verklaarde aandrang - herbevestig in die Volksraadverkiesing van 6 Mei 1987, in stryd met die Eerste Gebod wat eis: dat ek eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar, as dat ek in die allerminste teen Sy (God se) wil sal handel*
>
> (Heidelbergse Kategismus Sondag 34, Sondag 94, vgl. Matt 5:29, 10:37; Hand 5:29);

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 *die gevolglike volgehoue en bewustelike bestendigheid van die onreg deur die voortgesette ordening van die volkshuishouding op grondslag van rasseklassifikasie tot die hooghartige en selfsugtige bevordering van die belange van sommige burgers en die vernederende en liefdelose verwaarlosing en benadeling van dié van andere, met duidelike verontagsaming van God se mandaat: tot liefde, geregtigheid en ootmoed* (Miga 6:8); *en;*

3 *die deursigtige, metodiese misbruik van die swaardmag van die owerheid deur - onder die voorwendsel van die blote: handhawing van wet en orde - inderdaad met tirannieke wetgewing, gewettigde geweld en intimiderende dreigemente 'n staatsbestel te verskans wat deur die oorgrote meerderheid van die bevolking as nie-legitiem verwerp word - ongeag die feit dat sodanige maatreëls en optrede 'n onbetwisbare skending is van die Sesde Gebod, waarin God eis: Dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ander mag onteer, haat, seermaak of doodmaak nie*
(Heidelbergse Kategismus Sondag 40, Vraag 105, vgl. Matt 5:21,22, 26:52; Gen 9:6).

*Daarom bid die Sinode dat die Almagtige God in Christus Jesus deur die Heilige Gees ons land en sy mense van alle hooghartigheid, selfsug en haat sal bevry, en ons lei tot 'n nuwe staatsbestel wat sy legitimiteit sal vind in onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God die konsekwente beoefening. van geregtigheid en die opregte betoning van liefde jeens God en die naaste - 'n staatsbestel waarbinne alle mense ware vryheid, menswaardigheid en vrede*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*sal kan vind na die eis van Gods Woord"*
(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:806).

Daar is besluit dat die Wes-Kaapse Sinode die beskrywingspunt in sy geheel verwerp en het die besluite van die Algemene Sinode in verband met die Ned. Geref. Kerk en die owerheid volgens paragrawe 310-342 van Kerk en Samelewing onderskryf (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1986:118).

Die Wes-Kaapse Sinode was, alhoewel daar baie steun ten gunste van die Belhar-Belydenis uitgespreek is, nie gereed om 'n besluit hieroor te neem nie. Die sinode het besluit om die uitslag van die studie in opdrag van die 1986 Algemene Sinode eers af te wag (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:126).

Die Sinode van Wes-Kaapland het egter 'n beskrywingspunt na die Algemene Sinode deurgestuur ten gunste van sigbare kerkeenheid van die Ned. Geref. Kerk-familie. Een kerkverband, soos dit in die sinodaal-presbiteriale stelsel van kerkregering verstaan word, kom tot stand wanneer afsonderlike gemeentes, met dieselfde belydenis en kerkregering, saam gegroepeer word in meerdere kerkvergaderings om aan die wesenlike eenheid van die kerk uitdrukking te gee. Sodanige kerkverband kan op verskillende maniere gestruktureer word (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:161).

Aan die einde van 1987 was al die streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk afgehandel. Almal het met 'n groot meerderheid Kerk en Samelewing onderskryf te midde van enkele beswaarskrifte. Die krisis wat die Ned. Geref Kerk bedreig het is suksesvol afgeweer.

In die publikasie, Christianity in South Africa onder redaksie van M. Prozesky (1990:126) toon hy aan dat verandering nie net teorie beteken nie maar in die praktyk deur liefde getoets word. Die vraag ontstaan of lidmate (wat aan die einde van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dag die kerk is) groter liefde vir nie-blanke Suid-Afrikaners na Kerk en Samelewing het? Dit kan betwyfel word veral as die Ned. Geref. Kerk sukkel met kerkskeuring deur konserwatiewes.

Die owerheid het ook 'n interessante fase beleef. Op 6 Mei 1987 het die Nasionale Party die algemene verkiesing gewen en so 'n regse aanslag afgeweer. Dit is opgevolg met nog 'n algemene verkiesing, wat op 6 September 1989 plaasgevind het. Tydens beide verkiesings het die regering 'n mandaat vir hervorming gevra en al hoe meer apartheid afgetakel.

In 'n onderhoud met mnr Barend du Plessis, Minister van Finansies en Leier van die Nasionale Party van Transvaal, het hy dit gestel dat die owerheid direk in die rigting van die Ned. Geref. Kerk gekyk het, om te hoor wat Bybelse standpunte oor 'n sensitiewe saak is. Sterk klem is gelê op die boodskap en interpretasie van die Ned. Geref. Kerk. Gevolglik het die Ned. Geref. Kerk 'n besondere geleentheid gehad om sy profetiese stem duidelik en hoorbaar aan die owerheid deur te gee.

Dr Lukas Nel, hoofsekretaris van die Nasionale Party van Transvaal, het dit in 'n persoonlike onderhoud gestel dat hy bewus was dat mnr P.W. Botha as Eerste Minister en later as Staatspresident deurlopend met prof Johan Heyns in gesprek was oor Bybelse interpretasies en teologiese implikasies in 'n veranderende situasie van Suid-Afrika. Die owerheid het gevolglik sterk klem gelê op die siening van 'n Ned. Geref. Kerkleier in sy hervormingsbeleid. Dit is dan ook nie vreemd dat prof Heyns die dekorasie vir voortreflike diens van die Staatspresident ontvang het nie.

### 5.1.2 Die Algemene Sinode van 1990

Tydens hierdie sinode wat in Bloemfontein plaasgevind het, het die storm wat na die Algemene Sinode van 1986 losgebars het, reeds uitgewoed. Die 1990-sinode het egter die funksie van 'n weerligafleier vervul deurdat almal wat vanaf 1986 beswaard

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevoel het oor Kerk en Samelewing beswaarskrifte na die sinode gestuur het.

Die agenda was gevolglik vol van beskrywingspunte teen Kerk en Samelewing (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:421-428). Die Ned. Geref. Kerk se Sinode van Suid-Wes Afrika het onder andere in 'n beskrywingspunt genoem dat dit jammerlik is dat die woorde "Die lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk is oop" in Kerk en Samelewing opgeneem is. Hulle versoek gevolglik dat hierdie aspek van Kerk en Samelewing geskrap word (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:423). Die Sinodes van die Oranje Vrystaat en Suid-Transvaal het dieselfde mening gehuldig deur ook te meen dat die term "oop" geskrap moet word (Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:421-422).

Die feit dat prof P.C. Potgieter as moderator gekies is, het nie as 'n verrassing gekom nie. Die tradisie dat die plaaslike moderator gekies word na aanleiding van die plek waar die sinodesitting plaasvind het weer eens herleef. Die sinodesitting het in Bloemfontein plaasgevind en prof P.C. Potgieter was die Vrystaatse moderator. Hierdie tradisie is egter in 1986 verbreek met die verkiesing van prof J.A. Heyns, wat 'n Noord-Transvaler is, in Kaapstad. Prof P.C. Potgieter kon beslis nie as konserwatief bestempel word nie, maar hy was beslis meer gematig as dr D.J. Hattingh van Wes-Kaapland wat saam met hom op die tweetal verskyn het. Met die verkiesing van prof J.A. Heyns tot assessor was die rigtingaanwysers reeds uitgestippel. Die lyn van denke van die afgelope vier jaar sou voortgesit geword het.

Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake het reeds in 1986 die opdrag gekry om inkomende kommentaar oor Kerk en Samelewing te evalueer en te rapporteer aan die volgende Algemene Sinode (Handelinge van die Ned. Geref Kerk 1986:687). Na aanleiding van hul opdrag het hulle 'n nuwe konsep van Kerk en Samelewing opgestel nadat die oue hersien is. In wese verskil die twee dokumente nie veel van mekaar nie, hoewel

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sekere paragrawe herformuleer is, sekere paragrawe uitgelaat is en ander toegevoeg is (Konsep: Kerk en Samelewing - Agenda van die Ned. Geref. Kerk 1990:135-168).

Kerk en Samelewing 1990 begin met die hoofstuk oor Prinsipiële verantwoording wat hoofstuk 2 in Kerk en Samelewing 1986 was.

Kerk en Samelewing 1986 handel van paragraaf 112-114 oor: rassisme as 'n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie.

Kerk en Samelewing 1990 behou die bestaande maar brei dit uit met:

> *"Dit (rassisme) behels minagting en selfs haat vir die persoon van 'n medemens en is vir hom 'n struikelblok om sy goddelike bestemming (pligte en regte) menswaardig en verantwoordelik na te strewe. Dit behels onderdrukking, verontregting, diskriminasie, botsings en geweld. Derhalwe verwerp die kerk rassisme in alle vorme as strydig met die Woord van God.*
>
> *Dit beteken:*
>
> - *dat daar tegelykertyd 'n ope oog moet wees vir die gevaar dat volksliefde rassistiese trekke in hom kan opneem en tot 'n sondige verabsolutering van die eie volk en ras kan lei, met die gepaardgaande veragting van en diskriminasie teenoor ander volkere en rasse;*
>
> - *dat die kerk lidmate sal aanmoedig om die nodige respek en waardering te betoon vir die eie van elke volkskultuur;*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- *dat die kerk deur sy verkondiging die regte gesindhede moet skep wat rassistiese beskouinge, gesindhede, opmerkings en optrede sal teenwerk"*

(Kerk en Samelewing 1990:17).

Daar word ook bygevoeg in paragraaf 113 dat die kerk nie net alle vorme van rassisme as sondig moet afwys nie maar ook moet bestry.

Die volgende toevoeging is in Kerk en Samelewing 1990 paragraaf 250 gemaak:

> *"Wanneer gemeentes, ringe of sinodes van gereformeerde belydenis dit sou verkies om by die Ned. Geref. Kerk in te skakel, kan dit na oorleg met die betrokke kerkvergadering en volgens behoorlike ooreenkoms geskied"*

Dit wat histories ná 1881 met die stigting van die NGSK begin is, is in 1990 verander. Dit is egter so geformuleer dat dit meer teoretiese as praktiese implikasies het.

Die veel bekende paragraaf 270 in Kerk en Samelewing 1986 is opgeneem as paragraaf 252 in Kerk en Samelewing 1990:

> *"Lidmaatskap van alle Ned. Geref gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar".*

Paragraaf 256 in Kerk en Samelewing 1990 ondervang die ou paragraaf 272 en lees:

> *"Die Ned. Geref. Kerk erken die opleiding, die legitimasie en oor-en-weer beroepbaarheid van evangeliedienaars binne die familie van Ned. Geref. Kerke".*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Geref. Kerk en politieke modelle word vanaf paragraaf 274-288 bespreek:

> "In die bepaling van die rol van die kerk ten opsigte van die politiek, moet rekening gehou word met die feit dat die Skrif geen politieke handboek is waaruit konkrete politieke modelle afgelei kan word nie.
>
> Die Skrif verkondig wél norme en beginsels soos liefde, geregtigheid, menswaardigheid en vrede wat in die samelewing beliggaam moet word. Die kerk sal dus nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie, maar kragtens sy profetiese funksie sal die kerk voortgaan om elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme te toets.
>
> By die beoordeling van politieke modelle is daar altyd 'n sterk subjektiewe faktor aanwesig. Daarom verskil kerke en Christene dikwels met mekaar in hulle beoordeling van 'n bepaalde model. Dit hang ook dikwels saam met die verskille in hulle ervaring daarvan, en in die besonder met die wyse waarop hulle persoonlike of groepsbelange daardeur geraak word. Ten einde so objektief as moontlik oor 'n politieke model te kan oordeel, moet die kerk nie net teoreties daarna kyk nie, maar ook vra na die praktiese wyse waarop die belange van die hele samelewing daardeur gedien word.
>
> Die oordeel van ander kerk, in die besonder kerke wat diegene verteenwoordig wat negatief deur die politieke opset geraak word, moet ook daarby oorgeweeg word.
>
> In die beoordeling van apartheid staan die kerk voor

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sterk en emosie-belaaide verskille. Terwyl 'n deel van die blanke bevolking dit sien as 'n regverdige weg om die identiteit en die beste belange van die verskillende bevolkingsgroepe in die land te beveilig, sien andere dit as 'n rassistiese en onderdrukkende stelsel wat die belange van die blanke minderheid ten koste van dié van die meerderheid van die bevolking beskerm en bevorder. Talle kerke veroordeel dit gevolglik as onchristelik en sondig. Apartheid word ook wêreldwyd deur state en politieke instansies as 'n vorm van rassisme en 'n vergryp teen die mensheid veroordeel.

Die Ned. Geref. Kerk is daarvan bewus dat die ideaal en beleid van apartheid oor 'n lang periode in ons geskiedenis vorm en beslag gekry het. Daar was ook eerlike en opregte bedoelings by betrokke ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisie.

Dit sou ook onbillik wees om alles wat binne die politieke bestel van apartheid plaasgevind het, as verkeerd en sleg te bestempel en die positiewe ontwikkeling wat daar wel op verskeie terreine was, te ontken.

In beginsel moet die reg en vryheid van volkere om hulle eie kulturele en ander waardes te bewaar en te bevorder, erken word as behorende tot die reg van die mens, mits die regte en vryhede van andere nie daardeur aangetas word en die Bybelse eise van naasteliefde en die aanvaarding van die medemens nie in gedrag gebring word nie.

Die Ned. Geref. Kerk erken egter dat hy te lank die beleid van apartheid op grond van bogenoemde oorwegings te abstrak en teoreties, en daarom ook te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onkrities beoordeel het. Die Ned. Geref. Kerk het nie genoegsaam oog daarvoor gehad dat apartheid as stelsel onder andere ook in sy stryd teen integrasie 'n ideologiese en etnosentriese basis gekry het nie. Die reg en vryheid om aan die eie kulturele erfenis getrou te bly, is tot 'n politieke ideologie van apartheid uitgebou as 'n sisteem vir die beskerming van die eie belange van die blanke minderheid ten koste van dié van andere. Liefde vir die eie het meermale die vorm van rassisme aangeneem en daaraan is wetlike en strukturele uitdrukkingsvorme gegee.

Terwyl die Ned. Geref. Kerk deur die jare ernstig en volhardend gesoek het na die wil van die Here in sy Woord vir ons samelewing, het die kerk gefouteer deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring selfs as 'n Bybelse eis gesien is. Die Ned. Geref. Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van dié siening gedistansieer het, en erken en bely sy versuim.

Eers gaandeweg het dit vir die Ned. Geref. Kerk duidelik geword dat die beleid van apartheid as politieke sisteem in die praktyk veel verder gaan as die erkenning van die reg en vryheid van alle mense en kulturele groepe om aan hulle eie waardes getrou te mag bly. Apartheid het op so 'n wyse begin funksioneer dat die grootste deel van die landsbevolking dit ervaar het as 'n onderdrukkende sisteem wat deur gedwonge skeiding tussen mense in werklikheid een groep onregmatig bo die ander bevoordeel. So het dit die menswaardigheid van die medemens aangetas en in stryd gekom met die beginsels van liefde en geregtigheid.

Enige sisteem wat in die praktyk so funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word. Enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem Bybels-eties te probeer verdedig, moet as 'n ernstige dwaling beskou word, dit wil sê as in stryd met die Bybel.
>
> Die Ned. Geref. Kerk wil dit duidelik stel dat hy alle vorme van diskriminasie en die onderdrukking van mense veroordeel en van harte begeer dat almal vry sal wees, sal deel in die voorregte van hulle vaderland en billike en gelyke geleenthede sal ontvang om voorspoed en rykdom te verwerf.
>
> Die kerk het veral deernis met die armoede en lyding van groot getalle mense in ons land en verklaar hom bereid om op kerklike wyse mee te werk aan pogings om die bestaande nood te lenig en 'n beter toekoms vir alle mense in ons land moontlik te maak.
>
> Die kerk is egter daarvan oortuig dat 'n bevredigende politieke oplossing noodsaaklik is vir die maatskaplike probleme wat tans bestaan, en dring daarom by alle politieke leiers daarop aan om in verantwoordelikheid mee te werk aan die vind van 'n politieke bestel wat vir almal vryheid, geregtigheid en 'n menswaardige bestaan sal meebring"

(Kerk en Samelewing 1990:38-40).

Die Ned. Geref. Kerk stel dit hierbo dat hy vir te lank abstrak en teoreties en te onkrities oor apartheid geoordeel het. Die Ned. Geref. Kerk het dus verstrengel geraak in die nood van die eie. Sodoende was daar 'n tekort aan teologies-kritiese besinning en gevolglik is die profetiese getuienis in die verkeerde rigting gestuur.

Die Ned. Geref. Kerk se verhouding met die owerheid word in paragraaf 289-302 bespreek:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Onder die voorsienige leiding van God het daar in die wêreld verskillende state tot stand gekom. Die owerheid of regering van 'n staat wat die politieke bestel daarvan bepaal, en deur 'n billike en regverdige proses van verkiesing daargestel word, mag nie met die staat self gelyk gestel word nie.*

*Dit is die taak en roeping van die owerheid, as dienaar van God, om te sorg vir vrede, rus geregtigheid en die welsyn van al sy onderdane. Die owerheid is die enigste instansie wat van God die reg ontvang het om van swaardmag gebruik te maak in die uitoefening van sy roeping. Dit impliseer onder andere en veral dat die owerheid die ruimte sal skep waarbinne dit vir die ware kerk van Jesus Christus moontlik gemaak sal word om deur middel van die Woordverkondiging alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan, die ryk van die Antichris te bestry en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder.*

*Die owerheid het die plig om die staat te verdedig ten einde die vrede te bewaar. Daarom moet 'n weermag en 'n polisiemag in stand gehou word. Dit beteken dat die owerheid die reg het om desnoods diensplig in te stel en gelowiges is verplig om ten opsigte hiervan aan die staat gehoorsaam te wees. Voorsiening moet egter vir alternatiewe diensplig gemaak word.*

*Dit word van gelowiges verwag om as deel van hulle Christelike lewenswandel die owerheid te gehoorsaam in alle sake wat nie met die Woord van God bots nie. Die Ned. Geref. Kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wette van die staat insoverre hierdie wette nie met die Woord van God in stryd is nie.*

*Die Woord van God moet ook aan owerheidspersone en gesagsbekleërs verkondig word. Hulle aandag moet gevestig word op die Skriftuurlike norme ten opsigte*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*van menseverhoudinge, groepsverhoudinge, reg en geregtigheid, orde en vrede en die owerheid se taak in hierdie verband.*

*Dit is noodsaaklik dat die Ned. Geref. Kerk sy getuienis ook moet lewer wanneer die owerheid wetgewing en maatreëls met godsdienstig-etiese aspekte en implikasies oorweeg.*

*Enige poging om rewolusie, gewelddadige opstand en terrorisme ideologies te steun of om daaraan mee te werk, moet as onskriftuurlik afgewys word. Vir Christene is geweld onaanvaarbaar, ook geweld wat gebruik word om politieke veranderinge teweeg te bring. Die Heilige Skrif roep gelowiges daarenteen op om vredemakers te wees.*

*Dit is 'n Christen se plig om hom te verset teen onchristelike wette en staatspraktyke, teen 'n goddelose regering en teen alle vorms van onreg in die samelewing. In hierdie verset is die Christen daartoe geroepe om tot die uiterste toe, selfs onder groot provokasie, 'n weg van nie-gewelddadige protes te bewandel, wat op verskillende maniere deur woord en daad tot uitdrukking kan kom. In die gereformeerde tradisie is erkenning verleen aan die reg tot opstand as 'n hoogs uitsonderlike en uiterste maatreël in 'n situasie van onhoudbare onderdrukking en onreg. In aansluiting hierby is dit die standpunt van die Ned. Geref. Kerk dat Christene alle geweld moet vermy, omdat die gevolge daarvan onberekenbaar is en dit die situasie meestal eerder vererger as verbeter.*

*Die Bybelse eis vir versoening tussen mense impliseer dat daar kanale vir doeltreffende kommunikasie en raadpleging geskep moet word, veral in 'n veelvolkige situasie waar daar dikwels*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*kommunikasieprobleme bestaan, sodat probleme op 'n vreedsame wyse opgelos kan word.*

*Die Ned. Geref. Kerk wil by die owerheid daarop aandring om belangrike beslissings wat die verskillende bevolkingsgroepe raak, steeds in onderlinge oorleg met hulle te neem.*

*Die weerhouding van politieke mondigheid en regte van enige deel van die bevolking kan nie geregverdig word nie.*

*Die owerheid word versoek om voortdurend te waak teen alle maatreëls wat kan lei tot onreg en diskriminasie en wat as kwetsend en mens-onwaardig ervaar word.*

*Die beginsel van godsdiensvryheid moet steeds gehandhaaf word. Dit hou in dat die owerheid onpartydig moet staan teenoor alle kerke en gelowe, dat daar ruimte geskep moet word dat die kerk sonder staatsinmenging met sy arbeid kan voortgaan en dat daar teen niemand gediskrimineer mag word op grond van geloofsoortuigings nie.*

*Alhoewel dit van die owerheid verwag word om onpartydig teenoor alle kerke en gelowe te staan, behoort met name 'n Christelike regering die beginsels van die Bybel in ag te neem in al sy doen en late"*
(Kerk en Samelewing 1990:40-42).

(Beide aanhalings word hier volledig ingevoeg omdat dit die Ned. Geref. Kerk se standpunt tans reflekteer. Dit word beoordeel in die slothoofstuk).

Kerk en Samelewing 1990 het 337 paragrawe teenoor die 383 in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die 1986 weergawe. Die 1990-uitgawe is beslis beter geformuleer en lees makliker. Dit is 'n bondige dokument wat die Ned. Geref. Kerk se standpunt saamvat sodat lidmate en persone buite die Ned. Geref. Kerk dit maklik kan lees.

Dit wat in 1986 in Kerk en Samelewing gestel is, is nog duideliker geformuleer in 1990 sodat die Ned. Geref. Kerk profeties duidelike sy standpunt kon stel.

Teen die einde van die 1990 Algemene Sinode was die koers van die Ned. Geref. Kerk op 'n vaste spoor en is die 1991 streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk makliker aangepak as na die vorige Algemene Sinode.

### 5.1.3 Die Rustenburg-Kerkeberaad

Pas na die Algemene Sinode van 1990 in Bloemfontein is die Rustenburg-kerkeberaad gehou. Nie minder nie as sewe-en-negentig kerklike denominasies het by Hunters Rest byeengekom vanaf 5 November 1990. Daar was twee honderd-en-dertig verteenwoordigers van kerke byeen, party van kerkgenootskappe oor die hele wêreld (Alberts en Chikane 1991:275).

Die doel van die Rustenburg-kerkeberaad was om 'n sterk, eendragtige profetiese boodskap te lewer wat vir 20 miljoen christene, wat deur hul kerkleiers verteenwoordig is, te dien as 'n lig op die pad na die nuwe Suid-Afrika (Rapport: 4 November 1990:4). Die berig in Die Kerkbode (9 November 1990:1) reflekteer in die opskrif van sukses van die Rustenburg-kerkeberaad. Die groot beraad van kerklui is 'ietwat van 'n wonderwerk'. In dié berig word genoem dat die gedagte van 'n kerkeberaad ontstaan het by pres F.W. de Klerk se uitnodiging in sy Kersboodskap van 1989 aan die kerke in Suid-Afrika om met hom te praat oor die kerk se verhouding tot die staat. Die voorsitters van die kerkeberaad was dr Louw Alberts, lidmaat van die Ned. Geref. Kerk en dr Frank Chikane, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Die Nederduitsche Hervormde Kerk en die Afrikaanse Protestantse Kerk het nie waarnemers of verteenwoordigers na die Rustenburg-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerkeberaad gestuur nie. Die Ned. Geref. Kerk se afgevaardigdes na die beraad was prof Pieter Potgieter, dr Dirk Hattingh, dr Pierre Rossouw en dr Frits Gaum (Die Kerkbode, 9 November 1990:1).

Die Rustenburg-kerkeberaad staan in die tradisie van Cottesloe. Verskeie sprekers het opgetree waaronder:

Aartsbiskop Desmond Tutu
Michael Cassidy
Dr Frank Chikane
Prof Koos Vorster
Aartsbiskop Ndumiso Ngada
Prof Willie Jonker
Prof Pieter Potgieter
Biskop Cameron Mfecane
Prof John de Gruchy
Dr Francois Möller
Prof David Bosch
Prof Johan Heyns
Prof Charles Villoa-Vicencio
Pastoor Ray McCauley
Biskop Manas Buthelezi
Dr Beyers Naudé
Dr Louw Alberts

Een van die hoogtepunte van die beraad was die bydrae van prof Willie Jonker. Hy het vroeg in die beraad uit eie beweging die volgende verklaring gemaak:

> *"Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek dit om dit ook namens die Ned. Geref. Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *om dit te doen want die Ned. Geref. Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie"*
> (Die Kerkbode 16 November 1990:6).

Die reaksie op prof Jonker se skuldbelydenis was verstommend. Aartsbiskop Desmond Tutu het ná prof Jonker gepraat en uit eie beweging spontaan die skuldbelydenis aanvaar en geensins die opregtheid waarin die belydenis gedoen is betwyfel nie (Die Kerkbode 16 November 1990:6).

Prof Pieter Potgieter het die volgende dag die volgende stelling gemaak:

> *"Die afvaardiging van die Ned. Geref. Kerk wil dit onomwonde stel dat ons, ons volledig vereenselwig met die verklaring van prof Jonker oor die posisie van hierdie kerk. Hy het op stuk van sake die besluite van ons Algemene Sinode in Bloemfontein weergegee. Ons wil graag dié besluite van die Sinode as die basis van versoening met alle mense en alle kerke beskou"*

(Die Kerkbode 16 November 1990:7).

Prof Jonker se handeling het die deur oopgemaak vir versoening op die konferensie. Die vraag wat egter ontstaan is of die afgevaardigdes by hulle standpunte tydens die konferensie bly en of die pad van Cottesloe gevolg gaan word en hul standpunte wyd gerepudieer gaan word?

Hier volg die amptelike verklaring van die Ned. Geref. Kerk afgevaardigdes:

> *"Aan die einde van die Rustenburg-konferensie het die afvaardiging van die NG Kerk, bestaande uit prof*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Pieter Potgieter, dr Pierre Rossouw, dr Dirk Hattingh en dr Frits Gaum, die volgende verklaring uitgereik:*

- *'Die afvaardiging van die NG Kerk na die Rustenburg-beraad het die konferensie benut as 'n besondere geleentheid om met kerkleiers van haas al die kerke in Suid-Afrika nader kennis te maak.'*

- *'Die afvaardiging het die verskillende referate en groepbesprekings insiggewend gevind en het veral ook die wêreld van diegene wat hulleself die 'slagoffers van apartheid' noem, langs die weg beter leer ken.'*

- *'Prof Willie Jonker, wat nie lid van die amptelike afvaardiging van die NG Kerk was nie, het tydens die konferensie uit eie beweging en as deel van sy referaat, 'Understanding the church situation in South Africa', sy skuld bely vir sy eie aandeel aan apartheid, asook dié van die NG Kerk in die lig van die beleidstuk, Kerk en Samelewing 1990 wat tydens die jongste Algemene Sinode aanvaar is. Die NG Kerk se amptelike afvaardiging het hom daarna vereenselwig met prof Jonker se belydenis ten opsigte van die NG Kerk en apartheid, omdat dit ooreenstem met wat in Kerk en Samelewing 1990 (par 279-287) gesê word. Die afvaardiging beskou dit nie so dat hy hiermee die verantwoordelikheid op hom geneem het om namens die NG Kerk skuld te bely nie, aangesien die Algemene Sinode dit reeds self gedoen het. Die afvaardiging het in werklikheid net wat die Sinode reeds in dié verband gesê het, aan die Rustenburg-konferensie oorgedra.'*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*'Die afvaardiging aanvaar die Rustenburg-deklarasie wat aan die einde van die vergadering uitgereik is, as 'n aanduiding van hoe die meeste kerke in Suid-Afrika oordeel oor die sake waarna verwys word, en onderskryf dit in die mate dat Kerk en Samelewing 1990 daarvoor ruimte laat. Daar is stellings in die stuk waarmee die afvaardiging nie saamstem nie, omdat dit baie eensydig gestel is en die afvaardiging het dit ook tydens die konferensie gesê. Die inleidende paragraaf van die verklaring lui dan ook duidelik dat al die afgevaardigdes na die konferensie nie met al die besonderhede saamstem nie.'*

*'Die NG Kerk se afvaardiging het die konferensie as 'n verrykende ervaring beleef, en sal graag by opvolg-konferensies van hierdie aard betrokke wil wees, aangesien ons glo dat die Here, sy kerk in Suid-Afrika - en by name ook die NG Kerk - op dié wyse gedien word en die kerk sodoende sy roeping in 'n veranderde Suid-Afrika kan vervul.'*

*Wat is die verskille?*

*Sake in die Rustenburg-deklarasie waarvoor Kerk en Samelewing 1990 nie ruimte laat nie.*

- *Die stelling dat 'ons apartheid in sy bedoeling, sy uitvoering en sy gevolge as 'n sondige beleid verwerp'. Kerk en Samelewing 1990, par. 279, lui: '... daar was ook eerlike en opregte bedoelings (by die ideaal en beleid van apartheid) betrokke ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisie'.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- *Die versoek dat 'n demokratiese kiesstelsel daargestel word, gebaseer op die beginsel van een man, een stem en 'n gemeenskaplike kieserslys in 'n veelpartydemokrasie en in 'n eenheidstaat, is klaarblyklik 'n politieke model wat voorgestel word - iets waarteen Kerk en Samelewing 1990 hom uitgespreek: 'Die kerk sal dus nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie, maar kragtens sy profetiese funksie sal die kerk voortgaan om elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme te toets' (par. 275).*

- *Elemente van die Bevrydingsteologie in die deklarasie. Die Bevrydingsteologie is deur die Algemene Sinode afgewys.*

- *Eensydige stellings is onder meer dié waarin na die lyding van mense onder die apartheidstelsel verwys word, maar niks gesê word van die lyding wat die toepassing van sanksies en disinvestering in Suid-Afrika veroorsaak het nie"*

(Die Kerkbode 16 November 1990:7).

Die volledige deklarasie van die Rustenburgse-Kerkeberaad word as 'n addendum bygevoeg.

### 5.1.4 Die reaksie op die skuldbelydenis

Prof Jonker het baie vinnig as gevolg van sy belydenis in 'n storm beland. Oud-staatspresident P.W. Botha het prof Potgieter telefonies geskakel om sy ontevredenheid te kenne te gee en het persoonlik ook sy misnoeë met prof Jonker oor sy

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



optrede gedeel. Dr A.P. Treurnicht, leier van die amptelike opposisie, het ook dadelik openlik negatief in die pers gereageer (Rapport 11 November 1990:1). Volgens Die Kerkbode (7 Desember 1990:1) het dr A.P. Treurnicht en 'n vorige Ned. Geref. Kerk moderator, ds Kobus Potgieter, 'n konferensie belê. Tydens die konferensie by H.F. Verwoerd Hoërskool in Pretoria is die besluite van die Algemene Sinode in verband met politieke modelle en die Rustenburg-belydenis bespreek. Dr Treurnicht het prof Jonker fel gekritiseer.

Die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk het na 'n vergadering van sewe ure die volgende kommentaar oor die Rustenburgse-kerkeberaad gegee:

> *"Die skuldbelydenis van prof W.D. Jonker moet gesien en beoordeel word teen die agtergrond van die besluite van die Algemene Sinode.*
>
> *Prof Jonker was nie 'n amptelike afgevaardigde van die Ned. Geref. Kerk nie, maar is deur die reëlings-komitee van die Kerkeberaad as spreker genooi. Dit het hom vrygestaan om in sy persoonlike hoedanigheid 'n skuldbelydenis oor apartheid te doen. Hy het egter nie 'n opdrag gehad om dit namens die Ned. Geref. Kerk te doen nie.*
>
> *In sy belydenis oor apartheid het prof Jonker hom op die besluite van die Algemene Sinode beroep, ofskoon hy nie die hele verband van die Sinode se besluite vermeld het nie.*
>
> *Die ASK oordeel dat die afvaardiging van die Ned. Geref. Kerk tydens die Kerkeberaad by die besluite van die Algemene Sinode gebly het toe hulle verklaar het dat prof Jonker hom, vir sy skuldbelydenis oor apartheid, beroep het op die besluite van die Algemene Sinode, hoewel ook die afvaardiging nie die*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*hele verband van die Sinode se besluite vermeld het nie. Dit kon by lidmate verwarring veroorsaak het.*

*Die ASK neem kennis van die Deklarasie van Rustenburg en onderskryf die voorbehoude van die afvaardiging van die NG Kerk daaroor.*

- *Die ASK benadruk dat die Algemene Sinode 'n Bybelse maatstaf gestel het aan die hand waarvan elke politieke sisteem beoordeel moet word en waaraan elke lidmaat hom persoonlik moet meet. Daarom moet elke lidmaat self in sy eie gewete voor die Here uitmaak of hy skuldig is of nie.*

- *Die ASK verklaar dat die Algemene Sinode geensins gekies het vir 'n bepaalde partypolitieke beleid nie, maar alleen 'n Bybels - verantwoorde standpunt wou stel.*

- *Die ASK beklemtoon met groot erns dat die mate van onrustigheid wat tans in die Ned. Geref. Kerk aanwesig is, ons almal tot diepe verootmoediging voor die Here beroep. Lidmate word daaraan herinner dat die waarheid van die Woord en ons eenheid in Christus vir ons kosbaar is, en daaraan moet ons steeds vashou"*

(Die Kerkbode 14 Desember 1990:2)

Dit is tog jammer dat die ASK nie sterker standpunt ingeneem ten gunste van die skuldbelydenis van prof Jonker nie. Dit blyk die ideale geleentheid te gewees het vir die Ned. Geref. Kerk om hom te distansieer van apartheid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.1.5 1991 - Die sanksionering van die Algemene Sinode se besluite

Gedurende 1991 het daar byna weekliks briewe oor die Rustenburgse skuldbelydenis verskyn. Meer negatiewe as positiewe kommentaar is ontvang. Tog was daar weinig bedankings van lidmate gedurende 1991 uit die Ned. Geref. Kerk.

Die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie het op 16 April 1991 'n ontmoeting met Volksraadslede wat lidmate van Ned. Geref. Kerk is gereël. Die Konserwatiewe Party het dit egter nie bygewoon nie (Notule van die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie 1991:7).

Verder het die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie op 28 Mei 1991 'n verkennende gesprek met mnr Nelson Mandela in Johannesburg gevoer en op 23 Junie 1991 met dr Buthelezi op Ulundi (Notule van die Dagbestuur van die Algemene Sinode Kommissie 17 Junie 1991).

Die feit dat die Ned. Geref. Kerk met leiers van die totale politieke spektrum gesprek gevoer het, moet verwelkom word. Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk sy profetiese stem hoorbaar gemaak.

Na verskeie ontmoetings tussen dr Treurnicht en die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie skryf dr Treurnicht in 'n brief gedateer 9 Julie 1991 dat hy die stadium bereik het waar hy nie meer glo dat gesprek met die Algemene Sinodale Kommissie of sy Dagbestuur enige nut het nie.

Tydens die streeksinodes van 1991 is dieselfde pad gevolg as die streeksinodes van 1987. Kerk en Samelewing is na deeglike bespreking goedgekeur. So is die Wes-Transvaalse Sinode versoek om uit die Algemene Sinode te tree omdat die Algemene Sinode 'n oorheersende rol in die Ned. Geref. Kerk begin speel het. Die beskrywingspunt het egter 'n politieke onderbou omdat dr Gerber van Coligny-Oos dit ingedien het, wat ondervoorsitter

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Afrikaanse Gereformeerde Bond is. Die beskrywingspunt het min steun geniet (Die Kerkbode 14 Junie 1991:1).

Die streeksinodes het ook die Algemene Sinodale Kommissie se verklaring oor die Rustenburgse-kerkeberaad onderskryf.

Teen die einde van 1991 was die nuwe Suid-Afrika op dreef en die realiteite van die nuwe situasie het neerslag gevind in die Ned. Geref. Kerk. Die debat wat vanaf 1986 gevoer is oor Kerk en Samelewing en die storm wat gelei het tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk was grootliks iets van die verlede!

## 5.2 DIE HANTERING VAN APARTHEIDSMAATREëLS

### 5.2.1 Aanhouding en inperkings kragtens die wet op binnelandse veiligheid (Wet 74/82).

Na aanleiding van 'n besluit tydens die 1982 Algemene Sinode is die Breë Moderatuur versoek om die aangeleentheid indringend met die owerheid te bespreek.

Hierdie wet het op 1 Julie 1982 in werking getree. Uit 'n vertroulike memorandum wat van die Kapelaan-Generaal aangevra is, het hy die volgende aannames gemaak:

- Daar is afgewyk van die gewone regsreëls, omdat Suid-Afrika in 'n semi-noodsituasie verkeer.
- 'n Senior polisiebeampte kan opdrag gee ten opsigte van aanhouding as gevolg van misdrywe van terrorisme en subversie sodat getuienis of inligting verkry kan word.
- Die volgende waarborge teen wanpraktyke is ingebou:
    - die presiese omskrywing van die gronde van aanhouding;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- die aanhouding is alleen geldig vir dertig dae en daarna is magtiging deur die minister nodig;

- na ses maande moet redes aangevoer word waarom die aangehoudenes nie vrygelaat word nie;

- daar vind 'n ondersoek deur die Hersieningsraad plaas en besoeke deur 'n distriksgeneesheer en 'n inspekteur (landdros) (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:42).

In sy verslag aan die Breë Moderatuur stel die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) die volgende:

- *"Die gewone reël in die Strafproseswet is dat 'n persoon binne 48 uur na arrestasie, van 'n misdaad aangekla moet word, anders word hy vrygelaat.*

- *Aanpassings is vanaf die begin sestigerjare aan die wet aangebring as gevolg van die onluste- en terrorisme-gevaar.*

- *Die kerk van die probleem is dat persone op vaag-omlynde gronde (wat verband hou met staatsveiligheid) sonder magtiging deur 'n Geregshof en in die geval van art. 29, ná 60 dae met magtiging van die Hersieningsraad, wat ook nie 'n geregshof is nie, deur die uitvoerende gesag aangehou mag word"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:42).

Die sinode het van bogenoemde sake kennis geneem en besluit dat die owerheid versoek word dat die afwyking van die gewone reël tot die noodsaaklike beperk word en dat normalisering van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toestand behoort te volg so gou as wat die omstandighede dit toelaat (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. geref. Kerk 1986:590).

Die Algemene Sinode het kennis geneem van die volgende maatreëls wat die Breë Moderatuur aan die owerheid voorgestel is:

> *"In die geval van Art 28 en 29, word die Wet op Binnelandse Veiligheid so gewysig, dat die Hersieningsraad twee weke na die aanvang van die aanhouding, verdere aanhouding moet magtig en dat soortgelyke magtiging tot aanhouding opnuut elke twee weke verleen moet word.*
>
> *Dat die Hersieningsraad se voorsitter altyd 'n regter van die Hooggeregshof moet wees.*
>
> *Dat die Hersieningsraad ook die geestelike en fisiese welstand van aangehoudenes moet kontroleer"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:590).

'n Afvaardiging van die Breë Moderatuur het bogenoemde sake persoonlik met die Minister van Wet en Orde, mnr Louis le Grange op 27 Augustus 1985 bespreek (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:42).

Tydens die Sinode van Wes-Kaapland wat vanaf 13 tot 24 Oktober 1987 vergader het, het hierdie hele aangeleentheid 'n heftige debat uitgelok.

Ds B.J. Kotzé van Observatory het voorgestel dat die sinode die beginsel van aanhouding en inperking sonder verhoor moet verwerp omdat dit in stryd met die hart van die christelike geloof en die Gereformeerde Belydenisskrifte is (Handelinge van Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:H89).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sinode was egter van mening dat die owerheid voortdurend bereid moet wees om na die besware wat teen veiligheidswetgewing ingebring word, te luister en indien nodig veranderinge moet aanbring sodat die christelike beginsel van reg en geregtigheid nog duideliker na vore kan kom (Handelinge van die Ned. Geref Kerk in Suid-Afrika 1987:H 90).

Verder het die Wes-Kaaplandse Sinode dit ook duidelik gestel dat die genoemde wetgewing net toegepas moet word indien die veiligheid van die staat bedreig word (met ander woorde, wanneer dade van terreur betrokke is) en nie in gevalle waar slegs vreedsame protes teen die regering of regeringsbeleid ter sprake is nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:H 90).

Ten slotte het die Wes-Kaaplandse Sinode ook die volgende besluit geneem. Hierin kom elemente van die profetiese stem van die kerk na vore:

> *"Die sinode neem met diepe kommer kennis van die groot aantal persone wat in ons tyd sonder verhoor aangehou word.*
>
> *Die sinode neem ook kennis van berigte van sterftes en aanrandings van persone in aanhouding. Terselfdertyd is die sinode dankbaar vir die owerheid se versekering dat sodanige berigte ondersoek word en dat getuienis in hierdie verband voorgelê kan word sodat die reg sy loop kan neem.*
>
> *Die sinode wil in die gees van Christelike barmhartigheid dink aan hulle wat in aanhouding is.*
>
> *Die sinode verklaar ook sy opregte voorneme om lidmate en gesinne wat deur die toepassing van die veiligheidswetgewing geraak word, pastoraal en diakonaal te begelei.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *Die sinode verklaar uitdruklik dat, afgesien van waar in die wêreld dit mag geskied, die marteling van gevangenis en persone in aanhouding sonde is"*

(Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:H 91).

Tydens die vergadering van die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid wat op 28 Oktober 1987 plaasgevind het, is besluit dat daar onafgebroke kontak met die regering gehou moet word in verband met die aanhouding en versorging van aangehoudenes (Notule van Kommissie vir skakeling met die owerheid 28 Oktober 1987:1).

Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke het besluit dat die vier lidkerke elk twee benoem om die betrokke minister oor die saak te spreek. Die lede van die NGKA het egter onttrek.

Die Algemene Sinode het na aanleiding van bogenoemde gesprek sy waardering betuig vir die empatie waarmee die Minister van Wet en Orde die afvaardiging uit die familie van Ned. Geref. Kerke te woord gestaan het en vir die daadwerklike stappe wat daaruit voortgevloei het (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:540).

### 5.2.2 Rasgemengde huwelike en rasgemengde ontug

Die Ned. Geref. Kerk was oor dekades 'n aktiewe rolspeler ten opsigte van die implementering en instandhouding van die Ontugwet, Artikel 16, en die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike. Die Ned. Geref. Kerk het 'n reaktiewe rol gespeel in die uitfassering van die wetgewing. Die eerste amptelike sinodale standpunt na die afskaffing van die wette vind ons in 1986 tydens die Algemene Sinode. Kerk en Samelewing huldig die volgende standpunt ten opsigte van die aangeleentheid:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Die huwelik tussen twee mense wat geslagtelik van mekaar verskil, mekaar lief het en by mekaar pas, is 'n uiters belangrike samelewingsverband, waarby ook die kerk, net soos die familie, die gemeenskap en die staat belang het en juis daarom sou 'n meesprekende woord deur al die instansies verwelkom word.*

*Die kerk getuig dus met beslistheid en erns vir die heiligheid en prinsipiële onverbreekbaarheid van die huwelik as deel van God se oorspronklike bedoeling met die mens en verwerp daarom alle vorms van egbreuk en homoseksuele verbintenisse.*

*Die kerk waarsku ten sterkste teen geloofs- en godsdienstig-gemengde huwelike, en versoek al sy leraars om deur middel van kategese, huweliksvoorligting en huwelikskategese paartjies voortdurend op die gevaar van sodanige huwelike vir die geloofslewe te wys.*

*Die Skrif verbied nie rasgemengde huwelike nie. Die kerk moet egter in sy pastorale arbeid daarteen waarsku dat maatskaplike omstandighede, lewens en wêreldbeskoulike, kulturele, sosio-ekonomiese en ander dergelike verskille en faktore ernstige spanninge kan veroorsaak. Waar sulke huwelike wel plaasvind, moet hulle pastoraal in al die fasette van die huwelike begelei word"*

(Kerk en Samelewing 1986:61).

Die Sinode van Wes-Kaapland van 1987 het besef dat 'n probleem ontstaan het met die opheffing van die Wet op verbod van gemengde huwelike deurdat die Groepsgebiedewet nog gehandhaaf word. Die sinode het vervolgens 'n ernstige beroep op die regering gedoen om so gou moontlik 'n wettige reëling tot die woonregte van rasgemengde egpare te tref waarin hulle belange genoegsaam beskerm word (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 1987:H 101).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Sinode van Noord-Transvaal van 1987 was baie versigtig in sy kommentaar oor rasgemengde huwelike. Daar word op ernstige spanning gewys indien maatskaplike omstandighede inwerk op 'n rasgemengde huwelik (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1987:543,626).

### 5.2.3 Groepsgebiede

Die Groepsgebiedewet is sedert sy instelling in 1950 as een van die hoekpilare van apartheid gesien. Die wet is oor die jare baie uitgebou en verfyn onder die Wet op Groepsgebiede van 1966. Aanpassings aan die Groepsgebiedewet het dringend noodsaaklik geword. Die Staatspresident het op 31 Oktober 1984 die Presidentsraad opdrag gegee om 'n verslag uit te bring oor die Groepsgebiedewet, die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe, 1953 en verwante wetgewing. Hierdie komitee was bekend as die Strydom-komitee (Buro vir Inligting 1987:1). Een van die belangrikste aanbevelings van die verslag was die daarstelling van nuwe woongebiede vir eie of oop vestiging na gelang van plaaslike behoefte en plaaslike keuse (Buro vir Inligting 1987:29). Op 5 Oktober 1987 het die Staatspresident, mnr P.W. Botha die beginsel van oop woonbuurte aanvaar (Buro vir Inligting 1987:40). Die Groepsgebiedewet is gevolglik uitgebrei om vir die nuwe reëling voorsiening te maak en die nuwe oop woonbuurtes het as Vryevestigingsgebiede bekend gestaan.

Tydens die Ned. Geref. Kerk se Noord-Transvaalse Sinode is 'n mosie goedgekeur waarin die sinode met teleurstelling kennis geneem het van 'n berig wat in Beeld verskyn het. Daarin is berig dat die Ned. Geref. Kerk en die Nederduitsche Hervormde Kerk uiteenlopende menings huldig oor die aanbevelings van die Presidentsraad oor groepsgebiede en die Ned. Geref. Kerk het nog nie oor die saak besluit nie (Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal 1987:575).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het die Moderamen van die Wes-Kaaplandse Sinode die volgende beskrywingspunt ingedien:

> *"Die Sinode oordeel dat die huidige Groepsgebiedewet nie aanvaarbaar is nie, aangesien dit eensydig ingestel en toegepas is en in baie opsigte nie aan die Bybelse eise vir menswaardigheid en geregtigheid voldoen nie.*
>
> *Toekomstige wetgewing vir die ordening van die samelewing sal net aanvaarbaar wees indien dit die menswaardigheid van al die betrokkenes in ag neem en regverdig toegepas word"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1990:427).

Die Ned. Geref. Kerk het geen kommentaar gelewer toe die Groepsgebiedewet in 1992 afgeskaf is nie. Dit het 'n era afgesluit waarin die Ned. Geref. Kerk eerstens vir die instelling van wetgewing by die owerheid aangedring het en daarna die instandhouding onderskryf het!

### 5.2.4 Instromingsbeheer en trekarbeid

Hierdie twee sake kan nie los van mekaar gesien word nie en vorm deel van die verstedelikingsproses wat voortdurend in Suid-Afrika plaasvind. In voorafgaande hoofstukke is aangetoon hoe die Ned. Geref. Kerk groot simpatie met die regering se probleem van instromingsbeheer gehad het.

Die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, dr Gerrit Viljoen, het in 1985 'n skrywe aan die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid gerig. In dié skrywe word dit gestel dat die Staatspresident die regering opdrag gegee het om bestaande instromingsmaatreëls te hersien. Sodoende kan die diskriminerende elemente uitgeskakel word. Saam met die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hersiening van instromingsbeheer word ook aandag geskenk aan 'n nasionale strategie van verstedeliking. Deel hiervan is 'n behuisingstrategie waardeur die beginsel van geordende plakkery geïmplementeer gaan word. In Khayelitsha by Kaapstad word dit reeds toegepas. Basiese dienste word dus voorsien wat met tyd opgegradeer kan word. Die skepping van werksgeleenthede verdien ook aandag. Omdat die huisgesin belangrik is vir die regering word met die verandering gepoog om so min as moontlik inbreuk te maak op gesinstrukture (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:283-284).

Die volgende besluit is na aanleiding van bogenoemde skrywe geneem:

> *"Die Algemene Sinode betuig sy waardering teenoor die regering vir die maatreëls wat getref is in verband met swart verstedeliking en behuising.*
>
> *Die Sinode verkeer egter onder die indruk dat die probleme nog ver van opgelos is en dat nuwes langs die pad ontstaan en bid die regering wysheid toe om bevredigende oplossings te vind.*
>
> *Die Sinode beklemtoon die belangrikheid van die huisgesin as samelewingsvorm. Verstedeliking, arbeid, woonplek en vervoer moet sodanig gekoördineer word dat dit die gesinslewe van swart stedelinge moontlik maak en bevorder"*

(Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:646).

Die Federale Raad het reeds in 1984 'n kommissie benoem om in te gaan op instromingsbeheer, die etiese konsekwensies daarvan en die implikasies daarvan vir die kerklike bediening. Tydens die Algemene Sinode is die ontwikkeling van 'n positiewe beleid van verstedeliking wat die afskaffing van diskriminerende instromingsbeheer insluit, goedgekeur en besluit dat hulle op

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n gepaste wyse betrokke moet raak by die saak van swartverstedeliking (Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 1986:321, 686).

Teen die einde van 1986 is die Instromingsbeheerwetgewing opgehef. Volgens die Wet op Instromingsbeheer, artikel 68 van 1986, is 'n einde gemaak aan 'n sleutelbeginsel van apartheid en is 'n nuwe verstedelikingsbeleid vir Suid-Afrika aanvaar (Thomashausan 1987:16).

Hoewel die Ned. Geref. Kerk oor jare kommentaar gelewer het ten opsigte van die nadele van trekarbeid, het hulle deurlopend die stelsel onderskryf om praktiese rede. Kerk en Samelewing (1986:59) lewer die volgende kommentaar in paragraaf 357:

> *"Die ekonomiese waarde van trekarbeid of, soos dit ook genoem word, kontrakarbeid of seisoenarbeid, kan nie ontken word nie. Aan die ander kant veroorsaak dit 'n ongesonde wisseling van arbeid, bemoeilik dit skoling vir 'n bepaalde groep, vertraag dit die ontwikkeling van 'n sterk middelklas, maar is dit veral 'n disintegrerende faktor vir die huweliks- en gesinslewe en 'n aftakeling van die morele lewe. Vanweë hierdie ontwrigtende uitwerking behoort dit sover moontlik uitgeskakel of tot 'n minimum beperk te word."*

Met die hersiening van Kerk en Samelewing in 1990 is die standpunt oor trekarbeid net so oorgeneem en is dit opgeneem in paragraaf 319.

Trekarbeid was dié faset van apartheid, waarin die Ned. Geref. Kerk die duidelikste sy profetiese stem teenoor die owerheid laat hoor het!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.3 SLOTBEOORDELING

Kerk en Samelewing in 1986 was 'n baie tydige standpuntstelling van die Ned. Geref. Kerk. Dit het soos sagte reën gevolg op die jare van droogte waarin daar na uitkoms gesmag is. In Kerk en Samelewing word daar teologies opnuut vanuit die Skrif besin. Dit moet as die duidelikste pluspunt aangetoon word. Die Ned. Geref. Kerk het profeties sy verantwoordelikheid nagekom in Kerk en Samelewing.

Die feit dat 'n klompie lidmate weggebreek het uit die Ned. Geref. Kerk moet altyd betreur word. Tog is dit die prys wat 'n kerk moet betaal as hy hom al meer in die Skrifwaarheid wil verdiep. Uit 'n pastorale oogpunt is dit verstaanbaar dat die Ned. Geref. Kerk diep besorg is wanneer daar lidmaatverlies is. Prof Jelsma se standpunt in 'n onderhoud dat prof Heyns se sterk kerkleiding in 'n tyd van stormagtige weer die deurslag gegee het, moet onderskryf word.

Die Algemene Sinode van 1990 het 'n goeie afronding gegee na verdere besinning oor Kerk en Samelewing. Hierin is standpunte meer direk geformuleer wat as 'n sterk pluspunt beskou moet word.

Die Rustenburgse kerkeberaad was beslis 'n hoogtepunt vir ekumene in Suid-Afrika. Die Ned. Geref. Kerk se aktiewe deelname was uniek. Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk sy ekumeniese-Rubicon oorgesteek na jare in die ekumeniese woestyn!

In hierdie tydperk, 1986 - 1991, het die Ned. Geref. Kerk teologies herbesin. Deurdat dit prinsipieel begrond was in die Skrif het daar 'n sterk nuwe profetiese getuienis na vore gekom!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 6

## EVALUERING

Pagina

6.1 Die tydperk 1948 - 1962 303

6.2 Die Cottesloe-beraad 307

6.3 Die tydperk 1962 - 1974 309

6.4 Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif 311

6.5 Die tydperk 1974 - 1986 313

6.6 Die tydperk 1986 - 1991 318

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




# HOOFSTUK 6

# EVALUERING

Wat baie duidelik na vore kom gedurende die pre-1948 tydperk is dat apartheid toe reeds sy neerslag gevind het. Die Ned. Geref. Kerk het vanaf die dertigerjare die owerheid versoek om apartheidswette te implementeer. Met die bewindsverandering op 26 Mei 1948 het die Nasionale Party as nuwe regering homself ten doel gestel om apartheid statutêr te implementeer. Die Ned. Geref. Kerk en die owerheid het gevolglik aanklank bymekaar gevind.

## 6.1 DIE TYDPERK 1948 - 1962

Die laat veertigerjare het 'n nuwe debat in die Ned. Geref. Kerk na vore gebring. Dit het gehandel oor die begronding van apartheid. Prof E.P. Groenewald het beweer dat apartheid op Skrifgronde gefundeer kon word. Daarteenoor het dr Ben Marais beweer dat daar nie Skrifbegronding vir apartheid is nie, maar dat apartheid op praktiese gronde geïmplementeer kan word. In retrospek was dit jammer dat prof Groenewald dit 'n persoonlike saak gemaak het. Die tyd sou bewys dat prof Groenewald verkeerd was. Die primêre fout in sy eksegese was dat hy 'n is-gelyk-aan teken geplaas het tussen Israel, volk van God en die Afrikaner. Op grond van hierdie verkeerde aanname is apartheid geregverdig. Met so 'n aanname is daar wel meer as genoeg bewyse in die Skrif ten gunste van apartheid. Hierdie foutiewe aanname het egter oor eeue in Suid-Afrika ontwikkel. Tydens die Groot Trek is die Afrikaner al as substituut van die volk Israel ingespan. Dit wil egter voorkom asof die Ned. Geref. Kerk so opgeslurp is deur die maatskaplike nood van die Afrikaner wat deurgesyfer het na die politieke oplossing van apartheid dat Skriftuurlike gronde eers daarna gevind moes word. Dit kan skematies soos volg voorgestel word:




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie historiese ontplooiing moet afgekeur word omdat die Skrif altyd die kenbron en vertrekpunt van politieke en maatskaplike sake moet wees. Die Ned. Geref. Kerk het gevolglik deur sy Skriftuurlike begronding van apartheid hom skuldig gemaak aan 'n dwaling. Die toekoms sou aan dr Ben Marais gelyk gee, dat die Skriftuurlike gronde wat prof Groenewald aangebied het nie stand kan hou nie.

Dit wil dus voorkom asof die Ned. Geref. Kerk op teologiese gebied gestruikel het. Sy profetiese optrede is ook beïnvloed. Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk profeties 'n stem laat hoor wat 'n vals klank uitgebring het. Die optrede en standpunte moet betreur word.

Met die Nasionale Party oorwinning op 26 Mei 1948 is 'n nuwe era in die verhouding van Ned. Geref. Kerk en die owerheid ingelei. Die rol wat die Ned. Geref. Kerk tydens die vorige bewind gespeel het, was een van passiewe deelname. Die Ned. Geref. Kerk het deurlopend die regering aangemoedig om apartheidswette te implementeer. 'n Waghondfunksie om Afrikanerbelange te dien was dus aanwesig. Met die bewindsverandering het die Ned. Geref Kerk 'n vennootskapsrol begin vertolk. Die dien van Afrikanerbelange met apartheid as basis het die twee vennote saamgebind. 'n Verdere bindende faktor was die beginsel van voogdyskap. Die blanke was dus die nie-blanke se voog en moes leiding neem. Nie-blankes was onbevoeg om self besluite te neem. Daarom was dit in die belang van nie-blankes dat blankes hulle oor die nie-blankes ontferm en help in die besluitnemingsproses.

Die beginsel van voogdyskap was heeltemal in lyn met geldende internasionale beginsels. Prof Jelsma het in 'n onderhoud dit aan die navorser bevestig dat Nederland baie geleer het deur self die beginsel van voogdyskap toe te pas. Hieruit het die positiewe na vore gekom dat Nederland sy kolonies as gelyke vennoot aanvaar het. Hierin het die kerk in Nederland 'n belangrike funksie vertolk en as profeet van geregtigheid opgetree. Imperialisme het Westerse moondhede by lande van die derde wêreld betrokke gemaak. Hierdie lande is as agterblewenes gesien en voogdyskap was nodig. Vir meer as honderd jaar is internasionaal so gedink en geredeneer. Dit waarmee die Ned. Geref. Kerk en die Nasionale Party-regering in die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



praktyk deur rasseblootstelling gekonfronteer is, het ooreengestem met die internasionale hantering van die verlede. Voogdyskap was dus nie iets vreemds wat deur die twee vennote ingevoer is nie. Die Ned. Geref. Kerk het baie idealisties met die voogdyskapbeginsel omgegaan. Die Ned. Geref. Kerk kan egter nie hiervoor geblameer word nie omdat hulle in alle opregtheid geglo het hulle tree deur voogdyskap in die beste belang van almal in Suid-Afrika op.

Hierdie idealisme oor voogdyskap het deurgesyfer na apartheid wat as 'n mooi ideaal voorgehou is. Indien apartheid op 'n natuurlike manier geïmplementeer kon word sonder dat dit rasse sou benadeel en sonder diskriminasie kon dit moontlik 'n werkbare oplossing wees.

Die Ned. Geref. Kerk kan nie met vandag se breër perspektiewe beoordeel en gekruisig word nie. Die leefwêreld, persepsies en geldende internasionale norme moet eers geabsorbeer word. Indien dit moontlik sou wees om dit te doen sal baie sagter oor die Ned. Geref. Kerk geoordeel word. Tog kan die Ned. Geref. Kerk met sy versagtende aspekte nooit sy hande in onskuld was nie.

Die Ned. Geref. Kerk het egter so betrokke geraak by sy apartheidsdroom dat internasionale ontwikkelinge ongemerk plaasgevind het. Die mondigheid van Derde wêreldlande wat deur nasionale onafhanklikheid verkry is, is nie deurgetrek na Suid-Afrika toe nie. Ekumene was nie belangrik genoeg vir die Ned. Geref Kerk om toe te laat dat ander kerke en hul menings veel gesag gedra het nie. Die Ned. Geref. Kerk het ook nie kennis geneem wat in die binnelandse nie-blanke politiek aan die gebeur was nie. Vanuit die beginsel van voogdyskap en apartheid het die blankes geweet wat die beste vir nie-blankes is.

Die vraag wat egter ontstaan is of die Ned. Geref. Kerk vanuit die Skrif of eerder vanuit 'n oënskynlike werkbare ideologie die rasse-problematiek benader het. Dit wil voorkom asof die praktyk swaarder geweeg het as om suiwer teologies-prinsipieel vanuit die Skrif die probleem te benader. Wat het die Ned. Geref. Kerk gedoen met kritiek van binne sy eie geledere. Hier word gedink aan prof Ben Marais en prof B.B. Keet en andere. Daar is redelike hard op hulle vermanings gereageer. Die vraag kom gevolglik na vore of mense wat

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gepoog het om profeties op te tree nie in die proses gemuilband is nie. Dit het die Ned. Geref. Kerk se profetiese stem na buite en dus ook ten opsigte van die owerheid erg gestrem.

'n Saak kan beslis uitgemaak word dat die Ned. Geref. Kerk so 'n hegte vennootskap met die owerheid gehad het dat sy profetiese rol agterweë gebly het. Die hele debakel oor die verwydering van die kleurlingstemreg het by die Ned. Geref. Kerk verbygegaan. As motivering is aangevoer dat die Ned. Geref. Kerk nie by die party-politiek betrokke wou raak nie. Die Ned. Geref. Kerk was alreeds betrokke by die partypolitiek deurdat hulle blatant apartheid onderskryf het en by die regering aangedring het om meer apartheids-wette op die wetboek te plaas. Die Nasionale Party het beslis oneties opgetree in die verwydering van die kleurlingstemreg. Oor die vergroting van die Senaat en die Appèlhof is oneties met die konstitusie omgegaan. Die Ned. Geref. Kerk se stilswye oor sy vennoot se onetiese optrede maak hom indirek aandadig.

By een geleentheid het spanning tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid in die vyftigerjare ontstaan. Dit het gehandel oor die Wysigingswetsontwerp op Naturellewetgewing 1945: klousule 29 van 1957. Die Ned. Geref. Kerk het saam met ander kerke in Suid-Afrika besef dat hierdie voorgestelde wetgewing die soewereiniteit van die kerk bedreig. Die minister van Naturellesake, dr H.F. Verwoerd het beslis sy hand deur die voorgestelde wetgewing oorspeel. Dit was beslis positief dat 'n afvaardiging van die Ned. Geref. Kerk dr Verwoerd ontmoet het en sterk standpunt ingeneem het. Dr Verwoerd het aanvanklik voet by stuk gehou maar moes swig onder die kerkdruk. Dit wil voorkom asof daar afstand na die gebeure ontstaan het tussen sekere Ned. Geref. Kerk leiersfigure en dr Verwoerd. Dr Verwoerd het klousule 29(d) bygevoeg wat beslis 'n verbetering was. Die Ned. Geref. Kerk het dit aanvaar. In wese het klousule 29(d) egter gesa-mentlike aanbidding beperk. Dit is jammer dat die Ned. Geref. Kerk nie ook amptelik standpunt hierteenoor ingeneem het nie. Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk sy plig versuim om profeet van die waarheid te wees. Indien teologies-eties na die saak gekyk is, moes die Ned. Geref. Kerk besef het dat geloofsvryheid aangetas is. Groter dis-tansie van die Ned. Geref. Kerk se kant af ten opsigte van die ower-heid gegrond op die Bybel kon miskien die gewensde uitwerking hê.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6.2 DIE COTTESLOE-BERAAD

Die opkoms van swart nasionalisme het 'n hoogtepunt bereik vroeg in 1960. Uhuru-krete is reg deur Afrika gehoor en die onafhanklikheidswording van swartstate in Afrika was algemeen. Die hoop van politieke akkommodasie het ook oorgewaai na nie-blankes in Suid-Afrika. Swart politieke organisasies wat tot op daardie stadium baie gematig. Die Kliptown-konferensie van 1955 het die ANC-manifes die lig laat sien waarin gelyke politieke deelname en lewensgeleenthede geëis is. Die PAC het teen die laat vyftigerjare juis van die ANC afgesplinter omdat die ANC te gematig was. Die gebeure by Sharpville en Langa was vreedsame massa-demonstrasies om beswaar te maak teen die verpligte dra van pasboeke. Die afloop van die Sharpville-gebeure is geskiedenis. Op etiese vlak kan met reg gevra word of die dood van 69 mense en 186 beseerdes, meestal in die rug gewond, wat ongewapen was en vreedsaam aan 'n optog deelgeneem het, geregverdig kan word.

Die Ned. Geref. Kerk het darem met spyt kennis geneem van die lewensverlies maar voortgegaan om die owerheid te verdedig vir sy optrede. Die vraag kan met reg gevra word of die Ned. Geref. Kerk nie sy profetiese roeping versaak het deur nie die owerheid aan te spreek oor dié gebeure nie. Hierteenoor kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat imperialistiese regerings hulle aan sulke optredes oor baie jare skuldig gemaak het en dat dit sulke optrede in daardie tyd van die geskiedenis versag het. Indien die owerheid op dieselfde wyse sou optree teenoor blanke Ned. Geref. Kerk lidmate is dit te betwyfel of die Ned. Geref. Kerk die saak so gelate sou aanvaar. Dit is jammer dat die Ned. Geref. Kerk se verhouding met die Church of the Province tot so 'n laagtepunt na Sharpville gedaal het. Dit bevestig egter die punt dat indien iemand die owerheid as vennoot van die Ned. Geref. Kerk sou aanval, die Ned. Geref. Kerk self help verdedig het. Hierdeur word die egtheid van die vennootskap beklemtoon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Cottesloe-beraad het spesifiek voortgevloei uit die gebeure van 1960. Daar kan met reg oor Cottesloe geoordeel word deur die mening uit te spreek dat dié beraad sy tyd vooruit was. Die besluite wat by Cottesloe geneem is, is twintig jaar later in die politieke raadsale onder die loep geneem en die daarop volgende jare almal geïmplementeer. Daardie visie het by die Ned. Geref. Kerk en die owerheid onder leiding van dr Verwoerd totaal ontbreek. Kerkleiers van Transvaal en Kaapland wat gekonfronteer is met ekumene en die problematiek van die Suid-Afrikaanse situasie het wel gewaag ten opsigte van toekomsrealiteite.

Eksterne aspekte het uiteindelik 'n determinante rol gespeel ten opsigte van die Cottesloe-besluite. Eerstens kan die optrede van die Nederduitch Hervormde kerk betreur word. Deur hul onnodige vroegtydige verklaring het hulle die Ned. Geref. Kerk se afgevaardigdes onder geweldige druk geplaas. Tweedens was inligting wat ontydig die wêreld ingestuur is verantwoordelik dat 'n onvolledige prentjie lidmate, kerkrade en kerklike vergaderings bereik het. Baie lidmate het negatief gereageer voordat inligting volledig oor die beraad geabsorbeer is. Derdens het die Ned. Geref. Kerk in die OVS en Natal wat nie deel van die Wêreldraad van Kerke was nie, baie druk op die deelnemende Ned. Geref. Kerke geplaas. Vierdens het dr Verwoerd se Nuwejaarsboodskap negatiewe gevoelens oor die hele Suid-Afrika ingestuur wat geweldige skade aangerig het. Uit 'n politieke oogpunt kon dr Verwoerd nie bekostig het dat sy vennoot (die Ned. Geref. Kerk) op sleeptou geneem word deur die Cottesloe-besluite nie. Dit is tog ironies dat wat dr Verwoerd gesê het nie mag gebeur nie, naamlik dat die kerklike vergaderings outonome besluite oor Cottesloe moet neem, juis gekniehalter is deur sy negatiewe reaksie as Eerste Minister in 'n landswye Nuwejaars-boodskap oor die Cottesloe-beraad. Hierdeur het hy juis kerklidmate beïnvloed in hul selfstandige besluitneming tydens kerkvergaderings oor die saak.

Dit is nie vreemd dat die Ned. Geref. Kerk uiteindelik die besluite oor Cottesloe geneem het nie. Kinghorn (1986:121) is van mening dat dit 'n toets was of die Ned. Geref. Kerk 'n etiese of dogmatiese oordeel gaan fel oor Cottesloe. Daar is volgens Kinghorn dogmaties

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geoordeel en die dogmatiese denke was in lyn met vroeëre denke. Kinghorn se standpunt maak beslis sin. Dit kan egter betreur word dat die Ned. Geref. Kerk met sy bedanking uit die Wêreldraad van Kerke homself toegespin het in sy eie kerklike kokon en dat 'n ekumeniese deur daarmee saam toegetrek is.

Die skade wat deur die Cottesloe-beraad aan die Ned. Geref. Kerk aangerig is, het in die jare wat gevolg het net wyer uitgebring. Gevolglik het die afstand tussen die Ned. Geref. Kerk en ander kerke wat betrokke was in ekumeniese liggame net groter geword. Dit het die relevantheid in ekumeniese wêreldkonteks erg gestrem. Gevolglik is die Ned. Geref. Kerk se profetiese getuienis nie na waarde geskat nie.

Die gebeure nà Cottesloe het kerkleiers baie versigtiger gemaak om politieke uitsprake te maak. Dit het 'n kenmerk geword van die Ned. Geref. Kerk se standpunte oor politieke sake in die jare wat gevolg het.

## 6.3 DIE TYDPERK 1962 - 1974

Die Republiekwording van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 het 'n nuwe era in die Ned. Geref. Kerk se verhouding met die owerheid ingelei. Die meeste ideale wat die Afrikaner vir homself gestel het in die laat veertigerjare is bereik, deurdat apartheidswetgewing ingefaseer en onafhanklikheid van Brittanje verkry is. Dit het 'n determinante rol gespeel in die verhouding tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid. Kerkvereniging tussen die aparte Ned. Geref. Kerke was 'n groot prioriteit en die owerheid het baie moeite gedoen om wetgewing in die verband deur die parlement te voer. Hierdeur word die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid verder bevestig. Die lang gekoesterde ideaal van kerkeenheid in Ned. Geref. Kerk geledere het indirekte druk ingehou om nie veel oor standpunte te verskil nie. Die middelpuntsoekende kragte binne Ned. Geref. Kerk geledere oor rassekwessies was gevolglik groter as die middelpuntvliedende kragte. Die Ned. Geref. Kerk in Kaapland het duidelik die voortou geneem met die aanstelling van 'n kommissie vir

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rasse-aangeleenthede tydens die 1961 Kaapse Sinode. Tydens die Kaaplandse Sinode van 1965 word indringend oor apartheid besin en aanleiding gegee het tot 'n wye diskussie tydens die 1966 Algemene Sinode. Die Algemene Sinode van 1966 het in beginsel die besluit van die 1965 Kaapse Sinode goedgekeur. 'n Ad hoc-kommissie om verder te besin oor rasse-aangeleenthede is aangestel. Hoewel versigtig na die Cottesloe-beraad opgetree is oor apartheid het die impulse tog baie tydsaam en versigtig begin neerslag vind. 'n Meer getemperde ondersteuning van apartheid het na vore getree.

Die regering het met ystervuis-optrede sy politieke opponente probeer vernietig en binnelandse stabiliteit tot stand gebring. Verbode organisasies soos die ANC, PAC en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party het internasionale simpatie gegenereer. 'n Groeiende weerstand was internasionaal aan die opbou teen minderheidsregerings in Suider-Afrika. Veral derde wêreldlande het Suid-Afrika onder druk geplaas en internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies en die Organisasie vir Afrika-eenheid het momentum aan weerstand teen apartheid gegee. Die Wêreldraad van Kerke het ook al hoe meer negatief teenoor Suid-Afrika gereageer na die Cottesloe-beraad en regeringsbeleid in Suid-Afrika. Dit het 'n kulminasiepunt bereik in die Wêreldraad van Kerke se "Program to Combat Racism" wat in 1968 aanvaar is. Hierdeur is geld deur die Wêreldraad van Kerke ter ondersteuning van bevrydingsbewegings in Suider-Afrika bewillig. Hierdie ondersteuning is baie negatief deur die Ned. Geref Kerk en die owerheid ontvang. Dit het aanleiding gegee dat die negatiewe gevoel teenoor ekumene verdere momentum gekry het.

Gedurende die sestigerjare vind ons harmonie tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid. Deurdat politieke oplossings in 'n duidelike gedefinieerde apartheidsparadigma na vore gekom het, het die Ned. Geref. Kerk en die owerheid wedersyds intense harmonie ervaar. Die Ned. Geref. Kerk het nie teologies-krities herbesin oor apartheid nie. Dit het 'n groot invloed op sy profetiese funksie gehad. Dit is gevolglik nie nodig geag om veel profetiese getuienis te lewer nie!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die 1970 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk kan as 'n teleurstellende sinode beskou word in terme van apartheidsbeoordeling. Min sake is aangespreek hoewel opdrag gegee is dat 'n indringende ondersoek na rassekwessies deur 'n kommissie van die Algemene Sinode moet plaasvind en voorgelê moet word tydens die 1974 Algemene Sinode.

## 6.4 RAS, VOLK EN NASIE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

Die belangrikheid van die verslag wat tydens die 1974 Algemene Sinode behandel is, lê volgens van der Watt (1987:116) daarin dat dit die eerste amptelike gesistematiseerde beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk oor brandende rassesake was.

Die gevaar in die beoordeling van die dokument na 20 jaar is dat dit uit vandag se perspektief geëvalueer kan word. In 1974 toe die verslag sy beslag gekry het was die leefwêreld anders. Suid-Afrika het 'n volgende fase ingegaan waar beklemtoon is dat diskriminasie uitgefaseer word en hierin het die verslag 'n positiewe bydrae gelewer. In teenstelling met ses-en-twintig jaar gelede toe apartheid Skriftuurlik begrond is, vind begronding van eiesoortige ontwikkeling op praktiese gronde plaas. 'n Belangrike kwalifikasie van eiesoortige ontwikkeling word ook gestel naamlik dat dit aan die eis van naasteliefde moet voldoen. Die belangrikheid van hierdie kwalifikasie moet nie onderskat word nie en moet beslis positief beoordeel word.

Met die verskyning van Ras, volk en nasie in 1974 is gepoog om apartheid in 'n beter verpakking aan te bied. Dit was 'n eerlike poging om vanuit die Skrif 'n teologiese vertrekpunt vir die rassesituasie in Suid-Afrika voor te hou. Hierdeur is gevolglik gepoog om 'n profetiese boodskap aan Suid-Afrika en die wêreld uit te dra.

Die fundamentele probleem met Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif is dat dit 'n verkeerde vertrekpunt vanuit die Skrif geneem het. Daar word teologies besin oor volk en dit word as sentrale

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vertrekpunt geneem. Hierdie vertrekpunt wek kritiese vrae op. Dit het tot gevolg dat alles wat daarop gebou is, ingebed is in 'n volksideologie. Indien dit krities beoordeel word in teologiese sin, kan dit gestel word dat ons hier te doen het met 'n volksteologie. Hoe eerlik daar dan ookal na die Suid-Afrikaanse situasie gekyk word, sal dit in die praktyk op 'n verkeerde punt uitmond.

Die lyn en gedagtegang van apartheidsdenke van meer as veertig jaar word gehandhaaf. Die imperatief van apartheid word egter net nou in die indikatief gestel. Die verslag stel dit ook duidelik dat rassekwessies in Suid-Afrika kompleks is en dat voortdurend herbesin moet word. Dit is alles sake wat daarop dui dat 'n versigtiger houding ingeneem word in die besinning oor die aangeleentheid. 'n Hele aantal komplekse sake soos trekarbeid en gemengde huwelike word aangespreek en kritiek oor die trekarbeidstelsel is nie uitgesluit nie. Wanneer hierdie kritiek egter prinsipieel-eties vanuit die Skrif beoordeel moet word, val die verslag terug op sanksionering daarvan op 'n praktiese vlak. Die rede hiervoor is dat die ideaal van eiesoortige ontwikkeling gedien moet word. Hierdie hantering van sake kan moeilik aan die etiese eise van die Skrif voldoen.

Die wese van die verslag is deurdrenk met 'n volksteologie wat as funderingsgrond van eiesoortige ontwikkeling dien. Dit wil voorkom asof dit nie stand kan hou nie. De Villiers in Kinghorn (1986:160) toon aan dat die verslag deur kerklike kritici as 'n onskriftuurlike teologie beoordeel word omdat die beginsel van volkere verskeidenheid as uitgangspunt van die Skrif voorgehou word.

Ten slotte kan genoem word dat wesenlike sake soos die problematiek van die politieke akkommodering van die stedelike swartes hoegenaamd nie aangespreek word nie. Dit moet as 'n groot leemte in die verslag aangetoon word. Die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid word in die laaste paragraaf van die verslag herbevestig wanneer owerheidsinstellings op alle vlakke hartlike bedank word. Dit moet in konteks gesien word van die hele verslag wat as ondersteunend van die regeringsbeleid van die dag geskryf is en waarin feitlik geen kritiek teenoor die owerheid voorkom nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Geref. Kerk het meer klem gelê op die nood van sy eie mense as op die nood van ander groepe in Suid-Afrika.

## 6.5 DIE TYDPERK 1974 - 1986

Suid-Afrika het met groot skok begin besef dat wêreldtoestande verander toe sy eerste bondgenoot, Portugal, onafhanklikheid aan die twee Portugese kolonies van Suider-Afrika gegee het. In Mosambiek het die Marxistiese bewind van Samora Machel met sy Frelimo-party die bewind in 1974 oorgeneem. In Angola het die sake meer kompleks verloop met drie partye, naamlik die MPLA, FNLA en Unita wat gepoog het om die nuwe regering te beheer. Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika het die Westers georiënteerde Unita ondersteun. Op dié wyse was Suid-Afrika van 1975 tot 1990 regstreeks militêr betrokke in Angola. Die MPLA wat in 1975 aan bewind gekom het, was ook Marxisties georiënteer. Hierdie oorlog het Suid-Afrika miljoene rande gekos en Suid-Afrika het internasionaal baie geloofwaardigheid ingeboet. 'n Saak wat rasseverhoudinge in Suid-Afrika gestrem het, was dat duisende Portugese oor die grense van Angola en Mosambiek na Suid-Afrika, ter wille van hul lewens, gevlug het. In Suid-Afrika het blanke politici dikwels daarna verwys as die chaos wat ontstaan as die blanke die bewind moet opgee en dan moet vlug.

Suid-Afrika het skaars die skokke van Mosambiek en Angola geabsorbeer toe die enigste ander onafhanklike staat met 'n blanke bewind in Afrika, naamlik Rhodesië, op 24 September 1976 aangekondig het dat 'n vrye en algemene verkiesing gaan plaasvind. Suid-Afrika het ook militêre ondersteuning aan Rhodesië gegee en die aankondiging as 'n trauma beleef. Met die bewindsverandering in 1980 van Zimbabwe (die nuwe naam van Rhodesië) is Suid-Afrika gekonfronteer met drie nuwe regerings in Suider-Afrika wat hulle sterk teen apartheid en die regering in Suid-Afrika uitgespreek het. Al drie lande was ook sterk ondersteuners van die ANC. Saam met ander lande in Suider-Afrika het hulle hulself georganiseer in die Frontlinie-state wat internasionale en ekonomiese druk op Suid-Afrika uitgeoefen het. Die Suidwes-Afrika kwessie het Suid-Afrika ook onder verdere druk geplaas. Hoewel die Volkebond in 1919 Suidwes-Afrika as mandaat aan Suid-Afrika toegeken het, het die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verenigde Nasies in die laat sestiger jare Suid-Afrika se mandaat opgehef. Die South West African People's Organization (Swapo) het reeds in 1965 met 'n gewapende stryd in Suidwes-Afrika begin. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n volskaalse oorlog teen Swapo gevoer in die sewentiger- en tagtigerjare wat Suid-Afrika ook in Angola militêr betrokke gehou het. Die internasionale druk deur wêreldorganisasies soos die Verenigde Nasies, die Organisasie vir Afrika-Eenheid en andere, het Suid-Afrika al meer op 'n pad van vervreemding ten opsigte van sy Westerse vriende geplaas.

Binnelands is Suid-Afrika tot stilstand geruk deur die Soweto onrus van Junie 1976. Dit het landswyd oorgespoel en het binnelandse stabiliteit aan 'n garingdraadjie laat hang. Internasionaal is baie vrae oor apartheid gevra en Suid-Afrika het al moeiliker verduideliking gegee. Steve Biko se dood in polisie-aanhouding was vet in die vuur teen apartheid. Die Ned. Geref. Kerk het al meer besef dat die ideologie wat hy soveel jare onderskryf het, in die praktyk al meer verleenthede op 'n etiese vlak teweegbring. In retrospek is dit al hoe meer duidelik dat dit nie saak maak hoe 'n mens die dood van Steve Biko en ander polisie-aangehoudenes beskou nie, die Ned. Geref. Kerk het sy profetiese stem versaak as dit nie met krag veroordeel is nie. Dit kan ook betreur word dat die Ned. Geref. Kerk nie sy profetiese stem duideliker laat hoor het tydens die 1978 Algemene Sinode nie. Wantoestande in swartgemeenskappe wat die owerheid nie aangespreek het nie, en wat gelei het tot lewensverlies tydens die 1976 onrus, is deur die Ned. Geref. Kerk geïgnoreer.

Dit wat in 1976 as gevolg van onluste met Suid-Afrika gebeur het, het vir almal wat buite die swartleefwêreld gestaan het, die ideale geleentheid gebied om hulle eie posisie te herevalueer. Die Ned. Geref. Kerk is gevolglik ook opgeroep om onder die geklank van die Skrif te herbesin oor apartheid en die frustrasies wat daarmee na vore gekom het. Dit het ongelukkig die teenoorgestelde uitwerking gehad. Die fout is voor die deur van swartes gelê. Waar daar gevolglik besinning moes wees wat die profetiese getuienis positief kan beïnvloed, het groter afstand ontstaan. Die Kommissie vir skakeling met die Owerheid, het egter 'n waardevolle bydrae gelewer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tog reflekteer die bestaan van so 'n skakelkommissie die hegte band tussen die Ned. Geref. Kerk en owerheid. Verskuiwings was besig om plaas te vind in Suid-Afrika hoewel baie min mense dit besef het. Die Ned. Geref. Kerk het nie die geleentheid aangegryp om vanuit die Skrif sy profetiese stem hoorbaar genoeg te laat weerklink nie!

Die owerheid het ook steun van die Ned. Geref. Kerk gekry met die onafhanklikheid van die vier tuislande, naamlik Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Sonder internasionale erkenning was hierdie lande nooit werklik onafhanklik nie omdat die Suid-Afrikaanse regering vir die grootste deel van hul staatsbegroting verantwoordelik was.

Tydens die 1978 Algemene Sinode is weinig nuwe standpunte oor rasseverhoudinge ingeneem en word deurlopend na Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif verwys.

Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid het egter skerp verskil met dr Treurnicht as adjunk-minister. Naas die spanning met dr Verwoerd in 1957 oor die sogenaamde kerkklousule, verteenwoordig hierdie die grootste verskil tussen Ned. Geref. Kerk en owerheid. In teenstelling met die verskil van 1957 was die rimpelinge eintlik maar beperk tot die KSO en het die algemene media dit nie in publieke oog geplaas nie. Die probleem is ook sinvol ondervang toe die betrokke minister, min M.C. Botha tussenbeide getree het. Die kern van die probleem het eintlik daarin gelê dat die verkrampte dr Treurnicht 'n meer konserwatiewe toepassing aan die aanbidding en beweging van swartmense gegee het. Die KSO het dr Treurnicht duidelik op sy inkonsekwentheid gewys. Dit is verblydend dat die KSO sy profetiese stem oor aanbiddingsvryheid duidelik laat hoor het toe dr Treurnicht dit wou inperk.

Dit is tog jammer dat toe die profetiese woorde van dr Verwoerd in 1978 nie gerealiseer het nie, naamlik dat die stroom van swart beweging groter na die tuislande sal wees as vanaf tuislande na die sogenaamde blanke Suid-Afrika, dit nie duidelik deur die Ned. Geref. Kerk uitgewys is nie. Die Ned. Geref. Kerk moes ook op dié tydstip

© University of Pretoria

diep besin het oor die funksionaliteit van apartheid. Dít wat op etiese gronde as 'n tydelike en tussentydse reëling met groot pyn aan swartmense deur owerheid en Ned. Geref. Kerk onderskryf is, het geblyk dat dit in die praktyk misluk. 'n Moontlike rede waarom die profetiese stem van die Ned. Geref. Kerk stil geraak het, kan wees omdat sy vennoot, die owerheid, huiwerend die tekortkominge van apartheid begin besef het en gepoog het om konstitusionele aanpassings te maak.

Die inligtingskandaal het binnelands en buitelands groot opslae gemaak. Binnelands het dit die vertroue in die regering ernstig geskaad. Die feit dat dit by die Wes-Kaapse Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1979 aan die lig gekom het dat die Ned. Geref. Kerk ook geheime fondse vir sy ekumeniese aksie gekry het, het die Ned. Geref. Kerk by die debakel betrek. Hierdie feit wat aan die lig gekom het, toon aan hoe 'n hegte band daar tussen die Ned. Geref. Kerk en die owerheid bestaan het en dat hulle inderdaad vennote was. Hoewel bevind is dat fondse gebruik is waarvoor dit oorspronklik bedoel was en dat geen ongerymdhede voorgekom het nie, laat die hele aangeleentheid nog steeds 'n wrang smaak in die mond.

Die skeuring in die Nasionale Party aan die begin van 1982 en die stigting van die Konserwatiewe Party op 20 Maart 1982 het deurgesyfer na die Ned. Geref. Kerk toe, sodat daar 'n verdeling onder Ned. Geref. Kerk-lidmate was. Uit die sensitiewe aard wat politieke verdeeldheid binne kerklike geledere na vore gebring het, kon verwag word dat versigtig oor apartheid gereageer is. Beide die Moderators van die 1978 en 1982 Algemene Sinodes het simpatie met apartheid gehad. Hierdie sake het alles bygedra dat die Ned. Geref. Kerk voete gesleep het om profeties standpunt in te neem teenoor die verkeerde sake wat saam met apartheid plaasgevind het. Die laat sewentigerjare en vroeë tagtigerjare sal beslis as die verspeelde jare bekend staan waarin die duidelike stem van die Ned. Geref. Kerk teen apartheid nie gehoor is nie.

Na die skeuring van die Nasionale Party neem ons duidelik waar hoe die regering voorloop om diskriminasie af te skaf en apartheid op

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te hef. Die Ned. Geref. Kerk reageer in dié tyd reaktief. 'n Goeie voorbeeld in hierdie verband is ten opsigte van die Wet op verbod van Gemengde Huwelike, waar die Ned. Geref. Kerk eers na die tyd amptelik daarop gereageer het. Op redelike gronde kon verwag word dat die Ned. Geref. Kerk wat so gepleit het vir die implementering van die wet vroeër, eerste die inisiatief sou neem sodat hierdie wette uitgefaseer word.

Die stormwinde wat die Ned. Geref. Kerk getref het deur die Hervormingsdaggetuienis, die publikasie van die boek Storm-kompas, die Ope Brief en die status confessionis van die NGSK, moet nie onderskat word nie. Dit het 'n effektiewe bydrae gelewer om die Ned. Geref. Kerk op sy pad weg van apartheid te stuur. Dit het gedui op 'n groeiende negatiewe beoordeling ten opsigte van die etiek van apartheid. Die kerkleiding het telkens negatief gereageer teenoor die stormwinde wat die Ned. Geref. Kerk getref het. Dikwels is tegniese punte geopper om kritiek te lewer. Indien die kerkleiding sensitief genoeg was om verby die kritiek te kyk en die noodkrete waar te neem kon dit hulle help dat die Ned. Geref. Kerk die slaggate van die verspeelde jare misgetrap het. Bogenoemde reaksies was duidelike pogings om 'n bydrae te lewer sodat die profetiese stem van die Ned. Geref. Kerk helderder en duideliker hoorbaar kon wees in moeilike jare.

Die Wes-Kaaplandse Sinode van 1983 moet uitgesonder word as 'n sinode wat in pas was met veranderde omstandighede. Hierdie sinodesitting was uiteindelik die stimilus van die gebeure wat tydens die Algemene Sinode van 1986 plaasgevind het. Deur sy optrede het die Wes-Kaaplandse Sinode bevestig dat die inisiatief wat dit vanaf die sestigerjare oor rassekwessies gehad het, behoue gebly het.

Die weerstand van buitelandse kerke en wêreld ekumeniese liggame het nà Cottesloe in 1960 telkens toegeneem. Apartheid is skerp veroordeel na die 1976 onrus en in die vroeë tagtigerjare vind ons 'n kulminasiepunt in die weerstand. Daar was selfs groeiende weerstand teen die Ned. Geref. Kerk se onderskrywing van apartheid deur ekumeniese liggame van gereformeerde belydenis. Die Ned.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geref. Kerk was onder geweldige druk in die vroeë tagtigerjare geplaas deur die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke waarvan die Ned. Geref. Kerk lid was. In retrospek is dit jammer dat die Ned. Geref. Kerk nie besef het dat 'n fout met apartheid gemaak word nie. Bykans alle kerke in die wêreld het die Ned. Geref. Kerk veroordeel oor apartheid. Al die kerke kon tog nie almal verkeerd wees teenoor net die Ned. Geref. Kerk wat honderd persent reg is nie.

Tot die Algemene Sinode van 1986 was Suid-Afrika in 'n landswye greep van onrus vasgevang wat reeds meer as twee jaar geduur het. Op ekonomiese gebied is sanksies teen Suid-Afrika ingestel. Die tafel was dus baie duidelik gedek dat die 1986 Algemene Sinode 'n waterskeidingsinode sou wees!

## 6.6 DIE TYDPERK 1986 - 1991

Die Algemene Sinode van 1986 verteenwoordig beslis 'n draaipunt in die Ned. Geref. Kerk se standpunt oor apartheid. Dié sinode was moontlik die heel belangrikste in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Die Ned. Geref. Kerk het lank watergetrap en geswyg oor apartheid en is gekonfronteer om standpunt in te neem.

Kerk en Samelewing in 1986 was 'n baie tydige standpuntstelling van die Ned. Geref. Kerk. Dit het soos sagte reën gevolg op die jare van droogte waarin daar na uitkoms gesmag is. In Kerk en Samelewing word daar teologies opnuut vanuit die Skrif besin. Dit moet as die duidelikste pluspunt aangetoon word. Die Ned. Geref. Kerk het profeties sy verantwoordelikheid nagekom in Kerk en Samelewing.

In 'n onderhoud met dr Gaum, redakteur van die Kerkbode, het hy die standpunt gehuldig dat ds Kobus Potgieter en andere die hersiening van Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif, in 1982 eintlik vertolk het as 'n opdrag om dit in verstaanbare Afrikaans vir lidmate te skryf. Dit verklaar ook die dispuut in die geledere van die hersieningskommissie. Die verdeeldheid in die denke en harte van die hersieningskommissie reflekteer eintlik die gesig van die sinodegangers in 1986. Verteenwoordigers tydens die sinode het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beide die Nasionale Party en Konserwatiewe Party ondersteun. Daar was ook 'n groep bloed-nasionaliste wat die Nasionale Party ondersteun het maar in die praktyk vasgekleef het aan apartheid. Prof Heyns se verkiesing as moderator was 'n vroeë oorwinning vir die meer verligte groep. Sy dinamika, maar ook absolute sterk leiding, het ongetwyfeld die 1986 Algemene Sinode baie beïnvloed. Die besluite van die Algemene Sinode van 1986 repudieer vroeëre besluite van die Ned. Geref. Kerk. Hoewel apartheid in beginsel afgewys is, is die vraag gestel of dit wesenlike invloed in die praktyk gaan hê.

'n Belangrike saak in die Ned. Geref. Kerk se verhouding met die owerheid moet aangetoon word. Die band tussen Ned. Geref. Kerk en owerheid is deur die Algemene Sinode van 1986 verstewig. Die Ned. Geref. Kerk en die owerheid het vanaf 1948 nog nooit sy hegte band laat vaar nie. Die owerheid het begin om apartheid af te takel en die Ned. Geref. Kerk het hierop gereageer. Een verskil met 1948 is die volgende: In 1948 was die Ned. Geref. Kerk pro-aktief aan die werk om apartheid te implementeer en in 1986 het die Ned. Geref. Kerk reaktief apartheid afgetakel. In beide gevalle was vennote saam aan die werk. Die Ned. Geref. Kerk het egter sy politieke standpunte baie fyn gestel. Elke keer as dit moeilik is om te reageer huldig die Ned. Geref. Kerk die standpunt dat hy nie die party-politieke arena wil betree nie. In die praktyk was die Ned. Geref. Kerk met goeie kamoeflering in die politieke arena deurdat hy apartheid onderskryf het.

In die wandelgange is genoem dat prof Heyns nie versoenend genoeg met die konserwatiewe lidmate soos prof Lubbe gehandel het nie en dat dit kerkskeuring aangehelp het. Dit is egter te betwyfel. In hulle harte het hulle 'n besluit geneem weg van die Ned. Geref. Kerk en sou alleen omdraai as Kerk en Samelewing grootliks gekanselleer is.

Die algemene verkiesings van 1987 en 1989 het die blanke politiek in Suid-Afrika uitgesorteer en as te ware die politieke debat met regses afgesluit. Die laat-tagtigerjare was moeilike jare in Suid-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrika. Ekonomiese sanksies het die land verarm, internasionale druk op Suid-Afrika het 'n hoogtepunt bereik en binnelandse onrus en 'n noodtoestand wat afgekondig is, het bygedra dat Suid-Afrika 'n krisis beleef het.

Die Vereeniging-beraad het die Ned. Geref. Kerk en dogterskerke in 1990 beslis nader aan mekaar gebring. Dit wil egter voorkom asof die inisiatief nie opgevolg is nie en die familie van Ned. Geref. Kerk al meer in verskillende rigtings beweeg. Die totstandkoming van die Verenigde Gereformeerde Kerk in 1994 waarin die NGSK en NGKA saamgesmelt het dui op 'n groot breuk.

Daar is 'n moedeloosheid by dogterskerke opgemerk nadat die Ned. Geref. Kerk prinsipieel apartheid opgehef het, maar in die praktyk nog met ras-georiënteerde kerke die nuwe Suid-Afrika binne gegaan het.

Die verkiesing van mnr F.W. de Klerk tot hoofleier van die Nasionale Party en later tot Staatspresident het 'n nuwe era in Suid-Afrika ingelei. Sy toespraak op 2 Februarie 1990 tydens die opening van die parlement was die deurbraak waarop daar lank gewag is. Die ontbanning van verbode organisasies en die vrylating van mnr Nelson Mandela het nie die chaos in Suid-Afrika meegebring wat gevrees is nie. Die nuwe Suid-Afrika het nuwe eise aan die Ned. Geref. Kerk gestel.

Die Algemene Sinode van 1990 het volgens verwagting afgeloop en ons vind 'n verdere verfyning in standpunte van Kerk en Samelewing 1986.

Die Rustenburgse-kerkeberaad verteenwoordig beslis 'n hoogtepunt in die geskiedenis van ekumene in Suid-Afrika. Prof Willie Jonker het in 'n persoonlike onderhoud die standpunt gehuldig dat hy nie iets nuuts tydens die Rustenburg-kerkeberaad gesê het nie. Hy het net die standpunt gehuldig na aanleiding van sy interpretasie van Kerk en Samelewing. Hy het as prominente lidmaat skuld bely en besef hy is nie 'n afgevaardigde nie. Hy het geglo dat hy die druk van die afgevaardigdes afgeneem het deurdat hy die skuldbelydenis gedoen

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het. Hy het ook die moontlikheid van skuldbelydenis in sy toespraak deur hom, die vorige aand bespreek en die afgevaardigde het die mening uitgespreek dat prof Jonker dit moet doen.

Die feit dat die Ned. Geref. Kerk nie sy rug op die afgevaardigdes gedraai het nie is 'n pluspunt. Die Ned. Geref. Kerk het na Rustenburg nie teruggeskarrel soos dertigjaar gelede na Cottesloe nie.

Met winde van verandering wat oor 'n nuwe Suid-Afrika waai moet die Ned. Geref. Kerk beslis besef dat hy onder geweldige druk is. Deur sy hegte band met die owerheid was sy profetiese stem dikwels stil gewees as gevolg van die onreg wat deur apartheid na vore gekom het. Die Ned. Geref. Kerk het ongelukkig 'n etiket om sy nek. Prof Jelsma van Kampen in Nederland het dit in 'n persoonlike onderhoud bevestig. Die Ned. Geref. Kerk bly in die oë van die wêreld 'n apartheidskerk. Prof Adrio König het in 'n persoonlike onderhoud die mening uitgespreek dat die Ned. Geref. Kerk homself op twee bene gevestig het naamlik, die sending/diens van barmhartigheidsbeen en die apartheidsbeen. Hy is besig om beide bene te verloor.

Dit is baie duidelik dat die Ned. Geref. Kerk en die owerheid dieselfde doelwitte nagejaag het. Deurdat hulle mekaar voortdurend ondersteun het, het die beginsel van soewereiniteit in eie kringe somtyds in die slag gebly. Hulle belange was so vervleg dat subjektiwiteit nie uitgebly het nie. Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk, hoewel met eerlike bedoelings, somtyds sy profetiese stem nagelaat. Die Ned. Geref. Kerk het nagelaat om teologies-krities apartheid te evalueer en sodoende in gebreke gebly om die Reformasie-boodskap van 'n terugkeer na die Skrif volledig na te kom!

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Geref. Kerk het met sy ondersteuning van apartheid en hegte band met die owerheid meegewerk om sy baie "bevoorregte" posisie ten opsigte van die owerheid ongedaan te maak. Met 'n nuwe regering na 27 April 1994 wat deur die tradisionele opposisie, die ANC gelei word, het die Ned. Geref. Kerk die afstand gebring tussen homself en die nuwe owerheid. 'n Era is afgesluit in Suid-Afrika en daar is 'n nuwe era, met 'n nuwe owerheid wat nuwe vennote in ander kerke kan vind. Indien die Ned. Geref. Kerk nuwe geleenthede aangryp, kan sy Skriftuurlike opdrag, met 'n duidelike profetiese stem, óók teenoor die owerheid, gehoor word. Die alternatief is 'n eensame pad ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BIBLIOGRAFIE

## I. ARGIVALE BRONNE

### A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

**Van die Ned. Geref. Kerk:**

Verslag van die Federale Sendingraad, 1950 (Kaapse Kerkargief).

Notule van die Federale Sendingraad, 1944 en 1945 (Kaapse Kerkargief).

Notules van die Kommissie vir Skakeling met die owerheid, 1974 - 1979, 1987.

Notule van die Wes-Kaapse Sinodale Kommissie, 11 Oktober 1987 (Kaapse Kerkargief).

Notules van die Algemene Sinodale Kommissie, 1987 - 1993.

**Memorandum van:**

NGKA oor die 1976 onluste.

Dr A P Treurnicht aan die Kommissie vir Skakeling met die owerheid, 1977.

KSO van die onluste in Soweto, 1976.

Die stedelike bantoe in blanke gebiede, 1978.

**Antwoord** van die Christelike Instituut op die besluit van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk insake die Christelike Instituut soos geneem in Oktober 1966. Kaapse Kerkargief.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## B. Gepubliseerde Bronne

Handelingen van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika; 1919.

Handelingen van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika; 1922.

Handelingen van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika; 1925.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1928.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1931.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1934.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1937.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1940.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1944.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1948.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1951.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1954.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1957.

Handelinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika; 1961.

Handelinge van die Noordelike Streeksinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal, 1957.

Handelinge van die Noordelike Streeksinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal, 1959.

Handelinge van die Noordelike Streeksinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal, 1961.

Handelinge van die Suidelike Streeksinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal, 1957.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1925.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1928.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1931.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1934.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1937.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1940.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1944.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1948.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1952.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1956.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1960.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1964.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1972.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje Vrystaat, 1991.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1933.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1948.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1951.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1954.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1957.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1961.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1965.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1969.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1971.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Natal, 1987.

Handelingen van die Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika, 1915.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1928.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1930.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1932.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1936.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1940.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1945.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1949.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1953.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1959.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1961.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1965.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1969.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1973.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1991.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1963.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1968.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1972.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1983.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Transvaal, 1991.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1963.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1968.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1972.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Transvaal, 1991.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Transvaal, 1972.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Transvaal, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Transvaal, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Transvaal, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Transvaal, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Transvaal, 1991.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, 1973.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, 1975.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, 1979.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, 1991.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Transvaal, 1979.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Transvaal, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Transvaal, 1987.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Transvaal, 1991.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, 1980.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, 1983.

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, 1987.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1911.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1913.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1915.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1917.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1919.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1921.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1923.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1925.

Handelingen van die Raad van Ned. Geref. Kerken, 1927.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1929.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1931.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1933.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1935.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1937.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1939.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1941.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1943.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1945.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1947.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1949.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1951.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1953.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1955.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1957.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1959.

Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1961.

Handelinge van die NGSK, 1978.

Handelinge van die NGSK, 1982.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1962.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1966.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1970.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1974.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1978.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1982.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986.

Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1990.

Samevatting van die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. 1955. Sentrale Staatsartief, Pretoria.

Debatte van die Volksraad, Kolom 5569-5590: 1956, Sentrale Staatsargief, Pretoria.

Verslag van die Kommissie van ondersoek na geheime organisasies. 1965. Pretoria. Sentrale Staatsartief,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# II. ALGEMENE LITERATUUR

Adam, H. & Moodley, K. 1985. *South Africa without apartheid: dismantling racial domination.* Berkeley: University of California Press.

Adam, H. 1971. *Modernising racial domination: South Africa political dynamics.* Berkeley: University of California Press.

Adonis, J.C. 1982. *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou?* Amsterdam: Roclopi.

Alberts, L. & Chikane, F. (red.) 1991. *The road to Rustenburg.* Kaapstad: Struik.

Algemene Sinode - Ned. Geref. Kerk 1975. *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif.* Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Algemene Sinode - Ned. Geref. Kerk 1986. *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk.* Bloemfontein: N.G. Sendingpers.

Algemene Sinode - Ned. Geref. Kerk 1990. *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk.* Bloemfontein: N.G. Sendingpers.

Aspects of black housing in South Africa. 1981. Johannesburg: S.A. Foundation.

Ballinger, M. 1969. *From union to apartheid: a trek to isolation.* Kaapstad: Juta.

Banton, M. 1967. *Race relations.* London: Tavistock.

Benson, M. 1986. *Nelson Mandela.* Harmondsworth: Penguin.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Biko, S. (red.) 1972. *Black viewpoint*. Durban: Sprocas.

Biko, S. 1978. *Black Consciousness in South Africa*. New York: Random House.

Boesak, A. 1975 *Om het Zwart te zeggen*. Kampen: Kok.

Boesak, A. 1977. *Farewell to innocence: a socio-ethical study of black theology and black power*. Johannesburg: Ravan.

Boesak, A. 1984. *Black and reformed: apartheid, liberation and the Calvinist tradition*. Johannesburg: Skotaville.

Bosch, D.J. König, A. e.a. (reds.) 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Boshoff, C.W.H. 1987. *Kerk en Samelewing in oënskou, kommentaar en kritiek*. Pretoria: V & R Drukkery.

Boshoff, H. 1990. *Samelewingsveranderinge en die kerk in die negentiger jare: moontlike implikasies*. Potchefstroom: Instituut vir toekomstudies, PU vir CHO.

Botha, P.W. 1985. *Manifes vir die toekoms*. Pretoria: Departement van Buitelandse Sake.

Breytenbach, W.J. 1974. *Bantoetuislande, verkiesings en politieke partye*. Pretoria: Afrika Instituut.

Brookes, A. & Brickhill, J. 1981. *Whirlwind before the storm: the origins of the uprising in Soweto and the rest of South Africa, from June to December 1976*. London: International Defence and Aid Fund for Southern Africa.

Brookes, E.H. 1974. *White rule in South Africa, 1830 - 1910: varieties in governmental policies affecting Africans*. Pietermaritzburg: Universiteit van Natal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Brouard, P. 1986. *African rights and the 1986 parliamentary session.* Johannesburg: Suid-Afrikaanse Instituut vir rasseverhoudinge.

Brown, D. 1966. *Against the world: a study of white South African attitudes.* London: Collins.

Bundy, C. 1979. *The rise and fall of the South African peasantry.* Berkeley: University of California Press.

Buning, B. 1971. *Education for apartheid.* London: Christian Action for the South Africa Education Fund.

Buro van Inligting. 1987. *Staatkundige hervorming in Suid-Afrika.* Johannesburg: Perskor.

Buskes, B. 1955. *Zuid-Afrika's Apartheidsbeleid.* Den Haag: Doorn.

Buthelezi, M.G. 1979. *Power is ours.* New York: Books in Focus.

Buthelezi Commission. 1982. *The requirements for stability and development in Kwa-Zulu and Natal. Durban: H & H Publications, 2 volumes.*

Buthelezi, S. (red.) 1978. *The Black People's Convention.* New York: Black liberation press.

Buys, R. 1975. *Religious beliefs and white prejudice.* Johannesburg: Ravan

Callinicos, A.E. & Rogers, J. 1978. *South Africa after Soweto.* London: Pluto. 2de uitgawe.

Cameron, T. 1991. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Human & Rousseau.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Carter, G.M. 1958. *The politics of inequality: South Africa since 1948*. London: Thames and Hudson.

Carter, G.M. 1980. *Which way is South Africa going?* Bloomington: Indiana University Press.

Cassidy, M. 1990. *The politics of love*. London: Hodder & Stoughton.

Cloete, G.D. & Smit, D.J. 1984. *'n Oomblik van waarheid*. Kaapstad: Tafelberg.

Coetzee, J.H. 1942. *Verarming en oorheersing*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Coetzee, J.H. 1986. *Die Afskaffing van instromingsbeheer in oënskou*. 4(6) p.223-231. Potchefstroom: IPSA, PU vir CHO.

Dag Hammarskjold Library. 1968. *Apartheid: a select bibliography on the racial policies of the Government of the Republic of South Africa*. New York: United Nations.

Dag Hammarskjold Library. 1978. *Apartheid: a select bibliography on the racial policies of the Government of the Republic of South Africa, 1970 - 1978*. New York: United Nations.

De Grucy, J.W. 1979. *The church struggle in South Africa*. Kaapstad: David Philip.

De Gruchy, J.W. 1986. *Cry justice! Prayers, meditations and readings from South Africa*. London: Collins.

De Klerk, W. e.a. 1982. *Die dwang van statistiek*. Potchefstroom: IPAS, PU vir CHO.

Desmond, C. 1978. *Christians or capitalists? Christianity and politics in South Africa*. London: Bowerdean Press.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



De Villiers, D. & De Villiers, J. 1984. P.W. Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, E. & Kinghorn, J. 1984. *Op die skaal: Gemengde huwelike en ontug*. Kaapstad: Tafelberg.

De Waal, E. & Tolmay, B.J. 1991. *Die Wit Teologie*. Pretoria: Anrics.

Die Erika Theron-kommissie. 1976. *Die kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die kleurlingbevolkingsgroep*. Pretoria: Staatsdrukker

Du Plessis, L.M. 1977. *Calvyn oor die staat en die reg*. Potchefstroom: Instituut vir die bevordering van Calvinisme: PU vir CHO.

Du Toit, D.S. (red.) 1984. *Menseregte*. Kaapstad: Tafelberg.

Durand, J.J.F. 1970. *Swartman, Stad en Toekoms*. Kaapstad: Tafelberg.

Edwards, J. 1974. *Migrant labour: a select bibliography*. Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.

Esterhuyse, W.P. 1986. *Swart verstedeliking*. Potchefstroom: I.R.S. PU vir CHO.

Esterhuyse, W.P. & Nel, P. (red.) 1990. *Die ANC*. Kaapstad: Tafelberg.

Esterhuyse, W.P. 1989. *Broers buite hoorafstand*. Kaapstad: Tafelberg.

Frederikse, J. 1986. *South Africa: a different kind of war from Soweto to Pretoria*. Johannesburg: Ravan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gann, L.H. & Duignan, P. 1987. *Why South Africa will survive?* Cape Town: Tafelberg.

Gaum, F. 1981. *Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika*. Pretoria: Ned. Geref. Kerk Boekhandel.

Geldenhuys, D.J. 1981. *South Africa's black homelands: past objectives, present realities and future developments*. Johannesburg: S.A. Institute of International Affairs.

Geldenhuys, O'Brein F.E. 1982. *In die stroomversnelling - 50 jaar van die N.G. Kerk*. Kaapstad: Tafelberg.

Geldenhuys, D.J. 1986. *Internasionale isolasie: Suid-Afrika in vergelykende perspektief*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Gerhart, G.M. 1978. *Black power in South Africa: the evolution of an ideology*. Berkeley: University of California Press.

Giliomee, H. 1982. *The parting of the ways: South African politics 1976 - 1982*. Kaapstad: Phillips.

Gosker, A. 1976. *Dialoog zonder dreiging*. Amsterdam: G & P.

Grinker, D. 1986. *Inside Soweto*. Johannesburg: Eastern Enterprises.

Hachten, W.A. & Giffard, C.A. 1984. *Total onslaught: the South African press under attack*. Johannesburg: Macmillan.

Harrison, D. 1987. *The white tribe of Africa: South Africa in perspective*. Johannesburg: Macmillan.

Harsch, E. 1980. *South Africa: white rule, black revolt*. New York: Monad.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hellman, E. 1979. *Race relations in South Africa*. Johannesburg: S.A. Instituut vir rasseverhoudinge.

Henning, J.J. 1957. *De Naturellen (stadsgebieden) Wet, no. 21 van 1923*. Potchefstroom: Verhandeling M.A. PU vir CHO.

Herbstein, D. 1979. *White man, we want to talk to you*. New York: Africana Publishing Company.

Hexman, I. 1981. *The irony of apartheid: the struggle for national, independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism*. New York: Edwin Mellen Press.

Heyns, J.A. 1986. *Teologiese Etiek 2/1*. Pretoria: NGKB.

Heyns, J.A. 1989. *Teologiese Etiek 2/2*. Pretoria: NGKB.

Hill, C.R. 1983. *Change in South Africa: blind alleys or new directions?* London: Collins.

Hindson, D.C. 1983. *The pass system and the formation of an African proletariat in South Africa: a critique of the cheap labour*. Brighton: University of Sussex.

Hirson, B. 1979. *Year of fire, year of ash: Soweto-roots of a revolution?* London: Collins.

Hofmeyr, J.W. & Vorster, W.S. 1984. *New faces of Africa - Essays in honour of Ben (Barend Jacobus) Marais*. Pretoria: Unisa.

Hofmeyr, J.W., du Toit, J.H.H. & Froneman, C.J.J. (red) 1987. *Perspektiewe op Kairos*. Kaapstad: Lux Verbi.

Hoofkomitee: R.G.N.-ondersoek na tussengroepverhoudinge. 1985. Pretoria: RGN.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Horrell, M. 1982. *Legislation and race relations.* Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.

Horrell, M. 1982. *Race relations as regulated by law in South Africa, 1948 - 1979.* Johannesburg. S.A. Institute of Race Relations.

Hugo, P. & Kotzé, H. 1978. *Suid-Afrika: Oorlewing in politieke perspektief.* Johannesburg: Jonathan Ball.

Hund, J. & Van der Merwe, H.W. 1986: *Legal ideology and politics in South Africa: a social science approach.* Kaapstad: University Press of America.

Hutmacher, B. 1982. *In black and white: voices of apartheid.* Kaapstad: University Press of America.

Jackson, J.D. 1980. *Justice in South Africa.* London: Secker & Warburg.

Johns, S. & Davis, R.H. 1991. *Mandela, Tambo and the African National Congress.* New York: Oxford university press.

Johnson, R.W. 1977. *How long will South Africa survive?* Johannesburg: Macmillan.

Johnstone, F.A. 1976. *Class, race and gold: a study of class relations and racial discrimination in South Africa.* London: Routledge and Kegan Paul.

Jooste, C.J. 1973. *Die Bantoebevolking in die blanke gebiede.* Pretoria: SABRA.

Joseph, H. 1986. *Side by side.* London: Zed.

Joyce, P. 1990. *The rise and fall of apartheid.* Kaapstad: Struik.

© University of Pretoria

Kagan, A. 1982. *The African National Congress of South Africa: a bibliography.* New York: United Nations.

Kallaway, P. & Kallaway, J. 1983. *A preliminary select bibliography of education for black South Africans.* Kaapstad: University of Cape Town.

Kane-Berman, J. 1978. *Soweto: black revolt, white reaction.* Johannesburg: Ravan.

Keet, B.B. 1955. *Suid-Afrika - Waarheen?* Kaapstad: Tafelberg.

Kenney, H. 1980. *Architect of apartheid: H.F. Verwoerd - an appraisal.* Johannesburg: Ball.

Kinghorn, J. (red.) 1986. *Die N.G. Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan.

König, A. 1987. *Super-apartheid in die kerk: Die oortuigings van die beswaardes volgens Geloof en Protes.* Pretoria: NGKB.

Kuper, L. & Smith, M.G. (red.) 1969. *Pluralism in Africa.* Berkeley: University of California Press.

Kuper, L. 1974. *Race, class and power: ideology and revolutionary change in plural societies.* London: Duckworth.

Kuper, L. 1977. *The pity of it all: polarisation of racial and ethnic relations.* London: Duckworth.

Laurence, P. 1976. *The Transkei: South Africa's politics of partition.* Johannesburg: Ravan.

Laurence, J. 1979. *Race, propaganda and South Africa.* London: Gollancz.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Le May, G.H.L. 1971. *Black and white in South Africa: the politics of survival*. London: BPC.

Leistner, G.M.E. 1986. *Influx control*. Pretoria: Afrika Instituut van S.A.

Lelyveld, J. 1986. *Move your shadow: South Africa, black and white*. Johannesburg: Ball.

Lever H. 1978. *South African society*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Levy, N. 1972. *The foundations of South African cheap labour system*. London: Routledge and Kegan Paul.

Lewin, J. 1967. *The struggle for racial equality*. London: Longmans, Green.

Lewin, J. 1963. *Politics and law in South Africa: essays on race relations*. London: Merlin.

Lewis, G. 1986. *Between the wire and the wall: a history of South African Coloured politics*. Kaapstad: David Philip.

Lijphart, A. 1985. *Power-sharing in South Africa*. Berkeley: University of California.

Lombard, R.T.J. 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek met spesiale verwysing na die jare 1948 - 1961*. Pretoria: NGKB.

Loubser, J.A. 1987. *The apartheid Bible*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Louw, L. & Kendal, F. 1986. *South Africa: the solution*. Bisho, Ciskei: Arnag.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lückhoff, A.H. 1978. *Cottesloe*. Kaapstad: Tafelberg.

Magubane, P. 1986. *June 16: the fruit of fear*. Johannesburg: Skotaville.

Mandela, N. 1965. *No easy walk to freedom: articles, speeches and addresses*. London: Heinemann.

Mandela, N. 1986. *The struggle is my life 1986*. International Defence and Aid Fund for Southern Africa.

Marais, B.J. 1952. *Kleurkrisis en die Weste*. Johannesburg: Goeie Hoop.

Marais, J.C. 1986. *Die N.G. Kerk en die regverdiging van apartheid*: Sovenga: Stofberg Teologiese Skool.

McCallum, T.G. 1989. *South Africa: land of hope?* Johannesburg: Amagi Publications.

Moerdijk, D. 1981. Anti-development: *South Africa and its bantustans*. Paris: Unesco.

Morris, P. 1981. *A history of black housing in South Africa*. Johannesburg: S.A. Foundation.

Mostert, J.J.C. 1986. *Die afskaffing van die wet op verbod van gemengde huwelike en Artikel 16 van die ontugweg*. Bloemfontein: Ineg, UOVS.

Muller, C.F.J. (red.) 1985. *Vyf honderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academica.

Ngubane, J.K. 1963. *An African explains apartheid*. London: Pall Mall.

Omond, R. 1985. *The apartheid handbook*. Harmondsworth: Penguin.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Parker, F.J. 1983. *South Africa: lost opportunities*. Lexington: Lexington Books.

Pelser, A.N. (red.) 1966. *Verwoerd aan die Woord*. Pretoria: Afrikaanse Pers Boekhandel.

Pistorius, P.V. 1957. *Die trek is verby*. Johannesburg: Goeie Hoop.

Platzky, L. & Walker, C. 1985. *The surplus people: forced removals in South Africa*. Johannesburg: Ravan.

Prozesky, M. (red) 1990. *Christianity in South Africa*. Kaapstad: Southern Book Publishers.

Regehr, E. 1979. *Perceptions of apartheid: the churches and political change in South Africa*. Scottdale. Herald Press.

RGN - ondersoek na tussengroepverhoudinge 1985. *Die Suid-Afrikaanse samelewing: Werklikhede en toekomsmoontlikhede*. Pretoria: RGN.

Sabra, 1952. *Groepsgebiede en woonbuurtskeiding*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Scholtz, G.D. 1967. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel 1 1652 - 1806*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz, J.J.J. 1988. *Vegter en hervormer*. Kaapstad: Tafelberg.

Sentrale statistiekdiens. 1991. *RSA Kernstatistieke*. Pretoria: SSD.

Sentrale statistiekdiens. 1991. *Demografiese statistieke*. Pretoria: SSD.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Serfontein, C.H. 1970. *Instromingsbeheer in Stedelike Bantoe-administrasie*. Potchefstroom: MA verhandeling. PU vir CHO.

Serfontein, J.H.P. 1982. *Apartheid, change and the N.G. Kerk*. Johannesburg: Taurus.

Slabbert, F.v.Z. 1985. *The last white Parliament*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Smit, J. 1991. *Tyd vir Vrede*. Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, P. & Booysen, J.J. 1981. *Swart Verstedeliking*. Pretoria: Instituut vir Plurale samelewings, UP.

Smith, Geldenhuys, Meiring, 1981. *Stormkompas*. Kaapstad: Tafelberg.

Stals, E.L.P. (red.) 1978. *Afrikaners in die Goudstad 1886 1961*. 2 dele. Pretoria: HAUM.

Steenkamp, J.J. 1987. *Die Wêreldraad van kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika*. Pretoria: Doktorale Proefskrif, UP.

Straus, S.A. 1987. *"Kerk en Samelewing" blootgelê*. Pretoria: SACUM.

Strydom, H. & Wilkins, I. 1980. *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner-Broederbond*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Sunter, C. 1987. *Die wêreld en Suid-Afrika in die jare negentig*. Kaapstad. Human & Rousseau: Tafelberg.

Thomashasen, A.E.A.M. 1987. *The dismantling of apartheid: the balance of reforms 1978 - 1988*. Kaapstad: Printpak Books.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Thom, H.B. 1980. *D F Malan.* Kaapstad: Tafelberg.

Treurnicht, A.P. 1956. *Die verhouding van die staat tot die kerk by dr A Kuyper, 1837 - 1920.* Kaapstad: Doktorale proefskrif, UK.

Ungerer, L. 1991. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke.* Pretoria: Doktorale Proefskrif, UP.

Van den Berg, A.E. 1988. *Moeder, ek kla u aan.* Pretoria: Piet Roodt Drukkers.

Van der Merwe, J.M. 1990. *"Ras, Volk en Nasie" en "Kerk en Samelewing" as beleidstukke van die Ned. Geref. Kerk. 'n Kerk-historiese studie.* Pretoria: Doktorale Proefskrif, UP.

Van der Merwe, W.J. 1985. *Die Pad Vorente: Die N.G. familie se strewe na eenheid.* Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

Van der Watt, P.B. 1975. *Gedagtes rondom 'n kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysing na die Ned. Geref. Kerk.* Pretoria: Universiteit van Pretoria Nr 92-1975.

Van der Watt, P.B. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 - 1824.* Pretoria: NGKB.

Van der Watt, P.B. 1977. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834 - 1866.* Pretoria: NGKB.

Van der Watt, P.B. 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824 - 1905.* Pretoria: NGKB.

Van der Watt, P.B. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975.* Pretoria: NGKB.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Jaarsveld, F.A. 1976. *Van Riebeeck tot Vorster*. Johannesburg: Perskor.

Van Jaarsveld, F.A. 1982. *Van van Riebeeck tot P W Botha*. Johannesburg: Perskor.

Van Jaarsveld, F.A. & Rademeyer, J.I. 1966. *Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Verkuyl, J. 1982. *Bestrijden van het Racisme*. Kampen: Kok.

Verslag van die Carnegie-Kommissie 1932. *Die armblanke vraagstuk in Suid-Afrika Deel 1 - 5*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Voortsettingskomitee. 1987. *Geloof en Protes: 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"*. Pretoria: Aurora.

## III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

Beeld, 1984, 1985.

Die Burger, 1979, 1982.

Die Gereformeerde Vaandal, 1956.

Die Kerkbode, 1949, 1956, 1961, 1968, 1974 - 1994.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hofmeyr, J.W. 1988. *Kerkgeskiedenis, die koningin van die Teologiese wetenskappe? Vraaggesprek met Prof B.J. (Ben) Marais oor kerkgeskiedenis en 'n aantal perspektiewe op kerkhistoriese en breër maatskaplike gebeure* (Deel II). Theologia Evangelica XXI - I p.24-33. Pretoria: Unisa.

Hoofstad, 1978, 1979.

Lückhoff, A.H. 1981. *Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.* Studia Historiae Ecclesiasticae. VII p.104-115. Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Pro Veritate 1963, 1969.

Rapport, 1990

The Star, 1983

## IV. PERSOONLIKE ONDERHOUDE

Brynard, K. - Politieke joernalis, Rapport - April 1992.

Du Plessis, B.J. - Leier van die Nasionale Party in Transvaal. - November 1990.

Gaum, F. - Redakteur, Die Kerkbode.

Jonker, W.D. - Teologiese professor, US. April 1992.

König, A. - Teologiese professor, Unisa. Junie 1994.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Nel, L. | - Hoofsekretaris van die Nasionale Party van Transvaal. Februarie 1990. |
| Pretorius, J. | - Professor in Sosiologie, Unisa. - April 1994. |
| Jelsma, A.J. | - Teologiese professor, Kampen. Junie 1992. |

## V. VIDEO

Die lewe van dr Beyers Naudé (wat onderhoude insluit) - 1992.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ADDENDUM 1

## THE RUSTENBURG DECLARATION - NOVEMBER 1990

### Pre-amble

We, 230 representatives of 97 denominations and organisations participating in the National Conference of Church Leaders in South Africa, have come together in Rustenburg in the belief that it is under the authority of God's Word and the guidance of the Holy Spirit. We have been convinced anew of God's amazing grace by the way in which, despite our wide variety of backgrounds, we have begun to find one another and to discover a broad consensus through worship, prayer, confrontation, confession and costly forgiveness. We have sought a spirit of patience, mutual care and openness as we have tried to discern the mind of Christ and have often been surprised how our views on many issues have converged. Some of us are not in full accord with everything said in this conference, but on this we are all agreed, namely the unequivocal rejection of apartheid as a sin. We are resolved to press forward in fellowship and consultation towards a common mind and programme of action.

Coming from diverse Christian traditions, histories, political persuasions and cultural backgrounds, we engaged amidst joy and pain, love and suspicion, in a process of soul-searching and wrestling with the theological and sociopolitical complexities of our country. In the process, we had a strong sense that God was at work among us. We became aware that He was surprising us by His grace which cut through our fears and apprehension. We give praise to this liberating God who is forever faithful in visiting His people in their hour of need.

### 1 Context

1.1 The Conference has met at a critical time of transition in our country. We thank God that we are already in a period of gestation with the hope of a democratic, peaceful and just dispensation emerging for our nation. Yet many people are

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



continuing to suffer immensely under ongoing structures of injustice. Recent months have also seen the upsurge of violence in many areas and much brutalizing of innocent people. There is also extensive alienation among young blacks and a seemingly interminable crisis in black education. Unemployment has reached alarming proportions. The crisis in our land has also been aggravated by grossly inadequate housing in the black community. All this is leading to the social and economic disintegration of our society.

1.2 We believe, however, that we stand on the threshold of new things. There appears to be the possibility of a new dispensation and the promise of reconciliation between South Africans as some of our black and white leaders prepare to negotiate together for a new and liberated nation of equity and justice. In this context Christians are called to be a sign of hope from God, and to share a vision of a new society which we are prepared to strive for, and if needs be, suffer for.

1.3 We acknowledge that this hope will elude us unless we can break completely with the past. Accordingly we make the following confession:

## 2 Confession

2.1 While in this document we focus attention on apartheid, we recognise that there are many other sins in our society which call for repentance.

2.2 As representatives of the Christian Church in South Africa, we recognise that the South African situation owes much to the context of western colonialism, to the stifling of conscience by inherited social attitudes which blind communities to the wrong they inflict and to a weakness common to the worldwide Church in dealing with social evil. Now, however, we confess our own sin and acknowledge our part in the heretical policy of apartheid which has led to such extreme suffering for so many in our land.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



We denounce apartheid in its intention, its implementation and its consequences as an evil policy. The practice and defence of apartheid as though it were biblically and theologically legitimated is an act of disobedience to God, a denial of the Gospel of Jesus Christ and a sin against our unity in the Holy Spirit.

2.3 We remember with sorrow the victims of apartheid who have suffered and continue to suffer humiliation, dispossession and death. We pay tribute to those who have stood resolutely for justice and cared for the oppressed.

2.4 We know that without genuine repentance and practical restitution we do not appropriate God's forgiveness and that without justice true reconciliation between people is impossible. We also know that this process must begin with a penitent Church.

2.5 We therefore confess that we have in different ways practised, supported, permitted or refused to resist apartheid:

2.5.1 Some of us actively misused the Bible to justify apartheid, leading many to believe that it had the sanction of God. Later, we insisted that its motives were good even though its effects were evil. Our slowness to denounce apartheid as sin encouraged the Government to retain it.

2.5.2 Some of us ignored apartheid's evil, spiritualising the Gospel by preaching the sufficiency of individual salvation without social transformation. We adopted an allegedly neutral stance which in fact resulted in complicity with apartheid. We were often silent when our sisters and brothers were suffering persecution.

2.5.3 Some of us were bold in condemning apartheid but timid in resisting it. Some Churches failed to give effective support to courageous individuals at the forefront of protest against evil. We spoke out for justice but our own Church structures continued to oppress. We blamed other Churches and were blind to our own inconsistencies.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.6 Those of us who have perpetuated and benefitted from apartheid are guilty of a colonial arrogance toward black culture. We have allowed State institutions to do our sinning for us. In our desire to preserve the Church we have sometimes ceased to be the Church. We have often been more influenced by our ideologies than by Christ's Gospel. We have continued to move in separate worlds while claiming to be one body. We have insulated ourselves from the pain of black Christians. By failing sufficiently to challenge the violence of apartheid and its enforcement, we have permitted a culture of violence in which our people believe that force is the only way to deal with any dispute. Human life has become cheap. By our faltering witness we have allowed families to be broken, children to go uneducated and millions of people to be denied work. We have erected economic systems based on race. By our disunity and disrespect for other people's beliefs and opinions we have encouraged a fragmented and intolerant society. Most of all, we have been unwilling to suffer, loving our comfort more than God's justice and clinging to our privilege rather than binding ourselves to the poor and oppressed of our land.

2.7 Those of us who are the victims of apartheid acknowledge our own contribution to the failure of the Church. While colonialism and oppression have damaged our self-esteem and eroded the fibres of *ubuntu* (humanness) which held our communities together, we acknowledge that many of us have responded with timidity and fear, failing to challenge our oppression. Instead we have acquiesced in it and accepted an inferior status. Some of us have become willing instruments of the repressive State machinery. Others have reacted to oppression with a desire for revenge. Many of us who have achieved privilege have exploited others. An indifference to suffering has crept into our communities, often leading to ostracism of those who have stood courageously for justice and truth. Some of us have failed to be instruments of peace in a situation of growing intolerance of ideological differences. Others of us have also neglected our calling to contribute to the theological renewal of the Church.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.8 Those of us who are male confess that we have often disregarded the human dignity of women and ignored the sexism of many of our Church, social, political, economic and family structures. By limiting the role and ministry of women - as was reflected in this Conference - we have impoverished the Church. We have been insensitive to the double oppression suffered by black women under sexism and apartheid.

2.9 We confess that we have prevented youth from full participation in the life of the Church and have ignored the issues facing youth. We acknowledge with sorrow that apartheid has brutalised young people and turned youth against youth in conflict.

2.10 Therefore in these and other ways, all the representatives at this Conference confess that we have often let the world rather than the Gospel mould us and we have served our selfish interests rather than Christ.

2.11 With a broken and contrite spirit we ask the forgiveness of God and of our fellow South Africans. We call upon the members of our Churches to make this confession their own. We call upon the Government of South Africa to join us in a public confession of guilt and a statement of repentance for wrongs perpetrated over the years.

3 **Declaration**

3.1 To the Church of Jesus Christ in South Africa we address an appeal to adopt our confession and pledge itself to restitution. We call for an end to racial disparities in clergy remuneration; to deploy clergy without regard to colour or social status; and to end all discrimination within the Church on the basis of sex or race. We call on Church leaders to carry the confessions and commitments of this Declaration into the life of every congregation in the country.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.2 To the Nation we declare the compelling necessity for all to renounce and turn from personal, economic, social and political sin, most especially the sin of racism in both our souls and our structures. We call every South African to be positively involved in nation-building.

3.3 To political leaders, we express appreciation for the progress made thus far and we address an appeal that you meet urgently to negotiate a new and just order for our country. We call on the Government to repeal as a matter of urgency all apartheid laws, such as the Land Act and the Group Areas, Population Registration, Homelands, Black Local Authorities, Black Education and Internal Security Acts. We also call for the granting of unconditional indemnity to political exiles, the immediate release of all political prisoners and for the return of property confiscated from previously banned organisations. We assure all leaders of our prayers in these historic and demanding tasks.

3.4 To the worldwide Church we declare gratitude for loving care, confrontation, prayer, support and solidarity over many years. We ask you all to continue to stand with us.

4 **Affirmation**

We affirm and highlight the following:

4.1 Justice

4.1.1 The Bible reveals God as a God of compassionate love who has a special care for the sinner, the downtrodden, the poor and all who suffer injustice. Obedience to Christ therefore requires that we develop an economic system based on justice, compassion and co-responsibility, so that those in need benefit more than those who have more than they need. More equitable wealth distribution must go hand in hand with economic growth.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.1.2 After decades of oppression, the removal of discriminatory laws will have to be accompanied by affirmative acts of restitution in the fields of health care, psychological healing, education, housing, employment, economic infrastructure, and especially land ownership. For many years, greed has led to the taking of land from the poor and weak. Both Church and State must address the issue of restoring land to dispossed people.

4.2 Church and State

4.2.1 In the past we have often forfeited our right to address the State by our own complicity in racism, economic and other injustice and the denial of human rights. We also recognise that in our country the State has often co-opted the church. The Church has often attempted to seek protection for its own vested interests from the State. Our history compromises our credibility in addressing Church/State issues.

4.2.2 We therefore commit ourselves to the struggle for a just, democratic, nonracial and nonsexist South Africa so that our witness may carry greater credibility when we address Church/State relations in the new dispensation.

4.2.3 Our highest loyalty as Christians is always to God. The State is always under God, its power is limited and it is a servant for good, firstly to God and then impartially to all the people it represents. We therefore ask that the separation of Church and State, the necessity for the freedom to believe, practice and propagate religion, and freedom of association be guaranteed equally to all.

4.2.4 On the basis of biblical and ethical values, we call upon those negotiating a new South African Constitution to respect the following principles in the Constitution:

4.2.4.1 The preciousness and value of human life created in the image of God.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.2.4.2 The exclusion of all racial, gender, class and religious discrimination in the implementation of justice.

4.2.4.3 The acceptance of the Rule of Law under an independent judiciary.

4.2.4.4 The entrenchment of a Bill of Rights subject to the judiciary alone, noting the Christian conviction that basic human rights are God-given and not therefore conferred or removable by any State.

4.2.4.5 The establishment of a democratic elective process based on one-person, one-vote on a common voters' roll, in a multiparty democracy in a unitary State.

4.2.4.6 The sincere commitment to employment, housing, education, health and welfare for all South Africans.

4.2.4.7 That the power of the security machinery of the State, including the police, be limited for the protection of the population.

4.2.4.8 The embodiment of the right of individuals or religious groups to preserve and protect the moral values that affect marriage, family life and particularly moral norms. We express particular concern for the protection of children from abuse. Protection should also be available to all religious groups in terms of their life and world view.

4.2.5 Further we call for the negotiation of a new Constitution by a body clearly and fully representative of all South Africans. We ask the Government to discuss with other political parties the setting up of a form of administration or government which will ensure that the interests of all South Africans are adequately represented in the transitional period until a new Constitution has been agreed upon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.3 Peace

4.3.1 In both Old and New Testaments God's Peace or Shalom speaks of a comprehensive wholeness and rightness in all relationships, including those between God and His people, between human and human and between humans and creation. In South Africa, Peace and Shalom are shattered, not only by personal but also by social and structural sin. The consequences are devastating: racial alienation, mistrust, humiliation, exploitation of humans and the environment, privation of basic needs, denial of self-worth. Perhaps most devastating has been the emergence of a social climate in which violence and death rather than co-operation and life have become the norm.

4.3.2 The causes of violence include *inter alia*:

- Decades of exploitation of black workers leading to the creation of desperate economic inequities,
- The denial of full political rights to most South Africans,
- The resulting struggle by black South Africans against an oppressive white political system, culminating in violence becoming the norm for political response,
- The apparent emergence of 'third forces' dedicated to sowing confusion,
- Poverty, inter-group rivalry and competition for limited resources,
- Power struggles between some political parties,
- The uprooting of families from their traditional homes, leading to the breakdown of family structures and parental authority,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- The resulting spiritual problems,

- Spiritual principalities and powers of evil active across the human spectrum.

4.3.3 We need to respond to the violence by:

- Mobilising Church agencies to help collect evidence about violence and present it to the authorities and political organisations.

- Condemning the perpetrators of all forms of violence,

- Supporting victims materially and spiritually,

- Encouraging all South Africans to enter the process of negotiations, with conditions of safety to facilitate this being fully ensured,

- Praying for the cessation of violence and the speedy social, economic and political transformation of the land,

- Convening a task force to co-ordinate Church strategies,

- Calling a peace conference to bring together leaders who can help end violence.

4.4 Spirituality, Mission and Evangelism

4.4.1 The Church's work of mission is a consequence of its worship, prayer, fellowship and spirituality. We commit ourselves to deepen these aspects of the practice of our faith. We resolve to fulfil the Great Commission and by evangelistic faithfulness to bring men and women to repentance and personal faith, new birth and salvation and to help them to work this out in a witness which engages the world. We recognise our need for the equipping fullness of the Holy Spirit's fruit and gifts and we call on God's people to pray for spiritual renewal in the land.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5 Restitution and a Commitment to Action

5.1 Confession and forgiveness necessarily require restitution. Without it, a confession of guilt is incomplete.

5.2 As a first step towards restitution, the Church must examine its land ownership and work for the return of all land expropriated from relocated communities to its original owners. 'White' schools must be opened to people of all races and programmes of affirmative action embarked upon at all levels of black education.

5.3 We call for a National Day of Prayer for the purpose of acts of intercession, confession, forgiveness and reconciliation. We urge that these be accompanied by a declaration of intention to engage in a common witness to God's love and justice. Conference requests the formation of a liaison committee to plan such a day of prayer and to consider the recommendation of the 'Silent Minute' concept.

5.4 Conference asks Churches which own private schools to review their policy on such schools with a view to making them more accessible to the underprivileged.

5.5 We request the liaison committee to provide study material for use by the Churches seeking to equip members with a better understanding of their mission in a new South Africa.

5.6 Conference asks Churches to make available financial and human resources to enable the work of reconstruction and renewal of South African society. Conference asks Churches to co-operate in programmes for the welcoming back and rehabilitation of exiles.

5.7 Conference requests Churches and organisations present to place on their agendas as a matter of urgency the following:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- The need to work toward a new economic order in which the needs of the poor can be adequately addressed.

- Provision of work for the unemployed.

- Provision of adequate homes and essential services for the poor.

- The need to work towards parity in standards of living between black and white people.

- The need to eradicate poverty and hunger.

- Affirmative action to enable transfer of some of the economic power presently in white hands.

- Affirmative action in relation to women's rights.

- Consideration of major health issues, e.g. AIDS.

5.8 Conference authorises the Steering Committee to pass any information it considers might be of interest to community organisations.

## 6 Conclusion

We give thanks for God's past grace and faithfulness in our land by which He has seen fit to use so many of His people here, in spite of our many weaknesses and sins, to bear witness to His Name, to proclaim His Saving Gospel and bring blessing to many, to labour for justice and to care for the poor, oppressed and needy. We give praise in our belief that in wrath He has remembered mercy. This being so we are enabled by His Spirit to move forward together in His Name and call others to do likewise so that the Kingdom of our God and His Christ may be extended far and wide both in our land and beyond. An so to that Name which is above every name, even the Name of Jesus, we ascribe all might, majesty, dominion and praise. Amen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ADDENDUM 2

## VERKLARINGS BY DIE COTTESLOE-BERAAD, JOHANNESBURG, 7 - 14 DES. 1960.

A

## CONSULTATION STATEMENT

### PART 1

We have met as delegates from the member churches in South Africa of the World Council of Churches, together with representatives of the World Council itself, to seek under the guidance of the Holy Spirit to understand the complex problems of human relationships in this country, and to consult with one another on our common task and responsibility in the light of the Word of God. Our worship, Bible study, discussion and personal contacts have led us to a heightened appreciation of one another's convictions and actions. Our next task will be to report to our several churches, realising that the ultimate significance of our meeting will consist in the witness and decisions of the churches themselves in consequence of these consultations.

The general theme of our seven days together has been the Christian attitude towards race relations. We are united in rejecting all unjust discrimination. Nevertheless, widely divergent convictions have been expressed on the basic issues of *apartheid*. They range on the one hand from the judgement that it is unacceptable in principle, contrary to the Christian calling and unworkable in practice, to the conviction on the other hand that a policy of differentiation can be defended from the Christian point of view, that it provides the only realistic solution to the problems of race relations and is therefore in the best interests of the various population groups.

Although proceeding from these divergent views, we are nevertheless able to make the following affirmations concerning human need and justice, as they affect relations among the races of this country. In the nature of the case that agreements here recorded do not - and we do not pretend that they do - represent in full the convictions of the member churches.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



The Church of Jesus Christ, by its nature and calling, is deeply concerned with the welfare of all people, both as individuals and as members of social groups. It is called to minister to human need in whatever circumstances and forms it appears, and to insist that all be done with justice. In its social witness the Church must take cognisance of all attitudes, forces, policies and laws which affect the life of a people; but the Church must proclaim that the final criterion of all social and political action is the principles of Scripture regarding the realisation of all men of a life worthy of their God-given vocation.

We make bold therefore to address this appeal to our churches and to all Christians, calling on them to consider every point where they may unite their ministry on behalf of human being in the spirit of equity.

PART II

1. We recognise that all racial groups who permanently inhabit our country are a part of our total population, and we regard them as indigenous. Members of all these groups have an equal right to make their contribution towards the enrichment of the life of their country and to share in the ensuing responsibilities, rewards and privileges.

2. The present tension in South Africa is the result of a long historical development and all groups bear responsibility for it. This must also be seen in relation to events in other parts of the world. The South African scene is radically affected by the decline of the power of the West and by the desire for self-determination among the peoples of the African continent.

3. The Church has a duty to bear witness to the hope which is in Christianity both to White South Africans in their uncertainty and to non-White South Africans in their frustration.

4. In a period of rapid social change the Church has a special responsibility for fearless witness within society.

5. The Church as the Body of Christ is a unity and within this unity the natural diversity among men is not annulled but sanctified.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. No one who believes in Jesus Christ may be excluded from any church on the grounds of his colour or race. The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common worship and witness, and in fellowship and consultation on matters of common concern.

7. We regard with deep concern the revival in many areas of African society of heathen tribal customs incompatible with Christian beliefs and practice. We believe this reaction is partly the result of a deep sense of frustration and a loss of faith in Western civilisation.

8. The whole Church must participate in the tremendous missionary task which has to be done in South Africa, and which demands a common strategy.

9. Our discussion have revealed that there is not sufficient consultation and communication between the various racial groups which make up our population. There is a special need that a more effective consultation between the Government and leaders accepted by the non-White people of South Africa should be devised. The segregation of racial groups carried through without effective consultation and involving discrimination leads to hardship for members of the groups affected.

10. There are no Scriptural grounds for the prohibition of mixed marriages. The well-being of the community and pastoral responsibility require, however, that due consideration should be given to certain factors which may make such marriages inadvisable.

11. We call attention once again to the disintegrating effects of migrant labour on African life. No stable society is possible unless the cardinal importance of family life is recognised, and, from the Christian standpoint, it is imperative that the integrity of the family be safeguarded.

12. It is now widely recognised that the wages received by the vast majority of the non-White people oblige them to exist well below the generally accepted minimum standard for healthy living. Concerted action is required to remedy this grave situation.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



13. The present system of job reservation must give way to a more equitable system of labour which safeguards the interest of all concerned.

14. Opportunities must be provided for the inhabitants of the Bantu areas to live in conformity with human dignity.

15. It is our conviction that the right to own land wherever he is domiciled, and to participate in the government of his country, is part of the dignity of the adult man, and for this reason a policy which permanently denies to non-White people the right of collaboration in the government of the country of which they are citizens cannot be justified.

16. (a) It is our conviction that there can be no objection in principle to the direct representation of Coloured people in Parliament.

(b) We express the hope that consideration must be given to the application of this principle in the foreseeable future.

17. In so far as nationalism grows out of a desire for selfrealisation, Christians should understand and respect it. The danger of nationalism is, however, that it may seek to fulfil its aim at the expense of the interests of others and that it can make the nation an absolute value which takes the place of God. The rôle of the Church must therefore be to help to direct national movement towards just and worthy ends.

PART III

1 **Judicial Commission on the Langa and Sharpeville incidents**

The Consultation expresses its appreciation for the prompt institution of enquiries into the recent disturbances and requests the Government to publish the findings as soon as possible.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 Justice in Trial

It has been noted that during the recent disturbances a great number of people were arrested and detained for several months without being brought to trial. While we agree that abnormal circumstances may arise in any country necessitating a departure from the usual procedure, we would stress the fact that it belongs to the Christian conception of law, justice and freedom that in normal circumstances men should not be punished except after fair trial before open courts for previously defined offences. Any departure from this fundamental principle should be confined to the narrowest limits and only resorted to in the most exceptional circumstances.

3 Position of Asians in South Africa

We assure the Indian and other Asian elements in the population that they have not been forgotten in our thoughts, discussions and prayers. As Christians we assure them that we are convinced that the same measures of justice claimed here for other population groups also apply to them.

4 Freedom of Worship

Bearing in mind the urgent need for the pastoral care of non-White people living on their employer's premises, or otherwise unable without great difficulty to reach churches in the recognised townships or locations, the Consultation urges that the State should allow the provision of adequate and convenient facilities for non-White people to worship in urban areas.

The Consultation also urges European congregations to co-operate by making their own buildings available for this purpose whenever practicable.

5 Freedom to Preach the Gospel

The Church has the duty and right to proclaim the Gospel to whomever it will, in whatever the circumstances, and wherever possible consistent with the general principles governing the right of public meetings in democratic countries. We therefore regard as un-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



acceptable any special legislation which would limit the fulfilment of this task.

**6 Relationship of Churches**

The Consultation urges that it be laid upon the conscience of us all that whenever an occasion arises that a church feels bound to criticise another church or church leader it should take the initiative in seeking prior consultation before making any public statement. We believe that in this way reconciliation will be more readily effected and that Christianity will not be brought into disrepute before the world.

**7 Mutual information**

The Consultation requests that means be found for the regular exchange of all official publications between the member churches for the increase of mutual understanding and information. Furthermore, churches are requested to provide full information to other churches of their procedures in approaching the Government. It is suggested that in approaches to the Government, delegations, combined if possible, multi-racial where appropriate, should act on behalf of the churches.

**8 Co-operation in Future**

Any body which may be formed for co-operation in the future is requested to give its attention to the following:

(a) A constructive Christian approach to separatist movements;

(b) The education of the Bantu;

(c) The training of non-White leaders for positions of responsibility in all spheres of life;

(d) African literacy and the provision of Christian literature;

(e) The concept of responsible Christian society in all areas in South Africa, including the Reserves;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(f) The impact of Islam on Southern Africa.

9 **Residential Areas**

The Consultation urges, with due appreciation of what has already been done in the provision of homes for non-White people, that there should be a greater security of tenure, and that residential areas be planned with an eye to the economical and cultural level of the inhabitants.

10. The Consultation urges the appointment by the Government of a representative commission to examine the migrant labour system, for the Church is painfully aware of the harmful effects of this system on the family life of the Bantu. The Church sees it as special responsibility to advocate a normal family life for the Bantu who spend considerable periods of time, or live permanently, in White areas.

We give thanks to Almighty God for bringing us together for fellowship and prayer and consultation. We resolve to continue in this fellowship, and we have therefore made specific plans to enable us to join in common witness in our country.

We acknowledge before God the feebleness of our often divided witness to our Lord Jesus Christ and our lack of compassion for one another.

We therefore dedicate ourselves afresh to the ministry of reconciliation in Christ.

**B**

**STATEMENT BY THE DELEGATION OF THE NEDERDUITSCHE HERVORMDE KERK OF AFRICA**

We as delegates of the Nederduitsche Hervormde Kerk are grateful for the opportunity we had to listen to, and partake in, the witness of the different churches.

We wish, however, to state quite clearly that it is our conviction that separate development is the only just solution of our racial problems.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



We therefore reject integration in any form as a solution of the problem. The agreement that has been reached contains such far-reaching declarations that we cannot subscribe to it. We can therefore not identify ourselves with it.

We further wish to place on record our gratefulness to the Government for all the positive steps it has taken to solve the problem, and to promote the welfare of the different groups.

The Nederduitsche Hervormde Kerk will in future as in the past accept its responsibility to witness to the government and people in accordance with the Word of God.

(Signed A.J.G. Oosthuizen, T.F.J. Dreyer, J.G.M. Dreyer, P.M. Smith, S.P. Engelbrecht, B.J. Engelbrecht, F.J. van Zyl, P.S. Dreyer, Ign. Coetze, J.P. Oberholzer.)

C

**STATEMENT BY THE DELEGATION OF THE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE OF THE CAPE AND TRANSVAAL**

The delegations of the Nederduitse Gereformeerde Kerke of the Cape and Transvaal wish to state that we have come to consult with other churches under the Word of God and with deep concern for the various and complicated problems of race relations in the country. We realise with deep Christian concern the needs of all the various population groups and that the Church has a word to speak to them.

We wish to confirm that, as stated in the preamble to the Consultation Statement, a policy of differentiation can be defended from the Christian point of view, that it provides the only realistic solution to the problems of race relations and is therefore in the best interests of the various population groups.

We do not consider the resolutions adopted by the Consultation as in principle incompatible with the above statement. In voting on Resolution 15 the delegations of the two churches recorded their views as follows:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"The undersigned voted in favour of Point 15, provided it be clearly understood that participation in the government of this country refers in the case of White areas to the Bantu who are domiciled in the declared White areas in the sense that they have no other homeland."

(Signed by the delegations of the Nederduitse Gereformeerde Churches of the Cape Province and Transvaal.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ADDENDUM 3

DR TREURNICHT STEL SY STANDPUNT en
DIE KSO VERSKIL VAN DR TREURNICHT

"<u>KERKLIKE FASILITEITE AAN SWARTES IN BLANKE WOONBUURTES</u>

1. <u>Uitgangspunte</u>

1.1 Die bevolking van Suid-Afrika is nie 'n homogene groep nie, maar 'n veelvoud van volks- en kultuurgemeenskappe.

1.2 Die geskiedenis, die praktyk en die beginsel van selfbeskikking vir die verskillende volkere het ons geleer dat verskillende gemeenskappe hul eie onderskeie woongebiede wil hê.

1.3 Lede van ander volksgroepe wat hulle in blanke gebied bevind, is derhalwe in sekondêre hoedanigheid aldaar aanwesig sonder aanspraak op gelyke regte in blanke gebied. En omgekeerd geld dit van blankes in nie-blanke gebiede.

1.4 Wat die voorsiening van fasiliteite betref, is die Regering se basiese beleid: eie fasiliteite in eie gebiede vir die verskillende gemeenskappe. Dit geld sowel sosiale as kerklike fasiliteite.

1.5 Die kerk het 'n onloënbare roeping om die Evangelie aan alle mense te verkondig.

1.6 Die kerk aanvaar die kultuur-/ en volkereverskeidenheid en hul reg op maatskaplike en politieke selfbeskikking. In aansluiting by die volkereverskeidenheid kom belydeniskerke binne volksverband tot stand.

1.7 Dit is teen die beleid van die kerk om 'n gemeente vir gelowiges uit nie-blanke volkere binne in 'n blanke woonbuurt te stig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.8 Maatskaplike en kerklike voorregte van nie-blankes in blanke woongebiede moet sover moontlik gekoppel bly met fasiliteite in nie-blanke woongebiede as basis.

2. Die Huidige Situasie

2.1 Die tyd vir motorhuise as plek van samekoms vir godsdiensoefening gaan of is blykbaar verby. Nie-blankes ontwikkel 'n meer gesofistikeerde leefwyse en het behoefte aan iets beter as 'n motorhuis as plek van aanbidding. 'n Kerksaal of kerk beantwoord aan hierdie behoefte.

2.2 Kerklike instansies het besluit dat blanke kerkrade hul kerksale beskikbaar kan stel vir godsdiensoefeninge van nie-blankes. Dit getuig van die kerk se begeerte om aan almal die Evangelie te verkondig.

2.3 Daar is ook kerkrade wat 'n busdiens op 'n Sondag voorsien om nie-blankes uit die blanke woonbuurt te neem na 'n kerk in 'n nie-blanke woonbuurt. Dit getuig ook van die kerk se begeerte om die Evangelie aan nie-blankes te verkondig, en wel binne die woonbuurt en kulturele verband van die nie-blankes.

2.4 Etensuur-dienste vir nie-blankes word in lokale in openbare geboue gedurende die week gehou.

2.5 Die Regering se basiese beleid is dat vir die verskillende gemeenskappe geskikte geriewe en fasiliteite binne hul eie woongebiede voorsien moet word.

2.6 Daarom bepaal Wet 25 van 1945 (9 (7)(a)) dat niemand "op 'n perseel geleë binne 'n stadsgebied maar buite 'n bantoewoongebied, 'n kerk of ander inrigting of 'n vermaaklikheidsplek ... hoofsaaklik ten voordeel van bantoes (mag) beheer nie, behalwe met die goedkeuring van die Minister ..."

En voorts kan die Minister, onderhewig aan bepaalde pro-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sedures, gelas dat die bywoning deur bantoes van 'n kerkdiens of ander godsdiensoefening of kerklike funksie op 'n perseel geleë binne 'n stadsgebied buite 'n bantoewoongebied beëindig moet word, indien volgens sy oordeel dit steurend is vir die inwoners in die omgewing, of indien die getalle dit onwenslik maak om so 'n godsdiensoefening daar te hou (9 (7)(b)).

2.7 Die beskikbaarstelling van geboue in blanke woonbuurtes aan nie-blankes is 'n delikate aangeleentheid. In sommige woonbuurtes en vir sommige gemeentes lewer dit geen ernstige probleme op nie. In ander gevalle is daar ernstige verdeeldheid en weerstand.

2.8 Dit het onder die aandag van die Minister gekom dat daar kerke is wat sonder die vereiste goedkeuring kerkdienste hoofsaaklik vir swartmense op hul persele of elders in blanke gebied hou. Dit is nie bevorderlik vir die goeie orde of vir die ideale verhouding tussen die kerk en die owerheid nie, veral waar die deur vir kerke oopstaan om sodanige goedkeuring aan te vra.

3. <u>Oorweging</u>

3.1 Die aangeleentheid moet van alle kante bekyk en in sy volle perspektief gesien en oorweeg word.

3.1.1 Ons Afrikaanse Kerke word verwyt dat, anders as Engelse kerke, ons nie ons kerkgeboue of -sale geredelik aan nie-blankes beskikbaar wil stel nie.

3.1.2 Ons kerke het probleme met die bearbeiding van swartmense wat hulle in die blanke woonbuurt bevind.

3.1.3 Daar is 'n behoefte aan plekke van samekoms.

3.1.4 Kerke en kerksale word nie voltyds deur die blanke gemeentes beset nie.

3.1.5 Die indruk word gewek dat gemeentes van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaanse kerke hulle afgepers voel deur ander kerke wat óf gemengde eredienste as reël aanvaar óf sonder voorbehoud hul kerkgeboue en sale beskikbaar stel vir kerkdienste vir swartmense.

3.1.6 Daar is uitsprake, verskynsels en agitasie wat daarop dui dat sekere instansies gevestigde nie-blanke gemeenskappe in blanke woonbuurtes wil vestig of langs die weg van geïntegreerde kerkgemeenskappe afstuur op sosiale en politieke integrasie.

3.2 Die bedenkinge oor die oopstel van kerke en sale in blanke woonbuurtes aan nie-blankes moet gesien word in die lig van sekere implikasies:

3.2.1 Dit verleen groter permanensie aan nie-blankes in blanke woongebiede en is strydig met ons basiese beleid dat geriewe vir die verskillende gemeenskappe in hul eie gebiede opgerig moet word - of dit ontspanningsgeriewe, skole of kerke is.

3.2.2 Dit stuur af op gemeentevorming vir nie-blankes in blanke woongebiede - iets wat teen die beleid van die kerk self is.

3.2.3 Dit vergroot die gevoel van maatskaplike bedreigdheid by blanke inwoners in hul eie woongebied en veronagsaam 'n gemeenskap se reg om teen toestroming van lede van ander gemeenskappe beskerm te word.

3.2.4 Dit versterk die aandrang op gebruikmaking van ander fasiliteite in blanke gebied - iets wat reeds ondervind word. Dit lei tot botsende aansprake van verskillende gemeenskappe op mekaar se fasiliteite.

3.2.5 Dit gee aanleiding tot die volgende soort vrae:

Kan die swart moruti nie verblyfreg in blanke woongebied gegee word met die oog op beter bearbeiding van swartlidmate nie? Kan begrafnisse en troues van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



swartwerknemers nie ook maar uit of in die blankes se kerk of saal plaasvind nie? As Nagmaal (die een sakrament) in die kerksaal bedien kan word, waarom nie ook doop nie? Of Sondagskool vir die jonges wat op Sondae op straat is? As dieselfde saal of kerk deur blank en nie-blank gebruik word, waarom nie maar gesamentlik kerk hou en so één gemeente vorm - soos al bepleit word nie? Is daar beginselverskil tussen die gebruik van kerke en sale en die gebruik van 'n skool in dieselfde buurt vir byvoorbeeld geletterdheidsklasse in die aand, of 'n aandskool vir junior of senior sertifikaat? Of die gebruik van ons skole se sportvelde op Sondae of op ure wat blankes dit nie gebruik nie? Dis klanke wat ons reeds verneem.

3.2.6 Dit versterk die selfsug van blanke werkgewers wat nie hul werknemers teen die namiddag of op Sondae of naweke vry gee om weg te kom uit die blanke woongebiede en saam met hul eie mense in hul eie woongebiede te verkeer nie.

3.2.7 Dit dui op 'n versuim of onvermoë van die kerk om sy blanke lidmate of breë gemeenskap te oorreed om die Vierde Gebod ten opsigte van hul werknemers te gehoorsaam. In plaas daarvan dat daar van blanke lidmate 'n getuienis in dié verband uitgaan na mense wat swartwerknemers uitbuit, word daar soms geskuil agter werkgewers wat nie aan die kerk behoort of ons Sondagsiening.

4. <u>Die gesonde weg is klaarblyklik die volgende</u>

4.1 Persoonlike geestelike bearbeiding deur lidmate in persoonlike gesprekke en kontak tussen die Christenwerkgewer en werknemer.

4.2 Etensuur-byeenkomste in lokale in openbare geboue gedurende die week.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.3 waar moontlik, moet swartwerknemers in die swartwoonbuurte woon.

4.4 Naweek-verlof aan werknemers, en met name bediendes, sodat hulle die maatskaplike en godsdienstige bande met hul familie en volksgenote kan verstewig, anders is hulle 'n suigkrag - soos wat ons dit duidelik waarneem - op hul vriende en familie na die blanke woongebied, en dit veroorsaak ontevredenheid.

4.5 Busvervoer vir nie-blanke werknemers op 'n Sondag uit die blanke woongebied na die kerk in die nie-blanke woongebied. Spesiale busdienste kan ingestel word.

4.6 Opvoeding van die blanke gemeenskap, ook van die kansels af, om só van die arbeid van nie-blankes gebruik te maak dat hulle saam met hul eie mense 'n gesonde huislike, maatskaplike, volks- en kerklike lewe kan lei.

4.7 Om laasgenoemde te bereik, moet ons wegbeweeg van die inburgering van nie-blankes in blanke woonbuurtes - huislik, kerklik en maatskaplik.

4.8 Bantoe-administrasierade kan, in oorleg met kerke, geboue in of op die grens van Bantoewoongebiede oprig, en vervoer daarheen kan gereël word in oorleg met busmaatskappye"

(Treurnicht antwoord KSO 1977:1-6).

DIE KSO VERSKIL VAN DR TREURNICHT

KSO het daarop gereageer. (Die volledige teks word ingesit, omdat dit 'n uitstaande punt van kritiek tussen Ned. Geref. Kerk en owerheid verteenwoordig):

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid (KSO) spreek sy hartlike dank teenoor u uit vir die geleentheid om u oor hierdie saak te ontmoet en 'n volledige bespreking met u daaroor te hê. Die KSO volg die paragrawe en paragraafnommers van u memorandum in sy kommentaar.

1. UITGANGSPUNTE

1. Par. 1.1 - 1.4

Die KSO neem kennis van die Regering se basiese uitgangspunte soos in punte 1.1 - 1.4 gestel. Die KSO lewer graag verder die volgende kommentaar:

2. Par. 1.5: "Die Kerk het 'n onloënbare roeping om die Evangelie aan alle mense te verkondig."

Opmerking

Omdat dit 'n basiese uitgangspunt is, moet die kerk die Evangelie daar verkondig waar die mense hulle bevind. As die omstandighede dus die kerk noodsaak om die Evangelie aan swartmense binne die blanke gebied te verkondig, moet die kerk daarvoor voorsiening maak en sy roeping vervul, en mag 'n Christelike owerheid die kerk nie verhinder om dit te doen nie, maar inteendeel, moet hy die 'koninkryk van Christus help bevorder en die woord van die Evangelie oral laat preek'. (Art. 36, Nederlandse Geloofsbelydenis).

3. Par. 1.7: "Dit is teen die beleid van die kerk om 'n gemeente vir gelowiges uit nie-blanke volkere binne in 'n blanke woonbuurt te stig."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opmerkings

3.1 *Die stelling in par. 1.7 kan nie onderskryf word nie. Die beleid van die kerk is om gemeentes te stig waar ook al die behoefte daaraan bestaan.*

3.2 *Die kerk het in die verlede probeer om so ver moontlik gemeentes vir nie-blankes in hul (nie-blanke) woonbuurtes te stig. Gevolglik is meeste gemeentes geskakel met 'n hoofkerkgebou wat in 'n woonbuurt vir nie-blankes opgerig is. Dit was egter nie altyd moontlik nie. Een voorbeeld hiervan is die gemeentes Johannesburg van die Ned. Geref. Kerk in Afrika, wat tans uit 496 belydende lidmate bestaan en deur 'n swartleraar en witsendeling bedien word. Dit bedien lidmate en heidene in die sogenaamde 'luglokasies' van die middestad van Johannesburg, kampongs, hostelle, ens. Dit wil sê mense wat nie in 'n swartwoonbuurt gaan slaap nie en nie verband daarmee het nie. Hierdie gemeentes het nie 'n kerkgebou in Soweto of Alexandra nie, maar wel geboue binne in die sentrale deel van Johannesburg (blanke gebied) waarin dienste vir hulle gehou word.*

*Rondom Bloemfontein is daar ook gemeentes op die uitgestrekte blanke hoewes, ver van die bantoewoonbuurt.*

3.3 *Dit is ook nie meer moontlik vir die Ned. Geref. Kerk om te besluit waar gemeentes van die selfstandige swart-, bruin- en indiërkerke gestig sal word nie.*

3.4 *Ons stel dus voor dat u stelling 1.7 soos volg*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*sal lui: "Dit is die beleid van die Ned. Geref. Kerk om so ver moontlik in samewerking met die Ned. Geref. Kerk in Afrika te sorg dat by afstigting van gemeentes daar 'n sentrum sal wees wat minstens binne 'n bantoewoonbuurt val. Waar gemeentes van die Ned. Geref. Kerk in Afrika bestaan waar geen gebied vir swartmense afgesonder is nie, word die betrokke owerhede vriendelik en dringend versoek om, ná oorlegpleging met die kerk, geskikte persele vir aanbidding beskikbaar te stel, met goedkeuring van die Minister (Vgl. Wet 25 van 1945, Klousule 9, 7(a), (b), en (c)."*

4. *Par. 1.8: "Maatskaplike en kerklike voorregte van nie-blankes in blanke woongebiede moet sover moontlik gekoppel bly met fasiliteite in nie-blanke woongebiede as basis."*

*Opmerking*

*Die Kommissie kan met hierdie stelling genoeë neem, maar wys op die belangrikheid van die woorde "sover moontlik". Die staat het dit in die jongste tyd herhaaldelik nodig gevind om "maatskaplike voorregte" aan nie-blankes in blanke gebiede beskikbaar te stel: Eetplekke, ontspanningsplekke (bv. parke), ens. Dit gebeur omdat die mense se werk hulle binne blanke gebied vashou en hulle nie hierdie geriewe in hul eie buurt kan geniet nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Die kerk sit met presies dieselfde probleem van swartwerkers wie se werk hulle Sondae in blanke gebied (dorpe, hoewes, ens.) vashou, sodat hulle nie hul kerklike voorregte in swartwoonbuurtes kan gaan geniet nie. Dit is die kern van die Kerk se hele probleem en dit was aanleiding tot ons onderhandelinge met u as Adjunk-Minister.*

5. *Par. 2.1 - 2.5: Die KSO aanvaar u aannames in par. 2.1 - 2.5 as 'n korrekte weergawe van die huidige situasie.*

6. *Par. 2.6: "Daarom bepaal Wet 25 van 1945 par. 9 (7) (a) dat niemand 'op 'n perseel geleë binne 'n stadsgebied maar buite 'n bantoewoongebied, 'n kerk of ander inrigting of 'n vermaaklikheidsplek --- hoofsaaklik ten voordeel van bantoes (mag) beheer nie, behalwe met die goedkeuring van die Minister ---'.*

*"En voorts kan die Minister, onderhewig aan bepaalde prosedures, gelas dat die bywoning deur bantoes van 'n kerkdiens of ander godsdiensoefening of kerklike funksie op 'n perseel geleë binne 'n stadsgebied buite 'n bantoewoongebied beëindig moet word, indien volgens sy oordeel dit steurend is vir die inwonersin die omgewing, of indien die getalle dit onwenslik maak om so 'n godsdiensoefening daar te hou (9 (7) (b))."*

6.1 *Opmerkings oor eerste paragraaf*

6.1.1 *Wat word presies met die uitdrukking "beheer" bedoel?*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.1.2 *Daar moet gelet word op die woorde "hoofsaaklik tot voordeel van bantoes".*

*Met ander woorde, "'n kerk of ander inrigting of 'n vermaaklikheidsplek" wat opgerig is deur blankes vir blanke gebruik, maar ook, wanneer dit nie vir eersgenoemde benodig word nie, tot beskikking van ander bevolkingsgroepe gestel word, val nie binne hierdie bepaling nie. So sien ons dit. Die beslissende vraag hier is: Wie beheer dit en wat is die hoofdoel van die kerke of inrigting?*

6.1.3 *Die Ned. Geref. Kerk het oor die afgelope jare sy sendingwerk sonder steurnis voortgesit soos deur u in paragrawe 2.1 en 2.2 van u memorandum gestel, met inagneming van bogenoemde uitgangspunte en beginsels.*

*Daar is selfs op talle plekke "met goedkeuring van die Minister" lokale in blanke gebied opgerig, hoofsaaklik of uitsluitlik vir die gebruik van nie-blankes vir skool en kerkdoeleindes. Dit sluit talle dergelike geboue op plase en hoewes in en in enkele gevalle selfs in stede.*

*Enige verhindering of inkorting van hierdie gevestigde gebruik kan nie deur die kerk aanvaar word sonder om 'n streep deur bestaande werk te trek nie, en sonder baie misverstand en verslegtende verhoudings met sy Dogterkerke nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.2 *Opmerkings oor die tweede paragraaf van 2.6*

*Ons is ten volle bewus van hierdie bepaling. Die bewoording daarvan is juis in 1957 op versoek van die kerk deur wyle Min. H.F. Verwoerd so gewysig dat dit duidelik gestel word dat die staat geen bevoegdheid het om hom in te meng met die vryheid van bywoning van 'n kerkdiens in blanke gebied nie, tensy hierdie bywoning:*

6.2.1 *"n oorlas vir die inwoners veroorsaak;"*

6.2.2 *"dit onwenslik is, met inagneming van die omgewing hulle gewoonlik 'n kerkdiens, godsdiensoefening of kerklike funksie wat daar gehou word, bywoon."*

*Ons verstaan hierdie bepaling só dat wanneer die getal persone wat so 'n kerkdiens bywoon, so 'n omvang aanneem dat dit die aard van die omgewing as "blanke gebied" aantas, dit as "onwenslik" beskou kan word.*

Die bewoording van hierdie subbepaling (9,7(b) ii) is lomp en dit is 'n ernstige vraag of dit nie verander of geskrap behoort te word nie. Dit verleen arbitrêre mag om die normale bedrywighede van 'n kerklike gemeenskap, wat sonder steurnis voortgaan, aan bande te lê. Iets wat strydig met ons Gereformeerde en Bybelse beginsels sou wees. Is dit nie juis wat nou op die Oosrand gebeur het nie?

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.2.3 Verder moet daarop gelet word dat voordat die Minister kan bepaal dat die bywoning van eredienste deur nie-blankes onder Art. 9.7(b)(i) en (ii) beëindig sal word, hy aan die volgende vereistes moet voldoen:

6.2.3.1 Kennisgewing van die voorneme mag nie sonder instemming van die betrokke plaaslike bestuur uitgevaardig word nie;

6.2.3.2 Daar moet redelike kennis aan die betrokke instansie gegee word "en daardie persoon 'n redelike tydperk --- moet toelaat om vertoë aan hom te rig met betrekking tot sy voorgenome handeling";

6.2.3.3 Hy, by die lasgewing tot beëindiging van sodanige bywoning, "die beskikbaarheid of andersins van geriewe vir die hou van sodanige diens --- binne 'n naturelle woongebied, behoorlik in ag moet neem".

7. <u>Par. 2.7</u>: "Die beskikbaarstelling van geboue in blanke woonbuurtes aan nie-blankes is 'n delikate aangeleentheid. In sommige woonbuurtes en vir sommige gemeentes lewer dit geen ernstige probleme nie. In ander gevalle is daar ernstige verdeeldheid en weerstand.

<u>Opmerking</u>

Ons kan u interpretasie hier nie aanvaar nie. Ons het hierbo by paragraaf 6 probeer aantoon dat daar geen toestemming van die Minister verkry hoef te word vir die bywoning van eredienste deur lidmate van 'n ander volks-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groep, of indien 'n kerkraad sy bestaande fasiliteite (kerk of kerksaal) tot beskikking van nie-blanke lidmate wil stel nie. Ons meen nie dat dit onder klousule 9.7 (a) val nie, aangesien dit hier nie 'n geval is van geriewe wat "beheer" word "hoofsaaklik ten voordeel van bantoes" nie, maar wel hoofsaaklik ten voordeel van blankes. Dit is 'n sporadiese gebruik van daardie geriewe deur 'n groep aanbidders uit 'n ander volksgroep.

Dit is 'n ander saak wanneer 'n kerkraad nuwe geriewe van permanente aard wil oprig hoofsaaklik (of uitsluitlik) vir nie-blanke gebruik. Hieroor is ons (en was ons nog altyd) bereid om te onderhandel en die nodige toestemming te vra.

8. Ons neem ook met dank kennis dat "die deur vir kerke oopstaan om sodanige goedkeuring aan te vra." Daarom ook het ons met die versoek van die gemeente van Kameeldrif vir die oprigting van 'n kerksaal (en later 'n skool in plaas van 'n kerksaal) na u gekom.

9. Par. 3. Oorweging

Ons stem saam met u stelling in par. 3.1 dat "die aangeleentheid van alle kante bekyk en in sy volle perspektief gesien en oorweeg word."

Daarom sal u ons veroorloof om met groot vrymoedigheid te antwoord op u oorweginge:

10. Par. 3.1.1 - 3.1.4 beskou ons as 'n billike weergawe van die feitelike posisie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



11. Par. 3.1.5: Ons kan egter nie genoeë neem met die stelling: "Die indruk word gewek dat gemeentes van die Afrikaanse kerke hulle afgepers voel deur ander kerke wat óf gemengde eredienste as reël aanvaar óf sonder voorbehoud hul kerkgeboue en sale beskikbaar stel vir kerkdienste vir swartmense".

Opmerkings

11.1 Die Afrikaanse kerke, laat ons in hierdie bespreking ons maar tot die Ned. Geref. Kerk beperk. Ons voel ons nie "afgepers" om gemengde eredienste te aanvaar of sale beskikbaar te stel nie. Ons laat ons net lei deur dit wat God's Woord en ons Christelike verantwoordelikheid ons beveel.

11.2 Vir ons kerklike verhoudinge, nie net met die ander kerke nie, maar veral met ons Ned. Geref. Dogterkerke en selfs baie van ons eie lidmate, is dit uiters gevaarlik om so 'n stelling te maak.

12. Par. 3.2.6: "Daar is uitsprake, verskynsels en agitasies wat daarop dui dat sekere instansies gevestigde nie-blanke gemeenskappe in Blanke woonbuurtes wil vestig of langs die weg van geïntegreerde kerkgemeenskappe afstuur op sosiale en politieke integrasie.

Wat ook al die bedekte of vermeende politieke motiewe van "sekere instansies" mag wees, vir ons gaan dit primêr om die belange van die Evangelie en die Koninkryk, wat bo alle ander oorwegings voorrang moet geniet."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



13. Par. 3.2.1: "Dit verleen groter permanensie aan nie-blankes in blanke woongebiede en is strydig met ons basiese beleid dat geriewe vir die verskillende gemeenskappe in hul eie gebiede opgerig moet word - of dit ontspanningsgeriewe, skole of kerke is."

Opmerking

Ons probleem is juis dat, ten spyte van die beleid, daar 'n steeds toenemende aantal swartmense vir alle praktiese doeleindes tydelik-permanent in blanke gebiede woon en dat die Kerk vir hulle geestelike behoeftes voorsiening moet maak - so lank hulle daar is. Ons sien dus ook die aard van die Kerk se voorsiening as tydelik: vir so lank hulle daar is.

14. Par. 3.2.2: "Dit stuur af op gemeentevorming vir nie-blankes in blanke woongebied - iets wat teen die beleid van die kerk self is."

Opmerkings

14.1 Die kerk is vir baie jare reeds besig met geestelike bearbeiding van nie-blankes in blanke gebied soos byvoorbeeld deur garagedienste, asook skole en kerkies op hoewes en plase. Slegs in 'n beperkte aantal gevalle, waarvan Johannesburg een voorbeeld is, is gemeentes in blanke gebied gestig.

14.2 Oor die "beleid van die kerk" in hierdie verband verwys ons weer na paragraaf 3 van ons kommentaar hierbo op u par. 1.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



15. Par. 3.2.3: "Dit vergroot die gevoel van maatskaplike bedreigdheid by blanke inwoners in hul eie woongebied en veronagsaam 'n gemeenskap se reg om teen toestroming van lede van ander gemeenskappe beskerm te word."

Opmerking

Ons kan werklik nie insien hoedat die voorsiening van kerklike bearbeiding van mense wat reeds daar is, op enige wyse die "gevoel van maatskaplike bedreigdheid" bevorder nie. Indien daar so 'n gevoel van "bedreigdheid" bestaan, word dit geskep deur die ekonomiese suigkrag wat die mense daarheen trek, en nie hulle kerklike bearbeiding nie.

16. Par. 3.2.4: "Dit verstrek die aandrang op gebruikmaking van ánder fasiliteite in blanke gebied - iets wat reeds ondervind word. Dit lei tot botsende aansprake vanverskillende gemeenskappe op mekaar se fasiliteite."

Opmerking

Ons kan dit insien maar die regering se eie beleid is om geriewe te deel waar bevredigende alternatiewe geriewe nie voorsien kan word nie. Mag die kerk met 'n ander maat gemeet word?

17. Par. 3.2.5: "Dit gee aanleiding tot die volgende soort vrae: Kan die swart moruti nie verblyfreg in blanke woongebied gegee word met die oog op beter bearbeiding van swartlidmate nie? Kan begrafnisse en troues van swartwerknemers nie ook maar uit of in die blankes se kerk of saal plaasvind nie? As Nagmaal (die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een sakrament) in die kerksaal bedien kan word, waarom nie ook doop nie? Of Sondagskool vir die jonges wat op Sondae op straat is? As dieselfde saal of kerk deur blank en nie-blank gebruik word, waarom nie maar gesamentlik kerk hou en so één gemeente vorm - soos al bepleit word nie? Is daar beginselverskil tussen die gebruik van kerke en sale en die gebruik van 'n skool in dieselfde buurt vir byvoorbeeld geletterdheidklasse in die aand, of 'n aand-skool vir junior en senior sertifikaat? Of die gebruik van ons skole se sportvelde op Sondae of op ure wat blankes dit nie gebruik nie? Dis klanke wat ons reeds verneem."

<u>Opmerkings</u>

17.1 In hierdie paragraaf maak u nie duidelike onderskeid tussen <u>kerklike</u> en <u>staatkundige</u> aangeleenthede nie. In alle beskeidenheid wil ons sê dat u maar eersgenoemde in die kerk se hande moet laat om oor te besluit: of en welke geestelike voorregte gedeel word of nie.

Die suiwer staatkundige aangeleenthede soos sport en opvoedingsfasiliteite laat ons met gerustheid in die regering se hande.

18. <u>Par. 3.2.6</u>: "Dit versterk die selfsug van blanke werkgewers wat nie hul werknemers teen die namiddag of op Sondae of naweke vry gee om weg te kom uit die blanke woongebied en saam met hul eie mense in hul eie woongebiede te verkeer nie."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opmerkings

18.1 Ons sou eerder wou sê: Dit is as gevolg van "die selfsug van blanke werkgewers wat nie hul werknemers teen die namiddag of op Sondae of naweke vry gee nie."

Dit is die tragiese waarheid waarvoor ons staan. Daarby moet in gedagte gehou word dat in die groot stede meeste van hierdie werkgewers nie lidmate van die Ned. Geref. Kerk is nie. Aan die ander kant bring die werk in hotelle en die oppas van geboue in stede mee dat werkers nie Sondae kan weggaan nie.

18.2 Ons moet ook in gedagte hou dat in die groot stede baie mense wat in blanke gebied vertoef, geen "eie mense" in "eie woongebied" (lokasie) het nie. Hulle het naamlik direk van 'n tuisland na 'n werkgewer in die blanke dorpsgebied gekom.

18.3 In die besonder vestig ons ook die aandag op swartmense op hoewes: daar word nooit van hulle verwag om vir naweke na die lokasie te gaan en daar te slaap nie.

19. Par. 3.2.7: "Dit dui op 'n versuim of onvermoë van die kerk om sy blanke lidmate of breë gemeenskap te oorreed om die Vierde Gebod ten opsigte van hul werknemers te gehoorsaam. In plaas daarvan dat daar van blanke lidmate 'n getuienis in dié verband uitgaan na mense wat swartwerknemers uitbuit, word daar soms geskuil agter werkgewers wat nie aan die kerk behoort of ons Sondagsiening deel nie".

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opmerking

Ons gee dit toe, maar dit neem nog nie die feite, soos hierbo in par. 3.2.7 gestel, weg nie.

Die kerk dring herhaaldelik by sy lidmate aan om hul bediendes Sondae te laat rus en toe te laat om na hul kerkdienste te gaan.

Mag ons in hierdie verband u aandag vestig op die volgende besluit deur die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Oktober 1974 geneem:

1. Dat lidmate van ons kerk wat werknemers in hul diens het, hulle nooit van hul verantwoordelikheid voor God kan losmaak nie, naamlik dat hulle daarvoor moet sorg dat hul werknemers hetsy gedurende die week, hetsy op 'n Sondag die geleentheid moet hê om bidure en eredienste saam met hul eie mense in hul eie gemeentes te kan bywoon. Daarom dat hulle onder andere van die eis van die 4de gebod hulle nie kan losmaak nie.

2. Dit is die eerste en die primêre verantwoordelikheid van die betrokke kerkraad om toe te sien dat die beginsel in 1 hierbo toegepas word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Waar dit om werknemers gaan wat hulle tuistes in verafgeleë gebiede het en dit dus vir hulle prakties nie moontlik is om byeenkomste daar by te woon nie, is dit die tweede en sekondêre verantwoordelikheid van lidmate (werkgewers) en kerkrade om lokale vir sodanige byeenkomste te voorsien (Handelinge van die Sinode, bl. 642, par. 2.2.5).

<u>Gevolgtrekking</u>

*Hieruit blyk die <u>beleid van die Kerk</u> duidelik soos volg te wees:*

*1. Bediendes moet vry wees om op Sondae na hul kerk in hul woonbuurt te gaan.*

*2. Waar dit nie moontlik is nie, <u>moet</u> lokale vir kerkdoeleindes voorsien word (in blanke gebied).*

*20. <u>Par. 4. Die Gesonde weg ---</u>:*

*<u>Opmerking</u>*

*Ons stem saam dat par. 4.1 - 4.4 die gesonde weg en die ideaal is en wat par. 3.1 - 3.3 betref word dit gedoen, maar in die praktyk werk dit in baie gevalle nie uit nie. Byvoorbeeld: So baie swartwerknemers (veral bediendes) kom juis nie uit die swart stedelike woonbuurt nie en naweekverlof (par. 4.4) om in die swartwoonbuurt te kuier, kan juis die suigkrag wees om familie en gesinne daar gevestig te kry - wat anders nie die geval sou wees nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



21. *Par. 4.5: Busvervoer vir nie-blanke werknemers op 'n Sondag uit die blanke woongebied na die kerk in die nie-blanke woongebied. Spesiale busdienste kan ingestel word.*

*Opmerkings*

21.1 *Busvervoer wat tans vanuit die blanke- na die swartwoongebied op 'n Sondag gereël word, werk nie bevredigend nie. Die rede is dat van bediendes verwag word om nog eers die Sondagmiddagmaal voor te berei. Die bus kan dan eers teen ongeveer 3 nm. vertrek. Dan is die oggenddiens reeds lankal verby. 'n Spesiale diens moet dan net vir die buspassasiers gehou word.*

21.2 *Die praktyk het egter ook baie duidelik aangetoon dat slegs 'n minimale aantal swartmense van die aangebode busvervoer gebruik maak, ten spyte van die hoë koste wat deur kerkrade vir die doel aangegaan word. Deeglike ondersoek toon aan dat baie van die swartmense eerstens geen persoonlike bande met die swartwoonbuurtes het nie en nie aangetrokke voel tot 'n gemeenskap wat vir hulle vreemd is en waar hulle onseker voel nie. Tweedens bly die kennis van die tye en besonderhede van die busroetes dikwels beperk tot die diensbodes van die relatief klein getal werknemers van die Ned. Geref. Kerk-lidmate, terwyl die groot groep swartwerknemers Sondae eenvoudig in die blanke woonbuurtes vertoef.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



22. *<u>Par. 4.6 en 4.7</u>: Opvoeding van die blanke gemeenskap, ook van die kansels af, om só van die arbeid van nie-blankes gebruik te maak dat hulle saam met hul eie mense 'n gesonde huislike, maatskaplike, volks- en kerklike lewe kan lei. Om laasgenoemde te bereik, moet ons wegbeweeg van die inburgering van nie-blankes in blanke woonbuurtes huislik, kerklik en maatskaplik.*

*<u>Opmerking</u>*

*Met u stellings in par. 4.6 en 4.7 stem ons saam.*

23. *<u>Par. 4.8</u>: Bantoe-administrasierade kan, in oorleg met kerke, geboue in of op die grens van bantoewoongebiede oprig, en vervoer daarheen kan gereël word in oorleg met busmaatskappye.*

*<u>Opmerkings</u>*

23.1 *Dit kan gedoen word, maar dit sal nog nie alle probleme oplos nie. Wie gaan vir die oprigting van hierdie kerkgeboue betaal? Is dit uitvoerbaar onder huidige ekonomiese toestande? Watter samewerking met plaaslike swartgemeentes sal daar wees?*

23.2 *Laat ons liewer die maksimum gebruik van bestaande fasiliteite maak. Indien die staat hierin heelhartig saamwerk, kan dit nie anders as om goeie menslike verhoudings te bevorder nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Indien daar egter voortgegaan word met 'n beleid, soos weerspieël in die optrede van die Oosrandse Bantoe-administrasieraad, gaan dit onvermydelik op konfrontasie met die kerke afstuur en verdere olie op die smeulende onrus in stedelike swartwoonbuurtes gooi.*

*Tot sover kommentaar op u memorandum.*

*24. WAT IS DIE BELEID VAN DIE REGERING?*

*Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid is in 1967 in die lewe geroep op versoek van sy edele, Minister M.C. Botha. Die funksie daarvan sou wees om die beleid van die staat aan die swartmense te verduidelik en om knelpunte wat daar in die uitvoering van die beleid mag voorkom, te help verlig.*

*Ons is daarvan oortuig dat die Kommissie baie waardevolle werk in hierdie opsig in die verlede verrig het. Talle konkrete voorbeelde kan in hierdie verband genoem word.*

*Ten einde die beleid te kan verduidelik, en so ver moontlik te kan verdedig, moet ons egter weet wat die regering se beleid in die volgende konkrete situasies presies is en daarom vra ons beleefdelik 'n ondubbelsinnige antwoord van u op die volgende:*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



24.1 Geboue vir geestelike bearbeiding van swartmense in blanke gebiede

Ons het reeds die beleid van die Ned. Geref. Kerk in hierdie verband verduidelik: par. 3 en 14 van hierdie stuk. Die Kerk probeer sover moontlik inval by die beleid van die staat dat die sentrum en hoofkerkgebou van 'n swartgemeente in die swartwoonbuurt sal wees. Die kerk het al baie moeite gedoen en koste aangegaan om hieraan uitvoering te gee.

Maar dis nie genoeg vir die effektiewe geestelike bearbeiding van nie-blankes in blanke gebied nie. Dit sê ons veral met die oog op swartmense op plase en hoewes. Benewens 'n kerkgebou in die swartwoonbuurt het die Kerk nog altyd geboutjies op plase en hoewes nodig gehad, wat as buiteposte vir geestelike bearbeiding gedien het. Gewoonlik het hierdie geboutjies in die week as skool diens gedoen en op Sondag as kerk. Dit is vir so 'n skooltjie in Kameeldrif wat ons by u aansoek gedoen het (as alternatief vir die oorspronklike aansoek vir 'n kerksaaltjie). Hierdie geboue het 'n baie goeie doel gedien, nl.

1. As skoolgebou vir die kinders wat gewoonlik baie ver van 'n skoolgebou in 'n swartbuurt is (in die geval van Kameeldrif is die afstand sowat 20 km.).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. *As <u>kersteningsentrum</u>. 'n Heiden sal tog nie 20 km of wat ry om gekersten te word nie. Maar die ondervinding het geleer dat hy plaaslik maklik 'n diens bywoon. Daarby is daarin Sondagskool en katkisasie gehou en kon lidmate die diens bywoon op Sondae wanneer hulle nie na die diens in die swartwoonbuurtes gaan nie.*

   *Toestemming van die kant van die owerheid vir die oprigting en gebruik van hierdie geboue op plase en hoewes is gewoonlik gegee.*

*24.2 <u>Het die beleid verander</u>?*

*U optrede i.v.m. die aansoek van Kameeldrif en u standpunt soos in u memorandum uiteengesit, laat by ons die vraag baie sterk na vore kom: <u>Het die beleid van die staat dan nou verander</u>?*

*Indien dit miskien die geval is dat die beleid in hierdie opsig verander het en die oprigting van sulke geboue nie meer toegelaat word nie, dan vestig ons beleef u aandag op die volgende:*

1. *Dat dit vir die kerk 'n <u>ontsaglike probleem</u> skep. Die kerk ag hom verantwoordelik vir die geestelike bearbeiding van die swartmense - ook vir dié in blanke gebied. Dis nie vir die kerk genoeg om maar net te sê: Hulle moet (of moes) na die kerk in die swartwoonbuurt gegaan het nie. Hoe sal ons onsself eendag voor God kan regverdig terwyl ons weet hulle kan nie gaan nie? Ons moet ook onthou dat ons hier te doen het met mense*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*wat gewoonlik nie rygoed het nie. Ander vervoer is op Sondae baie ongereeld en aansienlik duurder as in die week.*

2. *Dit skep ook vir die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid 'n groot probleem: Hoe moet hy so 'n verandering van beleid aan die swartmense verduidelik? Die swartmense sien baie goed hoedat sportgeriewe, sekere hotelle, skoue, poskantore, teaters, ens. vir hulle "oopgestel" word - alles binne blanke gebied. Maar sekere skool- en kerklike geriewe word weggeneem. Hoe rym dit? Wat is die beleid?*

3. *Dink aan die vertroebeling van verhoudings wat dit sal meebring.*

4. *Wat sal gebeur met talle bestaande geboue in blanke gebied?*

*24.3 Aansoek vir skoolgeboutjie in Kameeldrif*

*By die onderhoud Juliemaand 1976 met u het ons Kommissie probeer om dit vir u makliker te maak, deur die aansoek vir die oprigting van 'n kerksaal met skoolgebou te vervang. Want in die verlede het die owerheid geredelik toestemming vir die oprigting van 'n skoolgebou gegee.*

*U het gevra vir 'n geleentheid om eers die saak met u Departement te bespreek. Dit is 'n jaar gelede.*

*Mag ons asseblief nou u antwoord op die aansoek kry?*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*24.4 Kerksale*

*Dit gebeur al meer dat kerkrade die kerksale van Ned. Geref. gemeentes tot beskikking van dienste vir swartmense op Sondagmiddae stel.*

*Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het as beleidsinode in 1974 soos volg in hierdie verband besluit:*

1. *Die beskikbaarstelling van 'n gebou vir hierdie doel, soos in par. 2.2.3.3 omskrywe. (Dit lui: "Deur die beskikbaarstelling van die kerksale of ander lokale van die plaaslike gemeente van die Ned. Geref. Kerk") "berus geheel en al by die plaaslike kerkraad en gemeente.*

2. *Met die oog op die uitvoering van sy sendingroeping en -taak is daar geen beswaar daarteen dat 'n kerklike gebou vir hierdie doel gebruik word nie"*

(Handelinge van die Sinode, bls. 515, par. 2.2.5 en bls. 644).

*Vraag: Is dit teen die beleid van die owerheid dat kerklike geboue (kerksale, ens.) vir dienste vir nie-blankes gegee word?*

*24.5 Werksklasse*

*Daar bestaan 'n dringende begeerte by vrouelidmate van die Ned. Geref. Kerk om kontak met nie-blanke vroue te maak en iets opheffend en waardevol vir hulle te doen. Dit is ook 'n baie goeie geleentheid om volkereverhoudings te verbeter.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Waar moontlik gaan blanke vroue na die nie-blanke woonbuurt en bied daar kursusse (naaldwerk, huishoudkunde, kindersorg, gesinsbeplanning, ens.) aan.*

*Maar as daar by die huisbediendes uitgekom word, dan is dit nie moontlik om na die swartbuurt te gaan nie. Daarom het vroue begin om <u>werkklasse</u> vir klein groepies huisbediendes by hul huise te hou, gedurende die paar uur van die dag wanneer die bediendes vry is.*

*<u>Vraag</u>*

1. *Is dit volgens die beleid van die staat toelaatbaar?*

2. *Moet permitte daarvoor aangevra word? Die kerk is natuurlik bereid om dit aan te vra as dit nou nodig is. Dit is vroeër beskou as deel van die kerk se bona fide sendingwerk.*

*24.6 <u>Ontmoeting met nie-blankes in privaathuise</u>*

*In die huidige klimaat waar al meer geriewe in blanke gebied deur die owerheid vir nie-blankes oopgestel word (Vg. par. 24.1 hierbo), kom die sendeling en predikant van die Ned. Geref. Kerk voor die situasie dat hy moet besluit waar om die nie-blanke leraar, evangelis, onderwyser, ens. wat by die deur van sy huis kom aanklop, op 'n menswaardige wyse te ontvang.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Soms word dit nodig om 'n groepsbespreking met 'n aantal leraars van die Ned. Geref. Kerke en Jongkerke te hou. Dit geld ook werksklasse van vroue.*

*Ons verwys na 'n opmerking van 'n amptenaar dat 'n huiseienaar 'n permit moes aanvra om 'n nie-blanke in sy huis (selfs in sy studeerkamer?) te ontvang. Dalk is dit foutiewe inligting. Maar omdat ons gedurig vrae van die kerke (van Ned. Geref. Kerkfamilie) ontvang oor wat die beleid van die staat is, vra ons net:*

*Vraag:*

*Mag 'n nie-blanke of 'n groep deur 'n blanke in sy huis sonder 'n permit ontvang word?*

*24.7 Aansoek van Ned. Geref. Kerk - Ring Lyttelton*

*Die Ring het by u aansoek gedoen vir die oprigting van 'n geboutjie waarin kerkdienste vir huisbediendes gehou mag word, aangesien:*

*24.7.1 Die afstand vanaf hierdie woonbuurt na die naaste swartwoonbuurt (Tembisa) 25 km is.*

*24.7.2 Dit is onmoontlik om die swartmense in die Lyttelton (Verwoerdburg) gebied met Tembisa gemeentelik te laat skakel, omdat Lyttelton en Tembisa kerklik (sowel wat die Ned. Geref. Kerk as die Ned. Geref. Kerk in Afrika betref) in twee verskillende sinodes val. Die Ned. Geref. Kerk kan ook nie sy eie reëlings vir gemeentelike grense op die swartgemeenskap en sinode afdwing nie.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*24.7.3 Die swartmense wat in Tembisa woon, werk byna uitsluitlik in die gebied van die Suid-Transvaalse Sinodes van die Ned. Geref. Kerk en Ned. Geref. Kerk in Afrika (die Johannesburg/Birchleigh/Kempton Park en Germiston gebied). Baie min beweeg Noord na Verwoerdburg en Pretoria vir werk. Dit is 25 km van Lyttelton na Tembisa.*

*24.7.4 Daar bestaan ook reeds ander fasiliteite vir die swartmense van die Verwoerdburg-gebied binne die blanke gebied, bv. skool-fasiliteite.*

*24.7.5 Die geboutjie sou opgerig word op 'n uitskot stukkie grond waar nie erwe vir blankes uitgegee word nie en wat omtrent 0,6 km. van die naaste erwe vir blankes is.*

*24.7.6 Die Stadsraad van Pretoria was bereid om die grond aan die gemeente van Lyttelton te verhuur vir "die doel om tydelike of permanente kerkgeboue vir nie-blankes daar op te rig."*

*24.7.7 Die aansoek is eenparig deur die kerkraad van die Ned. Geref. Gemeente Lyttelton gedoen.*

*Die aansoek moes toe ministeriële goedkeuring kry en u het dit afgekeur"*

(Memorandum KSO aan dr Treurnicht 1977:1-9).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# OPSOMMING

Die historiese wortels van apartheid is vasgelê in die tydperk tussen 1652 en 1948. Die Ned. Geref. Kerk het vanaf die dertigerjare van die twintigste eeu die regering versoek om apartheid statutêr uit te bou.

Met die bewindsverandering in 1948 het 'n nuwe fase van meer as veertig jaar in Suid-Afrika aangebreek. Gedurende hierdie tydperk vind ons 'n hegte band tussen die owerheid en die Ned. Geref. Kerk. Die Ned. Geref. Kerk het in 1948 apartheid vanuit die Skrif geregverdig en het sy profetiese getuienis daarmee sterk onder verdenking gebring. Die statutêre implementering van apartheid het hierna gevolg. Die Ned. Geref. Kerk en die owerheid het hulle standpunte gegrond op die beginsel van voogdyskap. Hiervolgens was blankes die voogde van nie-blankes wat hulle tot mondigheid moet begelei. Na republiekwording is die tuislandbeleid ontwikkel sodat swartmense onafhanklikheid kon verkry. In die praktyk het swartes afhanklik en ondergeskik aan blankes gebly.

In 1974 verskyn Ras, Volk en Nasie as amptelike beleidsdokument van die Ned. Geref. Kerk. Die Skriftuurlike begronding verdwyn en apartheid word om praktiese redes onderskryf. Die onluste van 1976 het 'n fase van kritiese evaluering van apartheid ingelei. Die regering het begin om toegewings oor apartheid te maak.

As gevolg van die diep kloof tussen politieke oortuigings van Ned. Geref. Kerklidmate was die vroeë tagtigerjare 'n fase vol huiwering vir die Ned. Geref. Kerk oor apartheid. Die besluit tydens die Algemene Sinode van 1986 dat die Ned. Geref. Kerk "oop" is, was in beginsel 'n sprong weg van apartheid soos gereflekteer in die nuwe beleidsdokument, Kerk en Samelewing. In die fase tussen 1986 en 1991 vind die besliste ontstrengeling van apartheid plaas. Die Ned. Geref. Kerk en die owerheid het dus saam apartheid geïmplementeer en saam daarvan weg beweeg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Ned. Geref. Kerk het met sy ondersteuning van apartheid en hegte band met die owerheid meegewerk om sy baie "bevoorregte" posisie ten opsigte van die owerheid ongedaan te maak. 'n Era is afgesluit en in die nuwe Suid-Afrika is daar nou 'n nuwe owerheid met nuwe vennote. Indien die Ned. Geref. Kerk nuwe geleenthede aangryp, kan sy Skriftuurlike opdrag, met 'n duidelike profetiese stem, óók teenoor die owerheid, gehoor word. Die alternatief is 'n eensame pad ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# THE DUTCH REFORMED CHURCH

# AND THE GOVERNMENT ON APARTHEID: 1948 - 1991

# - A CHURCH HISTORICAL STUDY

by

BARRY JOHN TOLMAY

submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree

DOCTOR DIVINITATIS

IN THE FACULTY OF

THEOLOGY - SECTION B

at the

UNIVERSITY OF PRETORIA

PROMOTOR: PROF P B VAN DER WATT

NOVEMBER 1994
PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# SUMMARY

Apartheid's historical roots were laid in the years between 1652 and 1948. During the 1930's the Dutch Reformed Church requested the government to expand apartheid on a statutory basis.

With the change of government in 1948 a new phase of more than forty years dawned in South Africa. During these years close ties were bind between the government and the church. In 1948 the Dutch Reformed Church used the Word (Bible) to condone apartheid and this seriously affected its prophetic witness. The statutory implementation of apartheid followed shortly. The Dutch Reformed Church and the government based their standpoint on the principle of guardianship. According to this principle whites were the guardians of non-whites. The whites had to lead their chargers to adulthood.

In 1974 the official policy document of the Dutch Reformed Church, Ras, Volk en Nasie, saw the light. Apartheid was justified for political reasons instead of being scripturally vindicated. The riots of 1976 led to a phase in which apartheid was critically evaluated. This led the government to make certain concessions about apartheid.

In the early 1980's a difference of political opinion concerning apartheid drove a wedge between members of the Dutch Reformed Church. At the General Synod in 1986, it was decided that the Dutch Reformed Church would be opened to all races. This was in principle a move away from apartheid, as reflected in the new policy document, Kerk en Samelewing. During the period from 1986 to 1991, the definite disintegration of apartheid became apparent. The Dutch Reformed Church and the government jointly implemented apartheid and joined again in the dismantling process.

With the support of apartheid and the close ties with government the Dutch Reformed Church sideline itself in the new South Africa. An era came to an end and a new era dawned in which a new government found new partners in other churches.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



The Dutch Reformed Church is being confronted with the choice of being a lone voice in the wilderness or a true prophet in co-ordonance with the government, who will be able to lead the church back into the mainstream of activity.

© University of Pretoria